
Mevrou!
Na wie se beeld
is u geskape?
deur Dirk van Vuuren

Gedruk en geset deur:
Dogter van Sion
Posbus 1130
Hartebeespoort,
0216

Tel: (012) 376 4304
Sel: 078 140 6677
Epos: dogtervansion@gmail.com

Eerste druk: Junie 2014

INHOUDSOPGAWE


| Hoofstuk | Beskrywing | Bls |
|---|---|---|
| 1 | Mevrou, na wie se beeld is u geskape? | 7 |
| 2 | Vervalste begrippe deur vertalings | 10 |
| 3 | Die eerste huwelik as beeld van Elohim | 14 |
| 4 | Salomo se openbaring van die Wysheid in Spreuke | 19 |
| 5 | Salomo se openbaring in Wysheid van Salomo | 29 |
| 6 | Die Wysheid in die Boek van JaHshua Ben Sirah | 37 |
| 7 | Die geboorte van JaHshua | 41 |
| 8 | Die verordinering van JaHshua | 45 |
| 9 | Die Trooster, die Gees van Waarheid | 49 |
| 10 | Die Eerste Boek van Esra - Die Vrou is die sterkste | 53 |
| 11 | Die koninkryk is soos `n vrou wat drie mate meel inwerk | 61 |
| 12 | Die Gees van Wysheid getuig as eerste Persoon | 63 |
| 13 | Die Hemelse Moeder geopenbaar in die Boek 2 Esra | 69 |
| 14 | Die WEDERGEBOORTE van die Bruid deur die MOEDER | 73 |
| 15 | Satan is ook beide manlik en vroulik in die Skrifte | 83 |
| 16 | Seun, daar is jou moeder, vrou, daar is jou seun | 91 |
| 17 | Die begrip Moeder en Dogters | 94 |
| 18 | Die Hemelse Moeder geopenbaar in die boekrol, Rut | 104 |
| 19 | Die sewe Oergeeste van Elohim. Die verlossing | 114 |
| 20 | Die Trooster geopenbaar in die Boek van Judit | 118 |
| 21 | Johanna Brandt getuig van hierdie Trooster-Moeder | 130 |
| 22 | Adam en Eva, Kain en Abel | 137 |
| 23 | Die Visioen en Boodskap oor die Opstanding | 142 |
| 24 | Die verhaal van Susanna | 146 |
| 25 | Die boek Ester | 154 |
| 26 | Die Moeder geopenbaar in die tweede boek van Esra | 159 |
| 27 | Die weduwee van Sarfat | 164 |
| 28 | Vrou en dogter van Elohim, wie is jy? | 167 |
| 29 | Sippora, aardse voorbeeld van die Moeder | 190 |
| 30 | Verskeie verborge verse nou geopenbaar | 201 |
| 31 | Slot | 211 |
| Aanhangsel A | Heilig beteken apart - 13 woordeboeke sê so | 214 |
| Aanhangsel B | Die pad van die Geeste deur die skepping | 218 |
| Diagram oor van die Val van die Geeste | | 231 |

Hierdie boek word opgedra aan ons **Trooster**, Wie tot nou toe nog verborge en versluier was,

en aan **Oom Willie du Plessis** van Brits, wie die Trooster al in 1998 van aangesig tot aangesig in die Gees gesien het.

En ook aan **elke vrou** wat haar skeppingsdoel begeer.

# Verklarende Notas

Alle skrifverwysings word geneem uit Die Boek van Herinnering – Vierde Uitgawe, tensy anders aangedui. Alle tekste sal in kursief gedruk voorkom, met invoegings ter verduideliking in standaard skryfgrootte.

Die Heilige Name van ons Vader, as JaHWeH en vir ons Verlosser, as JaHshua (Aramees) of JaHWèshua (Hebreeus) sal gebruik word. Die titel God, sal as Elohim-meervoud of Elohey-enkelvoud gebruik word, tensy anders vermeld, soos wat dit in die oorspronklike Hebreeuse teks verskyn.

`n Tabel van die geslagtelikheid van woorde word aangeheg. Ter verduideliking: Dit is noodsaaklik dat ons verstaan dat die Hebreeuse taal nooit `n "dit" (`n onpersoonlike voornaamwoord) gebruik nie, maar altyd persoonlike voornaamwoorde soos "hy of sy" wanneer verwys word na iets. In die Boek van Herinnering is hierdie beginsel behou en sodoende kon hierdie verborgenhede wat in die volgende bladsye sal ontvou, geopenbaar word.

Aanhalings uit die volgende geskrifte sal gemaak word ter bevestiging van dit wat in die Boek van Herinnering voorkom:

- die Lorber reeks openbaringe, genoem die Nuwe Openbaring of verkort as NO.
- die Bertha Dudde profesieë
- verskeie onlangse profesieë deur mense in Suid-Afrika gedurende die afgelope eeu.

Wanneer daar na die priesterordes verwys word, sluit dit almal in hierdie ordes in, vanaf die dekane van teologiese fakulteite, tot hul professore en dosente, ook die gekweekte predikante en hul ouderlinge en diakens .

# Hoofstuk 1

## Mevrou, na wie se beeld is u geskape?

Vir duisende jare klink hierdie vraag al op: "Mevrou, na wie se beeld is u geskape"? Nêrens kon ek ooit enige geskrifte vind wat hierdie geheimenis kon uitklaar nie. Ek persoonlik het hierdie vraag al aan so baie vrouens gerig, en dan antwoord hulle almal, "maar na God se beeld, natuurlik, soos in **Génesis 1:26 tot 27**".

> *Gen 1:26: En Elohim het gesê: Laat ONS adamiete **maak na ONS beeld, na ONS gelykenis**, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die Hemele en oor die vee en oor die hele Aarde en oor al die diere wat op die Aarde kruip.*
>
> *Gen 1:27: En Elohim het die adamiet geskape na SY beeld; na die beeld van Elohim het HY hom geskape; **man en vrou het HY hulle geskape.** **[**Maleagi_2:15]*

Dan vra ek hulle gewoonlik die volgende:

Maar Mevrou, dit is tog onmoontlik, want God/Elohim is dan `n man, of dan manlik? Het ons nie almal in die Bybel, in die Sondagskool en in die katkisasie geleer dat die Godheid manlik is nie? JaHshua se dissipel vra Hom die volgende in **Johannes 14:7-9:**

> *7 As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en **het julle Hom gesien**.*
>
> *8 **Filippus sê vir Hom: Meester, toon ons die Vader**, en dit is vir ons genoeg.*
>
> *9 JaHWèshua sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? **Hy wat My gesien het, het die Vader gesien**. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?*

Verder is die Skrifte duidelik dat JaHWèshua op die agste dag besny is, dus onomwonde en duidelik `n man!

> ***Lukas 2:21** En toe agt dae vervul was, **en die Kindjie besny is**, het hulle Hom JaHWèshua genoem, die Naam wat deur die Boodskapper gegee is voor Sy ontvangenis in die moederskoot.*

Dit laat ons nou met `n dilemma, want as die aardse geskape mens `n beeld van die Godheid is, en volgens **Génesis 1:26-27** is dit tog ongetwyfeld so, waar is die vroulike in die Godheid, want Adam is sekerlik geskape volgens die beeld van die Seun en volgens **Johannes 14:7-9** is Adam dan ook beeld van die Vader.

Die meeste kerke leer ons egter dat die Heilige Gees `n derde persoonlikheid van die Drie-enige God is en dat hierdie **<u>manlike persoonlikheid</u>** óf een is met Vader, óf as `n ander persoonlikheid naas Vader en Seun bestaan. Drie-in-een en/of drie losstaande as een. Dus is die Heilige Gees volgens hulle ook `n manlike entiteit, want die volgende staan geskrywe in die Ou Afrikaanse Vertaling en die Nuwe Vertaling in **Johannes 14:16-17**:

> *16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:*
>
> *17 die **Gees van die waarheid** wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit **Hom** nie sien en **Hom** nie ken nie; maar julle ken **Hom,** omdat **Hy** by julle bly **<u>en in julle sal wees</u>**.*

Hierdie is maar een plek, maar daar is talle ander waar die Heilige Gees wat vir ons uitgestort is, ook as manlik beskryf word en wat in hierdie tydperk na die kruisiging in ons werksaam sal wees. Omdat die Godheid dan nou slegs uit 3 bestaan, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees, sien ons dus dat die volkome Godheid/Elohim slegs as manlik aangebied word, aldus alle kerke.

En hier sluit ek alle kerke, naamlik Rooms-Katoliek, Protestants, Calvinisties, Charismaties en helaas ook alle Israelkerke en gemeentes in Suid-Afrika in. Deur die bank verkondig hulle almal hierdie SLEGS MANLIKE GODHEID/ELOHIM en raak ballisties as jy enigiets bevraagteken oor die begrip van hulle Godheid! Of die Godheid as een of as drie gesien word, maak nie saak nie, dis uit-en-uit manlik, punt! Hier volg `n Aanhaling uit die **Nederlandse Geloofsbelydenis**:

> *"Verder moet ons ook let op die besondere ampte en op die werkinge van die drie Persone met betrekking tot ons: Die Vader word ons Skepper deur sy krag genoem; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur **<u>sy</u>** inwoning in ons hart."*

`n Aanhaling uit die **Geloofsbelydenis van Nicea,** die eerste kerk-sinode:

> *"Ons glo in die **Heilige Gees**, wat Here is en lewend maak. **Hy** gaan van die Vader en die Seun uit, en **Hy** word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. **Hy** het deur die profete gespreek."*

Mevrou, my vraag aan u is weer, na wie se Beeld is u dan geskape? As daar slegs 3 manlikhede in die Godheid is wat in **Génesis 1:26-27** met mekaar saampraat en ooreenstem om die eerste mensepaar Adam en

Eva (man en vrou) te skape **<u>na hulle beeld en gelykenis</u>**, vra ek weer, waar is die Hemelse Vrou in die Godheid? Want Eva is die onteenseglike bewys dat daar `n vrou of `n vroulikheid teenwoordig moes wees toe Adam en Eva in bestaan gespreek was.

As dit nie so is nie, moes God/Elohim vir Adam en Steve gemaak het en nie Adam en Eve nie. Sien u hoe belaglik is hierdie veronderstelling, naamlik dat daar geen vroulike entiteit teenwoordig was met die skepping van die mens en ook nie met alles wat vooraf geskape is nie!

Feitlik alle diere en alle plante werk op dieselfde beginsel, naamlik dat manlik en vroulik noodsaaklik is om te kan voortbestaan. Die manlike dra die saad en doen die bestuiwing en die vroulike is verantwoordelik vir die ontkieming en voortplanting. So is die hele skepping dus `n beeld van manlikheid en vroulikheid wat ons met nog `n groter soeke laat na waar hierdie wonderlike ander vroulike helfte, oftewel Goddelike Wederhelfte Haar bevind.

Mevrou, as u nou nog nie hierdie boekie neergegooi het nie, wag daar vir u `n wonderlike geestelike belewenis in ons volgende soeke na hierdie wonderlike vroulike Hemelse Entiteit, na Haar wie so diep weggesteek was vir duisende jare, weggesteek deur `n opeenvolgende manlike priesterorde, `n orde wat strek regdeur die Rooms-Katolieke, regdeur die Protestantse, tot in ons Volkseie kerke se geloofsbelydenisse. `n Orde van ontkenning van die vrou in haar regmatige Skeppingsposisie as die skeppende beeld van die mensdom, as vroulike mede-heerser saam met haar man as haar hoof in die volkome goddelike huwelik tussen man en vrou!

# Hoofstuk 2

## Vervalste begrippe deur vertalings

Soos in ons voorwoord genoem, gebruik ons die Boek van Herinnering as ons Skrif vir verwysings en wel om die volgende vernaamste rede, bo en behalwe die feit dat hierdie weergawe die korrekste Afrikaanse vertaling is aan die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste:

In die Hebreeuse taal bestaan daar geen begrip of woordjie, "dit" (onpersoonlike voornaamwoord) nie, maar alle verwysings na selfstandige naamwoorde is óf manlik óf vroulik. Hierdie Hebreeuse begrip is regdeur die Skrif reggestel in die Boek van Herinnering, want alle vertalers het in hulle vertalings die vertaalde taal se taalreëls gebruik en het nie die Hebreeuse gebruik van manlike en vroulike woorde in hul vertalings oorgedra nie.

Tydens die vertaling van die Boek van Herinnering, Vierde Druk, is al hierdie begrippe reggestel soos in die oorspronklike **Biblia Hebraica Stuttgartensia** van Kittel, dieselfde Hebreeuse Bybel wat alle teoloë en predikante in hul studeerkamers aanhou. Selfs in die vertaling vanuit die Griekse Nuwe Testament (die **Textus Receptus** van Schrivener, 1588) is hierdie begrippe in ooreenstemming gebring met die Hebreeuse tekste. `n Aanhaling uit die aanhangsel wat die vertalers van die Boek van Herinnering saamgestel het, lui as volg:

> *"In die Hebreeus bestaan geen "dit" nie, alles is óf manlik, óf vroulik. Indien enige vertaling dus korrek gedoen word, moet dit hierdie Hebreeuse kenmerk weerspieël, daar is geen omslagtigheid soos byvoorbeeld in die Duits nie. In hoeverre die woorde werklike geslagtelikheid aandui en in hoeverre dit slegs 'n taalverskynsel is, is nie bekend nie. Waar entiteite, persone, diere, ensovoorts, betrokke is, is dit egter duidelik. Daar is Hebreeuse woorde met manlike voorvoegsels en vroulike agtervoegsels, met vroulike voorvoegsels en manlike agtervoegsels, met manlike voorvoegsels en manlike agtervoegsels, met vroulike voorvoegsels en vroulike agtervoegsels. Hierdie voor en agtervoegsels vorm die stamwoordverbuigings, sowel as die aanduiding van tyd ('tense')*

Soos u kan sien, lyk dit met die eerste oogopslag redelik kompleks, maar namate `n mens gewoond raak daaraan, word dit tweede natuur. Alle houers is byvoorbeeld vroulik in Hebreeus, soos `n beker, vaatjie, ark, boot, mandjie ens. Logika sê mos dat dit vroulik moet wees, want die

# Aanhangsel A - woorde en hul geslag.

| MANLIK | | VROULIK | | |
|---|---|---|---|---|
| Altaar | Oortreding | Aarde | Hoop | Seël |
| Bad | Pasga | Adamah | Hulp | Seën |
| Banier | Poort | Afspoelwa | Insetting | Seëninge |
| barmhartig | Pot | Angs | Jahh | Siel |
| Bedsprei | Purperrooi | Ark | Juk | Skip |
| Beeld | Ramshoring | Arm | Kamer | Skottel |
| Beesmis | Reg | Bed | Kandelaar | Slip |
| Bloed | Rots | Beeld | Karkoere | Sotheid |
| Boek | Ruitery | Beker | Kennis | Sout |
| **Boekrol** | Saadlyn | Besoedeling | Klaaglied | Spelonk |
| **Boom** | Saal | Blydskap | Klip | Spysbydrae |
| Brief | See | Boog | Klossies | Stad |
| Brood | Skouerkleed | **Boom** | Koek | Staf |
| Byl | Son | Boosheid | Koningsblou | Steen |
| Dam | Stem | Brandoffer | Koningskap | Skip |
| El | Stok | Bron | Kroon | Swaard |
| **Elohey** | Tabernakel | Bydrae | Kruik | Teken |
| Fees | Tent | Doderyk | Kuil | Tong |
| **`n gees** | Troon | Dood | Lied | Vaatjie |
| Gelofte | Volk | Dwaasheid | Liefde | Verbond |
| Glansrykheid | **Vuur** | Erfdeel | **Lig** | Vergadering |
| Hare | Wapens | **Elohey** | Maan | Verlossing |
| Hoogmoedighei | Water | Elowahh | Mandjie | Versoendeksel |
| d | **Weg** | Fontein | Mantel | Vloek |
| Huis | Wolkkolom | Gebooie | Melk | Voet |
| Keel | Woud | **Die Gees** | Muur | Voorhangsel |
| Kleed | Yster | Geloof | Net | Vrees |
| Koepel | Woord | Geregtigheid | Ongeregtigheid | **Vuur** |
| Lamp | | Gerug | Oog | Vye |
| Las | | Geskenk | Parskuip | Wa |
| **Lig** | | Grond | Pilaar | Waarheid |
| Linne | | Gruwel | Plaag | Warrelwind |
| Lossing | | Hand | Raad | Weë |
| Meel | | Handpalm | Regspraak | **Weg** |
| Mond | | Hart | Regterhand | Wet |
| Muur | | Heerskappy | Rol | Wond |
| Nasie | | Hoeksteen | Salfolie | Wysheid |

**NOTA**: Woorde wat verdik is, kom beide as manlik en vroulik voor.

vrou is mos die houer van die saad. Ook is fontein en bron vroulik, want `n vrou het ook `n fontein wat van haar uitvloei, helaas vloei dood ook nou uit haar fontein as gevolg van die sondeval, maar sy is `n fontein. So is melk ook vroulik, wat tog logies is. Manlike woorde weer is saad, woord, ens.

Vir u gemak, gaan ek `n tabel hier invoeg wat die geslagtelikheid van woorde aandui, sover as wat ons navorsing gestrek het in 2002. Hierdie is slegs `n riglyn, daar mag vele meer wees.

U sal miskien kan vra, "maar waarom is dit so belangrik"? Omdat Hebreeus `n eksakte taal is, sal u sien dat die geslagtelikheid van begrippe gaandeweg die hele skepping in `n ander en meer verstaanbare perspektief plaas. Kyk na die volgende voorbeeld, sommer die tweede vers in u Bybel.

**Ou Afrikaanse Vertaling:**

> *IN die begin het God die hemel en die aarde geskape.*
>
> *2 En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.*

**Boek van Herinnering:**

> *IN die begin het Elohim die Hemele en die Aarde geskape. [JeshaJaH 66:1; 2 Ezra 6:38; Psalm 85:11]*
>
> *2 En die Aarde, **sy het** verwoes en vormloos geword, en Duisternis was op die aangesig van die Afgrond, en die Gees van Elohim het gesweef oor die aangesig van die waters. [JeshaJaH 45:18; Prediker 3:11]*

Behalwe dat die aarde woes en leeg **geword het**, kan u sien wat die vertalers uitgelaat het, naamlik **"sy het ....".**

Logika sê mos dat die aarde die vroulike moet wees, waar ontkieming plaasvind, bevrug deur die son (die manlike). Daar is ontelbare sulke wanvertalings gemaak, nie net in ons Afrikaanse Vertalings nie, maar in alle tale. Of dit doelbewus was of nie, dit bly `n swak vertaling as mens selfs die geringste woordjie uitlaat. Kyk na die volgende vers wat die skepping bewys as dat dit nie woes en leeg geskape was nie, maar dat dit so geword het. Let op na die weglating van die vroulike verwysing "haar", vier keer!

**Ou Afrikaanse Vertaling:**

> *18 Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het - Hy is God! - wat die aarde geformeer en dit gemaak het—Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word—Ek is die HERE, en daar is geen ander nie.*

**Boek van Herinnering:**

> *18 Want so sê JaHWeH, wat die Hemele geskape het - Hy is die Elohim! - wat die Aarde geformeer en **haar** gemaak het - Hy het **haar** bevestig; Hy het **haar** nie geskape om leeg te wees nie, [maar] **haar** geformeer om bewoon te word - Ek - JaHWeH, en daar is geen ander nie. [Génesis 1:2]*

Met hierdie gereedskap in ons hand, sal ons nou verder na die verborge vroulikheid in die Skrifte gaan kyk en u, Mevrou, sal aangenaam verras wees daardeur. Sonder u eie Boek van Herinnering sal dit maar swaar gaan, maar u kan dit gratis op die Internet kry by: www.nuweopenbaring.co.za.

## Hoofstuk 3

## Die eerste huwelik as beeld van Elohim

Vergelyk nou die volgende twee gedeeltes in Génesis met mekaar:

> *Gen 1:26: En Elohim het gesê: Laat ONS adamiete* ***maak na ONS beeld, na ONS gelykenis****, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die Hemele en oor die vee en oor die hele Aarde en oor al die diere wat op die Aarde kruip.*
>
> *Gen 1:27: En Elohim het die adamiet geskape na SY beeld; na die beeld van Elohim het HY hom geskape;* ***man en vrou het HY hulle geskape.*** *] Maleagi_2:15]*

Met

> *Gen 2:7: En JaHWeH Elohim het die adamiet geformeer uit die stof van die Adamah [adamiet_se_Aarde] en in sy neus die asem van die lewendes geblaas.* ***So het die adamiet dan 'n (EEN) lewende siel geword.*** *[2_Ezra_3:5]*

Hierin lê die hele sleutel aangaande die aard en voorkoms van die Godheid. Eerstens spreek die Godheid Homself aan as meervoud en dan gaan Hy verder en skep man **EN** vrou as twee entiteite wat kinders, as derde entiteit, moes voortbring. Saam hiermee moet ons ook die volgende vers in **Deuteronómium 6:4** plaas.

> ***Deut 6:4****: HOOR, JisraEl, JaHWeH onse Elohey,* ***JaHWeH [is] EEN.***

Wat ons dus dadelik hieruit kan aflei, is dat hierdie Elohim-meervoud EEN is, net soos wat u EEN is, alhoewel u liggaam, siel en gees is. Dit word verder nog duideliker gemaak wanneer ons sien dat Adam en Gawwah (Eva of manin) aanvanklik androgien* geskape was in **Génesis 1:27**. "M***an"*** *het Hy die adamiet geskape na Sy beeld, "****man en vrou"*** *het Hy hulle geskape, maar in* ***Gen 2:7*** *is Adam "****een siel"****, beide manlik en vroulik in een*. *(*Manlik en vroulik tegelyk; hermafrodities; androgien: Blomme wat tweeslagtig is, met meeldrade en stampers in dieselfde blom,* ***Verklarende Afrikaanse woordeboek****)*

Omdat Elohim EEN is, is dit te verstane dat Adam ook aanvanklik as EEN entiteit in bestaan gespreek is, volgens die verheerlikte BEELD van Elohim, maar met `n innerlike vroulike entiteit onlosmaaklik in homself, dus man en vrou in een.

Dit is tog verder onsinnig om te dink dat Elohim alles in die diereryk met sy ooreenstemmende maatjie sou skep, maar Sy KROON van die

Skepping, wat na SY BEELD was, sonder maatjie, asof Hy nou sou vergeet het daarvan. Hierdie vrou was EEN **<u>in</u>** die man, as beeld van die volkome HUWELIK, as BEELD van die Godheid. Daar het toe `n behoefte ontstaan in Elohim om `n skeiding te bewerk in Adam tussen die manlike en vroulike pole. Adam, die eerste geestelike skeppingsmens, word toe in `n slaaptoestand geplaas en die vroulike word vanuit hom geneem en as tweede persoonlikheid naas hom geplaas.

In **Gen 2:18** lees ons die volgende:

> *Gen 2:18: Ook het JaHWeH Elohim gesê: Dit is nie goed dat die adamiet alleen (EEN) is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak **<u>wat by hom pas</u>**.*

Hier het die vertalers gegly en die woord "alleen"moes gewees het "**EEN**". Dit was nie meer goed dat Adam EEN was nie, want daar was disharmonie in die androgiene EENHEID - die vroulike en die manlike wou nie meer met mekaar "pas" nie. Toe skei Elohim hierdie androgiene EENHEID en maak hulle TWEE om `n EENHEID te word binne die volmaakte AARDSE HUWELIK soos in **Gen 2:21**:

> *Gen 2:21: Toe het JaHWeH Elohim 'n diepe slaap op die adamiet laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy sykante geneem en die plek met vlees toegemaak. [Openbaring van Henog 11:49, Boekrol van die Opregte 1:4, JeHôWganan 19:34]*
>
> *Gen 2:22: En JaHWeH Elohim **bou die sykant** wat Hy van die adamiet geneem het, **tot 'n vrou** en bring haar na die adamiet.*
>
> *Gen 2:23: Toe sê die Adam: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal vrou genoem word, **<u>want sy is uit die man geneem.</u>***

Eers was sy in hom, nou buite hom en hy herken haar. Nou, vir die eerste keer word die androgiene aard van die mens, volgens die oorspronklike BEELD VAN ELOHIM geskei in twee entiteite, manlik en vroulik. Let wel dat dit die gevolg van die **EERSTE** DISHARMONIE binne-in die androgiene adam was wat dit veroorsaak het. Die bekende sondeval hierna, waar Adam en Eva twee reeds aparte entiteite was, was dus `n **TWEEDE** DISHARMONIE of ONGEHOORSAAMHEID. Ons lees ter bevestiging hiervan die volgende in die NO, **Huishouding van Elohim, Boek 1, Hoofstuk 7**:

> ***Hfst 7:[7]** "En kyk nou en begryp wat tot nou toe nog deur niemand gesien en begryp is nie: Die ewige Liefde het die getal uit Haarself geneem en die getal was die ordening en die ewige Wet in Haar,*

*waaruit en waarin, Sy self vir ewig bestaan het, nou bestaan en sal bestaan, in alle Mag en Krag van die gewydheid van Elohim. En Sy het klei geneem, nes die room van geskeide melk, en het met die Hand van Haar Mag en met die Hand van Haar Krag volgens die getal van Haar ordening die eerste mens gevorm, en het vir hom die lewendmakende asem deur die neusgate ingeblaas. En die asem het in hom tot `n lewendige siel geword en die siel het die mens in geheel gevul, wat nou geskep was volgens die getal van die ordening, waaruit die geeste gevorm was en waaruit die wêrelde in die ruimtes gemaak was, sowel as die aarde, die maan, die son en alles wat daarop is.*

*[8] En kyk nou na hierdie eerste mens op aarde, wat voortgekom het uit die Hande van die Mag en die Krag van die ewige Liefde. Hy is uit die Mond van die barmhartige Barmhartigheid "Adam" of "seun van erbarming en barmhartigheid" genoem.*

*[9] En let nou baie goed op: Hierdie Adam het eerste die plek ingeneem van die eerste van die gevalle geeste. Dit was hom nie te kenne gegee wie hy was nie, en kyk, toe verveel hy homself, omdat hy homself nie geken het nie, en ook niks kon vind wat aan hom gelyk was nie.*

*[10] En sien, toe het die ewige Liefde onsigbaar teen die oë van sy siel, wat nog blind was, gewaai en hy het vir die eerste keer in die lieflikheid van die barmhartige Liefde aan die slaap geraak. En die lieflikheid van die barmhartige Liefde het in die hart van Adam, nes in `n soet droom, `n figuur gevorm wat gelyk aan hom was, en sy was van groot lieflikheid en skoonheid.*

*[11] En die ewige Liefde het gesien hoedat Adam `n groot vreugde in homself gevind het, deur die innerlike aanskouing van sy tweede ek. Toe raak die barmhartige Liefde aan sy sy, daar waar `n hart aan hom gegee was, net soos die Hart van Elohim, vir die opname van die Liefde en die lewe uit die Liefde in Elohim en het hom daardeur ontneem van sy eieliefde, om vir Haarself `n woonplek te berei, deur die toekomstige Wet van die barmhartige Barmhartigheid en het die eieliefde, waaraan hy `n groot welgevalle in homself gevoel het, buite sy liggaamlike liggaam geplaas en het haar "Caiva (Gawwah)" genoem of, soos julle al gewoond is om te sê, Eva, wat beteken die voorbereidende verlossing van die selfsugtigheid en die daaruit voortspruitende wedergeboorte.*

*[12] En sien, die barmhartige Liefde het hom aangeraak en wakker gemaak, ter aanskouing van sy eieliefde buite homself en het gesien dat hy groot welgevalle by die aanskouing van sy liefde, wat buite*

*homself geplaas was, het en dat hy uitermate vrolik was; en die liefde buite homself, wat nou Eva heet, was vol bewondering vir die mens Adam en het haar tot hom geneig en elkeen van sy bewegings gevolg.*

*[13] En sien, toe praat* ***die ewige Liefde*** *die eerste keer met Adam: "**Adam**!" - En hy sê vir die eerste keer: "Hier is ek, Meester van Glansrykheid, van Mag en Krag!"*

*[14] En* ***die ewige Liefde*** *praat weer: "Kyk, jou hulp!" En* ***Eva*** *het geantwoord: "Kyk, Meester, die maagd lê gehoorsaam aan die voete van U seun en wag op sy bevele!"*

*[15] Die barmhartige Liefde het groot welgevalle aan die werke van Haar Mag en Krag deur die Barmhartigheid van erbarming gehad en het verder gepraat en het hulle in alles onderrig en hulle geleer om al die dinge te verstaan, te benoem en te gebruik en toe hulle alles verstaan, geken en kon gebruik het, toe sê die barmhartige Liefde weer vir hulle: "Nou kyk, julle het nou alles geleer, julle ken alles en kan nou gebruik maak van alles, op een ding na. Laastens sal Ek julle nou leer en die krag in julle lê, ter voortsetting en voortplanting van julleself volgens julle gelykenis. Maar julle mag eers daarvan gebruik maak, wanneer Ek weer sal terugkom en julle gekleed sal vind, met die kleed van gehoorsaamheid, nederigheid, getrouheid en regverdige onskuld. Maar wee julle wanneer Ek julle naak sal vind. Ek sal julle verstoot en die ewige dood sal die gevolg wees!"*

Ons as nasate van Adam en Eva is almal òf manlik, òf vroulik en kan ons nie eintlik `n volkome androgiene wese visualiseer nie. Ons kan wel `n volmaakte huwelik visualiseer en dit is dus nou die NAASTE BEELD VAN ELOHIM en nou ook die ENIGSTE BEELD VAN ELOHIM OP AARDE. Hoe moeilik is dit nou om so-iets vir jouself voor te stel. Selfs `n kind sal die volgende kan verstaan!

**PAPPA,**

**MAMMA,**

**BOETIES en SUSSIES!**

En dit, dierbare leser, is wie Elohim is, dis hoe Elohim aanmekaar gesit is.

**VADER,**

**MOEDER**

**en KINDERS (engele en mense).**

As jy dit nie wil verstaan of glo nie, kom luister wat sê JaHshua.

> ***Mat 11:25****: ... dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en geleerdes en dit* ***aan kindertjies*** *geopenbaar het.*
>
> ***Mat 18:3****; en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en* ***soos die kindertjies word nie****, sal julle nooit in die Koninkryk van die Hemele ingaan nie!*
>
> ***Mat 18:4****: Elkeen dan wat homself* ***verneder soos hierdie kindjie****, hy is die grootste in die Koninkryk van die Hemele.*
>
> ***Mat 19:14****: Maar JaHWèshua sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want* ***aan sulkes behoort die Koninkryk van die Hemele****.*

Hier lees ek gladnie enigiets daarvan dat jy `n doktorsgraad in godgeleerdheid moet hê om die Koninkryk van die Hemele te verstaan nie. Maar helaas, die mens van vandag is so geïndoktrineer, dat slegs hierdie groot geleerdes se verhandelinge en preke nog indruk op hulle maak, want wat kan `n kind van 6 jaar jou nou vertel van die Drie-enige God! Niks nie. As die drie-enige worstelbegrip van die Godheid dan die korrekte een is, het Jahshua in al hierdie bostaande verse in Matthèüs gelieg!

Dit is dus onmoontlik, want as Hy iets sê, dra SY WOORDE oneindige diepte en Krag. Gaan sit vir `n rukkie en bepeins hierdie bostaande verse en u sal tot dieselfde gevolgtrekking kom. Daarom kan ons slegs hieruit aflei dat die ELOHIM `N HEMELSE GESIN IS, want `n klein kindjie kan net PAPPA, MAMMA en BOETIES en SUSSIES verstaan. Daarom moet ons soos hierdie kindjie word en die Skrifte as sulks lees, as ons die Koninkryk van die Hemele wil beërwe.

Met die HOOF VAN ELOHIM het die deursnee Christen geen probleme nie. Dit is die HOOGSTE, die ALLERHOOGSTE, naamlik ONS HEMELSE VADER.

Met die begrip kinders in die vorm van ENGELE EN MENSE het die meeste ook geen probleem mee nie.

Maar mevrou, wie is die MOEDER?

## Hoofstuk 4

## Salomo se openbaring van die Wysheid in die boek Spreuke

As ons na die Skrif toe gaan, sien ons dat Salomo verskeie boeke geskryf het wat `n begrip vir ons openbaar, naamlik die Wysheid. Aanvanklik het ek ook gedink dat dit maar net `n begrip is van iets, maar gaandeweg het ek bewus geraak daarvan dat hierdie BEGRIP eintlik `n ENTITEIT in die Elohim/Godheid is, naamlik `n vroulike Entiteit met vroulike eienskappe. Op verskeie plekke in Salomo se boeke openbaar hierdie ENTITEIT, Die WYSHEID, Haarself en spreek Sy selfs in die eerste persoon.

Dit is so jammer dat die Protestante geloof sekere Bybelse boeke, wat aanvanklik deel van die Bybelse Kanon was, ongeloofwaardig verklaar het, of met die geleerde woorde, Deutero-Kanoniek of Apokrief, benoem het. Die Nederlandse Geloofbelydenis sê die volgende:

> ***Artikel 6: Onderskeid tussen die Kanonieke en Apokriewe boeke***
>
> *"Ons onderskei hierdie heilige boeke van die apokriewe boeke: die derde en vierde boek van Esra, die boek van Tobias, Judit, die Wysheid, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die Gebed van die drie manne in die vuur, die Geskiedenis van Susanna, die Beeld van Bel en van die Draak, die Gebed van Manasse en die twee boeke van die Makkabeërs. Die kerk mag hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem.* ***Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag*** *dat iemand deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van die ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie."*

Een van hierdie Deutero-Kanonieke boeke is die boek van **Die Wysheid van Salomo**. Waarom het hulle hierdie boek uitgegooi? Eenvoudig, dit het die vroulike begrip of entiteit in die Godheid openbaar en omdat dit nie met hulle chauvinistiese manlike priesterordes vereenselwig kon word nie, is dit summier as Deutero en Apokrief afgeskiet. Dit nogal, komende van mense wat nou die Belhar Belydenis in Suid-Afrika op gelykwaardige vlak geplaas het as die, volgens hulle, Heilige Skrifte!

Kom ons los nou maar die ou verstokte priesterordes uit en lees wat aan Salomo geopenbaar word in die **Spreuke van Salomo 3:13-19**:

*13 **Verbly is die adamiet wat Wysheid gevind het**, en die adamiet wat Verstand verkry;*

*14 want **Haar wins** is beter as dié van silwer, en **Haar produkte** suiwerder as goud;*

*15 **Sy** is kosteliker as robyne, en al jou kleinode kan nie met **Haar** mee vergelyk word nie.*

*16 In **Haar** regterhand is lengte van dae, in **Haar** linkerhand rykdom en Eer;*

*17 **Haar** Weë is lieflike Weë, en al **Haar** Paaie is Vrede.*

*18 **Sy** is 'n Boom van die Lewe vir die wat **Haar** aangryp, en elkeen wat **Haar** vashou, sal reguit gaan. [Wysheid van Sirah 24:13; Génesis 3:22]*

*19 JaHWeH het **deur Wysheid** die Aarde gegrond, deur Verstand die Hemele vasgestel; [Wysheid van Salomo 9:9]*

Hier is iets of IEMAND wat deur Salomo gevind word, en wie ons ook moet vind, want volgens die Bybel was hy die wysste man wat geleef het. Ons lees verder in **Spreuke 8 en 9,** (ek verdik die geslagtelike woorde en begrippe wat sal aandui dat ons met `n **bewese Vroulike entiteit** te doene het en nie net met `n onverstaanbare verhewe begrip van wysheid nie):

***Die uitnemendheid van die Wysheid.***

***Hfs 8** 1:ROEP die Wysheid nie, en verhef die Verstand nie Haar Stem nie?*

*2 Op die top van die verhewe plekke langs die Weg, op die kruispunt van die Paaie staan Sy,*

*3 aan die kant van die Poorte by die uitgang van die Stad, by die ingang van die deure roep Sy hardop:*

*4 **Ek roep na julle, manne, en My Stem is tot die seuns van die Adam**.*

*5 Leer tog skranderheid verstaan, eenvoudiges, en dwase, leer verstandigheid verstaan.*

*6 Hoor, want **Ek** sal voortreflike dinge spreek, en **My Lippe** gaan oop vir wat Reg is.*

*7 Want **My** verhemelte spreek Waarheid, en besoedeling is vir **My** Lippe 'n gruwel.*

*8 Al die Woorde van **My** Mond is Geregtigheid; geen verdraaidheid of valsheid nie,*

*9 hulle is almal duidelik vir die verstandige en Reg vir die wat Kennis gevind het.*

*10 Neem **My** Tug aan, en nie silwer nie, en Kennis liewer as uitgesoekte goud.*

*11 Want **Wysheid** is suiwerder as robyne, en al die kleinode kan nie met **Haar** vergelyk word nie.*

*12 **Ek, Wysheid**, is vertroud met die skranderheid, en **Ek** vind Kennis van regte Oorleg.*

*13 Die Vrees van JaHWeH is om te haat wat besoedel is; hoogmoed en trotsheid en 'n besoedelde wandel en 'n huigelagtige mond haat **Ek**.*

*14 Raad en Wysheid is Myne, **Ek** is die Insig, Sterkte is Myne.*

*15 Deur **My** regeer die konings en skryf die maghebbers wetgewing van Geregtigheid;*

*16 deur **My** heers die vorste en die edeles, al die regters van die Aarde.*

*17 **Ék het lief die wat My liefhet, en die wat My soek, sal My vind.***

*18 Rykdom en Eer is by **My**, duursame goed en Geregtigheid.*

*19 **My** vrug is suiwerder as goud en as fyn goud, en **My** opbrengs as uitgesoekte silwer.*

*20 **Ek** wandel op die Weg van Geregtigheid, in die middel van die Paaie van Reg,*

*21 om die wat **My** liefhet, 'n besitting te laat erwe, en hulle skatkamers maak **Ek** vol.*

*22 JaHWeH het **My berei as eersteling van Sy Weg, voor Sy werke, van ouds af**. ]Wysheid van Sirah 24]*

*23 Van ewigheid af **is Ek geformeer**, van die begin af, van die voortyd van die Aarde af.*

*24 Toe daar nog geen Afgrond was nie, **is Ek gebore**; toe Fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie;*

*25 voordat die berge ingesink het, voor die heuwels **is Ek gebore**;*

*26 toe HY die Aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie.*

*27 Toe HY die Hemele berei het, **was Ek daar**; toe HY 'n kring afgetrek het op die aangesig van die Afgrond;*

*28 toe HY die Hemele daarbo versterk het, toe die Fonteine van die Afgrond versterk was;*

*29 toe HY vir die see sy grens gestel het, dat die waters SY bevel nie sou oortree nie; toe HY die fondamente van die Aarde vasgelê het -*

*30 **toe was Ek by HOM**, soos een wat opgelei word en **Ek** was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor SY Aangesig altyd,*

*31 en het gespeel op die bewoonde deel van SY Aarde, en **My verlustiginge was met die seuns van ad**am.*

*32 **Luister dan nou na My**, seuns; want geseënd is hulle wat **My Weë** bewaar.*

*33 Luister na Tug en word wys, en verwerp Haar nie.*

*34 **Geseënd is die adamiet wat na My luister**, om dag vir dag te waak aan My deure, by die syposte van My Poorte die wag te hou.*

*35 **Want hy wat My vind, het die lewe gevind en verkry Vreugde van JaHWeH**.*

*36 Maar hy wat My nie vind nie, benadeel sy eie siel; **almal wat My haat, het die Dood lief**.*

***Die feesmaal van die Gees van Wysheid.***

***Hfs 9:1 DIE Wysheid het Haar Huis gebou, Haar sewe Pilare uitgekap,*** *]Openbaring van Henog 11:40]*

*2 **Haar** slagvee geslag, **Haar** wyn gemeng, ook **Haar** tafel gedek.*

*3 **Sy** het **Haar** Diensmeisies uitgestuur, **Sy** nooi uit op die hange van die verhewe plekke van die Stad: [Spreuke 31:15; Hooglied 6:8; DaniEl 13:15]*

*4 Wie eenvoudig is, laat hy inkom hierheen, wie verstandeloos is, vir hom sê **Sy**:*

*5 Kom, eet julle van **My Brood**, en drink van die **Wyn wat Ek gemeng** het;*

*6 laat staan die eenvoudigheid, dan sal julle lewe, en betree die Weg van Verstand.*

As ons net na die openbaringe hierbo kyk, sien ons dat daar onteenseglik van `n Hemelse Vroulike Wese gepraat word en nie net van `n begrip nie. Sy bestaan, Sy is geskape, Sy is van ewigheid af, Sy roep ons na Haar toe, Sy gee beloftes van lewe en seëning vir die wat Haar vind, Sy bou Haar huis, Sy gee Brood en Wyn en dit wil voorkom dat Sy die spil is waarom alles draai! Verder getuig Sy dat die een wat haar vind, vreugde kry van JaHWeH! Sy getuig dus van Hom, net soos wat `n moeder van haar man teenoor haar kinders sal getuig.

Nou kan ons beter verstaan wat hier geskryf staan in **Spreuke 1:20-33**:

***Oproep van die hoogste Wysheid aan die onkundiges****.*

*20 **DIE Wysheid roep** hardop daarbuite, **Sy** verhef **Haar** stem op die pleine,*

*21 op die hoek van die rumoerige strate roep **Sy**, by die ingange van die Poorte, in die Stad, spreek **Sy Haar** woorde:*

*22 Hoe lank sal julle, eenvoudiges, die eenvoudigheid liefhê en die spotters lus hê om te spot en die dwase Kennis haat?*

*23 Wend julle tot My Teregwysing, **<u>dan laat Ek My Gees vir julle uitstroom</u>**, wil Ek My woorde aan julle bekend maak.*

*24 Omdat Ek geroep en julle geweier het, Ek My Hand uitgestrek en niemand geluister het nie,*

*25 en julle al My Raad nie opgevolg en van My Teregwysing nie wou geweet het nie,*

*26 daarom sal Ek ook lag by julle ondergang, Ek sal spot as julle verskrikking kom;*

*27 as julle verskrikking kom soos 'n onweer, en julle ondergang soos 'n stormwind aankom, as benoudheid en angs julle oorval.*

*28 Dan sal hulle na My roep, maar Ek sal nie antwoord nie; hulle sal My soek, maar My nie vind nie.*

*29 Omdat hulle die Kennis gehaat en die Vrees van JaHWeH nie verkies het nie,*

*30 van **My Raad** nie wou weet nie, My Teregwysing verag het,*

*31 daarom sal hulle eet van die vrug van hulle wandel en versadig word van hulle planne.*

*32 Want hulle eie afkerigheid maak die eenvoudiges dood, en hulle eie sorgeloosheid rig die dwase te gronde;*

*33 **maar die wat na My luister, sal veilig woon en gerus wees** teen die vrese van besoedeling.*

As Sy dan in staat is om Haar as Gees vir ons as Haar kinders te laat uitstroom, soos in **vers 23**, hoe kan die enigste ander entiteit in die Godheid, naamlik die Heilige Gees, dan nie vroulik wees nie? Daar kan moes nie vier entiteite in die Drie-Eenheid wees nie, slegs drie! Vader is Manlik, JaHshua is Manlik, dan moet die Gees Vroulik wees! Die goed was nog altyd voor ons oë, maar ons sien dit nie raak nie, te verblind deur die konkoksie wat die kerke vir ons opgedis het, geklee in hoogdrawende en belangrik klinkende woorde en terme.

Die volgende gedeelte in **Spreuke 6:20-24** maak sommer talle geslote deure in die Skrifte vir ons oop:

***Waarskuwing teen die slegte vrou, 'n verleidelike geloof.***

> *20 BEWAAR, My seun, die Gebod van jou Vader, en **verwerp die Wet van jou Moeder** nie; [Wysheid van Salomo 6:18]*
>
> *21 bind Haar voortdurend op jou hart, hang Haar om jou hals;*
>
> *22 mag Sy jou lei as jy wandel, oor jou wag hou as jy slaap en jou toespreek as jy wakker word.*
>
> *23 Want die Gebod is 'n lamp en **die Wet is 'n Lig** en die Teregwysing van die Tug 'n Weg tot die lewe, [Wysheid van Sirah 4:11-19]*
>
> *24 om jou te bewaar vir **die Vrou van Besoedeling**, vir die gevlei van **'n volksvreemde vrou**.*

Die Vader het ons die Gebod van die Liefde kom gee, maar die Wysheid as Moeder het ons die Wet van Moses gegee. Hierdie eerste gebod van die Liefde, naamlik om Elohim lief te hê met ons hele hart, siel en verstand en ons naaste soos onsself, was nie nagekom deur die volk nie, daarom moes die Lig, die Wysheid, ons `n Wet kom gee om ons na die Liefde toe te rig. Liefde is sag, Lig moes nou deur die Wysheid kom na die ongehoorsame volk, fel en hard, in die vorm van die Wet. Omdat Salomo die Moedergees van Wysheid in die Levitiese bedeling herken het, was Hy gekies om die Tempel in Jerusalem te bou, wat maar `n aardse afbeelding was van dit wat in elke Israeliet se innerlike tempel moes gebeur. Die moeder bou die innerlike Huis, (**Spreuke 9:1**), Sy stuur verskillende diensmeisies, (verskeie ander Geeste) na jou en my tempel toe en so word ons onderrig en ontvang ons brood (Woord as JaHshua) en wyn (die Gees van liefde). Sonder Haar is ons dus tot niks in staat nie!

MAAR! Bowenal werk hierdie Moedergees in ons om ons te bewaar van **die Vrou van Besoedeling**, die gevlei van `n volksvreemde vrou! Hierdie vrou is die besoedelde gees van Satan (ook genoem Satana), die hoer van Babilon, die gees van verleiding, misleiding, vermenging en verbastering. Hierdie hoergees van besoedeling is werksaam regdeur die hele Christendom! Laat ons kyk na nog `n paar verse in Spreuke met my insetsels daarin om ons punt te staaf:

> ***Hfs 4:13** Hou vas aan die Tug, laat Haar nie los nie; bewaar Haar, want Sy is U lewe.*
>
> *14 **Kom nie op die pad van die besoedelde, en betree die weg van besoedeling nie.***

*15 Vermy haar, gaan nie daarop nie, wyk van haar af en gaan verby;*

*16 want hulle kan nie slaap as hulle geen kwaad doen nie; en hulle slaap is weg as hulle nie tot 'n val bring nie.*

*17 **Want hulle eet brood van besoedeling (**valse dogmas en valse Bybelvertalings in die kerk**) en drink wyn van verkeerdheid (**verkeerde goddelike liefde en naasteliefde**)** *] .Amos 2:8]*

***Hfs 5:3** :want die **lippe van die verbasterde vrou drup heuningstroop (**die hoerkerke se beheptheid met die invoer van sogenaamde nuwe heidense gebruike, asook haar prediking wat ore moet streel)*, en haar verhemelte is gladder as olie,*

*5:20 Maar waarom sou jy, My seun, **by 'n verbasterde vrou** (*hoerkerk*) bedwelmd raak en die boesem van 'n Ontugtige (*hoerkerk buite die verbond*) omhels?*

***Hfs 7:4**: Sê aan die Wysheid: U is my suster! en noem die Verstand [jou] vertroueling,*

*5 sodat **Hulle jou kan bewaar van die verbasterde vrou**, van **die Ontugtige wat met haar woorde vlei**.*

*6 Want Ek het deur die venster van My Huis, deur My tralievenster uitgekyk,*

*7 en Ek het onder die eenvoudiges gesien, onder die jongmense 'n **jongman sonder Insig** (*feitlik ons hele Boerevolk wat nog in kerke sit*) opgemerk,*

*8 wat op die straat verbygaan naby haar hoek en in die **rigting van haar huis stap**,*

*9 in die skemer, in die aand van die dag, in die middel van die nag en die donker.*

*10 En kyk, daar kom 'n vrou hom tegemoet, soos 'n hoer aangetrek en listig van hart -*

*11 sy is rumoerig en opstandig, **haar voete kan nie in haar huis bly nie** -*

*12 nou buitekant, dan weer op die pleine, en sy staan by elke hoek en loer.*(sy gryp elke leerstelling van die wêreldse hoerkerke aan en implementeer dit, byvoorbeeld homoseksualisme, verbasterde huwelike, Belhar belydenis, ens)

*13 En sy het hom gegryp en hom gesoen, met haar onbeskaamde gesig vir hom gesê:*

*14 Ek moes slagdiere as vergoeding bring, vandag het ek my geloftes betaal;*

*15 daarom het ek uitgegaan om jou te ontmoet, om jou aangesig te soek, en ek het jou gekry.*

*16 Ek het my bed met dekens opgemaak, met* ***bont spreie van Egiptiese linne*** (die bont evangelie van Afrika) *Boekrol van die Opregte 44:49; JeshaJaH 57:8]*

*17 ek het my bed besprinkel met mirre, alewee en kaneel -*

*18* ***kom, laat ons dronk word*** *van liefde tot die môre toe, laat ons mekaar vrolik maak in welluste.*

*19 Want die man is nie tuis nie, hy het ver weg op reis gegaan,*

*20 die geldbeurs het hy met hom saamgeneem, teen die dag van volmaan sal hy eers tuis kom.*

*21* ***Sy het hom verlei deur haar baie mooipraatjies, deur die gladheid van haar lippe het sy hom verlok****.*

*22 Hy loop skielik agter haar aan soos 'n bees wat na die slagpaal gaan, en met voetboeie wat dien tot Tugtiging van die sot,*

*23 totdat die pyl sy lewer splits; soos 'n voël haastig na die vangnet vlieg - sonder om te weet dat dit ten koste van sy siel is.*

*24* ***Luister dan nou na My, seuns, en luister na die Woorde van My Mond.***

*25 Laat jou hart nie afwyk na haar weë nie,* ***dwaal nie rond in haar paaie nie****.*

*26 Want baie is die gesneuweldes wat sy laat val het, en talryk almal wat deur haar vermoor is.*

*27* ***Haar huis is weë na die Doderyk/Sheol, wat afdaal na die kamers van die Dood****. [Boekrol van Henog 22:2]*

Die skrikwekkende van alles is dat die kerke die hoergees erken as vroulik, byvoorbeeld Babilon wat as vroulike hoer beskryf word, waar Babilon die valse leerstellings is, maar volgens die Protestantse denke is dit slegs die Rooms-Katolieke wat die hoerkerk is, terwyl die gedeeltes hierbo duidelik sê dat as jy die Ware Moeder Wysheid nie ken en herken nie, jy die besoedelde gees nie sal herken nie. Die bose se gees is dus vroulik en tereg so, maar volgens hulle is die Goddelike kant se Gees Manlik. Hoe verklaar mens dit? `n Mens sou tog dink dat hierdie teoloë iewers in hul miljoene referate en doktorsgrade op hierdie verborgenheid sou afgekom het! Miskien het `n paar, maar die referaat is seker maar asdrom toe, want die manlike priesterorde kan mos nie `n vrou gesag gee in die

Godheid nie, nee o nee, dis te erg! Ou Calvyn draai in sy graf om as hy dit moet hoor!

Hiermee sluit ek dan ons hoofstuk af met dit wat in Spreuke staan, maar u kan gerus die hele Spreuke van Salomo lees en hierdie vroulike dinge merk met `n "highlighter" en u sal verbaas wees wat u nog gaan ontdek. Spreuke sluit af met die pragtige gedeelte in **Spreuke 31** oor die deugsame vrou, wat nou eers sin begin maak, want Sy is eerstens ons Hemelse Moeder en tweedens is sy die aardse vrou, sy is u Mevrou, want u is Haar beeld op aarde. Is dit nie wonderlik nie?!

***Die Wysheid word met 'n deugsame vrou vergelyk.***

> ***Hfs 31:1*** *DIE woorde van LémuEl (Salomo), die koning, die Teregwysing,* ***waarmee sy Moeder hom vermaan het:***
>
> *10 Wie sal 'n Deugsame Vrou vind? want Haar waarde is ver bo robyne. [Rut 3:11]*
>
> *11 Die hart van Haar Man vertrou op Haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie.*
>
> *12 Sy beloon Hom met suiwerheid, en nie besoedeling nie, al die dae van Haar lewe.*
>
> *13 Sy sorg vir wol en katoen(vlas), en Sy werk met gewillige handpalms.[Wysheid van Sirah 24:21-22; JeshaJaH 19:9]*
>
> *14 Sy is soos die skepe van 'n handelaar - van ver af bring Sy Haar Brood in. [Wysheid van Sirah 24:21]*
>
> *15 En Sy staan op as dit nog nag is en gee voedsel aan Haar huisgesin en die bestemde deel aan Haar Diensmeisies. [Spreuke 9:3]*
>
> *16 Sy dink na oor 'n stuk grond en koop haar, van die vrug van Haar handpalms plant Sy 'n Wingerd. [Deuteronómium 2:9; Exodus 23:31]*
>
> *17 Sy omgord Haar lendene met Krag en hou Haar arms stewig.*
>
> *18 Sy voel dat Haar opbrengs suiwer is, in die nag gaan Haar lamp nie dood nie.*
>
> *19 Sy steek Haar hande uit na die spinstok, en Haar handpalms hou die spoel vas.*
>
> *20 Sy brei Haar handpalm uit na die ellendige, en Sy steek Haar hande uit na die behoeftige.*
>
> *21 Sy is nie bevrees vir Haar huisgesin vanweë die sneeu nie, want Haar hele huisgesin dra skarlaken stof.*
>
> *22 Sy maak vir Haar dekens, Haar kleding is van fyn linne en purper.*

*23 Haar Man is bekend in die Poorte as Hy saam met die oudstes van die Aarde sit.*

*24 Sy maak hemde en verkoop dit, en gordels lewer Sy aan die handelaars.*

*25 Sterkte en Eer is Haar kleed, en Sy lag oor die dag wat kom.*

*26 Haar mond maak Sy oop met Wysheid, en die Wet van Medelye is op Haar tong.*

*27 Opmerksaam gaan Sy die werksaamhede van Haar Huis na, en die brood van luiheid eet Sy nie.*

*28 Haar seuns tree op en noem Haar geseënd, Haar Man [ook], en Hy prys Haar:*

*29 Baie Dogters het hulle knap gedra, maar U oortref hulle almal.*

*30 Die bevalligheid is bedrog, en die skoonheid is nietigheid; 'n Vrou wat JaHWeH vrees, Sy moet geprys word.*

*31 Gee vir Haar van die vrug van Haar hande, en laat Haar werke Haar prys in die Poorte.*

# Hoofstuk 5

## Salomo se openbaring van die Wysheid in die boek, Wysheid van Salomo

Hierdie boek, die Wysheid van Salomo, volgens die Protestantse hoerkerk, `n Apokriewe of Deutero-Kanonieke boek sonder goddelike gesag, is snaaks genoeg wel in die Roomse hoerkerk se Bybel, die Vulgaat. Die Roomse sê weer die boek is Kanoniek en nie Deutero-Kanoniek nie. Sien u alreeds die verwarring? Babilon beteken verwarring deur verbastering of vermenging. Almal het tog dieselfde bron, naamlik die Konsilie van Nicea in 325 NC toe hulle almal onder keiser Konstantyn saam besluit het wat die **ONVERANDERLIKE** Bybel moet wees. Hoekom haal die Protestante dan die goed uit of water hulle dit af. Nou, uiteindelik weet ek. Hulle moes hierdie verborge Hemelse Moeder baie diep verberg en ons volgende Boek van Salomo sou dit onmoontlik gemaak het om Haar te verberg. Dus was die boek te Rooms na hulle sin en is beweer dat dit Maria-aanbidding dien en daarom moet dit uit! Die Roomses daarenteen kon weer hierdie vroulike aspek uitbuit in hul moeder-maria aanbidding. Dit is dus valsheid na alle kante toe!

Nee wat, die Protestantse manlike chauvinistiese orde kon nie versteur word deur sulke nonsens nie! Netnou dink vrouens hulle is mans se gelykgeskapenes en wil hulle dalk begin lering gee. Dankie, sou hulle gesê het, los maar ons manlike Drie-Eenheid in die hande van ons bekwame manlike priesterorde, ons weet hoe om die dinge te doen, sonder vrouens wat dink dat hulle ons van WYSHEID, van alle dinge, bid jou aan, kan voorsien! Nee magtie, dis te erg!

Nou weer ernstig.

Die volgende gedeeltes uit die **Wysheid van Salomo** word ter wille van volledigheid hier geplaas:

> ***Hfs 1:4*** *Die Wysheid sal nie ingaan in 'n bedrieglike siel nie, en Sy woon nie in 'n liggaam wat deur wetsverbreking beswaar is nie.*
>
> ***1:23*** *Elohim het die adamiet geskep vir onsterflikheid, en* ***HY het hom gemaak as 'n beeld van SY eie, ewige Wese; (***weereens `n bevestiging van die manlike/vroulike karakter van Elohim***)***

*__Hfs 6:12__ Wysheid gee Lig en Sy kan nie gedoof word nie. Sy word gemaklik gesien deur die wat Haar liefhet,* **en Sy word gevind deur** ***wie Haar soek****.* (hierdie is `n gedurige soeke na Haar, sy kom nie vanself nie!*)*

*13 Sy spring die voor wat na Haar verlang deur self eerste te verskyn.*

*14 En diegene wat vir Haar vroeg opstaan, sal geen moeite hê nie, want hy sal Haar vind omdat* ***Sy by sy deur sit*** (hierdie is die deur van jou hart)

*15 Dit is uiters verstandig om oor Haar na te dink; en wie homself ter wille van Haar geen slaap gun nie, is spoedig sonder sorge. [Psalm 132:4]*

*16 Want Sy gaan rond en soek hulle wat Haar werd is; en Sy vertoon Haar met minsaamheid aan hulle op hulle paaie, en kom hulle selfs tegemoet in elke gedagte.*

*17 Sy begin as 'n opregte verlange na Tug, en die sorg vir die Tug is liefde;*

*18 en* ***liefde is om Haar Wet te onderhou****; en die navolging van die Wet is 'n waarborg vir onsterflikheid; [Deuteronómium 30:13; Wysheid van Sirah 15:1-3; Spreuke van Salomo 6:20]*

*19 en onsterflikheid maak dat 'n adamiet naby Elohim is.*

*20* ***Die verlange na Wysheid lei daarom na die koningskap****. [Openbaring 1:6]*

*21 As julle behae skep in trone en septers, vorste van die volke, het dan die Wysheid lief,* ***sodat julle kan koning wees*** *in lengte van dae. [2 Ezra 2:43]*

Niemand kan koning en priester in die Melgisèdek orde word sonder `n verlange, dus `n kennis en erkenning van Haar nie, of anders gestel, as jy die Moeder verwerp, kan jy nie JaHshua se Bruid word nie.

***Die Wysheid kom van Elohim af.***

*22 EK sal julle meedeel* ***wie die Wysheid is en hoe Sy ontstaan het****. Ek sal Haar geheime nie vir julle verborge hou nie,* ***maar Haar spore volg vanaf die begin van Haar ontstaan****, en ek sal Haar Kennis aan die lig bring en in geen enkele opsig die Waarheid verbygaan nie.*

*23 Ek sal nie saamgaan met die naywer wat verteer nie, want die Wysheid woon daarmee nie saam nie.*

*7 Daarom het ek gebid, en my is Insig gegee; ek het geroep, en die Gees van Wysheid het vir my gekom.*

*8 **Ek het Haar hoër geag as septers en trone**; en rykdom het ek as niks beskou in vergelyking met Haar.*

*9 Ook edelgesteente het ek nie met Haar gelykgestel nie, want al die goud is in vergelyking met Haar net 'n bietjie stof, en al die silwer is teenoor Haar soos slyk.*

*10 Ek het Haar meer liefgehad as gesondheid en skoonheid, en **ek het Haar besit verkies bo die Lig**, omdat die glans wat Sy versprei nie gedoof kan word nie.*

*11 Maar saam met Haar het tegelyk al die suiwer dinge my deel geword, want onmeetlik is die rykdom in Haar hande.*

*12 Ek het al die dinge geniet, **omdat Sy die Wysheid is wat hulle gebring het**, sonder dat ek geweet het **dat Sy in Haar die Moeder is**.* *[Boekrol van Henog 84:3]*

*13 In opregtheid het ek Haar leer ken, en sonder afguns deel ek Haar mee; ek hou Haar rykdom nie verborge nie.*

*14 Want Sy is vir die adamiete 'n onuitputlike skat; en hulle wat Haar verwerf het, is aangeneem in vriendskap met Elohim, omdat hulle 'n band gevorm het deur die geskenke van die Tug.*

*15 Mag Elohim Haar aan my gee om ooreenkomstig my kennis te spreek, en om ooreenkomstig die waarde van die gawes te dink, omdat HY die Gids van die Wysheid is en HY die wyses teregwys.*

***Die verhewe geaardheid van die Wysheid.***

*22 WANT die Gees wat in Haar is, is Verstandig, **apartgestel**,* (verseker nie die gees wat tans in die meeste kerke heers nie) eni*g, veelsydig, fyn, vaardig, deurdringend, suiwer, helder, onkwetsbaar, bedag op die suiwere, skerp,*

*23 vry, mild, lief vir die adamiet, standvastig, betroubaar, sonder sorge, in staat om alles te doen en te oorsien, terwyl Sy deurdring tot alle geeste wat verstandig, suiwer en fyn is.*

*24 Want die Wysheid is beweegliker as alles wat beweeg, en Sy deurdring en deurtrek alles vanweë Haar suiwerheid.*

*25 **Sy is die asemtog van Krag van die Elohim en die uitstraling van suiwer Glansrykheid van die Almagtige**; daarom kan niks wat besoedel is aan Haar raak nie.* *[Odes van Salomo 30:5; Wysheid van Sirah 24:3]*

*26 Sy is die weerskyn van die ewige Lig en 'n onbevlekte spieël van die Krag van Elohim en 'n beeld van Sy Suiwerheid.*

*27* ***Ofskoon Sy slegs Een is, vermag Sy alles; en terwyl Sy in Haarself bly, maak Sy alles nuut; en gedurende al die geslagte gaan Sy binne-in siele van apartes en maak hulle vriende van Elohim en profete.***

*28 Want Elohim het niemand lief as alleen* ***diegene wat saam met die Wysheid woon nie****.*

Hier word weereens bevestig dat Sy die Moeder van alles is, dat Sy ingaan in ons siele en dat Sy ons in ons siele bewerk, sodat ons vriende van Elohim kan word. Verder is Sy die asemtog van die Krag van Elohim en die uitstraling van Sy Glansrykheid of heerlikheid. Wie anders is Sy dan as die Heilige Gees wat alles in **Génesis 1** in bestaan gebring het nie? Sy sê in Spreuke dat Sy saam was as mede-skepper, vanaf die ontstaan van ons aarde was Sy besig gewees met ons.

***Die vrugte van die Wysheid.***

***Hfs 8:1:*** *WANT Sy reik deur Haar krag van die een einde tot die ander, en dit is Sy wat alle dinge gunstig reël.*

*2 VANAF my jeug het ek Haar liefgehad en gesoek, en ek het pogings aangewend* ***om Haar vir myself as bruid te neem;*** *ek het verlief geraak op Haar skoonheid.*

*3 Sy beroem Haar op Haar afkoms omdat Sy met Elohim leef, en* ***HY wat Meester van alles is, het Haar lief****.*

*4 Want Sy is 'n ingewyde in die Kennis van Elohim,* ***en Sy staan by HOM in SY werke****. [Openbaring van Henog 11:40, 41]*

*5 As rykdom 'n begerenswaardige besit in die lewe is, wat is dan ryker as die Wysheid wat alles werk?*

*6 As die besonnenheid 'n werk onderneem, wie is dan onder al die werkers wat leef, die bekwaamste?*

*7 En wanneer iemand Geregtigheid liefhet - Haar hele bekommernis is die deugde, want Sy onderrig die matigheid en die verstandigheid, die regverdigheid en die sterkte, wat vir die adamiete die nuttigste in hulle lewe is.*

*8 As iemand strewe na 'n veelsydige ervaring, Sy leen die verlede en voorsien die toekoms; Sy verstaan die sin van woorde en die oplossing van raaisels, Sy besit voorkennis van aanwysinge en voortekens, ewenas die afloop van tye en tydperke.*

***9 Daarom het ek geoordeel om Haar as lewensgesellin te neem, want ek weet dat Sy vir my 'n suiwer Raadgeefster sal wees en 'n <u>Trooster</u> in sorge en smart.***

*10 Deur Haar sal ek roem verwerf by die volksmenigte en Eer by die oudstes, ofskoon ek jonk is.*

*11 My oordele sal skerpsinnig gevind word, en in die oë van die vorste sal ek bewondering vind.*

*12 As ek swyg, sal hulle vir my wag; as ek spreek, sal hulle luister; as ek langer spreek, sal hulle die hand op hulle mond lê.*

*13 **Deur Haar sal ek onsterflikheid besit**, en ek sal 'n ewige herinnering aan myself by hulle agterlaat.*

*14 **Ek sal volke bestuur, en nasies sal aan my onderwerp word.***

*15 Gevreesde heersers wat van my hoor, sal angs kry; maar vir my volk sal ek goed wees en dapper in die oorlog.*

*16 **As ek in my huis binnegaan, sal ek by Haar rus vind**; want die omgang met Haar veroorsaak geen bitterheid nie en verkeer met Haar bring geen verdriet nie, maar Vreugde en Blydskap.*

*17 Hierdie dinge het ek oorweeg vir myself en in My Hart oorpeins: dat **daar onsterflikheid geleë is in die saamlewe met die Wysheid,***

*18 en edele verkwikking in Haar vriendskap, onuitputlike rykdom in die werk van Haar hande, insig in 'n innige omgang met Haar, roem in die deelneem aan Haar gesprekke. Daarom het ek rondgegaan om te soek hoe ek Haar vir myself sou kon neem.*

*19 Ek was 'n kind gewees met 'n fraai gestalte, en ek het 'n voortreflike siel gekry;*

*20 of liewer: omdat ek voortreflik was, het ek in 'n liggaam sonder gebreke gekom.*

*21 Maar ek het geweet dat ek Haar nie sou gekry het nie, as Elohim my Haar nie sou gegee het nie; en Sy was reeds wys om te erken in wie se Guns Sy is - en ek het my tot JaHWeH gewend en HOM gebid; en uit my hele hart het ek gesê:*

***Die gebed van Salomo om Wysheid**.*

***Hfs 9** :1:Elohey van ons Vaders en JaHWeH van Ontferming, wat alles gemaak het deur U Woord, ]Openb van Henog 11:40]*

*2 **en wat deur U Wysheid die adamiet gemaak het**, sodat hy sou heers oor die skepsels wat U gevorm het,*

Hier is `n baie belangrike bevestiging wie vir Adam voortgebring het, naamlik die Hemelse Moeder, die Heilige Gees, wat EEN is met ons Vader, maar wat Abba Vader se skeppende vroulike polariteit is. Hier werk dit net soos by die aardse huwelik, naamlik dat die man graag sy verlange uitspreek vir `n kind, en dan verwek vader en moeder saam die kind,

**maar die moeder gee geboorte**. Soos op die aarde, so ook in die hemele, aangesien ons tog beelde van mekaar is. **Vers 9** verklaar ook dat Sy `n Raadgeefster en TROOSTER is vir ons. Hierdie woord, Trooster, is mos bekend en ons sal vorentoe weer terugkom na hierdie Trooster wat in die Nuwe Testament vir ons uitgestort is deur JaHshua.

> *9:3 en sodat **hy die wêreld in Apartheid en regverdigheid** sou bestuur, en sou beoordeel met 'n regverdige gees;*
>
> *4 **gee U my die Wysheid wat op U Troon sit**, en wys U my nie af as een van U kinders nie.*

**Hierdie Hemelse Moeder het Haar eie troon**, dit wil sê, Haar eie gesagsbasis vanwaar Sy heers en volgens vorige gedeeltes wat aangehaal is, heers Sy in ons tempels, ons innerlike tempels waar Sy ingaan met Haar diensmeisies om ons innerlike huise te bou. Kan u sien hoe belaglik die kerke is om te beweer dat die kerk die bruid is, dit terwyl hulle die enigste huisbouer, naamlik die Hemelse Moeder, verwerp. Dat hulle wel `n gees in hul kerke het, is ongetwyfeld so, maar wie se gees is daarbinne? Volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis is dit dan `n derde man! Ook sê Sy, die Wysheid, dat die adamiet veronderstel was om die wêreld **in Apartheid en regverdigheid** te bestuur (**vers 3**). Hoe is dit dan dat dieselfde kerke wat presies op hierdie eienskappe gefundeer is, dit nou verwerp het en nou hulle hul kerke en regerings deur verwarring en vermenging bestuur?

> *9 By U is die Wysheid wat U werke ken, wat teenwoordig was toe U die heelal maak, wat weet wat behaaglik is in U Oë, en wat met Reg is volgens U Gebooie. [Spreuke 8:22; 9:9]*
>
> *10 **Stuur U Haar** vanuit die Hemele van Apartheid en stuur U Haar vanaf die Troon van U Glansrykheid, sodat Sy met my kan wees en saamwerk, en ek kan weet wat aan U welgevallig is.*
>
> *11 Want Sy weet en begryp alles, en Sy sal my in my werke lei met oorleg en my bewaar in Haar Glansrykheid. [Openbaring van Henog 11:41]*
>
> *12 Dan sal my werke aangenaam wees, en ek sal U volk regverdig regeer en die troon van my vader werd wees.*

In die volgende hoofstuk word `n lys van dade wat die Wysheid vermag het, genoem. Weereens maak dit talle geslote deure oop wat eens toe was weens ons onkundigheid van die Elohim. As ons weer daardie gedeeltes gaan lees, sal ons nou die Wysheid se werke herken.

***Die Wysheid het JisraEl beskerm vanweë sy Geregtigheid*.**

***Hfs 10** :1:**SY het die eersgeskape vader van die wêreld beskerm toe hy die enigste skepsel was, en Sy het hom uitgelei uit sy val** [Génesis 3:23; Boekrol van die Opregte 1:12]*

*2 **en hom die mag gegee om oor alles te heers**. [Génesis 1:28]*

*3 Maar die wetsverbreker het Haar in sy toorn verlaat, en hy het te gronde gegaan deur die woede wat sy broer gedood het. [Génesis 4:8]*

*4 Vanweë hom is die Aarde oorstroom, **maar deur die Wysheid gered, wat die regverdige geloods het op nietige hout.** [Boekrol van Henog 67:2]*

*5 Nadat die nasies verstrooi is vanweë die algemeenheid van oortreding, het Sy die regverdige [uit]geken en hom sonder smet vir Elohim bewaar; en **Sy het hom in sy krag beskerm teen sy liefde vir sy seun.***

*6 **Sy het die regverdige gered** uit die ondergang van die besoedeldes, toe hy wegvlug van die vuur wat op die vyf stede geval het;*

*7 daarvan bestaan nog altyd as getuie van oortreding: 'n rokende puinhoop, plante wat vrug dra op verkeerde tye, en 'n soutpilaar wat daar staan aan 'n ongelowige gees.*

*8 Want die wat **afwyk van die Weg van die Wysheid** het nie alleen gestruikel deurdat hulle die suiwer dinge nie meer ken nie, maar hulle het ook aan die wêreld 'n gedagtenis nagelaat van die dwaasheid, sodat hulle nie kan geheim hou waarin hulle oortree het nie.*

*9 Maar die Wysheid het Haar volgelinge uit die kwelling gered. [Psalm 22:4]*

*10 Sy het die regverdige wat vir die toorn van sy broer gevlug het op regte Paaie gelei, Sy het hom die koninkryk van Elohim gewys en hom die Kennis van die Aparthede gegee, en Sy het hom in sy arbeid laat voortgaan en sy inspanning vrugbaar gemaak.*

*11 Sy het hom bygestaan teen die hebsug van sy verdrukkers en hom ryk gemaak.*

*12 Sy het hom ook beskerm teen sy vyande en hom beveilig teen sy belaers; Sy het 'n sware stryd in sy voordeel beslis om hom te laat weet dat vroomheid alles in mag oortref.*

*13 Die regverdige wat verkoop is, het Sy nie aan sy lot oorgelaat nie, maar Sy het hom ontruk aan oortreding:*

*14 Sy het met hom afgeklim in die gevangenis en hom in Sy boeie nie verlaat nie, totdat Sy hom die Septer van die koningskap gebring het en gesag oor sy oorheersers. Sy het bewys dat sy aanklaers onwaarheid spreek en hom ewige roem gegee.*

*15 **‘n Apartgestelde volk en ‘n suiwer saadlyn het Sy verlos uit ‘n nasie van verdrukkers**. [Psalm 77:20]*

*16 **Sy het ingegaan in die siel van JaHWeH se dienskneg** en aan skrikwekkende konings teenstand gebied deur wonders en tekens.*

*17 Sy het die apartes die beloning gegee vir hulle inspanning en hulle gelei op ‘n wonderlike weg; **bedags was Sy vir hulle ‘n beskerming gewees en snags ‘n lig soos van Sterre**.*

*18 Sy het hulle deur die Riet See [Skelf See] gebring en hulle deur baie water gelei,*

*19 maar hulle vyande het Sy oorstroom en hulle uit die diepte van die afgrond weer laat uitspoel.*

*20 So het die regverdiges die besoedeldes gebuit, en het hulle die Naam van U Apartheid besing, JaHWeH, en eensgesind U verdedigende Hand geloof. [Exodus 24:11]*

*21 Want die Wysheid het die monde oopgemaak van die wat stom was, en **Sy het die tonge van kindertjies verstaanbaar gemaak.***

Hier sien ons die Wysheid as bewerker van alle groot gebeurtenisse in die Bybel. Sy het Adam uitgelei, beskerm en mag gegee, vir Noag deur die vloed gelei, vir Abraham weerhou om vir Isak te slag, saam met Jakob gewees, saam met Josef en toe saam met Moses as wolk bedags en as lig snags. Daadwerklik soos `n groot Hemelse Hen wat Haar kuikens beskerm onder Haar vlerke.

Mevrou, ek hoop hierdie verse het u nou al laat besef wie eintlik al die werk gedoen het op hierdie ou aarde van ons. Dit was Sy, die Hemelse Moeder, in opdrag van ons Vader wat alles bewerk en beplan het. **Hy self, ons Vader, kon Homself nie in Sy volle heerlikheid en glorie aan ons toon nie, want hy sou ons met Sy Lig verdelg het**. Sy vroulike pool egter, die Moeder, is so geskape dat Sy ons wel kon hanteer, sonder om ons op die daad te verdelg toe ons as mensdom die sonde verkies het.

Eintlik is dit ook maar soos in die huisgesin op aarde. Pa is om die een of ander rede kwaad vir die kinders, sê vir ma dat sy hierdie kinders moet regkry of hy gaan hulle swaar straf. Ma wend dan `n verbete poging aan om hulle te verbeter, en as hulle in orde gekry is, roep sy vir pa en bied die kinders vir hom aan. Pa is baie bly en die liefdesorde in die huisgesin is weer herstel.

# Hoofstuk 6

## Die Wysheid in die Boek van JaHshua Ben Sirah

Hierdie Deutero-Kanonieke boek, ook in die Roomse Vulgaat geplaas te Nicea 325 NC, staan ook bekend as Die Wysheid van Jesus Sirag, maar ons het die oorspronklike boeknaam in die Boek van Herinnering gebruik. Hierin is pragtige wyshede oor alledaagse dinge deur Vader gegee, maar ook is daar `n groot verborge openbaring van wie die Wysheid werklik is. Ons begin sommer met **Sirag 1:1-10.**

***Die oorsprong van die Wysheid.***

> ***Hfs1:1:*** *ALLE Wysheid is van JaHWeH, en by HOM is Sy vir ewig.*
>
> *2 Die sand van seë en die druppels van die reën en die dae van die ewigheid - wie kan [dit] tel?*
>
> *3 Die hoogte van die Hemele en die wydte van die Aarde en die diepte en die Wysheid - wie kan [hulle] naspeur?*
>
> *4* ***Voor alles is die Wysheid geskape****, en verstandige Insig is van ewigheid af.*
>
> *6 Die wortel van Wysheid, aan wie is Sy geopenbaar? En Haar verfynde gedagtes, wie het Haar geken?*
>
> *8 Slegs Een is wys, wat grootliks gevrees moet word; JaHWeH wat op SY Troon sit.*
>
> *9* ***HÝ het Haar geformeer****, Haar geïnspekteer en Haar geweeg, en* ***HY het Haar uitgegiet oor al SY werke****,*
>
> *10* ***aan alle vlees****, volgens sy mate, en HY het Haar vermenigvuldig vir hulle wat HOM liefhet.*

Hierin is dit weereens bevestig dat Sy, die Wysheid of ook genoem die Trooster, oor alle werke en in alle vlees uitgegiet is, of soos ons gewoond is om te sê, “die Gees is oor ons uitgestort”. Let ook nou baie goed op dat Sy, die Wysheid, oor die ou Levitiese orde uitgestort is, maar dat daar in die Nuwe Testament `n belofte gegee word van `n **ANDER TROOSTER** wat sal kom sodra JaHshua opgevaar het na die hemele. Meer hieroor in `n latere hoofstuk.

Die volgende hoofstuk in Sirag gee vir ons talle leidrade wat ons voorafgaande ontdekkings oor die Hemelse Moeder pragtig staaf. Hier het ons `n interessante verskynsel waargeneem. Jy sal **vers 18** in GEEN eksemplaar van hierdie boek op die rakke kry nie, ook nie in die Ou Vertaling met die Deutero-Kanonieke boeke daarin van die kerk nie. En

glo my, ons (die vertalers van die BvH) het gesoek. Uiteindelik kry ons hierdie vers toe in `n baie, baie ou Griekse vertaling. Ek het die vers sommer vir u verdik en in hoofletters geplaas. Ek kan dink dat hierdie vers ons priesters erg laat stik het. Vir diegene wat hier lees en nog nie weet dat heilig, heiligheid in al sy vorms in beide die Hebreeus en Grieks sleg afgesonder, eenkant gestel of apartheid beteken nie,sien **Aanhangsel A** agterin hierdie boek. Kom ons lees egter die hele gedeelte, met my kommentaar in hakies.

> ***Hfs 24:1:*** *DIE Wysheid prys Haarself en te midde van Haar volk word Sy geëer.*
>
> *2 In die vergadering van die Hoogste El open Sy Haar mond en voor SY leërskare word Sy verhoog. [Job 37:10; JeshaJaH 48:3]*
>
> *3* ***Ek, uit die Mond van die Hoogste El het Ek voortgekom****, en soos die Wolkkolom het Ek die Aarde bedek. [Odes van Salomo 30:5; Wysheid van Salomo 7:25]*
>
> *4 In die hoogtes het Ek alleen gewoon, en* ***My Troon was in die Wolkkolom*** (in die verborgenheid). *[Boekrol van Henog 9:4; JeségiEl 1:4]]*
>
> *5 Die hemelgewelf het Ek alleen omspan en* ***op die bodem van die Afgrond*** *(*selfs in die hel*) het Ek gewandel. [JeshaJaH 44:24]*
>
> *6 Oor die branders van die see en oor die hele Aarde en oor elke volk en nasie het Ek regeer.*
>
> *7 In al hierdie dinge het Ek 'n rusplek gesoek [en gesê:] In wie se erfenis sal Ek woon? [Boekrol van Henog 42; 48:1]*
>
> *8 Toe het HY, die Formeerder van die heelal, My beveel, en My Formeerder het My woonplek vasgestel; en HY het gesê:* ***Onder Jakob moet Jy woon en in JisraEl moet Jy [jou] Erfdeel besit****. [Boekrol van Henog 39:5; Profesie van Barug 3:38]*
>
> *9 Van ewigheid, van die begin af het HY My geskape, en tot in ewigheid sal Ek nie ophou nie. [Exodus 40:34-40]*
>
> *10* ***In die Tabernakel van Apartheid*** *het Ek voor HOM gedien en so* ***was Ek in Sion*** *gevestig* (Sy het verskyn op die versoendeksel en met die hoëpriester gekommunikeer. Lees verwysingsverse) *[Exodus 25:8 ; 25:22; Exodus 40:34; Deuteronómium 30:12; Wysheid van Sirah 19:20; JeshaJaH 63:11]*
>
> *11 In die geliefde Stad het Ek, wat My betref, gerus, en* ***in Jerusalem was My heerskappy****.*
>
> *12 En Ek het wortel geskiet onder 'n geëerde volk, onder die deel van JaHWeH [en] van Sy erfenis.*

*13 Soos ʻn seder op die Libanon is Ek verhef, en* soos ʻn Olyfboom *(*sy giet die olie van salwing uit*) op die gebergte van Hermon. [Spreuke van Salomo 3:18; Boekrol van Henog 28:1-3]*

*14 Soos ʻn palmboom in Engedi is Ek verhef, en soos roosplante in Jerigo; soos ʻn groen Olyfboom in die Laagland, ja, Ek is verhef soos ʻn plataan by die waters. [Exodus 30:22-38]*

*15 Soos kaneel en geurige kalmoes en soos uitgesoekte mirre het Ek ʻn geur gegee; soos galbanum en naeltjies en storaksgom en soos wierook [was Ek] in die Tabernakel. [Exodus 30:24-34; Levítikus 8:10; Psalm 45:8; 2 Ezra 2:12]*

*16 Ek, soos ʻn terpentynboom het Ek My takke uitgestuur, en My takke was takke van Eer en Guns.*

*17 Ek was soos ʻn Wingerdstok wat Guns laat uitspruit, en My blomme is die vrug van Glansrykheid en glorie. [Psalm 80:8; 128:3]*

***18 <u>EK IS DIE MOEDER</u> VAN REGVERDIGE LIEFDE, EN VREES, EN KENNIS, EN DIE BELOFTE VAN APARTHEID: DAAROM IS EK, WAT VIR EWIG BESTAAN, GEGEE AAN AL MY KINDERS WAT NA HOM GENOEM IS.***

*19 Kom na My toe, julle wat My begeer, en versadig julle met My opbrengs.*

*20 Want My gedagtenis is soeter as heuning, en My Erfenis as ʻn heuningkoek.*

*21 Hulle wat My eet, sal nog honger wees, en hulle wat My drink, sal nog dors hê.*

Soos u kan sien, verander hierdie gedeelte ons begrip van die Heilige Gees radikaal en hieruit kan u sien dat geen liberale kerk in die wêreld meer hierdie Gees of Moeder het nie, **<u>want Sy belowe APARTHEID</u>** en asseblief, let wel, hierdie is geestelike Apartheid, dit wil sê, slegs gebonde aan die **<u>Woord, wie JaHshua Self is</u>** en nie die Bybel nie. Die Bibleos (versameling boeke in Grieks) bevat slegs die Woord van Elohim. Fisiese apartheid, wat skeiding van rasse is sonder diskriminasie, is `n noodwendige uitvloeisel van geestelike Heiligheid oftewel Apartheid en is Skriftuurlik. Sien die volgende gekorrigeerde verse in die Boek van Herinnering in **Esegiël 44:23** wat die werklike taak van `n hedendaagse priester moet wees, naamlik **om te onderskei**, nie om saam te voeg of te verbaster nie!

> *23 En hulle moet My volk **die [onderskeid] aandui** tussen Apartheid en vermenging, en hulle bekend maak die **onderskeid tussen** wat raseg en verbasterd is.* *[JeségiEl 22:26]*

Hierdeur sien ons dan dat die Hoergees van Babilon feitlik alle kerke beheer. Jy as lidmaat mag dalk anders voel, maar is jy by die regte gees? Jou dominee kan homself dalk vir die skyn voordoen as `n behoudende, maar hy sal nie een dag verder in daardie kerk wees, sou hy in hierdie Gees van Apartheid preek nie. Die priesterorde jaag hom nog daardie selfde dag weg. Elke hoofstroomkerk in ons land, uitgesluit die APK en die Steeds-Hervormers, is deel van, of het waarnemerstatus by die Wêreldraad van Kerke, wat hierdie kerke beloon met miljarde rande per jaar. Dit is hoekom elke susterskerk apartheid moes afsweer en waarom dit so `n tweespalt veroorsaak het, soos met die APK en nou weer met die Steeds-Hervormers. Laasgenoemde poog nog om in daardie Gees van Apartheid te preek, maar hulle is dwalend en ontvang nie die Krag van hierdie Moedergees nie. Hulle meulsteen is die Nederlandse Geloofsbelydenis en ander kerklike dogma van hul manlike priesterordes, wat om elkeen se nek hang.

# Hoofstuk 7

## Die geboorte van JaHshua

Ons volgende soeke na die bestaan van hierdie Hemelse Moeder in die Nuwe Testament sal moet begin by die begin, naamlik by die geboorte van JaHshua, eintlik al `n bietjie vroeër, met die geboorte van Sy aardse moeder, Miriam, of verkeerdelik bekend as Maria, vanaf die afgodsnaam Ma-Rhea (die hemelkoningin) en wat nie verder in hierdie boek gebruik sal word nie.

Ons sal ook `n bietjie agtergrond moet kry oor hoe die ou Levitiese orde oorgegaan het na die nuwe Melgisèdek orde, waar JaHshua nou hierdie priesteramp, sowel as die koningsamp van Dawid vervul het. Toe Jahshua gebore is, was Hy vanaf geboorte vervul met die Gees van Wysheid. Die Engel sê vir Josef, die pleegvader van JaHshua, dat wat in Miriam (Maria) verwek is, kom van die Gees van Apartheid (Heilige Gees) volgens **Matthèüs 1:20**.

Ons haal weer aan uit `n Nuwe Testamentiese Apokriewe boek, naamlik die Oerevangelie of Kinderevangelie van Jakobus, wie JaHshua se ouer broer was.

> *19 EN ek (*dis nou Josef*) sien 'n vrou afkom van die gebergte, en sy sê vir my: Man, waar gaan jy heen?*
>
> *1a En ek sê: Ek soek 'n Hebreeuse vroedvrou! En sy antwoord en sê vir my: Is jy uit JisraEl? En ek sê vir haar: Ja!*
>
> *1b En sy sê: En wie is sy wat daar in die grot geboorte gee?*
>
> *1c En ek sê: Sy wat aan my verloof is.*
>
> *1d En sy sê vir my: Is sy nie jou vrou nie?*
>
> *1e En ek sê vir haar: Dit is Mirjam wat in die Huis van JaHWeH opgevoed is en deur die lot aan my as vrou toegewys is, tog is sy nie my vrou nie, maar* ***sy het ontvang van die Gees van die Apartheid****.*
>
> *1f En die vroedvrou sê vir hom: Is dit waar?*
>
> *1g En JôWsef sê vir haar: Kom kyk! En die vroedvrou het met hom saamgegaan.*
>
> *2 Hulle staan toe op die plek van die grot, en kyk,* ***'n ligtende Wolkkolom*** *oorskadu die grot.*
>
> *2a En die vroedvrou sê: Vandag is my siel groot gemaak omdat my oë wonderlike dinge aanskou het,* ***want Lossing is vir JisraEl gebore****.*

*2b En meteens trek die Wolkkolom weg van die grot en **daar verskyn 'n groot Lig in die grot**, sodat hul oë haar nie kon verdra nie.*

*2c En **geleidelik het daardie Lig verminder totdat die Kindjie te voorskyn kom** en die bors van Sy moeder Mirjam neem.*

*2d En die vroedvrou roep uit en sê: Vandag is dit 'n groot dag vir my deurdat ek hierdie ongewone skouspel gesien het.*

Hierdie skouspel was niks anders as die Gees van Wysheid, ons Hemelse Moeder wat hierdie geboorte verborge gemonitor het vanuit die Wolkkolom en later verskyn het as die Lig wat gaandeweg verminder het, OMDAT SY ALGAANDE IN DIE SEUN JAHSHUA **INGETREK** HET! Sy het in hierdie lewende tempel JaHshua ingetrek, en net soos wat Sy in **Sirag 24** sê dat Sy in die Tabernakel van Apartheid teenwoordig was, was Sy nou in Hom, as die lewende tabernakel. JaHshua is nou die manlike tempel van Jerusalem, en in Sy innerlike die vroulike Gees van Wysheid, ons Moeder van die Levitiese orde as Sion.

Onthou tog dat die Tabernakel in Dawid se tyd op die berg Sion gestaan het, maar is later, toe die Jerusalem Tempel voltooi is, ook in die tempel geplaas is, net soos wat die lig ingetrek het in Jahshua tydens Sy geboorte. Ons lees daarvan in **1 Konings 8.**

***Inwyding van die Tempel.***

*__1 Kon 8:1__ DAARNA het Salomo die oudstes van JisraEl en al die stamhoofde, die hoofdelike vaders van die kinders van JisraEl, by koning Salomo in Jerusalem byeen laat kom om die Verbondsark van JaHWeH **uit die Stad van Dawid, Sy is Sion,** op te bring.*

*9 Daar was niks in die Ark nie buiten die twee Kliptablette wat Moshè by Horeb in haar neergelê het, toe JaHWeH 'n Verbond met die kinders van JisraEl gesluit het by hulle uittog uit die Aarde van Egipte.*

*10 En toe die priesters uit die Apartheid uitgaan, **het die Wolkkolom die Huis van JaHWeH gevul**.*

*11 En die priesters kon vanweë die Wolkkolom nie staan om diens te doen nie, **want die Glansrykheid van JaHWeH het die Huis van JaHWeH gevul.***

Orals in die voorafgaande hoofstukke het ons gelees dat die Hemelse Moeder in die Wolkkolom was, en dat Sy die Glansrykheid van JaHWeH is. Ook is die twee kliptablette die twee liefdeswette oftewel groot gebod wat Hy vir ons kom leer het, hierdie groot JaHshua-hart van vlees, gevul met die Moedergees. Hoe kan dit anders wees as hierdie legstukkies dan

nou so presies inmekaarpas? Dit moet mos waar wees! Ons kan dus nog iets baie belangrik aflei uit hierdie daad, naamlik dat die volk in die tye van die Rigters deur die Moeder vanuit die Tabernakel gelei was en in die tye van die Konings vanuit die Tempel, wie se gesag gesetel was is in die mans, naamlik die opeenvolgende konings. Nou het die Moeder weereens ingetrek in `n Man, die laaste lewende Tempel van Dawid.

Nou het ons Hemelse Moeder, die Wysheid,` n waardige lewende Huis gevind waarin sy kon woon en werk. Vir 30 jaar werk Sy in hierdie jong Man, die verpersoonliking op aarde van die LIEDFDE VAN VADER en leer en lei Sy hierdie Seun van Haar tot op Sy dertigste jaar, totdat Hy bevoeg bevind was vir Sy taak as Verlosser van Israel.

Hierdie werk sal onvolledig wees as ek nie die hemelse verwekking van JaHshua hier behandel nie. JaHshua is volkome verwek in die Hemele en die volledig gevormde hemelse embrio is aarde toe gebring deur Gabriël, die aartsengel. Die kerke verkondig dat saad van die hemele wel teenwoordig was, maar dat die eiersel menslik was. In hierdie eeu ontken talle kerke egter die goddelike aard van Jahshua.

Nee, dit is nie waar nie, Hy is volledig in die Hemele deur Sy Hemelse VADER en Sy Hemelse MOEDER verwek en ek haal weer aan uit `n ander boek van Salomo, naamlik die **Odes van Salomo, Hoofstuk 19,** en ja, u het dit korrek, weereens gesensor deur die priesterorde as Apokrief!

> ***Ode 19:*** *'N BEKER (houer) saad was My (*die Hemelse Moeder*) aangebied, en Ek het hom ingeneem as die soetheid van die Suiwerheid van JaHWeH.*
>
> *2 Die Seun is die Beker (houer) en HY wat getap is, is die VADER, en Sy wat HOM getap het, is die Gees van Apartheid;*
>
> *3 Want SY (*Vader se*) saadorgaan was vol, en dit was nie wenslik dat SY saad sonder rede afgeskei word nie;*
>
> *4 Die Gees van Apartheid (*Hemelse Moeder as die Gees van Wysheid*) het Haar skoot geopen en die saad vanuit die twee saadselle van die VADER vermeng, [Lukas 2:21]*
>
> *5* ***en het die Mengsel (****volkome gevormde embrio****) aan die wêreld gegee*** *sonder dat hulle daarvan bewus was; en hulle wat Hom ontvang, is in die volheid van die Regterhand.*
>
> *6 Die baarmoeder van die maagd het Hom (*JaHshua, wat reeds verwek was*) omhels en sy het swanger geword en gebaar.*
>
> *7 Die maagd het 'n moeder met groot deernis geword;*

*8 Sy was in barensweë en het 'n Seun gebaar sonder om pyn te voel, omdat Hy nie sonder 'n rede ontstaan het nie;*

*9 Sy het nie 'n vroedvrou verlang nie, want HY (*Die Hemelse Moeder deur Vader gestuur as die Lig in die grot*) het haar verlos.* *[Boodskap van Jakobus 19:3]*

*10 Sy het gebaar, soos dit is, 'n Man, deur die Wil van Elohim, en het Hom gebaar en Hom bekend gemaak, en het Hom in groot Krag verkry;*

*11 En sy het Hom liefgehad met die bevalling, en Hom bewaak met minsaamheid en Hom in grootheid bekend gemaak.* *[Boekrol van Henog 62:7]*

*Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!*

Hoe ryker sou die Nuwe Testament nie met hierdie inligting gewees het nie, hoeveel minder gestry oor maagdelike geboorte, ens. sou daar nie gewees het nie! Salomo was tog al bewese as `n geïnspireerde skrywer in die Kanon en dit is mos onsinnig om te wil beweer dat Spreuke, Hooglied en Prediker geïnspireer is deur die Heilige Gees, maar die Wysheid van Salomo en die Odes van Salomo is nie geïnspireerd nie! Wat die wonderlike hiervan is, is dat hierdie kennis net die twee testamente hegter aanmekaar bind vir ons sodat daar egter niks meer is om oor te stry nie. JaHshua is Elohim!!

# Hoofstuk 8

## Die verordinering van JaHshua

JaHshua was die sleutelfiguur wat die Ou Levitiese Verbond laat oorgaan het na die Nuwe Melgisèdek orde en daarom is dit noodsaaklik dat ons baie mooi gaan kyk na hierdie oorgang en wel aan die hand van die voorafgaande nuwe feite, tesame met die feite in die Nuwe Testament gegee. Die volgende gedeeltes in **Matthèüs** en **Johannes** moet saam gelees word, om werklik te verstaan wat ten tye van Jahshua se doop afgespeel het.

> ***Matt 3:16****: En nadat hy JaHWèshua gewas/gedoop het, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die Hemele vir Hom oop,* ***en Hy sien die Gees van Elohim soos 'n duif neerdaal*** *en op Hom kom.*
>
> *17 En daar kom 'n Stem uit die Hemele wat sê: DIT IS MY GELIEFDE SEUN IN WIE EK 'N WELBEHAE HET. [Odes van Salomo 24:1-2; Profeet Miga 6:7]*

> ***Joh 1:29:*** *Die volgende dag sien JeHôWganan, JaHWèshua na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van die Elohim wat die oortredinge van die wêreld sal dra!*
>
> *30 Dit is Hy van wie ek gesê het: Ná my kom 'n Man wat voor my geword het, want Hy was eerder as ek.*
>
> *31 En ek het Hom nie geken nie; maar dat Hy aan JisraEl openbaar sou word, daarom het ek gekom en in water gewas/gedoop.*
>
> *32 En JeHôWganan het getuig en gesê: Ek het die* ***Gees soos 'n Duif uit die Hemele sien neerdaal****, en* ***Sy het op Hom gebly.***
>
> *33 En ek het Hom nie geken nie; maar HY wat my gestuur het om in water te was/doop, HY het aan my gesê:* ***Op wie jy die Gees sien neerdaal <u>en op Hom bly</u>****, dit is Hy wat met die Gees van die Apartheid was/doop. [Odes van Salomo 24:1-2]*
>
> *34 En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van die Elohim is.*

Hier het ons eintlik met twee bonatuurlike dinge te doen wat tydens die doop waargeneem was deur sommige wat daar gestaan het, maar veral deur Johannes, naamlik die Gees wat as `n Duif neergedaal **en wat op Jahshua gebly het**, wat baie belangrik is en tweedens die Stem uit die Hemele.

Die eerste reaksie sal sekerlik nou wees, maar wag `n bietjie, met geboorte het die Gees (die Wysheid) mos reeds in JaHshua ingegaan,

soos hierbo verhaal in Die oerevangelie van Jakobus. Hoekom daal daar nou nog `n Gees op Hom neer?

Die antwoord is weer in die **Odes van Salomo 24 en 9** te vinde.

***Ode oor die Waarheid***

***Ode 24:1 DIE Duif het afgevlieg op die hoof van ons Meester, ons Gesalfde, want Hy was Haar hoof****.*

*2* ***Sy het oor Hom gesing, en Haar Stem is gehoor****. [MattithJaHûW 3:16-17]*

*3 Die bewoners het gevrees, en die verbasterdes het gesidder.*

*4 Die vlieënde wesens het opgevlieg en al die reptiele is dood in hulle gate.*

*5 En die Afgrond is geopen en weer toegemaak, en hulle het die Gesalfde gesoek soos diegene in barensnood;*

*6 Maar Hy is nie aan hulle gegee as voedsel nie, want Hy was nie hulle s'n nie.*

*7 Maar die dieptes is gedompel in die indompeling van JaHWeH, en diegene wat van ouds bestaan het, het omgekom in daardie gedagte;*

*8 Want hulle het van die begin af verdorwe geraak, en die voltooiing van hulle barensnood was lewe.*

*9 Elkeen van hulle, by wie ontbreek het, het omgekom, omdat hulle geen woord gehad het om te sê nie, om daardeur agter te bly nie.*

*10 Elohim het die gedagtes vernietig van hulle* ***met wie die Waarheid nie was nie****;*

*11* ***Want hulle het Wysheid kortgekom****, hulle wat trots van hart was.*

*12* ***En hulle is verwerp, want die Waarheid was nie met hulle nie****,*

***Ode 9:8****:* ***Waarheid is 'n ewige Kroon****; geseënd is diegene* ***wat Haar op hul hoofde plaas****, [Exodus 28:36, 37; ZekarJaH 3:5; Openbaring 2:10]*

*9 'n Steen van groot waarde; want die oorloë is as gevolg van die Kroon;*

*10* ***En Geregtigheid*** (die Moeder) ***het Haar geneem, en Haar*** (Gees van Waarheid) ***aan julle gegee****. [JeshaJaH 60:17]*

*11* ***Sit die Kroon op*** *(*ontvang die Waarheid van JaHshua*) in die ware Verbond van JaHWeH; en almal wat oorwin het, sal in Sy Boek opgeskryf word; [Openbaring 21:27]*

*12 Want Sy Boek is die oorwinning wat julle s'n is; en Hy sien julle daarvoor en Hy begeer dat julle verlos word.*

*Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!*

***Hooglied 7:9 Een, dié is My Duif, My rasegte, die enigste vir Haar Moeder; Sy is die Uitverkorene vir die Een wat Haar gebaar het****.*
*[Psalm 45:14; Profesie van Barug 4]*

Uit hierdie twee Odes en Hooglied, tesame gelees met die gedeeltes oor Jahshua se doop, is die volgende dan duidelik. Die teken van die Duif was die Kroon, die Kroon is die Gees van Waarheid wat Hy nou ontvang het en Wie op hom gebly het. Uit ons Tabel in Hoofstuk 2 sien ons dat Waarheid Vroulik is en dat hierdie vroulike Gees van nou af werksaam sou wees as die Krag van Jahshua. Onthou dat JaHshua `n volmaakte Hemelse Wese is en dat Hy ook volmaak man-en-vrou moes wees om die aardse Beeld van Elohim te wees. Die volmaakte hemelse huwelik het dan werklik in Hom plaasgevind toe hierdie Gees van Waarheid op Hom neergedaal het. Die Hemelse Moeder Wysheid het hierdie nuwe Gees in Jahshua omvorm tot die Nuwe Trooster, wie nog nooit tevore op aarde uitgestort was nie, maar wat vir 30 jaar voorberei was in JaHshua se innerlike, nes `n aardse moeder wat `n bruid voorberei vir haar man.

Die volmaakte Drie-Eenheid is die Seun as die **LIEFDE** van Vader, met die **WYSHEID** as die innerlike Moeder en nou, na 30 jaar se opleiding ontvang die Seun nou die volheid van die goddelike **KRAG**, die Kroon, die Waarheid. Nie dat JaHshua niks krag voor dit gehad het nie, nee Hy het die volheid van Elohim se Krag tot Sy beskikking gehad deur die Oermoeder Wysheid wat Hy tydens geboorte ontvang het. Maar hier vind nou `n verandering plaas. Nou eers, na Sy doop, kan die Seun die volgende woorde uiter:

> ***Joh 14:6*** *JaHWèshua antwoord hom:* ***Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe****; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie.*
>
> ***Joh 8:32*** *En julle sal die Waarheid ken, en* ***die Waarheid sal julle vrymaak****.*

Hierdie Duif, die Waarheid, het op Hom, Jahshua **<u>GEBLY</u>**!! Dit is hoekom Hy hierdie woorde hierbo met die volste gesag kon uitspreek. Nou word Hy, JaHshua ons Hoof, en Hy het SY Gees, die Gees van Waarheid ontvang van die Moeder en Hy, as Haar nuwe hoof, stort Haar, die Duif, die Waarheid nou vir ons uit in hierdie nuwe bedeling na Sy opstanding uit die dode. Die bedeling van die Leviete is verby, die Wysheid-Moeder het reeds dit vermag binne-in Hom wat die aanvanklike skeppingsdoelwit met Adam en Eva was, naamlik om eers sterk te word van die Boom van die Ewige Lewe (Die Hemelse Moeder), en daarna eers van die vrugte te kan

eet van die Boom van Kennis van goed en kwaad (die hoergees van Satan). Die Gees van Wysheid is dus eintlik omvorm tot Waarheid in Jahshua ons ewige liefde as eerste en enigste suiwer sondelose wese. Die Nuwe Drie-Eenheid, werksaam in ons aardse sfeer, is dus nou die **WEG**, die **WAARHEID**, en die **EWIGE LEWE** en slegs deur die Waarheid in en van JaHshua, kan ons vrygemaak word van die materiële en vleeslike bande van Satan.

Hieruit kan dus duidelik gesien word dat die pogings om `n nuwe fisiese tempel in Jerusalem te bou, tevergeefs en sinneloos is, maar tog gaan ons ou kerkvaste volkie tog so graag Israel (Jodeland) toe om die terrein van die nuwe tempel te besoek waar Jesus sogenaamd gaan regeer. Dit is alles gefabriseerde leuens. **HY, JAHSHUA IS EN WAS EN SAL VIR EWIG DIE ENIGSTE TEMPEL EN KONING VAN DAWID WEES**. Hy is Melgisèdek, die enigste hoëpriester wat met Waar(dig)heid (vanaf Waarheid) beklee is deur Elohim. Die arme Jood wat daagliks teen `n muur staan en bid, bevestig net dit: Hy is teen `n muur met sy geloof, want hy sal NOOIT IN DER EWIGHEID met hierdie geloof van ontkenning wie JaHshua is, in die hemelse sfere inkom nie, selfs nie eers in `n nuwe tempel nie, want sonder hierdie **NUWE MOEDER VAN WAARHEID IN JAHSHUA** sal niemand daar inkom nie.

# Hoofstuk 9

## Die Trooster, die Gees van Waarheid

Hierdie Trooster word baie duidelik in die boek van Johannes belowe en die verskillende eienskappe van hierdie Trooster word ook genoem. Telkens verduidelik JaHshua iets aan die dissipels wat hulle nie verstaan nie en dan sê Hy vir hulle dat hulle net moet wag, want wanneer die Trooster gekom het, die Gees van Waarheid, sal hulle dit of dat verstaan.

Maar kom ons gaan terug na ons modelletjie toe, dis nou die model van die klein seuntjie wat vir ons moet vertel hoe werk die Hemelse dinge. Onthou u nog, mevrou, dat ons soos kindertjies moet word om die koninkryk te verstaan? Nou goed, kom ons vra hierdie denkbeeldige seuntjie van so 5 jaar. "Nou boetie, wie is die trooster in julle huis, is dit pappa of mamma?" Verseker is dit mamma sê hy, wat altyd die trane afvee, wat die pleisters opsit, wat kos inskep, wat sy klere versorg en wat hom vertroetel. Pa doen dit ook soms as hy huistoe kom, maar mamma doen dit altyd en is altyd by die huis.

Siedaar! Vol punte, die Trooster is `n vroulike wese met moederinstinkte. Asof dit nie genoeg is nie, sê JaHshua die volgende, en spreek Sy innerlike Vroulike polariteit vanuit Sy ewige androgiene wese hierdie volgende woorde:

> ***Matt 23:37*** *Jerusalem, Jerusalem, jy wat die Profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak* ***net soos 'n hen haar kuikens*** *onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! [2 Ezra 1:30]*
>
> *38 Kyk,* ***julle Huis word vir julle woes gelaat****!*
>
> *39 Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van JaHWeH! [Psalm 118:26]*

Dit is die gevolge vir elke mens wat van hierdie Hemelse Hen af weghardloop, hul innerlike huise sal woes en leeg bly, sonder geestelike voedsel om hulle na hoër geestelike hoogtes te neem. Daar is drie geopenbaarde waarheidsvlakke in die Woord wat ons kan waarneem op aarde, naamlik:

Die **Natuurlike Waarheid**,

die **Geestelike Waarheid** en

die **Hemelse Waarheid**

Die Fariseërs van ouds was vasgevang in die verdraaide Natuurlike Waarheid en kon nooit hoër hoogtes bereik nie. Ou Nikodémus, aanvanklik `n half teësinnige volgeling van Jahshua, se innerlike was so donker soos die nag waarin hy JaHshua besoek het (**Joh 3**) en het niks verstaan van die wedergeboorte, - naamlik Geestelike Waarheid nie. So is dit ook nou met hierdie huidige moderne priesterorde, hulle het `n redelike begrip van die Natuurlike Waarheid op Universiteit opgedoen en maak soms hulle voete nat in die branders van die Geestelike Waarheid, maar daar is altyd dwaling teenwoordig, want die hoergees is altyd innerlik teenwoordig. Hulle funksioneer soos afgerigte sjimpansees. Hulle bestudeer hulle honderde boeke in hul studeerkamers en almal preek dieselfde afgerigte preke, behalwe vir die "local colours" waarmee hy sy preek inkleur. Dus is hulle gees waarlik die gees van die manlike priesterorde, want al die boeke is deurgaans deur mans geskryf, soos Calvyn, Servettes, Johan Heinz, ensovoorts. Hierdie manlike dominerende gees, waarvan dominee (*dominus*) afgelei is, sal en kan NOOIT die volle Geestelik vlak van Waarheid bereik nie, wat nog te sê van die Hemelse Vlak van Waarheid, wat slegs deur JaHshua en deur Sy innerlike Vroulike Pool geopenbaar kan word.

Kom ons bewys hierdie stelling deur na die volgende verse te kyk:

> ***Joh 14:13*** *En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die VADER in die Seun verhoog kan word.*
>
> *14 As julle iets in My Naam vra, sal Ek dit doen.*
>
> *15 As julle My liefhet, onderhou My Gebooie.*
>
> *16 EN Ek sal die VADER versoek, en HY sal julle* ***'n ander Trooster gee*** *om by julle te bly tot in ewigheid: [Odes van Salomo 7:9; JesegiEl 36:26]*
>
> *17* ***die Gees van die Waarheid*** *wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat sy Haar nie sien en Haar nie ken nie; maar julle ken Haar, omdat Sy by julle bly* ***en in julle sal wees****. 1]Ezra 4:33-40]*
>
> *18* ***Ek sal julle nie as wese agterlaat*** *nie; Ek kom weer na julle toe.*

Hier belowe Jahshua ons `n **ANDER** Trooster, want volgens **Wysheid van Salomo 8:9** was daar so `n Trooster, naamlik die Gees van Wysheid wat in die Levitiese bedeling werksaam was, maar nou kry ons `n **ander** een, naamlik die Gees van Waarheid.

> ***Joh 14:26*** *maar die Trooster,* ***die Gees van die Apartheid****, wat die VADER in My Naam sal stuur,* ***Sy sal julle alles leer en sal julle***

***herinner** aan alles wat Ek vir julle gesê het.* *[Númeri 15:38-39; Odes van Salomo 3:10; 16:13; JeshaJaH 42:3; 2 Ezra 5:28]*

***Joh 15:26** Maar as **die Trooster** gekom het wat Ek vir julle van die VADER sal stuur, die Gees van die Waarheid wat van die VADER uitgaan, **sal Sy van My getuig**.* *[Psalm 86:11]*

***Joh 16:7** Maar Ek sê julle die Waarheid: **Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan**; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; **maar as Ek weggaan, sal Ek Haar na julle stuur**;*

*8 en as Sy kom, sal Sy die wêreld oortuig van oortredinge en van Geregtigheid en van oordeel:*

*9 van oortredinge, omdat hulle in My nie glo nie;*

*10 en van Geregtigheid, omdat Ek na My VADER gaan en julle My nie meer sal sien nie;*

*11 en van oordeel, omdat die Owerste van hierdie wêreld geoordeel is.*

*12 Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie.*

*13 Maar wanneer Sy gekom het, die Gees van die Waarheid, **sal Sy julle in die hele Waarheid lei**; want Sy sal nie uit Haarself spreek nie, maar alles wat Sy hoor, sal Sy spreek en **die toekomstige dinge aan julle verkondig**.* *[Odes van Salomo 3:10; JeHôWganan 14:26]*

*14 **Sy sal My vereer**, omdat Sy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.*

*15 Alles wat die VADER het, is Myne; daarom het Ek gesê dat Sy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.*

Vanuit hierdie bogenoemde verse, rakende die uitstorting van die Gees van Waarheid, sien ons die volgende:

- Die Trooster is ook die Gees van Apartheid, oftewel die Heilige Gees.
- Waarheid is `n vroulike woord, en ook het Sy vroulike eienskappe soos Trooster, weduwee en hen.
- Sy alleen gaan ons leer en herinner aan alles wat JaHshua gesê het, soos byvoorbeeld, dat geen mens hom met die titel Rabbi, leermeester, dominee, pastoor of wat ookal mag noem nie. Dan sal ELKE MENS MET HIERDIE TROOSTER IN HOM, daarna luister en sy titels wegsmyt! So getuig die manlike priesterorde dan weer net

self dat hulle leuenaars is wat sonder hierdie enigste Heilige Gees funksioneer, dus werksaam in die hoergees.

- JaHshua sê dis voordelig dat Hy, die manlike weggaan, die positiewe pool, maar dat Hy sy vroulike pool by ons sal laat, naamlik die Trooster om ons van `n hele klomp dinge te oortuig soos oortredinge (sondes), geregtigheid en oordeel.
- Ook sal Sy die Gees van profesie (**Openb 19:10**) wees, want Sy sal die toekomstige dinge aan ons verkondig en Sy sal hom altyd eer.
- Verder sê JaHshua hy moet weggaan en Hy laat ons nie as wese agter nie. Nou mevrou, `n weeskind het geen ouers nie, en as jy **nie** `n weeskind is nie en jou pa is dood (of in die geval weg of ontoeganklik) dan moet jy mos `n ma hê! Hoe onverstaanbaar is dit nou!

Die manlike predikers en nou ook hulle vroulike eweknieë in die kweekskole en op die kansels en wat Jahshua se goddelikheid gedurig afkraak, getuig ook teen hulself dat hulle hierdie Gees nie het nie, want hierdie Gees sal Hom **ALTYD** vereer!

Hoeveel bewyse het ons dan nog nodig om te bewys dat hierdie geslagtelikheid van die Gees onteenseglik Vroulik is en NOOIT ANDERS kan wees nie?

# Hoofstuk 10

## Die Eerste Boek van Esra - Die Vrou is die sterkste

In die Eerste brief van Petrus, die Rots, staan die volgende in die Boek van Herinnering, met geslagtelike regstelling soos per Hebreeuse taalgebruik:

> *1Pe 2:7 Vir julle dan wat glo, **is Sy kosbaar**; maar vir die ongelowiges geld die Woord: **Die Klip wat die bouers verwerp het, Sy het 'n Hoeksteen geword**; [Psalm_118:22] en: **'n Klip van aanstoot en 'n Rots van struikeling** - [JeshaJaH_8:14]*

Om hierdie hele gedeelte in **1Petrus 2** te verstaan, sal ons moet gaan delf in die Ou Testament en werk in die Boeke van 1Esra, Haggai, Sagaria en Daniël, want sonder daardie kennis sal ons nie hierdie vers eers naastenby kan begryp nie.

In die boek **1Esra 3** (boek wat weereens deur die priesterorde gesensor is of anders gestel, tot Apokrief verklaar is) lees ons die volgende:

Dit was in die tyd van Babiloniese ballingskap vir Juda en Benjamin, die twee-stammeryk onder koning Darius. Daar was drie manne van Juda wat in die heidense koning se huishouding was en hulle besluit as volg. Let ook op dat ons as Boerevolk tans in presies dieselfde posisie is, naamlik slawe in die heerser se land, alhoewel dit ons land was. Hierdie 3 manne stel dan ook elkeen voor wat hierdie geestelike pad stap.

> *3:1 Darius het `n groot fees vir al sy onderdane gehou, en vir sy hele huishouding, en vir al die prinse van Medië en Persië,*
>
> *4 Toe het **die drie jongmanne** wat van die koning se lyfwagte was, met mekaar gepraat en gesê:*
>
> *5 Laat elkeen van ons een spreuk spreek - **WIE IS DIE STERKSTE** - en hy wie s'n wyser sal wees as die ander, aan hom sal koning Darius groot geskenke gee en groot dinge as teken van oorwinning:*
>
> *8 EN toe het elkeen sy spreuk neergeskryf, dit verseël, en dit onder koning Darius se kussing geplaas;*
>
> *9 en gesê dat wanneer die koning opstaan, sal hulle aan hom die geskrifte gee; en die koning en die drie prinse van Persië sou dit beoordeel om te sien wie s'n die wysste is, en aan hom sal die oorwinning gegee word, soos dit geskryf is.*
>
> *10 Die eerste het geskryf, **Wyn is die sterkste***
>
> *11 Die tweede het geskryf, **Die koning is die sterkste**.*

*12 Die derde het geskryf, **Die vrou is die sterkste**; maar bowe alles **sal die Waarheid oorwin**.*

As hierdie hele gedeelte in die gees bekyk word, sal ons nou, met die voorafgaande kennis van die HEMELSE MOEDER tot ons beskikking, nie baie moeite hê om te sien wat hier staan nie. Hierdie is 3 bedelings waarna verwys word, naamlik:

die eerste bedeling van die tabernakel en die rigters

die tweede bedeling van die tempel en die konings

en die derde bedeling van die Gees van Waarheid, naamlik die Trooster

Ons sal slegs by die laaste een, dit is Serrubábel, se raaisel oor die vrou wat die sterkste is, stilstaan.

*13 TOE het die derde, die een wat oor die vroue en **van die Waarheid** gespreek het, **dit was Serubbábel,** - begin praat.*

*14 O menere, is die koning nie groot, of die manne `n menigte nie, en die wyn sterk nie? Wie is dit dan wat hulle regeer of wat heerskappy oor hulle het? Is hulle nie vroue nie?*

*15 Die **vrou het die koning gebaar**,* (die Hemelse Moeder baar vir JaHshua, ons Koning) *en ook die **hele volk** wat die see en die Aarde regeer, **is uit haar gebore**.* (Ons, Sy volk wat die wedergeboorte sal kry, nou deur die Trooster)

*16 Sy het selfs diegene opgevoed wat die Wingerd aanplant en waarvandaan die wyn kom.*

*17 En sy self het ook **die klere vir die manne gemaak*** (kleding van regverdige dade); *hulle bring eer aan die mans, maar sonder vroue kan die man nie bestaan nie.*

*33 TOE het die koning en prinse na mekaar gekyk; en hy het **begin praat oor die Waarheid**.*

*34 **O menere, is vroue nie sterk nie**? Groot is die Aarde, hoog is die Hemele, snel is die son op sy baan, want hy omsirkel die Hemele op sy kringloop, en hy keer weer terug na sy plek in een dag.*

*35 Is Hy nie groot wat al hierdie dinge gemaak het nie? Maar **die Waarheid is groter en sterker as alle ander dinge**.*

*36 **Die hele Aarde roep uit na die Waarheid en die Hemele seën Haar**; alle werke skud en bewe vir Haar en **by Haar is geen onreg te vind nie.***

*37 Wyn is onreg, die koning is onreg, vroue is onreg, al die kinders van die adam is wetteloos, en so is al hulle besoedelde dade; en daar is*

*geen Waarheid in hulle nie; en deur hulle ongeregtigheid sal hulle ook vergaan.*

*38 **<u>Maar die Waarheid bly</u>**, en Sy is sterk tot in ewigheid; en Sy leef en heers tot in alle ewigheid.*

*39 En by Haar is daar geen aanneming van die persoon nie; Sy maak ook geen onderskeid nie en doen wat Reg is, en weerhou Haar van alles wat onregverdig en besoedel is; **<u>En almal het 'n welbehae in Haar werke</u>**.*

*40 Daar is in Haar oordeel ook geen onreg nie; **<u>en Sy is die Krag, en die Koninkryk, en die Mag en Majesteit van alle tye. Geseënd is die Elohey van Waarheid!</u>***

Na hierdie relaas kry Serubbabel die eer van die koning dat sy spreuk die wysste was en die koning gee aan hom die keuse om te vra wat hy wil van hom. Serubbabel versoek die volgende:

*41 EN daarmee het hy stilgebly. En die hele volk het toe uitgeroep en gesê: Groot **<u>is die Waarheid en magtig bo alle dinge</u>**.*

*42 Toe het die koning aan hom gesê: **<u>Vra wat jy wil</u>**, meer as wat daar geskrywe is en ons sal dit aan jou gee, **<u>want jy is die wysste gevind</u>**; en jy sal langs my sit en sal my bloedvriend genoem word.*

*43 Toe het hy aan die koning gesê: Onthou tog **<u>u belofte</u>** wat u belowe het **<u>om Jerusalem te herbou</u>** in die dae toe u u koninkryk ontvang het,*

*44 en dat u al die voorwerpe wat weggeneem is uit Jerusalem, wat Kores eenkant gesit het toe hy gesweer het om Babel te vernietig, weer daarheen terug sal stuur.*

*45 **<u>U het belowe om die Tempel te herbou</u>** wat die Edomiete verbrand het toe JeHûWdah verslaan is deur die Chaldeërs.*

*46 En nou, o meester, die koning, **<u>dit is wat ek verlang en wat ek van u begeer</u>**; en dit is die prinslike vryheid wat deur my van u geëis word: **<u>Ek vra daarom dat u die belofte sal nakom</u>**, die vervulling waarvan u met u eie mond aan die Koning van die Hemele belowe het.*

Hier verkry Serubbabel, die een wat die Waarheid bely het, die reg om die Nuwe Jerusalem te bou. Verseker was hy `n voorloper teëbeeld van ons JaHshua wat deur sy soenoffer vir ons die lewende Tempel herbou het, maar dan is Serubbabel ook `n teëbeeld van elkeen van ons wat nou aan die einde na die Gees van Waarheid, die TROOSTER of MOEDER van die nuwe bedeling sal streef, sodat ons onsself ook kan opbou tot lewende tempels. NIEMAND WAT DIE VROULIKE TROOSTER SE BESTAAN ONTKEN, SAL DIE WEDERGEBOORTE KAN BEREIK NIE! Ons sal vervolgens

Serubbabel se lewe volg in die volgende boekrol in die Boek van Herinnering, naamlik die boek **Haggai**.

> *Hag 1:8 Klim op die berg en bring hout aan en **bou die Huis**; dan sal Ek 'n welgevalle daaraan hê en My gewigtig maak, sê JaHWeH.*
>
> *Hag 1:9 Julle het uitgesien na baie, en kyk, sy het min geword; en julle het haar in die Huis gebring, maar Ek het haar weggeblaas. Waarom? spreek JaHWeH van die skeppingsleërmag. **Ter wille van My Huis wat in puin lê**, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop.*
>
> *Hag 1:14 En JaHWeH het **die gees** van Serubbábel, die seun van ShealtiEl, die goewerneur van JeHûWdah, en **die gees** van JeHôWshua, die seun van JeHôWtsadok, die hoëpriester, en die gees van die hele oorblyfsel van die volk opgewek. En toe het hulle gekom en die **werk begin aan die Huis van JaHWeH** van die skeppingsleërmag, hulle Elohey.*

> *Hag 2:9 **Die toekomstige Glansrykheid van hierdie Huis sal groter wees as die vroeëre**, sê JaHWeH van die skeppingsleërmag; en op **hierdie plek sal Ek Vrede gee**, spreek JaHWeH van die skeppingsleërmag.*

Hier word onmiskenbaar verwys na die laaste HUIS waar JaHshua die Vader van die HUIS sal wees, met die MOEDER as die Gees van WAARHEID en ons as die kinders van die HUIS in die 1000 jarige VREDERYK waar Vrede vir ewig gaan heers. Maar hier is `n datum gegee wat vir ons Boerevolk van belang is.

> *Hag 2:15 Merk dan nou tog op, **van hierdie dag af aan**! Voordat hulle **steen op steen** gelê het in die Huis van JaHWeH, [1Petrus 2:5]*
>
> *Hag 2:18 Merk tog op, van hierdie dag af aan, van die **vier**-en-twintigste dag van die negende [maand], naamlik van die **dag af toe hulle die fondament van die Huis van JaHWeH gelê het**; merk op:*

Is dit dan toevallig dat hierdie datum elke sewende jaar op 16 Desember val, die dag van ons Gelofte te Bloedrivier? Hierdie Gelofte, is nog steeds die enigste Gelofte wat `n moderne volk met hul Skepper aangegaan het gedurende hierdie laaste 2000 jaar! Niks is toevallig in VADER se beplanning nie. Hierdie Gelofte se inhoud sê dan presies dieselfde, naamlik dat ons `n HUIS vir Hom sal bou waar dit Hom ookal sal behaag. As u nou nog nie kan sien dat die enigste plek waar `n huis Hom sal behaag, in jou hart is nie, dan moet jy geestelik gestrem wees.

> *Hag 2:20 Vir die tweede maal het die Woord van JaHWeH tot Haggai gekom op die **vier-en-twintigste** van die [maand] en gesê:*

*Hag 2:21 Spreek met Serubbábel, die goewerneur van JeHûWdah, en sê: **Ek sal die Hemele en die Aarde laat bewe**.*

*Hag 2:22 En Ek sal die **koningstrone omverwerp** en die mag van die **nasies se koninkryke verdelg**; en Ek sal die **strydwaens** en die wat daarop ry, **omverwerp**, en die perde en hulle ruiters sal val, 'n man deur die swaard van sy broer.*

*Hag 2:23 In dié dag, spreek JaHWeH van die skeppingsleërmag, **sal Ek jou neem, Serubbábel**, seun van ShealtiEl, My kneg, spreek JaHWeH, **en jou maak tot 'n seëlring**, **want jou het Ek verkies**, spreek JaHWeH van die skeppingsleërmag. [Hooglied van Salomo_8:6]*

Hier sien ons `n duidelike verwysing na die eindtyd waar verwoesting op aarde aangerig gaan word, maar terselfdertyd sal die laaste HUIS ook gebou word, want JaHWEH het elke Serubbábel, wat die VROU as sterkste bely het, en in HAAR, die WAARHEID gewandel het, met Sy seëlring verseël, meer nog, Hy maak vir Serubbabel tot seëlring. Watter ander seël is daar in die ganse heelal as die LIEFDE? Slegs LIEFDE is by VADER kosbaar en verhewe. Slegs LIEFDE bring jou op die hoogste piek van die BERG SION waar die gemeente van eersgeborenes gekroon gaan word, soos in ons voorgaande gedeelte in **2Esra** en wat ook in **Openb 14** herhaal word.

Ons volstaan met ons bewys van die vroulike aard van die Waarheid, soos weereens hierbo bevestig, maar ek raai u aan, Mevrou, lees ook die boek van Sagaria deur en sien hoe hierdie huis in u innerlike tot wasdom kom.

Ons wil egter teruggaan na die eerste vers in hierdie hoofstuk, naamlik **1Petrus 2:7** en die afleiding wat ons uit hierdie gedeelte kan maak met betrekking tot die toekomstige Geestelike Huis van Jahshua.

***1Petr2:1** LÊ dan af alle besoedeling en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle haatspraak;*

*2 en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die **onvervalste Melk van die Woord**, dat julle deur haar kan opgroei,*

Weer vra ons die vraag vir ons seuntjie, “boetie, wie gee melk in die huis vir die kindertjies?”.

*3 as julle ten minste gesmaak het dat ons Meester vol Medelye is.*

*4 **Kom na Haar toe**, **die Lewende Steen** wat deur die adamiete wel verwerp is, maar by Elohim uitverkore en kosbaar is; [Psalm 118:22]*

*5 en laat julle ook **__soos lewende stene__** opbou, tot **__'n geestelike Huis, 'n priesterdom van Apartheid__**, om geestelike aanbiedinge te bring wat aan Elohim welgevallig is deur JaHWèshua die Gesalfde.*

Ons as kinders word gesmeek om na die Geestelike Moeder te kom, die Trooster, die lewende Steen wat deur die priesterorde verwerp is, sodat Sy ons ook as Geestelike Stene van Apartheid (innerlike wedergeboorte bewerking) kan opbou vir Haar Man en ons Bruidegom, JaHshua.

*6 Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, **EK lê in Sion 'n Grondsteen**, ['n beproefde Klip,] 'n kosbare Hoek [steen wat 'n vaste fondament is,] hy wat vertrou, sal nie haastig wees nie. [JeshaJaH 28:16]*

*7 Vir julle dan wat glo, is Sy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die Woord: Die Klip wat die bouers verwerp het, **__Sy het 'n Hoeksteen geword__**; ]Psalm 118:22] en **`n klip van aanstoot en 'n Rots van struikeling** –[JeshaJaH 8:14]*

*8 vir dié wat hulle teen Hom (*JaHshua*) stamp, omdat hulle aan die Woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. [JeshaJaH 8:14]*

En hoe het hierdie vroulike begrip, wat in werklikheid `n Goddelike Wese is, nie vir die priesterorde `n klip van aanstoot en `n rots van struikeling geword nie? Omdat hulle die Gees van Waarheid verwerp het, het hulle hulself vasgeloop in Jahshua, die Lewende Woord. Maar tog is daar so `n wonderlike belofte vir diegene wat die Hoeksteen herken het en hulleself op Haar gebou het.

*9 Maar julle is **'n uitverkore saadlyn**, 'n **koninklike priesterdom**, 'n **apartgestelde nasie**. 'n **Volk as eiendom** verkry, om te verkondig die voortreflikheid van Hom wat julle uit die Duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig, [Exodus 19:6]*

*10 **julle wat vroeër geen volk was nie**, maar nou die volk van Elohim is; aan wie toe geen Barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. [2 Ezra 1:35, 37; Hoséa 1:6-9]*

Kan daar `n beter belofte wees vir `n volk as hierdie bostaande belofte aan hierdie volk van ons, Suid van die riviere van Kus, die verstrooide gemeente (**Jes 18 en Sefanja 3**), wat eens in Europa geen volk was nie, ook nie in die Kaap nie, maar wat op die trekkerspad by Bloedrivier weer in die band van die Verbond bevestig is en wat uiteindelik in hul twee Republieke aangekom het en wie hulle innerlike huise en die destydse Boerevolkshuis op die Bybel en waarhede van daardie tyd gebou het. Toe was daar nog geen sprake van susterkerke nie, slegs die hoofde van huise

as die priesters van hul onderskeie huise. Die Nederlandse Protestantse priesterorde sou spoedig daarna die Boererepublieke insypel en die hoergees gaandeweg begin versprei onder die Boerevolk.

Nou gaan ons oor na die Boekrol van Daniël, wie in dieselfde tyd as Serubbábel geleef het en wie hom ook geken het. In die Boekrol van Daniël lees ons die volgende oor hierdie einste klip, wat as `n klein klippie sal begin, maar uiteindelik die hele aarde sal vul, en die Beeld van Nebukadnéser aan sy voete van yster en klei (die laaste koninkryk) sal tref. Let op dat hierdie droom en profesie na die laaste dae verwys, dit is nou! Sien die beeld as voorstelling van hierdie einste valse manlike priesterorde en al hul wêreldwye geheime organisasies.

> *28 Maar daar is 'n Elohey in die Hemele wat geheime openbaar, en HY het koning Nebukadnésar bekend gemaak* ***wat aan die einde van die dae sal gebeur****. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit:*
>
> *31 U, o koning, het 'n gesig gehad - kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy helderheid was buitengewoon; hy het voor u gestaan en sy voorkoms was skrikwekkend.*
>
> *32 Wat die beeld betref, sy hoof was van suiwer goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van brons, [Boekrol van Henog 52:2; Hoséa 13:2]*
>
> *33 sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.*
>
> *34 U het gekyk totdat daar sonder toedoen van [mense]hande* ***'n klip losraak wat die beeld getref het*** *(*DIE GEESTELIKE MOEDER, die Trooster) *aan sy voete van yster en van klei en hom fyn gestamp het. [JeshaJaH 44:8]*
>
> *35 Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die brons, die silwer en die goud fyn gestamp, en hy het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar* ***die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele Aarde gevul het.*** *(die hele huis van die Moeder, DIE NUWE JERUSALEM)*
>
> *43 Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het -* ***hulle saad sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak****, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.*
>
> *44 Maar in die dae van dié konings sal die Elohey van die Hemele* ***'n Koninkryk verwek*** *wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy van Haar sal aan* ***geen ander volk*** *oorgelaat word nie; Sy*

*sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self* ***sal Sy vir ewig bestaan*** *- ]DaniEl 6:26]*

Hier kan u duidelik die bevestiging sien uit alle voorgaande uitlegte, naamlik dat die groot berg van Lucifer, hierdie Beeld van Nebukadnéser, hierdie vbalse priesterdom aan die einde getref sal word deur dieselfde Rots wat deur die wêreld verwerp is, die Geestelike Moeder, die Trooster, wie eers klein sal begin, maar later die hele aarde sal vul. Hierdie menslike gemeenskap is tweeledig, maar vir ons wat in die Gees lees, is dit die SAAD VAN DIE WOORD wat vermeng geraak het op aarde (deur die priesterordes) en hierdie saad sal nie aanmekaar kan vaskleef nie, net soos wat jy nie kan messel met blokke yster met klei tussenin nie. Daar is reeds breedvoerig geskryf oor die uiteenlopende Katolieke en Protestantse leerstellings wat nooit met mekaar sal versoen nie, om nie eers te praat van die duisende ander klein Christen splintergroepies nie.

# Hoofstuk 11

## Die koninkryk is soos `n vrou wat drie mate meel inwerk

**Die volgende verborgenheid vind ons in Matthèüs 13:31-33:**

> ***Matt 13:31** ‘N ANDER gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die Koninkryk van die Hemele is soos ’n Mosterdsaad wat ’n Man neem en in Sy land saai;*
>
> *32 wat wel die kleinste is van al die soorte saad, maar as Sy gegroei het, groter is as die groentesoorte en **’n Boom word**, sodat die **voëls van die Hemele kom en nes maak in Haar takke**.*
>
> *33 ‘n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: **Die Koninkryk van die Hemele is soos suurdeeg wat ’n Vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat sy heeltemal ingesuur is**.*

Hier is twee koninkryke ter sprake, die een ongevalle ryk van JaHWeH (**verse 31-32**) en die gevalle en nou herstelde ryk van Lucifer, wat eintlik nou, na die oorwinning by Golgota, JaHshua se ryk is (**vers 33**). Die eerste ryk het ontstaan uit die manlike saad (mosterd) en word `n androgiene boom waarin die hee heelal se ongevalle geeste in woon.

Die tweede herstelde ryk moet nou eers in drie fases ingesuur word deur die Moeder. Wie anders kan hierdie Vrou dan wees as die alreeds geïdentifiseerde Hemelse Moeder, naamlik die Trooster wat die Geestelike Huis in onsself bou. So **suur die Moeder ons in** met drie soorte suurdeeg, naamlik:

- Die **vlees** van die mens word ingesuur met die **Natuurlike Waarheid**
- Die **siel** van die mens word ingesuur met die **Geestelike Waarheid** en laastens
- Word die **gees** van die mens ingesuur met die **Hemelse Waarheid**

Kyk ook na hierdie vergelykende sinnebeeld in **Génesis 18** in die Ou Testament van Sarah wat ook drie mate meel moes inwerk:

***JaHWeH verskyn aan Abraham!***

> ***Gen18** 1:DAARNA het JaHWeH aan hom verskyn by die terpentynbome van Mamre terwyl hy)* Abraham*) by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.*

*2 Toe hy sy oë opslaan en kyk, staan daar **drie Manne** voor hom. En toe hy hulle sien, loop hy hulle tegemoet van die ingang van die tent af en buig hom na die Aarde toe.*

*3 En hy sê: My Meester, as ek nou Guns in U Oë gevind het, gaan dan tog nie by U kneg verby nie.*

*4 Laat hulle tog 'n bietjie **water** bring, en was U voete, en **lê en rus onder die boom**.*

*5 En laat ek 'n **stukkie brood** gaan haal, en versterk U Hart - daarna kan U verder gaan - want daarom het U by U kneg aangekom. En Hulle antwoord: Doen soos u gesê het.*

*6 Toe loop Abraham haastig in die tent **na Sarah en sê: Maak gou, knie drie mate meel, die beste, en maak roosterkoeke.***

Weereens `n bevestiging van die herstelde koninkryk (Abraham en Sarah) wat deur die vrou, Sarah berei word vir die Hemelse besoekers van die ongevalle ryk of mosterdboom. Abraham, die manlike gee opdrag en Sarah, die vroulike voer die opdrag stiptelik uit. Die eintlike boodskap was dat Abraham en Sarah 9 maande later `n seun sou hê, `n afbeelding van JaHshua (Isak) wat moes kom, en wat ook uiteraard heenwys na die geestelike wedergeboorte wat nou moet plaasvind (**Openb 12:6**), maar wat ook, as ons die gedeelte in Génesis verder lees, in dieselfde tyd plaasvind as die vernietiging van Sodom en Gomorra, weereens `n afbeelding van die eindtyd oordeel van Babilon. Dus gaan die twee gebeure hand aan hand, naamlik wedergeboorte vir Sion/Sarah wat beteken, edelvrou en die vernietiging van Babilon.

# Hoofstuk 12

## Die Gees van Wysheid getuig in die Torah as eerste Persoon

Hierdie boek sal nie volledig wees as ons nie die volgende gedeelte in die Wet, naamlik **Exodus 19 tot 23** behandel nie. Ons het nou vanuit die voorgaande genoeg bewyse op die tafel gelê dat die Wysheid Self betrokke was met die onderrig van die priesters, eers direk aan Moses, toe later vanaf die versoendeksel in die tabernakel af met die daaropvolgende hoëpriesters wat later Rigters geword het. Maar eers as `n mens dit self gelees het, tel jy dit op. Onthou ook wat die Moeder Wysheid in Sirag gesê het, naamlik dat **Sy** in die wolk en in die lig by Sinai was waar die Wet gegee was. Ek verdik weer die Hy en Sy woorde sodat u kan sien dat daar 2 Hemelse Entiteite in die Wet ter sprake is en waarvan getuig word, die Vader as die Manlike en die Geesmoeder as die Vroulike, beide JaHWeH genoem.

***Die Wet van JaHWeH***

*20 TOE het die Elohim al hierdie woorde gespreek en gesê:*

*2 **Ek is JaHWeH jou Elohey** wat jou uit die Aarde van Egipte, uit die slawehuis, uitgelei het.* *[2 Ezra 7:88-108]*

*3 Jy mag geen gode van andere voor **My** Aangesig hê nie,*

*4 jy mag vir jou geen gesnede afbeelding of enige beliggaming maak van wat bo in die Hemele is, of van wat in die Aarde is, of van wat in die waters onder die Aarde is nie,*

*5 jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want **Ek**, JaHWeH jou Elohey, is 'n jaloerse El wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde [geslag] van die wat My haat.*

*6 En bewys Barmhartigheid aan duisende van die wat **My** liefhet en **My** Gebooie onderhou.*

Let mooi op, tot hier getuig die Moeder Wysheid van Haarself en nou gaan Sy voort om van Haar Man, onse Vader, te getuig:

*7 Jy mag die Naam van JaHWeH jou Elohey nie verydel nie, want **JaHWeH** sal die een wat **Sy** Naam verydel, nie ongestraf laat bly nie.*

*8 Gedenk die Sabbatdag, deur dit apart te stel,*

*9 ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;*

*10 maar die sewende dag is die Sabbat van* ***JaHWeH jou Elohey****; [dan] mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, [of] jou diensknneg of jou diensmaagd, of jou vee of die besoeker wat in jou poorte is nie*

*11 want in ses dae het* ***JaHWeH*** *die Hemele en die Aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het* ***HY*** *gerus. Daarom het* ***JaHWeH*** *die Sabbatdag geseën deur dit apart te verklaar.*

As daar EEN persoon was wat getuig het, moes die getuienis konsekwent in die eerste persoon gewees het, maar nee, die getuienis slaan oor in **vers 7** en daar word van `n tweede Persoon in die Godheid getuig wie se Naam jy moet eer en wie se Sabbat jy moet onderhou. Daar is dus twee: JaHWeh-Gees en JaHWeH-Vader.

*12 Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word op die Adamah[adamiet se Aarde] wat* ***JaHWeH jou Elohey )***Vader*) aan jou gee. [MattithJaHûW 23:9]*

*13 Jy mag nie moor nie. [Deuteronómium 19:11]*

*14 Jy mag nie vermeng nie.*

*15 Jy mag nie steel nie.*

*16 Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.*

*17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.*

Kom ons kyk verder in **Exodus 23:20-26**: Weereens is dit ons Moeder Wysheid in die eerste persoon wat getuig:

*20 Kyk,* ***Ek*** *stuur 'n Boodskapper voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat* ***Ek*** *gereedgemaak het. [Exodus 32:34; 33:2; JeshaJaH 37:36; JeségiEl 1:28; 43:6]*

*21 Neem jou in ag vir* ***Hom*** *en luister na* ***Sy*** *Stem; wees nie opstandig teen* ***Hom*** *nie; want* ***Hy*** *sal julle oortreding nie verskoon nie, want* ***My Naam is in Hom****. 2]Ezra 1:4, 5; 10:27]*

*22 Maar as jy terdeë na* ***Sy Stem*** *luister en alles doen wat* ***Ek*** *sal sê, sal* ***Ek*** *die vyand van jou vyande en die teëstander van jou teëstanders wees.*

*23 Want* ***My Boodskapper*** *sal voor jou uit gaan en jou bring na die Amoriete en Hetiete en Feresiete en Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete; en* ***Ek*** *sal hulle vernietig.*

*24 Jy mag jou voor hulle gode nie neerbuig en hulle nie dien nie, ook mag jy nie doen na hulle werke nie; maar jy moet hulle heeltemal omverwerp en hulle torings heeltemal afbreek.*

*25. En julle moet **JaHWeH julle Elohey** dien; dan sal **<u>Hy</u>** jou brood en water seën, en **Ek** sal siektes uit jou midde verwyder. [Exodus 15:26; JeshaJaH 3:1; 57:18, 19]*

Hier is 3 Hemelse Entiteite ter sprake:

Die **Eerste Entiteit** is **die <u>Moeder</u>** wat ver vooruit profeteer oor,

**Haar <u>Seun</u>**, die **Tweede Entiteit**, die Boodskapper of engel wat ons sal bewaar en ons tot by die wedergeboorte sal bring, in wie die Naam JaHWeH sal wees, JaHWeHshua, wat beteken JaHWeH verlos. (ook JaHshua in Aramees). So sal hierdie Seun/ Boodskapper ons oorwinning gee oor al ons innerlike vyande, die Amoriete, Feresiete, ens. en ook in ons die innerlike sontorings en verkeerde werke van die priesterorde in onsself afbreek,

dit terwyl ons die **Derde Entiteit** moet dien, **<u>JaHWeH</u>, julle Elohey**, Wie ons brood en water (JaHshua en Sy Gees) sal seën, terwyl die Moeder die siektes uit ons midde sal verwyder.

Terwyl ons in 1998 die Boek van Herinnering vertaal het vanuit die Hebreeuse teks, het ons iets vreemd opgemerk in die teks, naamlik tekens onderaan die NAAM JaHWeH, wat van plek tot plek verskil het. Dit was nie Masorete tekens nie, want dit bepaal die fonetiese klanke van die woorde. Hierdie was iets anders. Ons is toe Potchefstroom Universiteit toe, na `n Professor van Rooy, die destydse dekaan van Semitiese tale, maar ook hy het nie geweet wat dit is nie. Hy vat toe `n kans en sê dis maar seker die manier hoe die Jode die wet “gechant” het, en hier moes hulle hul stemme trek of hoë of lae note sing.

Natuurlik is dit `n klomp bog, priesterorde bog, maar gaandeweg het ons gesien dat dieselfde tekens voorkom wanneer die Moeder praat, dan weer wanneer die Vader praat, dan weer as `n engel namens die Elohim praat. Vanuit hierdie tekens was dit vir ons opmerklik dat die Vader nie veel direk gepraat het nie, en ons het onsself destyds daaroor verwonder. Die meeste gesprekke in die eerste persoon het vanaf die Gees gekom, vanaf die Moeder Wysheid self. Lees nou die volgende gedeelte met hierdie kennis in u agterkop. Onthou dat wanneer die Entiteit in die eerste persoon spreek, sal Hy of Sy nie in die middel van `n gesprek summier oorslaan na `n ander derde persoon spreekwyse nie. Dan is dit

verwarrend en ons Moeder is nie so nie. Lees **Exodus 19**, die gedeelte net voordat die Wet by berg Sinai aan die volk gegee is. (my verduideliking in hakies)

***Aankoms by Sinai.***

***Exodus 19:1*** *IN die derde maand ná die uittog van die kinders van JisraEl uit die Aarde van Egipte, op dieselfde dag, het hulle in die wildernis Sinai gekom – [Boekrol van die Opregte 82:6]*

*2 hulle het van Ráfidim af opgebreek en in die wildernis Sinai gekom en in die wildernis laer opgeslaan. En JisraEl het daar teenoor die berg laer opgeslaan.*

*3 Maar Moshè* ***het opgeklim na die Elohim toe****, en* ***JaHWeH-(MoederGees)*** *(*Die Moeder vanuit die Wolkkolom*) het hom van die berg af toegeroep en gesê: So moet jy aan die huis van Jakob sê en aan die kinders van JisraEl verkondig:*

*4 Julle het self gesien wat* ***Ek*** *aan die Egiptenaars gedoen het, en dat* ***Ek*** *julle op Arendsvlerke gedra en julle na* ***My*** *toe gebring het.*

*5 As julle dan nou terdeë na* ***My*** *Stem luister en* ***My*** *Verbond hou sal julle* ***My*** *persoonlike eiendom uit al die volke wees, want die hele Aarde is* ***Myne****.*

*6 En julle sal vir* ***My*** *'n koninkryk van priesters en 'n aparte nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van JisraEl moet meedeel.*

*7 En Moshè het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat* ***JaHWeH-(Moeder)*** *hom beveel het.*

*8 Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: Alles wat* ***JaHWeH-(Moeder)*** *spreek, sal ons doen. En Moshè het die woorde van die volk aan* ***JaHWeH-(Moeder)*** *oorgebring.*

*9 En* ***JaHWeH-(Moeder)*** *het met Moshè gespreek: Kyk,* ***Ek sal in 'n dik Wolkkolom na jou toe kom****, dat die volk kan hoor as* ***Ek*** *met jou spreek, en hulle ook vir altyd aan jóu kan glo. Want Moshè het die woorde van die volk aan* ***JaHWeH-(Moeder)*** *meegedeel.*

*10 Verder het* ***JaHWeH-(Moeder)*** *aan Moshè gesê: Gaan na die volk en sonder hulle af, vandag en môre, en laat hulle hul klere was*

*11 en hulle gereed hou teen die derde dag. Want op die derde dag sal* ***JaHWeH-(VADER)*** *(*die Vader Self*) voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afdaal.*

*12 Ook moet jy vir die volk 'n grens rondom aanwys en sê: Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, moet sekerlik gedood word.*

*13 Geen hand mag hom aanraak nie; maar hy moet sekerlik gestenig of sekerlik met ’n pyl geskiet word; of dit ’n wilde wese of ’n mens is - hy mag nie lewe nie. As die ramshoring lang geluide blaas, mag hulle op die berg klim.*

*14 Toe het Moshè van die berg af na die volk gegaan en die volk in gereedheid gebring, en hulle het hul klere gewas.*

*15 En hy het aan die volk gesê: Hou julle klaar teen die derde dag; moenie naby die vroue kom nie. [Openbaring 14:4]*

*16 En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en ’n **swaar Wolkkolom op die berg** en die geluid van ’n baie sterk ramshoring, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het. [Openbaring 10]*

*17 Daarop het Moshè die volk uit die laer gelei om die Elohim te ontmoet, en hulle het gaan staan by die **voet van die berg**.*

*18 En die hele berg Sinai het gerook, omdat **die Aangesig van JaHWeH-VADER in vuur daarop neergedaal** het. En Sy rook het opgetrek soos die rook van ’n oond, en die hele berg het vreeslik gebewe.*

*19 Toe die geluid van die ramshoring sterker en sterker word, het Moshè gespreek, en Elohim het hom telkens hardop geantwoord.*

*20 Terwyl **JaHWeH-VADER** op die berg Sinai neerdaal, op die top van die berg, het **JaHWeH-Moeder** Moshè na die top van die berg geroep, en Moshè het opgeklim.*

*21 En **JaHWeH-Moeder** het vir Moshè gesê: Klim af, waarsku die volk dat hulle nie na **JaHWeH-VADER** toe deurbreek om te sien en baie van hulle dan val nie.*

*22 En ook die priesters wat naby **JaHWeH-VADER** kom, moet hulleself apart hou, sodat **JaHWeH-VADER** nie teen hulle losbreek nie.*

*23 Toe het Moshè **JaHWeH-Moeder** geantwoord: Die volk kan nie op die berg Sinai klim nie, want **U** het ons self gewaarsku en gesê: Baken die berg af en stel dit apart.*

*24 Daarop sê **JaHWeH-Moeder** vir hom: Gaan heen, klim af. Dan moet jy, en Aäron saam met jou, opklim; maar die priesters en die volk mag nie deurbreek om na **JaHWeH-VADER** toe op te klim nie, sodat **Hy** nie teen hulle losbreek nie.*

*25 En Moshè het na die volk toe afgeklim en hulle dit aangesê.*

Ja, sjoe, dit was maar vir my ook vreemd in die begin, maar ons vind hierdie tendens deurlopend in die Skrifte. Kyk ook nou na die wonderlike

profetiese waarheid wat hier ingeweef is. Soos wat die Hemelse vereniging tussen wolk/water met vuur plaasvind, (die vuur van bo af op die water) tipeer dit ook die innerlike wedergeboorte waar ons ook deur die water en deur die vuur moet gaan. Die volk kry drie dae om hul klere te was en word beveel om nie by vroue te kom nie. Geestelik is dit reiniging van ons innerlike in drie stadia, ook om nie by die vroue te kom nie, dus om in `n posisie van maagdelike reinheid te kom soos in **Openbaring 14:4.** Slegs Moses en Aaron, die gereinigdes, kry die voorreg om die berg te betree, wat weereens reiniging voorstel in die innerlike. Die onrein volk mog nie, maar moet hulle eers laat onderrig deur die twee priesters van die Liefde en die Wysheid. Die ramshoring verwys ook na hierdie eindtyd waarin ons nou is en waar hierdie 7 laaste horings sal blaas om die einde aan te kondig. Hoe dit ookal sy, die belangrike les hierin was om die interaksie tussen Vader en Moeder te sien met Hul kinders, stoute kinders, wat nie gehoorsaam wou word nie en toe met die skerpte van die Wet van Moses gestraf is. As hulle gehoorsaam was, sou hulle seker binne 3 maande deur die woestyn kon getrek het, die land Kanaän in.

# Hoofstuk 13

## Die Hemelse Moeder geopenbaar in die Boek 2 Esra

Ons haal aan uit `n boekrol, die Tweede Boekrol van Esra in die Boek van Herinnering. Waarom is die een boek van Esra in die Bybel maar 1 Esra en 2 Esra nie? Maklik, dis weereens die manlike priesterorde wat die Goddelike MOEDER wou verdoesel!

> *2 Esra 2:1 SO spreek JaHWeH: Ek het hierdie volk uit gevangeskap gebring en aan hulle My Wette gegee deur My diensknegte die profete; na wie hulle nie wou luister nie, maar My Raad verag het.* *[2 Ezra 1:7]*
>
> *2 **Die Moeder wat hulle gebaar het**, het aan hulle gesê: Gaan weg, julle kinders; want **Ek is 'n Weduwee** en verlate.* *[Profesie van Barug 4:12]*
>
> *3 **Ek het julle met Vreugde grootgemaak**; maar met droefheid en hartseer het Ek julle verloor: want julle het voor die Aangesig van JaHWeH julle Elohey oortree en gedoen wat besoedel is voor HOM.* *[JeshaJaH 54:6]*
>
> *4 Maar wat sal Ek nou met julle doen? **Ek is 'n Weduwee en verlate**; gaan heen, o **My kinders**, en vra Barmhartigheid van JaHWeH.*
>
> *5 Wat My betref, o VADER, **Ek roep na U as 'n getuie, as die Moeder van hierdie kinders wat nie U Verbond wil hou nie.***
>
> *6 Dat U hulle in skande sal bring **omdat hulle hul Moeder verag het**, sodat daar geen saadlyn vir hulle sal wees nie.* *[Spreuke van Salomo 1:8; Wysheid van Sirah 15:2]*
>
> *15 **Moeder, omhels U kinders**, en maak hulle groot met Blydskap, **soos `n Duif**, vestig hulle voete stewig soos `n pilaar; **want Ek het U verkies**, spreek JaHWeH.* *[Hooglied 5:2]*
>
> *17 Moenie bevrees wees nie, **Moeder van die kinders, want Ek het U uitverkies**, spreek JaHWeH.*
>
> *25 Voed U kinders op, o **goeie Oppasster**; versterk hulle voete.*
>
> *30 Wees vrolik, U, **o Moeder met U kinders**; want Ek sal julle verlos, sê JaHWeH.*

Is hierdie gedeelte dan enigsins anders as dit wat ons voorheen behandel het waar die Moeder saam getuig met Haar kinders en hulle onderrig om in die weë van Vader te kom?

> *38 Staan op, en kyk die **getal van hulle wat verseël is** vir die feesmaal van JaHWeH;* *[Openbaring 7:4-8 en 14:1]*

*39 Die wat oorgegaan het uit die skaduwee van die wêreld, wat* ***__sierlike klere__*** *van JaHWeH ontvang het.*

*40* ***__Neem U getal, o Sion__****, en maak die getal op uit U wat in wit geklee is, die wat die Wet van JaHWeH onderhou het. [Openbaring 3:18; 7:4]*

*41 Die* ***__getal van U kinders na wie U verlang het, is vol__****: smeek dat die Koninkryk van JaHWeH sal kom, sodat U volk, wat van die begin af geroep is, apartgestel mag word. [Boekrol van Henog 47:4]*

Nou gaan die profesie voort en nadat die MOEDER die gehoorsame kinders aangetrek het vir die Bruilof, sien Esra hierdie wonderlike gebeurtenis van die eindtyd-wedergeboorte van die kinders. Ek noem dit die eerste bewys.

*42 EK, Esra, het op* ***__die Berg van Sion 'n groot volk gesien__****, wat ek nie kon tel nie, en hulle het almal Elohim geloof met liedere. [Openbaring 14:3]*

*43 En in hulle midde was daar `****__n Jong Man van hoë gestalte__****, groter as al die ander, en op elkeen se hoof* ***__het Hy krone geplaas__****, en Hy was meer verglans; sodat ek my grootliks verwonder het. [Wysheid 6:21; Boekrol van Henog 45:4; Openbaring 22:4 - 5]*

*44 Daarom het ek aan die Boodskapper gevra en gesê: meester, wat is hierdie?*

*45 Hy het my geantwoord en gesê: Hierdie is hulle wat die sterflike klere uitgetrek het en* ***__die onsterflike aangetrek het__*** *en die Naam van JaHWeH bely het:* ***__nou word hulle gekroon__*** *en ontvang palmtakke. [Openbaring 6:11]*

*46 En ek het aan die Boodskapper gesê:* ***__Wie is die Jong Man__*** *wat hulle kroon en palmtakke in die hand gee?*

*47 Toe antwoord hy my en sê:* ***__Hy is die Seun van die Elohim__****, vir wie hulle op die Aarde bely het. Toe het ek hulle grootliks begin prys, diegene wat so dapper gestaan het vir JaHWeH se Naam. [Openbaring 6:9]*

In **2Esra 2:15** lees ons weer van die Duif, die verborge Trooster, Gees van Waarheid wat uitverkies word vir JaHshua en met ons geestelike bekleding help. Die kinders, deur die MOEDER voorberei, kry krone deur ons VADER/VERLOSSER JAHSHUA. Weereens, wat `n hartseer dat hierdie Boekrol nie in die Ou Testament opgeneem is nie! As ons weereens die aardse voorbeeld neem, sien ons dat die bruid altyd geklee en voorberei word deur die **MOEDER** om gereedgemaak te word vir die bruidegom. Wat is nou so moeilik daaraan om dit in die geestelike hemelse opset ook

so te verstaan.

Vergelyk bostaande met die gedeelte in **Hebreërs 12,** ons tweede bewys**,** waar hierdie feestelike vergadering van eersgeborenes (eerste wedergeborenes) ook so beskryf word.

*18 Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm*

*19 en ramshoringgeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen Woord meer sou toegevoeg word nie -*

*20 want hulle kon die Gebod nie verdra nie: selfs as wilde wesens die berg aanraak, moet hulle gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word.*

*21 En Moshè, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder. [Exodus 19:16]*

*22 Maar **julle het gekom by die Berg van Sion en die Stad van die lewende Elohim, die Hemelse Jerusalem** en tienduisende Boodskappers, [Openbaring 14:1-3]*

*23 **by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes** wat in die Hemele opgeskrywe is, en by Elohim, die Regter van almal, en by die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is, [Ode van Salomo 33:11]*

*24 en by JaHWèshua, die Middelaar van die Nuwe Verbond, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.*

Ook word dieselfde vergadering in **Openbaring 14** beskryf, ons derde bewys.

***Open 14:1** EN ek het gesien, en **kyk, die Lam staan op die Berg van Sion**, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met Sy Naam en die Naam van Sy VADER op hulle voorhoofde geskrywe. [Odes van Salomo 23:21; 42:20; JeshaJaH 11:12; 2 Ezra 2:38]*

*2 En ek het 'n geluid uit die Hemele gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters. [2 Ezra 6:17]*

*3 En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die Troon en voor die vier lewende Wesens en die oudstes; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend wat van die Aarde vrygekoop is. [2 Ezra 2:42]*

*4 **Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik skoongewas**; ]Exodus 19:15] dit is hulle wat die Lam volg*

*waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die adamiete as eerstelinge vir Elohim en die Lam.*]Levítikus 21:14]


*5 En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is raseg voor die Troon van Elohim.*

Nou het ons drie ooreenstemmende bewyse oor wie in die eerstelinge vergadering sal wees, naamlik diegene wat hulle nie met die vroue, die verskillende hoergeeste van die kerke, besoedel het nie, maar wie die Moeder herken en toegelaat het dat Sy die geestelike bekleding vir ons aantrek. Sy is die enigste een wie ons maagdelik gereinig kan verklaar, sodat ons dan in JaHshua se teenwoordigheid kan kom om Hom van aangesig tot aangesig kan sien. Kan u sien dat as die boek **2 Esra** in die Bybel ingesluit was, ons geen verwarring sou gehad het rakende die innerlike betekenis van **Hebreërs 12** of **Openbaring 14** nie.

## Hoofstuk 14

## Die WEDERGEBOORTE van die Bruid word deur die MOEDER bewerkstellig

Die wedergeboorte bly `n onderwerp van groot debat in die mond van gelowiges. Baie verwar bekering met wedergeboorte en ander sê weer dat die wegraping en die wedergeboorte dieselfde is. Weer moet ons na die voorbeelde in die Skrif gaan kyk en wel na die samestelling van die Tabernakel. Hierdie tent is niks anders as `n afbeelding van nou bekende herstelde ryk van Elohim, asook van jou en my innerlike nie. Die Tabernakel het drie vertrekke. Die eerste, die voorportaal, stel die vleeslike voor, die middelste stel die oorgangsfase of siel voor en die derde vertrek die volkome herstelde geestelike voor. In die na-opstanding fase van verlossing het die Hemelse effens verander, omdat Vader en Seun EEN is, is die Seun nou Koning en Priester van Sy **EIE HUIS** in die Hemele en op Aarde. Daarom lyk die drie-eenheid nou as volg:




**Die Seun** (Weg van Liefde), **Die Trooster** (Waarheid uit die Liefde en Wysheid) en **Die Bruid** (Ontvang die Krag van die Ewige Lewe). Om die wedergeboorte te ontvang moet ons eerstens die eerste fase van die Tabernakel betree, naamlik die voorportaal waar die offeraltaar (Vloekhout) en die waskom (doop met water) staan. Hier brand jy jou ou kleed van die vlees weg, jy laat jou skoonwas en doop, en nou beweeg jy

vanuit jou vorige vleeslewe na die Heilige vertrek (holy place) in jouself, naamlik jou siel.

In jou siel is die 12 toonbrode, die sewelamp-kandelaar en die reukaltaar wat aardse afbeeldings is van die **Woord** (die Seun as toonbrode) wat nou geestelik deur jou geëet sal word, die sewe geeste* (**Die Trooster** as kandelaar) raak nou vaardig in jou en jou kommunikasie na die hemele, voorgestel deur die aangename reukwerk (**Krag** van gebed as reukaltaar) na Vader, raak nou effektief. (* Sien **Aanhangsel B**)

Hierdie oorgangsplek is die eerste wedergeboorte, naamlik die wedergeboorte van die siel. Jy leef nou slegs vir JaHshua, ja, jy is nog sondig en maak foute, maar bely dit onmiddellik en leef verder binne Sy wil. Meeste ware gelowiges leef in hierdie toestand en wag almal dat die gordyn (vlees) tussen die Heilige en die Allerheiligste moet skeur in onsself, soos by Jahshua toe Hy deur beweeg het na die Allerheiligste, oftewel toe die Hemelse sfere tydens Sy kruisiging en opstanding vir Hom geopen het.

Wanneer jy deur beweeg na die Allerheiligste (holy of holies), is jy volkome wedergebore van liggaam, siel en gees, en dis die geestelike wedergeboorte. Dan word jou vleeslike liggaam omvorm tot eteriese, hemelse, ewiglewende substansie, - ons noem dit `n geestelike liggaam wat ons verkry, net soos wat JaHshua hierdie liggaam verkry het toe hy opgestaan het uit die dode. Hierdie pad het Hy as Bruidegom reeds vir ons voorberei en dit is nou ons beurt as Sy Bruid om ook hierdie pad van wedergeboorte van die gees te loop, slegs met die geringe verskil: Hy het reeds die offer met Sy eie lewe vir ons betaal, ons hoef net ons eie kruis, ons eie ek, af te sweer, binne Sy wil te lewe en Hy sal die innerlike wedergeboorte van die gees vir ons gee as Bruidskat!

Net soos wat Hy, JaHshua, deur `n Hemelse Moeder verwek is, sal die Hemelse Trooster weereens in ons geboorte moet gee aan Hom in ons, en dis die wedergeboorte. Wanneer JaHshua in jou gebore word, is dit dieselfde as wanneer jou innerlike siel (vroulike) en innerlike gees (manlike) verenig, sodat jou vlees omvorm of verheerlik kan word, sodat jy tegelyk aardmens en hemelmens sal wees, en so sal jy tegelyk in beide sfere leef! Soos JaHshua wat Homself onherkenbaar en herkenbaar kon maak na Sy opstanding uit die dode, so sal ons ook wees. Soos wat Hy `n vis kon eet en deur mure gestap het, so sal ons dit ook kan doen (**Joh 22**),

MAAR, dit sal absoluut in die geheim of in die verborgene geskied. Nooit sal die nie-wedergeborenes dit mag weet nie, slegs die Bruid sal onderling bewus wees van hulle wedergeboorte, want hulle sal in beide sfere lewe en **JAHSHUA SAL ALTYD BY HULLE TEENWOORDIG WEES**! Dit is hierdie bekragtigde Bruid wat die hele wêreld se gelowiges sal lei, want Jahshua sal vanuit hulle regeer op aarde en nie soos sommige dink dat Hy fisies as Man vanuit `n Aardse Tempel sal regeer nie. Hierdie is die Melgisèdek priesterorde, waar Hy, as die enigste Melgisèdek Priester en Koning in en deur Sy Nuwe Jerusalem (Bruid) sal regeer oor die hele nuwe Hemele en Aarde. Kom ons gaan soek nog bevestigings hiervoor in die Skrif:

### VOLGENS DIE BOEK OPENBARING

Ons Hemelse Trooster is die EEN in **Openbaring 12** wat geboorte sal skenk aan die seuntjie (wedergeboorte van JaHshua in die kinders). Let wel dat **SLEGS DIE MESSIAS SELF WEER OP AARDE GEBORE KAN WORD**, hierdie keer in die Gees in die gehoorsame kinders van die Moeder Self. Dit is die Wederkoms of die Wedergeboorte, een en dieselfde ding.

> *Openb 11:19 En die Tempel van die Elohim het in die Hemele oopgegaan, en **Sy Verbondsark is in Sy Tempel gesien**, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.*
>
> *Openb 11:1 EN 'n **groot Teken** het in die Hemele verskyn: **'n Vrou** wat met die son bekleed was, en die maan was onder Haar voete, en op Haar hoof 'n Kroon van twaalf Sterre; [MattithJaHûW_24:30]*
>
> *Openb 12:2 en **Sy was swanger** en het uitgeroep in Haar Weë en barensnood.*
>
> *Openb 12:3 En 'n ander Teken het in die Hemele verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi Draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone;*
>
> *Openb 12:4 en sy stert het die derde van die Sterre van die Hemele meegesleep en hulle op die Aarde gegooi. En die Draak het gestaan **voor die Vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy Haar kind sou verslind sodra Sy gebaar het**. [JeshaJaH_21:3]*
>
> *Openb 12:5 En **Sy het 'n manlike Kind gebaar**, wat al die nasies met 'n Septer van Yster sou regeer; en Haar Kind is weggeruk na die Elohim en Sy Troon.*
>
> *Openb 12:6 En **die Vrou het na die wildernis gevlug** waar Sy 'n plek het wat deur die Elohim gereed gemaak is, dat hulle Haar daar sou*

*onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank. [JeHôWshua_4:17] [2_Konings_8:1] [JeségiEl_19:10]*

Hierdie profesie is `n eindtydprofesie en sal in vervulling gaan met die wedergeboorte van Sy Bruid kort voor die oordeel gaan begin. Hierdie Vrou, die Trooster of MOEDER, is die Verbondsark in die Tempel (JAHSHUA). Sy is **in HOM** as androgiene vroulike Wese, soos wat die Tabernakel (vroulike) in die Tempel (manlike) is. Sy is met die Son (JaHshua) beklee, die maan (Wysheid) onder haar voete en die twaalf stamme van Israel (12 000 uit elke stam volgens **Open 7 en 14**) as Kroon. Dit is hulle wat die Wedergeboorte ontvang, WIE JaHshua is, wat weer in hulle gebore sal word as klein baba. Dit beteken dat hulle die goddelike krag in onbeperkte mate sal ontvang, maar dat dit `n geboorteproses sal wees, gevolg deur `n groeiproses, net soos wat `n kind groei tot volwassene. Hierdie Kind kan slegs in die harte van die kinders wees, want dit is waar die Troon nou sal wees. Dit is die Nuwe Hemele op Aarde. Die kind wat weggeruk word, is maar net simbolies van `n volle bewuswording van die geestesdimensie terwyl jy in die vlees is, dus `n gelyktydige lewe in beide die materiële en geestelike sfere. Dit is wat volkome wedergeboorte is, dieselfde as JaHshua, toe Hy nog vir 40 dae op aarde gewandel het in Sy verheerlikte liggaam.

Dat hierdie Vrou nou in die oordeelstyd na die wildernis van goddeloosheid en boosheid sal gaan, is waar, want hier sal die stryd tussen die Hemele en Aarde woed, naamlik tussen MigaEl se engele en Satan se engele. Maar helaas, hierdie plek is vooraf voorberei en gereedgemaak vir hierdie groot slag. Mag die Koningin van die **SUIDE** jou die antwoord daarop gee!

> ***Matt 12:42*** *Die Koningin van die Suide (***die verenigde Hemelse Moeder en die Dogter van Sionsbruid***) sal in die oordeel opstaan saam met hierdie saadlyn en hom veroordeel; want Sy het gekom van die eindes van die Aarde af om die Wysheid van Salomo te hoor, en -meer as Salomo is hier (***JaHshua is hier, HALLELUJAH)***! ]Psalm 72:15]*

Ook staan dit geskrywe in die **Boek van Henog**, `n boek wat vir 500 jaar in die Bybel-Kanon was, voordat die priesterorde dit ook weer ongewens verklaar het, en soedoende bewys het dat hulle eerste vergadering te Nicea nie deur die Heilige Gees geïnspireer was nie.

> ***Henog 77:1*** *DIE eerste kwartier word die Ooste genoem, omdat dit eerste is: en die tweede, die Suide,* ***want die Hoogste El sal daar***

***neerdaal***, *ja, daar in `n besonder spesiale sin sal Hy wat vir ewig geseën is vir ewig neerdaal.*

### VOLGENS DIE BOEK HEBREËRS

`n Verdere openbaring oor hierdie Huisgesin vind ons in die Boek Hebreërs, maar slegs korrek vertaal in die Boek van Herinnering. Regdeur hierdie Boek is hoofletters gebruik wanneer na die Elohim verwys word in die **Hy, Sy, Haar** en **Ons** formaat. **Ons** sal altyd `n hoofletterwoord wees wanneer die Gees (MOEDER) getuig, of as die Seun (VADER) getuig saam met die kinders.

Die MOEDER Trooster getuig as volg:

> ***Heb 3:1*** *DAAROM, broers van Apartheid, deelgenote van die Hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van* ***Ons*** *profesie, die Gesalfde JaHWèshua,*
>
> *Heb 3:6 maar die Gesalfde as Seun oor* ***Sy Huis****. En* ***Ons is Sy Huis*** *as* ***Ons*** *net die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou.*
>
> ***Heb 4:1*** *LAAT* ***Ons*** *dan vrees dat, terwyl die Belofte om in* ***Sy rus*** *in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van* ***julle*** *agtergebly het nie. [Psalm_95:11]*
>
> *Heb 10:34 Want* ***julle*** *het ook saam met* ***My gevoel in My boeie****, en* ***julle*** *het die berowing van* ***julle*** *goed met blydskap aanvaar, omdat* ***julle*** *geweet het dat* ***julle in julself*** *'n beter en blywende besitting in die Hemele het. [Hooglied_2:9]*
>
> *Heb 10:38 Maar die regverdige sal uit die Geloof lewe; en as* ***hy*** *hom onttrek, het* ***My Siel*** *geen welbehae in* ***hom*** *nie.*
>
> *Heb 10:39 Maar by* ***Ons*** *is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar Geloof tot behoud van die lewe.*
>
> *Heb 12:1 DAAROM dan, terwyl* ***Ons*** *so 'n groot wolk van getuies rondom* ***Ons*** *het, laat* ***Ons*** *ook elke las aflê en die oortredinge wat* ***Ons*** *so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor* ***Ons*** *lê,*
>
> ***Heb 12:2 die oog gevestig op JaHshua****, die Leidsman en Voleinder van die Geloof, wat vir die Vreugde wat Hom voorgehou is, die folterpaal verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die Troon van Elohim gaan sit het.*

*Heb 12:3 **Want julle moet ag gee op Hom** wat so 'n teëspraak van die oortreders teen Hom verdra het, sodat **julle in jul siele** nie vermoeid word en verslap nie.*

*Heb 12:4 **Julle** het nog nie so ver as die bloed weerstand gebied in **julle stryd** teen die oortredinge nie.*

*Heb 12:5 En **julle** het die vermaning heeltemal vergeet wat **tot julle as seuns** spreek: My seun, ag die Tugtiging van Elohim nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie;*

*Heb 12:6 want Elohim tugtig **hom** wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. [Spreuke_3:11,_12]*

Kan u sien hoe hierdie MOEDER van die HUIS Haar kinders onderrig, soms as Ons en dan as jy en julle, net soos wat `n aardse MAMMA dit sal doen, as sy die kinders wil regkry vir die koms van PAPPA.

Nou verstaan ons al beter wie die TABERNAKEL is, naamlik die MOEDER wat in die TEMPEL as teëbeeld van die VADER geplaas is, soos wat die Hemelse fontein van Liefde, Wysheid en Waarheid ook die vroulike voorstel in die manlike. `n Fontein is altyd vroulik en is die lewegewende Bron, naamlik die Hemelse MOEDER. Weereens kan slegs `n Moeder baar, en wat anders is `n aardse baarmoeder as `n fontein wat slegs lewe moes voortbring, maar nou na elke 28 dae, ook die dood? Kyk dan hoe die volgende gedeelte uit die boek Hebreërs vir ons die Hemele wat na die aarde toe neerdaal, beskryf.

*Heb 12:18 Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm*

*Heb 12:19 en ramshoringgeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen Woord meer sou toegevoeg word nie -*

*Heb 12:20 want hulle kon die Gebod nie verdra nie: selfs as wilde wesens die berg aanraak, moet hulle gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word.*

*Heb 12:21 En Moshè, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder. [Exodus_19:16]*

Verwys na **Hoofstuk 13** waar die Vader in vuur neerdaal op die Moeder in die wolkkolom op berg Sinai. Hierdie was die ou dinge, hierdie neerdaling en eenwording van die Godheid op Sinai, `n teëbeeld van die eenwording in elke mens wat eendag sou kom. Dit was verskriklik erg vir die sondige mens in die Levitiese bedeling, maar kyk nou wat word nou aan die Bruid

(voorgestel deur Moses, as priester van Liefde) belowe in hierdie nuwe Melgisèdek orde van die Liefde:

*Heb 12:22 Maar* ***__julle__*** *het gekom by die Berg van Sion* ***(HOOGSTE GEESTELIKE VLAK IN DIE GEES)*** *en die Stad van die lewende Elohim, die Hemelse Jerusalem (****MOEDER van die Huis****) en tienduisende Boodskappers (****BRUID VAN 144 000, volgens die maat van `n adamiet en `n Boodskapper****), [Openbaring_14:1-3 en 21:17]*

*Heb 12:23 by die feestelike vergadering en die gemeente van* ***__eersgeborenes__*** *(****BRUID****) wat in die Hemele opgeskrywe is, en by Elohim, die Regter van almal, en by die geeste van die regverdiges (****GASTE OP DIE BRUILOF****) wat vervolmaak is, [Ode_van_Salomo_33:11]*

*Heb 12:24 en by JaHshua, (****BRUIDEGOM van die Huis****) die Middelaar van die Nuwe Verbond, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.*

Hoe wonderlik is hierdie Nuwe Huis nie hier uiteengesit nie! Nou kan ons oorgaan en verder kyk hoe hierdie MOEDER geopenbaar word in ander gedeeltes van die Skrif, want ons weet nou dat Sy die TABERNAKEL en ook die NUWE JERUSALEM is. Die MOEDER sluit af met hierdie woorde:

*Heb 12:28 Daarom, omdat* ***__Ons__*** *'n* ***__onwankelbare Koninkryk__*** *ontvang, laat* ***__Ons__*** *dankbaar wees, en so Elohim welbehaaglik dien met eerbied en vrees.*

Dus is die Koninkryk van Elohim `n huisgesin, en niks anders nie, opgerig deur die MOEDER in die 2000 jaar se fisiese afwesigheid van die VADER van die HUIS. Nou, wanneer die tyd uitgeloop het, word hierdie HUIS, wat voorberei en getooi is soos wat `n bruid getooi is vir haar bruidegom, oorhandig aan elkeen van ons waar ons nou ook soos JaHshua, 2000 jaar gelede, nou die kans kry om ons eie HUIS, as `n afbeelding van SY HUIS, op te rig. Die Moeder tooi ons siel, die bruid, om EEN te word met ons GEES (JAHSHUA die Bruidegom) wat die innerlike Hemelse Bruilof tussen LIEFDE en WAARHEID is. Direk na hierdie eenwording, vind die geboorte (Wedergeboorte) van **Openb 12** in ons plaas, waar ons dan die goddelike KRAG ontvang om geestelik en vleeslik in ons eie HUIS voort te plant. Kom ons kyk verder wat **Openb 21** van hierdie HUIS sê:

> ***Openb 21:1*** *EN ek het 'n* ***__nuwe Hemele en 'n nuwe Aarde__*** *gesien, want die eerste Hemele en die eerste Aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. [Boekrol van Henog 91:16] [2Petrus_3:10]*
>
> *Openb 21:2 En ek, JeHôWganan, het die* ***__Stad van Apartheid, die nuwe Jerusalem__****, sien neerdaal van Elohim uit die Hemele,* ***__toeberei__***

> ***soos 'n Bruid*** *(***MOEDER met HAAR wedergebore Bruid***) wat vir Haar Man (***BRUIDEGOM***) versier is. [Boekrol van Henog 53:6]*
>
> *Openb 21:3 En ek het 'n groot Stem uit die Hemele hoor sê: Kyk, die* ***Tabernakel*** *(***MOEDER***) van Elohim is by die* ***adamiete*** ***(*****BRUID en KINDERS*****)*** *,en Hy (***JAHSHUA***) sal by hulle woon, en hulle sal Sy volk (***BRUID en KINDERS***) wees; en die Elohim self sal by hulle wees as hulle Elohim.*

Weereens slegs `n huisgesin, maar in simboliese terme weergegee. Johannes sluit die boek Openbaring as volg af:

> ***Openb 22:16*** *Ek, JaHhua, het My Boodskapper gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek (***BRUIDEGOM***) is die wortel en die saadlyn van Dawid, die glansende Môrester.*
>
> *Openb 22:17 En die Gees en die Bruid (****MOEDER EN WEDERGEBORE KINDERS****) sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.*

### VOLGENS DIE BOEK JESAJA

In **Jesaja 66:1** en die res vanaf **vers 6** vind ons dieselfde geboorteproses wat bespreek word as dit wat ons in **Openbaring 12** gelees het. Dit het betrekking op die geboorte van `n Volk aan die einde van die tyd, d.w.s. nou in die tyd (2014) waarin ons leef.

> *Jes 66:1 SO sê JaHWeH: Die Hemele is My Troon en die Aarde die Voetbank van My Voete.* ***Waar is dan die Huis wat julle vir My sal bou****? En waar die plek wat* ***My rusplek*** *sal wees? [Génesis_1:1] [1_Kronieke_28:2] [Psalm_99:5]*

Hierdie HUIS is ons eie innerlike HUIS wat ons vir Hom moet bou in ons harte. Dit is die **GEESTELIKE HUIS** aan die einde van die tyd waarin JaHshua Sy rusplek sal hê. Dit kan uit ons voorafgaande gedeeltes in Openbaring tog niks anders wees as die Nuwe Jerusalem wat gebou moet word nie.

> *Jes 66:6 Hoor - 'n rumoer uit die* ***Stad****! Hoor - uit die* ***Tempel****! Hoor - dit is JaHWeH wat Sy vyande hulle dade vergeld!*
>
> *Jes 66:7 Voordat Sy Weë gekry het,* ***het Sy gebaar****; voordat smart oor Haar gekom het,* ***is Sy van 'n seuntjie verlos****. [2ShemuEl_1:28] [2Konings 4:17] [JeshaJaH 65:9] [Openbaring 12]*

*Jes 66:8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Sal die Aarde op een enkele dag geboorte skenk? Of **word 'n nasie met een slag gebaar**? Want **Sion het Weë gekry, meteens Haar kinders gebaar**.*

*Jes 66:9 Sou **Ek naby die geboorte bring** en Haar nie laat baar nie? sê JaHWeH. Of sou Ek wat laat baar, self toesluit? sê jou Elohey.*

*Jes 66:10 Wees bly saam met **Jerusalem** en juig in Haar, almal wat Haar liefhet! Wees vrolik saam met Haar, baie vrolik, almal wat treurig oor Haar was!*

Hierdie is die begin van die wedergeboorte van Sion in die Nuwe Jerusalem. Mevrou, ervaar u al hoedat JaHWeH die vyande en hulle dade vergeld in u innerlike tempel? Is u in die smeltkroes van innerlike reiniging? Dan is u op die regte plek, dank Vader daarvoor! Die SEUNTJIE wat gebaar word, kan niemand anders wees as dieselfde SEUNTJIE wat 2000 jaar gelede vleeslik gebore is op aarde nie. Nou word HY **geestelik gebore in ons** deur dieselfde GEESTELIKE MOEDER. SY is weereens die STAD, die NUWE JERUSALEM.

*Jes 66:11 sodat julle kan suig en versadig word **aan die Bors van Haar vertroostinge; sodat julle kan uitdrink** en julle verlustig in die volheid van Haar Glansrykheid.*

Watter man kan nou laat uitdrink? Dis die MOEDER wat haar melk van WYSHEID en WAARHEID aan Haar kinders gee!

***Jes 66:12** Want so sê JaHWeH: Kyk, die **Vrede lei Ek na Haar toe** soos 'n rivier en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom; **en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.***

*Jes 66:13 Soos iemand wat **deur sy Moeder getroos word**, so sal Ek julle **troos**; en julle sal **in Jerusalem getroos word**.*

*Jes 66:14 En **julle sal Haar sien**, en julle hart sal vrolik wees, en julle gebeente sal groei soos die jong gras; dan sal die Hand van JaHWeH bekend word aan Sy knegte, en Hy sal op Sy vyande grimmig wees. [2_Ezra_7:26]*

Die 1000 jaar van VREDE word aan HAAR en HAAR gehoorsame kinders belowe, en watter mooier beskrywing van `n TROOSTER wil `n mens nou hê. Hierdie woord, moeder, kan dalk gesien word as `n vergelyking met die aardse, maar as ons na Spreuke en Wysheid van Salomo, asook die Wysheid van Sirag toe gaan, sien ons die volgende:

*Spreuke 1:8 My seun, luister na die tug van jou Vader, en verwerp die* ***Wet van jou Moeder*** *nie; [Wysheid van Sirah 15:2] [2Ezra 2:5]*

***Spreuke 4:1*** *HOOR, julle seuns, na die Tug van die Vader, en luister om Insig te leer ken;*

*Spreuke 4:2 want Ek (****MOEDER WYSHEID****) gee aan julle lering van Suiwerheid,* ***verlaat nie My Wet*** *nie.*

*Spreuke 4:3 Want toe Ek 'n Seun was by My Vader, teer en 'n* ***enigste voor My Moeder****,*

*Spreuke 6:20 BEWAAR, My seun, die Gebod van jou Vader, en* ***verwerp die Wet van jou Moeder nie****; [Wysheid van Salomo 6:18]*

*WYSHEID van Salomo 6:18 en* ***liefde is om Haar (MOEDER WYSHEID se) Wet te onderhou****; en die navolging van die Wet is `n waarborg vir onsterflikheid; [Deuteronómium 30:13; Wysheid van Sirah 15:1-3; Spreuke van Salomo 6:20] 19 en onsterflikheid maak dat `n adamiet naby Elohim is. 20 Die verlange na Wysheid lei daarom na die* ***Koningskap****. [Openbaring 1:6]*

*SIRAG 15:1 WANT hy wat JaHWeH vrees, doen goed, en hy wat die* ***Wet*** *aangryp, sal Haar vind. [Deuteronómium 30:13]*

*15:2 En* ***Sy (WYSHEID) sal hom teëkom soos 'n Moeder****, en soos `n vrou van die jeug sal Sy hom aanneem. [Spreuke van Salomo 1:8; 2 Ezra 2:5]*

Hierdie kan onmoontlik `n aardse moeder wees van Wie gepraat word. Hierdie is die Goddelike vroulike polariteit, die GODDELIKE LIEFDE se WERKENDE ARM, NAAMLIK DIE WYSHEID, (in ons nuwe bedeling werkend as die WAARHEID) wat altyd as vroulik aangespreek word.

# Hoofstuk 15

## Satan is ook beide manlik en vroulik in die Skrifte

As die positiewe Elohim manlik en vroulik is en dit is nou na 14 Hoofstukke sekerlik `n bewese feit, dan moet die getuienis oor Lucifer ook tog leidrade verskaf van manlike en vroulike eienskappe. Lucifer was eens geskape as die mees aanskoulikste engel in die hemele. Hy was die Lig, die eerste geestelike wese, geskape na die Beeld van die Allerhoogste Elohim. Hy was `n vrye wese, geskape met `n vrye wil. Omdat hy die beeld was van Elohim, moes hy ook tog manlik en vroulik in homself gehad het. Dit is so en ek heg `n belangrike aanhaling uit die NO, **Groot Johannes Evangelie Boek 2, Hfs 156** aan waar die Engel Rafael getuig oor androgiene (tweeslagtige) aard van aartsengele, wat Lucifer eens ook was voor sy val die dieptes in.

***Die manlike en die vroulike van die engele***

*[11] **Die hoofman** vra: .... Is daar by julle ook geslagtelike verskille?"*

*[12] **Die engel** (Rafael) sê: "Hoewel dit `n ietwat ontaktiese vraag is, wil ek, omdat jy dit slegs maar uit weetgierigheid vra, antwoord met nee! In ons bestaan van oergeskape geeste vind jy by ons, wat ontelbaar is, sonder uitsondering slegs maar die manlik-positiewe wese, maar tog is ook die vroulik-negatiewe grondbeginsels in elkeen van ons volkome aanwesig, en daarom vind jy in elke engel die volmaakte huwelik van die hemele van Elohim. Dit hang heeltemal van onsself af, na gelang of ons onsself in één en dieselfde geestelike omhulsel in die manlike of in die vroulike vorm wil laat sien.*

*[13] Weens die feit dat ons in onsself dubbele wesens is, lê ook die rede waarom ons nie ouer kan word nie, omdat die twee pole in ons mekaar ewiglik bly ondersteun. By julle mense is die pole geskei deur `n geslagtelik geskeie persoonlikheid en het daarom, omdat elkeen apart is, geen steun vir mekaar nie.*

*[14] As die geskeie persoonlike pole hulself egter uiterlik raak, neem hul krag af en lyk hulle soos `n wynsak wat steeds rimpelagtiger word namate `n mens hom meer van sy geesryke inhoud beroof het. As jy jou egter `n wynsak sou kon voorstel wat self steeds dit sou kon produseer wat mens daaruit haal, dan sou jy op sy oppervlak nooit die voue en rimpels ontdek wat sy uiterlike daar so oud laat uitsien nie. -*

*[19] **Die hoofman** sê: "Word daar dan in die hemel ook geëet en gedrink nie?"*

> *[20] **Die engel** sê: "O ja, maar nie soos op die aarde nie, maar geestelik! Ons het die eeue deur die Woord van Elohim ook in ons, soos wat hemel en skepping deur die Woord bestaan en heeltemal daarmee vervul is. Die Woord is voorlopig ons wesenlike bestaan en vir dié bestaan is dit ook die enigste werklike lewensbrood en die egte lewenswyn. In ons are stroom dit net soos die bloed wat by julle stroom, en ons ingewande is gevul met die brood van Elohim."*

Lucifer was `n groot skeppende entiteit en het die saad geproduseer met sy manlike polariteit en geskep met sy vroulike polariteit. Dink aan ons mense wat maar net ons eie beeld as mens kan produseer, terwyl hy as self `n androgiene wese,`n hele skepping uit homself kon voortbring, naamlik engele, mense, diere, plante en vaste bodem. Dit is presies wat engele gedoen het, maar in daardie skeppingstyd kon die Vader nie deur die engele gesien word nie, hulle kon die Godheid of Elohim slegs ervaar as `n Gees, as `n sagte skeppende briesie van Krag (NO).

Die hele skepping het die GROOT GEES aanbid, alhoewel hulle Hom nie kon sien nie, vanweë sy grootsheid en glansrykheid. Gaandeweg het Lucifer se hoogmoed toegeneem en hy ontken hierdie GEESTESKRAG en laat weet sy hele skepping dat hy die Elohim/God is en dat alle krag vanuit hom ontstaan. Hierdie verheffing veroorsaak toe `n val in die dieptes van duisternis vir hierdie hele oneindige skepping van Lucifer. `n Derde van sy engele rebelleer saam met hom en die ander tweederdes bly getrou aan Elohim. Hierdie rebellie is nie onmiddellik gestuit deur Vader nie, maar hierdie gevalle skepping het voortgegaan om verder en verder van Hom en Sy Gees af te beweeg. Omdat Lucifer `n vrye wese was, kon hy nog berou getoon en hom bekeer het. Omdat die krag van Elohim hom verlaat het, naamlik die Gees van Wysheid, het sy innerlike vroulike pool al hoe meer duister geword en bose skeppings begin voortbring. Ons lees in die **Openbaring van Henog 11** die volgende:

> *53 Die Duiwel is die gees van besoedeling van benede, as 'n vlugteling het hy **<u>Satana</u>** (**sy nuwe duister vroulike gees**) van die Hemele gemaak omdat sy naam Sataniël was, so het hy verskillend van die boodskappers geword,*
>
> *54 maar sy geaardheid het nie sy intellek [kennis] verander wat sy begrip van Geregtigheid en oortreding betref nie.*

Satan en hierdie gees, Satana, het hul hele voormalige volmaakte skepping vernietig met boosheid, tot op `n punt toe Vader sê: "Tot

hiertoe en nie verder nie, ter wille van die tweederdes wat my nie verlaat het nie, sal ek hierdie afwaartse proses nou stop". Hierdie Satana gees is bymekaar gemaak, van haar mag ontneem en hierdie hele oneindige gees is binne-in die aarde gedruk en staan nou bekend as die Doderyk. Hierdeur is Satan se mag oor sy ganse skeppingsryk totaal ingeperk en is hy hoofsaaklik werksaam in die aardse sfeer van ons wêreld. Die hel/ doderyk is werklik binne-in die aarde en is `n fisiese plek waar alle gevalle engele (eenderde rebelle) gevange gehou word, asook alle onregverdige siele van mense wat op hierdie aarde geleef het van Adam se tyd af. Voordat JaHshua as offer gebring is, was alle regverdige siele vanaf Adam ook hier geherberg, wel in `n afsonderlike plek, maar steeds in die doderyk. Die "ter helle neerdaal van Jahshua" was dan juis om hierdie geredde siele, wat nog vasgevang gesit het in die mag van hierdie vroulike Satana gees, te gaan uithaal en om hulle na die paradys, oftewel na die hemelse sfere, te bring. ***(Jakob Lorber, Bertha Dudde, Openbaring van Henog 11, Jesaja en Esegiël)**

Ons vind egter `n pragtige en duidelike bewys van hierdie androgiene aard van Satan en Doderyk (Satana) in die antieke geskrif, genaamd die Evangelie van Nikodémus. Hierdie is egter geen evangelie nie, maar `n wettige dokument van die Sanhedrin, deur Nikodémus as skrywer opgestel oor drie mense wat in die doderyk was ten tye van Jahshua se neerdaling in die hel en wat opgestaan het uit die dode. Die Sanhedrin het van hulle te hore gekom, hulle voor die Raad van Kajafas gedaag en elkeen moes afsonderlik voor die Sanhedrin getuig. Elkeen se verhaal was eenders en daarom moes hulle verhaal as waarheid verklaar word, want volgens die Wet van Moses berus die waarheid op die getuienis van twee of drie. Hierdie dokument word natuurlik verswyg deur die addergeslag wat ons Verlosser vermoor het, tot vandag toe. Maar dank Vader, ons het die Boek van Herinnering waarin hierdie boek voorkom. Ek haal aan uit die gesprek tussen Satan en Satana (Doderyk) in die doderyk tydens JaHshua se neerdaling daarin.

***Satan en die Doderyk in beroering*.**

*4 EN terwyl hulle almal so vreugdevol was, kom **<u>Satan</u>**, die heerser oor die duisternis, en sê vir die **Doderyk/Sheol**:*

*1a Allesverslindende en Onversadigbare, luister na my woorde! [Spreuke 30:16]*

*1b Daar is iemand uit die geslag van die manne van JeHûWdah, JaHWèshua, wat Homself die Seun van Elohim noem, maar Hy is 'n adamiet en met ons medewerking het die Jode Hom gefolter.*

*1c En noudat Hy dood is, maak jou klaar sodat ons Hom hier in bewaring kan neem.*

*1d Want ek weet dat Hy 'n adamiet is en ek het Hom hoor sê: My Siel is uitermate bedroef, ja, tot die dood toe.*

*1e En Hy het my baie kwaad aangedoen in die bowe-wêreld onderwyl Hy tussen die adamiete verkeer het.*

*1f Want oral waar Hy my dienaars gekry het, het Hy hulle vervolg; en soveel adamiete as wat ek gebreklik of blind of lam of melaats of so iets gemaak het,*

*1g dié het Hy deur 'n enkele woord genees, en baie wat ek vir die graf gereed gemaak het, het Hy weer met 'n enkel woord lewendig gemaak.*

*2 **Doderyk/Sheol sê:** En is Hy inderdaad so magtig dat Hy sulke dinge kan doen deur een enkele woord? Of kan jy Hom, as Hy so is, weerstaan?*

*2a Dit lyk vir my niemand sal Hom kan weerstaan nie. Maar as jy sê dat jy gehoor het dat Hy die Dood vrees, het Hy dit seker maar gesê om jou te bespot en uit te lag, terwyl Hy met 'n Sterke Hand op jou wil toeslaan. En wee, wee jou vir ewig!"*

*2b **Satan sê:** Allesverslindende en onversadigbare Doderyk/Sheol, het jy so bang geword noudat jy van ons gemeenskaplike vyand gehoor het?*

*2c Ek het Hom nie gevrees nie, maar ek het die Jode aangesit en hulle het Hom gefolter en Hom ook gal gemeng met asyn gegee om te drink.*

*2d Maak jou dus klaar om Hom, wanneer Hy kom, met krag te oorweldig."*

*3 **Doderyk/Sheol antwoord:** Vors van die Duisternis, Seun van die verderf, jy het net nou vir my gesê dat Hy baie van hulle wat jy vir die graf gereed gemaak het, met 'n enkele woord weer lewendig gemaak;*

*3a as Hy dan baie ander van die graf bevry het, hoe en met watter mag sal Hy deur ons vasgehou word?*

*3b Self het ek 'n tydjie gelede 'n sekere dode met die naam van El-Azer (*Laserus*) ingesluk, en kort daarna het Iemand uit die lewendes hom weer deur 'n enkele woord uit my ingewande met geweld teruggeruk.* *[JeHôWganan 11]*

*3c Nou glo ek dat dit Hy is van wie jy praat. As ons Hom dus hier opneem, vrees ek dat ons miskien in gevaar verkeer ten opsigte van die ander [dodes] ook.*

*3d Want ek het alle adamiete van die begin af ingesluk, en kyk, ek merk dat hulle onrustig word en ek voel pyn in my ingewande;*

*3e en hierdie El-Azer wat reeds vroeër van my af weggeruk is, lyk vir my nie na 'n goeie teken nie, want hy het van my af weggevlieg, nie soos 'n dooie adamiet nie, maar soos 'n arend, só haastig het die Aarde hom uitgewerp.*

*3f Daarom besweer ek jou by jou gawes en by my eie dat jy Hom nie hierheen bring nie, want ek glo dat Hy hierheen kom om al die dodes op te wek.*

*3g En dit sê ek vir jou by die buitenste Duisternis, as jy Hom hierheen bring, sal nie een van al die dodes in my agterbly nie.*

***Die Erekoning oorwin die Doderyk.***

*5 TERWYL Satan en Doderyk/Sheol besig was om so met mekaar te praat, klink daar* ***'n groot Stem****, soos van donder, wat sê:*

*1a Hef op jul poorte, o vorste, en verhef julle, ewige deure, en die Erekoning sal binnetree! [Psalm 30:3; Odes van Salomo 17:9-11]*

*1b Toe* ***Doderyk/Sheol*** *dit hoor, sê sy vir Satan: Gaan buitentoe as jy kan en weerstaan Hom.*

*1c Satan het toe buitentoe gegaan. Voorts het Doderyk/Sheol vir haar demone gesê: Verseker goed en stewig die koperpoorte en die ystergrendels en verseker my slotte, en staan reg en bewaak alle punte, want as Hy hierheen kom, sal Weë ons oorval! [Psalm 107:16]*

*2 Toe die* ***voorvaders*** *dit hoor, begin hulle haar almal te hoon en te sê: Allesverslindende en Onversadigbare! maak oop dat die Erekoning kan binnekom.*

*2a Die profeet Dawid sê: Weet jy nie, blinde, dat toe ek op die Aarde geleef het, ek daardie woord geprofeteer het nie: Hef op jul poorte, o vorste?*

*2b JeshaJaHûW sê: Deur die Gees van Apartheid het ek dit vooruitgesien en geskrywe: Die dodes sal opstaan, en die wat in die grafte is, sal herlewe, en die wat op die Aarde is, sal jubel, en weer: O Dood waar is jou prikkel? O Doderyk/Sheol, waar is jou oorwinning?*

*3 Toe kom daar weer eens* ***'n Stem*** *wat sê: Hef op die poorte!*

*3a Toe **Doderyk/Sheol** vir die tweede keer die stem hoor, antwoord sy asof sy naamlik niks bemerk het nie, en sê: Wie is die Erekoning? [Psalm 24:10]*

*3b **Die Boodskapper van JaHWeH sê:** JaHWeH, geweldig en magtig! JaHWeH magtig in die stryd! [Psalm 24;8]*

*3c En ineens, saam met die woord, is die koperpoorte tot stukke verbreek en die ystergrendels verkrummel, en al die gebonde dodes is bevry van hul boeie, en ons met hulle, en die Erekoning het binnegekom, in gedaante soos 'n adamiet; en al die donker plekke van die Doderyk/Sheol verlig. [Odes van Salomo 29:4]*

*6 ONMIDDELLIK het **Doderyk/Sheol uitgeroep**: Ons is oorwin, wee ons! Maar wie is U wat so 'n groot vermoë en mag het?*

*1a En watter soort adamiet is U wat sonder oortreding hierheen kom, U wat gering voorkom en groot dinge kan doen, wat nederig is en verhewe, slaaf en Meester, krygsman en Koning, wat mag het oor die dodes en die lewendes?*

*1b U was aan die folterpaal genael en in die graf neergelê, en nou het U vry geword en al ons mag vernietig.*

*1c Is U dan dié JaHWèshua van wie Satan, die owerste, vir ons gesê het dat U deur die folterpaal en dood die hele wêreld sou beërwe?*

*2 Toe gryp die **Erekoning** vir Satan, die owerste, aan sy kop en oorhandig hom aan die Boodskappers en sê:*

*2a Bind sy hande en sy voete, sy nek en sy mond met ysterboeie! Daarop gee Hy hom aan Doderyk/Sheol oor en sê: Neem hom en bewaar hom veilig tot by My wederkoms!*

*7 EN toe **Doderyk/Sheol** Satan vat, sê sy vir hom: Beëlsebul, erfgenaam van vuur en straf, vyand van die apartes, wat het jou daartoe gedryf om te bewerk dat die Erekoning gefolter word, sodat Hy hierheen kom en ons van ons mag beroof?*

*1a Draai jou om en sien dat geen enkele dode in my agtergebly het nie, maar al wat jy deur die Boom van Kennis in jou mag gekry het, dit het jy weer alles deur die Boom van die Folterpaal verloor.*

*1b En al jou Vreugde is in droefheid verander. En toe jy die Erekoning wou doodmaak, het jy jouself doodgemaak, want aangesien ek jou ontvang het om in veilige bewaring te hou, sal jy deur ervaring leer hoeveel besoedeling ek teen jou sal onderneem.*

*1c O aartsduiwel, begin van die Dood, wortel van Ongeregtigheid en uiterste van alle besoedeling! Watter besoedeling het jy in JaHWèshua gevind dat jy Sy ondergang bewerk het?*

*1d Hoe het jy so 'n groot besoedelde daad durf doen? Hoe het jy begeer om so iemand in hierdie Duisternis binne te bring, waardeur jy nou beroof is van almal wat van die begin af gesterwe het?*

Hierdie breedvoerige gesprek bevestig tog duidelik die tweeslagtige aard van Satan, met die verskil dat dit blyk dat hulle na hul val, ook geskei is en nie meer as `n eenheid funksioneer nie, soos wat Jahshua vir ons sê in **Matteus 12:25** *"`n Huis of koninkryk wat in homself verdeel is, kan nie staan nie"*.

Waarom hierdie gedeelte belangrik is om te verstaan, is omdat talle mense hierdie boek gaan aanval en sê dat ons nou die hemelkoningin begin te aanbid. Dit is so dat die aanbidding van die hemelkoningin in die son en die maan as Astarte, Semiramus, Ishtar of Isis alles nabootsings is deur Satan self. Na sy val was Lucifer nooit weer in staat om iets oorspronklik te skep nie. Alles was `n verwatering en verhoering van dit wat bestaan het. U kan vir uself indink hoe kwaad hierdie twee karakters hierbo moes gewees het, toe die Moedergees hulle verlaat het en hulle slegs meer en meer duister begin word het. Dit is mos logies dat hulle hul eie moeder sou skep, volgens die beeld en aard van Satana, en die mense dwing om haar te aanbid. Dit het na die vloed begin in die tyd van Nimrod en Semiramus toe Satan en Satana deur beide begin werk het om hierdie heidense geloof te vestig op aarde. In elke heidense geloof kry mens hierdie moederwese wat aanbid word, in die Buddisme, Hindu, Hari Krishna, voorvadergees aanbidding, Moslem en vele ander.

Die feit dat hulle `n moeder in hulle geloof erken en aanbid, maak nie dat daar nie `n ware Hemelse Moeder bestaan nie, nee dit bevestig dit net, want onthou, hy het nie meer oorspronklike denke nie, Satan en Satana is deur hulleself gereduseer tot "copycats".

Ons aanbid NOOIT ons Moeder nie, ons EEN en ENIGSTE Elohim is nou JaHshua, as volkome androgiene wese met ons Trooster-Moeder in Homself, Wie as Gees vir ons uitgestort is en Wie ons by die hand neem en teruglei na Sy koninkryk toe, sodat ons, die Bruid, ook volkome androgiene engelwesens kan word, net soos wat Hy dit is en om die plek in te neem in hierdie gevalle skepping en om dit te herstel wat daardie twee karakters, wat nou gedeeltelik in die hel geboei is, verdorwe het.

Die Bruid neem die plek in van Satana in hierdie skepping wat geval het, met Jahshua as nuwe Hoof en Vader in die plek van die gevalle Lucifer, en ons begin die skoonmaakproses hier op die aarde, die kleine hartkamertjie van die skepping, waar Lig binnekort die hele gevalle skeppingsmens sal verlig en terugbring na die ongevalle koninkryk van JaHWeH.

## Hoofstuk 16

## Seun, daar is jou moeder, vrou, daar is jou seun

Baie gedeeltes in die Skrif word slegs oppervlakkig deur die meeste mense gelees, soos die onderstaande. Sodra `n mens egter dieper na elke vers begin kyk, sien mens die drie vlakke van openbaring daarin, naamlik die natuurlike, die geestelike en die hemelse waarheid in ons Meester se woorde.

> ***Joh 19:25*** *En by die folterpaal van JaHWèshua het gestaan Sy moeder en Sy moeder se suster, Mirjam, die vrou van Klopas, en Mirjam die Migdalieth.*
>
> *26 En toe JaHWèshua Sy moeder sien en die student wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir Sy moeder:* ***Vrou, dáár is u seun****!*
>
> *27 Daarop sê Hy vir die student:* ***Dáár is jou moeder****! En van daardie uur af* ***het die student haar in sy huis geneem.***

Natuurlik het Hy geweet dat sy dissipels na Sy moeder sal omsien, dus waarom spreek Hy hierdie woorde uit, feitlik Sy laaste woorde aan die vloekhout. Omdat Johannes die voorstelling van die hemelse waarheid is, omdat hy die hoogste geestelike ontwikkelingsvlak bereik het van al die apostels, word hy gekies, nie net om die aardse moeder van Jahshua in sy aardse huis te neem nie, maar Jahshua bied hom nou die toekomende Moedergees van die Hemele aan, wie Hy binnekort (sowat 53 dae daarna) sou uitstort oor die wêreld en daarom kon Johannes Haar in sy geestelike huis verwelkom, want hy was nou gereed vir die wedergeboorte!

Ook die volgende verse het `n dieper betekenis, naamlik `n hemelse betekenis.

> ***Matt 12:47*** *Toe sê iemand vir Hom:* ***Dáár staan U moeder en U broers*** *buite en wil graag met U praat.*
>
> *48 Maar Hy antwoord en sê vir die een wat Hom dit vertel het:* ***Wie is My moeder? En wie is My broers?***
>
> *49 En Hy steek Sy hand oor Sy studente uit en sê: Dáár is My moeder en My broers.*
>
> *50* ***Want elkeen wat die wil doen van My VADER wat in die Hemele is, dié is My broer en suster en moeder.***

Is daar enige wese in die hele oneindigheid wat die Vader se wil so getrou uitvoer soos die Vader se innerlike vroulike polariteit, naamlik ons

Hemelse Moedergees!? Kyk hoe wonderbaarlik pleit Sy weer vir Haar ongehoorsame kinders en vat Sy self die pak slae saam met ons as ongehoorsame volk, en dit al vir duisende jare!

> ***Jes 53:1*** *WIE het geglo wat aan Ons verkondig is? En aan wie is* ***die Arm van JaHWeH*** *geopenbaar?*
>
> *2 Hy tog het soos 'n loot voor SY Aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë Aarde. Hy het geen gestalte of grootsheid gehad, dat Ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat Ons Hom sou begeer nie. [JeHôWganan 15:1]*
>
> *3 Hy was verag en deur die manne verlaat, 'n Man van smarte en vertroud met siekte; ja, soos een vir wie Ons, Ons gesig verberg; Hy was verag en Ons het Hom nie gereken nie.*
>
> *4 Nogtans het Hy Ons siektes op Hom geneem, en Ons smarte - dié het Hy gedra; maar Ons het Hom gehou vir Een wat geplaag, deur Elohim geslaan en verdruk was. [Hooglied 1:6]*
>
> *5 Maar Hy is ter wille van Ons oortredinge deurboor, ter wille van die skuld van Ons ongeregtigheid is Hy verbrysel; die straf wat vir Ons die Vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir Ons genesing gekom.*
>
> *6 Ons almal het gedwaal soos skape, Ons het elkeen Ons eie pad geloop; maar JaHWeH het die skuld van Ons almal se ongeregtigheid op Hom laat neerkom.*
>
> *7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n Lam wat na die slagplek gelei word* ***<u>en soos 'n Ooi wat stom is voor die aangesig van Haar skeerders</u>*** *- ja, Hy het Sy Mond nie oopgemaak nie. [Boekrol van die Opregte 19:35; Psalm 129:3 ; Levítikus 5:5]*

Hierdie vers is 100 persent korrek in die Boek van Herinnering vertaal, al sê feitlik alle konkordansies en woordeboeke nie so nie. Dis wat in die grondteks staan. Hy, Jahshua, die manlike, wat **soos `n Lam** ter slagting gelei word, met die vroulike pool, **as Ooi wat stom is voor Haar skeerders**, binne-in Homself, omdat hierdie Gees geen krag durf betoon het nie, moes Sy alles gelate aanvaar, omdat Sy en Haar Man die volkome offer was, om Lucifer en Satana se mag op aarde te breek.

Die volgende vers was nog altyd `n misterie naamlik **Openbaring 3:12**: Hierdie is `n aanhaling uit die boodskap aan die gemeente van Filadelfia, die een gemeente wat feitlik al die groot beloftes ontvang.

***Openb3:12*** *Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die Tempel van My Elohey maak,* *[1 ShemuEl 2:8]* *en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My Elohey skrywe en die naam van die Stad van My Elohey, van die nuwe Jerusalem, wat uit die Hemele van My Elohey neerdaal,* ***en My nuwe Naam.*** ***[JeshaJaH 61:3]***

*13 Wie 'n oor het,* ***laat hom hoor wat die Gees*** *aan die gemeentes sê.*

Hier word gespreek van die **NUWE NAAM van die Gees** en nie van ons Verlosser, JaHshua nie. Wie van ons ken al die Nuwe Naam van die Goddelike Gees van Waarheid, die Trooster? Sy, die Gees sal Haar Naam openbaar aan die eindtyd, maar net aan diegene wat die Kroon van Waarheid wil opsit

***Open 3:11*** *Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand* ***jou Kroon*** *kan neem nie.* *[JeshaJaH 22:23]*

Hierdie Naam van die Moedergees is reeds geopenbaar aan `n Duitse skrywer in die jaar 2010. Hierdie geskrif staan bekend as die laaste reddingsboei wat JaHshua vir ons aan die einde van tye uitgegooi het, naamlik die Boek van die Liefde, die Wysheid en die Bekragtiging, bekombaar in Afrikaans by die Dogter van Sion in Pretoria. U sal kwalik die wedergeboorte kan bereik sonder hierdie inligting.

# Hoofstuk 17

## Die begrip Moeder en Dogters

Sover het ons die begrip Moeder redelik deeglik vanuit die Skrif bewys. Maar daar is nog `n begrip wat verstaan moet word en dit is die begrip van Hemelse Dogters, sowel as Helse Dogters. Omdat Engele manlik/ vroulik is, is die werking van die Engel as dienende gees vroulik. Sien **Hebreërs 1:7,13 en 14:**

> *7 En van die Boodskappers sê HY wel:* ***Wat van Sy Boodskappers Geeste maak****, Sy dienaars ‘n Verterende Vuur. [Psalm 104:4]*
>
> *13 En aan watter een van die Boodskappers het HY ooit gesê: Sit aan MY regterkant totdat EK U vyande maak ’n Voetbank van U voete? [Psalm 110:1]*
>
> *14* ***Is Hulle nie almal dienende Geeste*** *wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die Lossing sal beërwe nie?*

Die Engele of Boodskappers se werking is soos in die voorafgaande gedeelte oor die Vader en die Seun, want hulle is ook almal volgens die beeld van Elohim geskape, maar hulle het nie soos Lucifer geval nie, nee hulle is nog almal volwaardige androgiene eenhede. Dus sal `n Engel se vroulike gees in ons gees ingaan en influisteringe doen wat ons lewens sal beïnvloed. Mevrou, kom ons kyk na die bron van alle Geeste en onthou dat `n fontein altyd vroulik is in Hebreeus.

> ***Henog 48:1*** *IN daardie plek het ek die* ***Fontein van Geregtigheid*** *gesien wat onuitputlik is, en rondom* ***Haar was <u>baie Fonteine</u> van Wysheid****; en almal wat dors was, het van Haar gedrink en is met Wysheid gevul,* ***Hul woonplek*** *was by die regverdiges en die apartes en die uitverkorenes. [Hooglied van Salomo 3:11; Wysheid van Sirah 24:7-8]*
>
> *2 In daardie uur is die Seun van Adam benoem voor die Aangesig van die Elohey van die Geeste )***<u>die Moeder</u>***) en is Sy Naam voor die Hoof [Oue] van Dae )***<u>die Vader</u>***) genoem. [MattithJaHûW 28:19]*
>
> *7 Die* ***Wysheid van die Elohey van die Geeste het Hom openbaar*** *aan die apartes en die regverdiges; Hy bewaar die lot van die regverdiges, want hulle het hierdie wêreld van Ongeregtigheid gehaat en verag. Ja, hulle het al dié werke en dié weë in die Naam van die Elohey van die Geeste gehaat. Want in Sy Naam is hulle gered, en volgens Sy suiwer wil was Hy ter wille van hul lewens.*

Weereens sien ons die talle fonteine wat uit die oeroorspronklike Fontein van Geregtigheid (**OERMOEDERGEES**) uitspruit en hoe Jahshua voor sy Hemelse ouers benoem is. Ook dat die fontein van Wysheid ook uit hierdie oorspronklike Gees van Geregtigheid stam. Ook sy het weer dogters wat vir Haar werke verrig volgens **Spreuke 9.** U moet nou nie te verward word nie, onthou, Elohim is EEN, maar hierdie entiteite is alles deel van hierdie oneindige Elohim se werkende krag.

> ***Spreuke 9*** *1:DIE Wysheid het Haar Huis gebou,* ***Haar sewe Pilare*** *uitgekap, [Openbaring van Henog 11:40]*
>
> *2 Haar slagvee geslag, Haar wyn gemeng, ook Haar tafel gedek.*
>
> *3* ***<u>Sy het Haar Diensmeisies uitgestuur</u>****, Sy nooi uit op die hange van die verhewe plekke van die Stad: [Spreuke 31:15; Hooglied 6:8; DaniEl 13:15]*
>
> *4 Wie eenvoudig is, laat hy inkom hierheen, wie verstandeloos is, vir hom sê Sy:*
>
> *5 Kom,* ***eet julle van My Brood, en drink van die Wyn*** *wat Ek gemeng het;*

Die Brood is die Woord, Jahshua of die manlike, met die Wyn (in houer) as bloed of Gees wat die Liefde is, as vroulike. Onthou dat alle mense op aarde, of jy nou manlik of vroulik is, ons almal se siele is vroulik, en die innerlike gees in ons is die manlike. Daarom kan ons as mans ook aanspraak maak op Bruidskap, aangesien elkeen se siel, die vroulike of bruid, verenig met die gees, die manlike in onsself, wat die volkome huwelik met Jahshua bewerk. Die Moedergees bearbei die vroulike siel, maak die huis skoon, kap haar sewe pilare uit, naamlik die sewe geeste* wat innerlik begin werk, klee die bruid met rein en fyn linne (regverdige dade) en dan bied die moeder die bruid aan vir die Bruidegom, Jahshua. Waar het u in elk geval gesien `n bruidegom trek die bruid aan?! Dis mos altyd die moeder se taak! (*Sien **Aanhangsel B, die val van die Geeste**.)

By Satan en Satana werk dit ook dieselfde, sien **Spreuke 30:15-16:**

> ***Spreuke 30:15 Die Bloedsuier het twee dogters****: Gee, gee! Hierdie drie word nooit versadig nie; vier sê: nooit genoeg nie! -*
>
> *16 die* ***Doderyk/Sheol en die Toegesluite moederskoot****, die Aarde wat nie genoeg water kry en die vuur wat sê: nooit genoeg nie! [Wysheid van Salomo 4:1; 2 Nikodémus 4:1]*

Weereens `n verborgenheid as ons nie die wese se geslagtelikheid in ag neem nie. Satan, die bloedsuier het twee vroulike geeste wat uit hom en

Satana voortgekom het, **Doderyk** en **Toegesluite Moederskoot**. Laasgenoemde het met aborsies en geboorte-afwykings te doen wat deesdae skrikwekkend toegeneem het op aarde.

Uit bogenoemde paar voorbeelde kan u dus sien dat die manlik/vroulike begrip van mense en engele regdeur die heelalle strek vanaf Elohim, deur Sy Engele tot by die mens wat na Sy en hul beeld geskape is en dan strek dit ook deur tot in die diepste helle. Die verskil is net dat hoe laer die geeste in die ordes is, hoe meer geskei raak die manlike en vroulike. Helgeeste, bekend as duiwels en demone, sal geslagtelik verskil en geskei wees.

Die feit dat Adam en Eva aanvanklik androgien geskape was, maar weer later geskei moes word, sodat manlike en vroulike afsonderlik geoordeel kon word, dui tog duidelik op `n verdere val, weg van die volmaakte toestand waarna teruggekeer moet word. Die herstelpad van elke gevalle gees hier op aarde sal dus ook, eerstens as afsonderlike en tweedens as androgiene wese, moet wees. Omdat daar nog maar min openbaring oor laasgenoemde pad bestaan, laat ons hou by die eerste oordeel, naamlik dat ons almal nou geoordeel sal word as man of vrou afsonderlik.

Die volgende begrip moet ook hier aan u verklaar word, sodat u die volgende hoofstukke verstaan waar ons die verborgenhede van die vroulike boeke in die Skrif wil ondersoek. Nadat Lucifer geval het, het die hoofengele van eenderde van die skepping onder hom, saam met hom gerebelleer, dus het hulle ook elkeen `n bose skeppende, of eerder afbrekende gees verkry, nadat die Gees van Wysheid hierdie hele skeppingsfeer verlaat het.

***Die wonings van Wysheid en van Ongeregtigheid***

> ***Henog 42*** *WYSHEID het geen plek gevind waar Sy kon woon nie (***die hele geestelike skepping van Lucifer***); toe is 'n woonplek vir Haar in die Hemele (***die suiwer geestesfeer buite Lucifer***) aangewys. [Wysheid van Sirah 24:7]*
>
> *2 Wysheid het uitgegaan en woonplek tussen die kinders van die adam gesoek en het geen woonplek gevind nie: Wysheid het na Haar plek teruggekeer en* ***het Haar sitplek tussen die Boodskappers ingeneem. (***Sy is nou werksaam onder en deur die aartsengele***)***
>
> *3* ***Maar Besoedeling het uit haar kamers uitgekom****, en wie sy nie gesoek het nie, het sy gevind en gewandel onder hulle soos reën in 'n woestyn en dou in 'n dorsland. [Spreuke 9:13-18; Hoséa 2:2; 2 Ezra 7:101]*

Hierdie gees, B**esoedeling**, naamlik Satana, het hierdie hele sfeer deurtrek, aangehits deur die eenderde wat meegewerk het om hierdie hele skepping te verwoes. Moet nooit vergeet dat die grootste deel van die engele in Lucifer se ryk NIE GEREBELEER HET nie. Hulle het hierdie rebellie herken, maar in die weë van Elohim bly wandel, dus nie vir Lucifer aanbid as Elohim nie. Hulle het nog steeds die ware Elohim as goddelike Gees aanbid. Hieruit kan u sien dat daar geweldige konflik in hierdie hele skeppingsfeer ontstaan het. Die eenderde bly by die Besoedelde gees Satana, maar die ander moet nou begin onderskei tussen wat verkeerd en reg is. Vir die HEEL EERSTE KEER IN DIE SKEPPING moet geeste nou onderskei tussen reg en verkeerd, tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid. Vir die eerste keer raak die begrip van Waarheid nou vir die gehoorsame geeste bekend.

Dink maar aan die aanvanklike toestand in hierdie ryk waar daar geen sonde was nie. Dan was daar aanvanklik mos nie `n behoefte vir `n Gees van Waarheid in hierdie skeppingsfeer van Lucifer nie, want alles was in harmonie, alles was Liefde (goddelike Liefde) waaruit die hoogste Wysheid (goddelike Wysheid) uitgevloei het vanaf Elohim Self na Lucifer en vanuit hom na elke skepsel wat hierdie goddelike Krag ontvang het, voortvloeiend uit die wisselwerking tussen Liefde en Wysheid. Die noodsaaklikheid van `n Gees van Waarheid het ontstaan as gevolg van die val van die geeste in die diepte in. Vir oneindige eons (tien tot die mag van sestig!) van miljarde jare het hierdie toestand so voortgeduur in Lucifer se ryk. Hierdie Waarheid wat benodig was vir hierdie tweederdes om te kon voortbestaan en om nie self deur besoedeling verswelg te word nie, is deur die sewe aartsengele in stand gehou, aldus die Boek van Henog en die Nuwe Openbaring. Dit word ook genoem die **Oorloë van JaHWeH**, en `n antieke boek met hierdie naam het alles opgeteken gehad, maar hierdie boek is vernietig, aldus JaHshua in die Nuwe Openbaring. In die NO, **Huishouding van Elohim** deur Jakob Lorber, word baie van hierdie boek se inligting weer aan ons deurgegee.

Wat het dus gebeur met hierdie Gees van Waarheid in hierdie tweederdes geesteswesens? Sy, die Waarheid, `n nuutgebore Gees, moes mos aanvanklik klein gewees het, voorgestel deur `n klein dogtertjie, en gaandeweg het sy wasdom begin bereik, soos wat hierdie tweederde groep sterk begin staan het teen die rebelle in hierdie ryk. Dit is slegs

wanneer ons hierdie begrip verstaan, dat ons die moeilikste boek van Salomo sal verstaan, naamlik die Boek, **Hooglied van Salomo**.

Hierdie is `n liefdesverhaal van hierdie vroulike gees in hierdie gevalle sfeer wat smag na Haar Man, maar Sy is in gevangeskap in hierdie gevalle sfeer. Die Man (JaHWeH Self) kan nie hierdie besoedelde ryk betree nie, aangesien alles dan verteer sal word deur Sy Geregtigheid. So roep hierdie Geestesvrou dus verlangend uit na Haar Man en weet sy dat JaHWeH Self eendag sal neerdaal na hierdie gevalle sfeer, wat noual begin verhard het, of anders gestel, in harde materie verander het vanuit die aanvanklike glansryke en verheerlikte eteriese geestesubstans, as gevolg van Lucifer se sondige verharding van sy hart teenoor Elohim. Verstaan asseblief dat die begrip, "om jou hart te verhard", veroorsaak dat jy in laer ligfrekwensie sfere beland, soos wat met Lucifer gebeur het. Sy ryk se geeste-substans se molekules het nader aan mekaar begin beweeg en so het materie ontstaan, wat maar net skynbaar vas is, vasgehou in die vorms deur JaHWeH se almagtige wil. Kom ons lees:

> ***[DIE VROU PRAAT:]***
>
> ***Hooglied 1:2*** *Laat Hy My kus met kusse van Sy Mond; want U liefde is suiwerder as wyn.*
>
> *3 Die aroma van U salf is suiwer, U Naam is soos salf wat uitgegiet is; daarom het die maagde (***vroulike Geeste***) U lief.*
>
> *4 Trek My agter U aan, laat Ons gou maak! Die Koning het My in Sy binnekamers gebring. Ons wil juig en Ons in U verheug, Ons wil U liefde prys meer as wyn. Met Reg het hulle U lief.*
>
> *5 Ek is swart, maar lieflik, (***Sy het haar glans verloor in die gevalle ryk***) o Dogters van Jerusalem, soos die tente van Kedar[1] ,soos die gordyne van Salomo. ]Klaagliedere 4:7-8, Klaagliedere 5:2]*
>
> *6 Moenie na My kyk omdat Ek so swart (*glansloos*) is, omdat die Son My verbrand het nie: die Seuns van My Moeder )***gevalle engele***) was toornig op My; hulle het My aangestel as oppasser van die Wingerde; My eie Wingerd het Ek nie opgepas nie (***die val van die geeste***)] .Odes van Salomo 15:6]*
>
> *7 Vertel My tog, wie My Siel liefhet, waar laat U wei, waar laat U smiddags die vee lê en rus (***waar is die tweederdes***) ?Want waarom sou Ek wees soos een wat Haar met 'n sluier toedraai by die kuddes van U metgeselle?*

***[DIE MAN ANTWOORD:]***

*8 As U dit self nie weet nie, mooiste onder die vroue, gaan dan uit op die spore van die skape (***die korrekte weg van Waarheid***) en laat U bokkies (***tweederdes engele***) wei by die Tabernakels van die herders (***7 aartsengele***).*

***[DIE VROU:]***

*12 So lank as die Koning aan Sy tafel was, het My nardus Sy aroma gegee. (***voor die rebellie het Sy as Gees volheid kon bereik***)*

***[DIE MAN:]***

***Hooglied 2** 1:EK is 'n roos van Saron, 'n lelie van die dale.*

*2 Soos 'n lelie (***Gees van Waarheid***) tussen die dorings (***geeste van Besoedeling***), so is My vriendin onder die Dogters. [2 Ezra 5:24; DaniEl 13:2]*

*7 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem, by die gemsbokke of by die takbokke van die veld, om nie die liefde wakker te maak of op te wek voordat dit die [liefde] behaag nie (***Sy weet Sy moet wag totdat JaHshua kom***).*

*8 Hoor, My Beminde, kyk, daar kom Hy! Hy spring oor die berge, Hy huppel oor die heuwels.*

*9 My Beminde lyk soos 'n gemsbok of soos 'n jong takbok. Daar staan Hy agter Ons muur! Hy kyk deur die vensters in, Hy speur deur die tralies heen (***duidelik is Sy in gevangeskap, naamlik in die materiële gevalle ryk van Lucifer waar sonde die muur en tralies vorm***) .[Psalm 78:61; 88:11; 142:7; Odes van Salomo 21:2]*

***[DIE VROU KWOTEER DIE MAN:]***

*10 My Beminde begin toe en sê vir My: **Staan op, My vriendin**, My skone, kom dan tog!*

*11 Want kyk, die winter is verby, die reëntyd is oor, (***Jahshua het opgestaan***) dit het verbygegaan.*

*12 Die bloeisels word gesien in die Aarde, die sangtyd het aangebreek, en die Tortelduif laat Haar Stem hoor in Ons Aarde (***hierdie toekomstige visioen sien Sy van Haarself, die Waarheid as Duif op die hoof van ons Meester***).*

*13 Die Vyeboom laat Haar voorvye uitswel, en die Wingerdstokke wat bot, versprei aroma. Staan op, My vriendin, My skone, kom dan tog (***Israel word herstel***)! [MattithJaHûW 24:32]*

*14 My Duif in die rotsklowe, in die skuilplek by die krans, (***Sy is nog in gevangeskap, maar nie meer agter muur en tralies nie, want Lucifer***

**is nou al verslaan**) *laat My U gedaante sien, laat My U Stem hoor; want U Stem is soet, en U gedaante is lieflik.*

*15 Vang julle vir Ons die jakkalse, die klein jakkalse wat die Wingerde verniel, want Ons Wingerde staan in die bot.*

***3:11** Kom uit, Dogters van Sion, en aanskou met Vreugde die Koning Salomo, **die Kroon waarmee Sy Moeder Hom bekroon het op Sy troudag** en op die dag dat Sy hart vrolik is. [Boekrol van Henog 48:1; 2 Ezra 7:26; Spreuke 12:4]*

Koning Salomo is hier niemand anders as Koning JaHshua nie! Die Hemelse Moeder het hom bekroon met Waarheid en Hy is nou volkome androgiene Goddelike Wese in ons gevalle skepping, man en vrou in Een, die Weduwee wat so lank moes wag, het `n Man gekry. Dit is dan nou in hierdie waarheidshuwelik waarin ons as JaHshua se Bruid nou ook kans kry om ons unieke eie Gees van Waarheid te bekom, een van die Dogters, of Maagde soos hierbo genoem.

*[DIE MAN:]*

***Hooglied 5:1** EK het in My Tuin gekom, My susterbruid, Ek het My mirre met My balsem gepluk, Ek het geëet van My heuningkoek met My heuning, Ek het gedrink My wyn met My melk; eet, vriende, drink en word vrolik, bemindes. [2 Nikodémus 5:1]*

*2 Ek het geslaap, maar My Hart het gewaak. Hoor, My Beminde klop: **Maak vir My oop, My suster, My vriendin, My Duif, My rasegte**! Want My hoof is vol Dou, My haarlokke vol nagdruppels. [Psalm 74:18; 2 Ezra 2:15]*

*3 Ek het My kleed uitgetrek, hoe kan Ek hom weer aantrek? Ek het My voete gewas, hoe kan Ek hulle weer vuil maak? [JeHôWganan 13:8]*

Hier ween JaHshua vir die Waarheid wat weer na Sy opstanding vir bykans 2000 jaar vernietig is, hoe vuil het hierdie gees nie geword nie, besoedeling het weer uit haar kamers gekom en die hele wêreld mislei.

***[DIE VROU:]***

*4 My Beminde het Sy hand deur die deuropening gesteek; toe het My binneste oor Hom in beroering gekom; [2 Nikodémus 5:1]*

*5 **Ek het opgestaan om vir My Beminde oop te maak**, terwyl My hande drup van mirre en My vingers van vloeiende mirre op die handpalms van die grendel. [Wysheid van Sirah 24:15]*

*6 Ek het vir My Beminde oopgemaak, maar My Beminde het weggedraai, verbygegaan; My Siel het uitgegaan toe Hy gespreek het; Ek het na Hom gesoek, maar Hom nie gevind nie; Ek het na Hom*

*geroep, maar Hy het My nie geantwoord nie (***JaHshua woon nie in kerke nie***).* *[2Ezra 10:1, 48; Odes van Salomo 21:6]*

*7 Die wagte wat in die Stad rondgaan (***Roomse moordenaars en priesters***), het My aangetref; hulle het My geslaan, My gewond; die wagte by die mure het My mantel van My afgeneem.* **(die Waarheid is bykans vernietig deur miljoene geloofsmoorde deur Katolieke op behoudendes in Europa)**

*8 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem, as julle My Beminde vind, wat sal julle Hom vertel? Dat Ek krank is van liefde.*

Kom ons sluit af met die laaste hoofstuk van Hooglied en u sal weer die verskillende Dogters, die Moeder en die Koning waarneem.

***[DIE MAN]***

*8 Daar is sestig koninginne en tagtig byvroue en maagde sonder getal.* *[Spreuke van Salomo 9:3]*

*9 Een, **dié is My Duif, My rasegte, die enigste vir Haar Moeder**; Sy is die Uitverkorene vir die Een wat Haar gebaar het.* *[Psalm 45:14; Profesie van Barug 4]*

***[DIE VROU:]***

***7:10** Ek is My Beminde s'n, en Sy begeerte is na My.*

*11 Kom, My Beminde, laat Ons uitgaan in die veld, laat Ons in die dorpe vernag.*

*12 Laat Ons vroeg na die Wingerde gaan, laat Ons sien of die Wingerdstok uitloop, (***Beide JaHshua en Waarheid werk nou in die Volk***) die druiwebloeisel oopgaan, die granate blom. Daar sal Ek U My liefde gee.* *[JeshaJaH 18:5]*

*13 Die liefdesappels gee aroma, en by Ons deure is allerhande kostelike vrugte, vars en oud; o My Beminde, dit het Ek vir U weggebêre.* *[Odes van Salomo 28:2]*

***Hooglied 8** 1:AG, was U maar vir My soos 'n broer wat aan die borste van My Moeder drink (***Hemelse Moeder***) !As Ek U daar buite vind, Ek sou U kus; en tog sou hulle My nie verag nie.*

*2 Ek sou U lei, **Ek sou U bring in die Huis van My Moeder**; Sy sou My leer; Ek sou U laat drink van die gekruide wyn, en van My soet wyn van granaat (***Sy lei ons in Liefde*** in).*

*3 Laat Sy linkerarm onder My hoof wees en Sy regterarm My omhels.*

*4 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem: Waarom wil julle wakker maak en waarom wil julle opwek die liefde voordat dit die [liefde] behaag?*

***[DIE DOGTERS:]***

*5 Wie is dit wat daar opkom uit die wildernis,* ***wat leun op Haar Beminde****? ]Openbaring 12:1]*

***[DIE VROU:]***

*Onder die appelboom het Ek U opgerig. Daar was U Moeder in barensweë oor U, daar was Sy in barensweë wat U voortgebring het (***Hemelse Moeder***).*

*6 Dra My soos 'n Seëlring op U hart, soos 'n Seëlring op U arm; (****die* **seëlring/troupand is Waarheid***) want die liefde is kragtig soos die Dood, die liefdesywer is wreed soos die Doderyk/Sheol, haar gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam. [Wysheid van Sirah 17:22; Haggai 2:23]*

*7 Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere haar nie oorstroom nie; al gee 'n man ook al die goed van Sy huis vir die liefde, hulle sou Hom diep verag.*

Die volgende gedeelte is `n openbaring van die Dogter van Sion, sy wat nou aan die eindtyd met JaHshua in die huwelik gaan tree, nog bitter jonk in die waarheid, want borste gee melk, en dis Wysheid.

***[DIE DOGTERS:]***

*8 Ons het 'n klein sustertjie* ***wat nog nie borste het nie****; wat moet Ons met Ons suster maak dié dag as Sy gevra word?*

*9 As Sy 'n muur is, sal Ons 'n silwerrand op Haar bou, en as Sy 'n deur is, sal Ons Haar met 'n sederplank toeslaan.*

Hierdie muur is die muur van die Nuwe stad Jerusalem, wat 144 000 el is, die maat van `n mens en engel, wat niks anders is as die wedergebore 12 000 Israeliete uit elke stam van Israel nie. (**Openb 7, 14, 21**). Nou is die Bruid gevorm, sterk in die Wysheid en bevind Sy Haarself nou in die 1000 jarige Vrederyk, besig net haar eie wingerd, want Sy is nou bevoeg gemaak deur Haar Man, wat nou een is met die Bruid, deur die Gees van Waarheid.

***[SUSTERTJIE:]***

*10 Ek is 'n muur, en* ***My borste soos torings****: toe het Ek in Sy oë geword soos* ***een wat Vrede vind****.*

*11 Salomo het 'n Wingerd in Baäl-Hamon gehad; Hy het die* ***Wingerd aan die oppassers*** *oorgegee; elkeen moes vir Sy vrugte duisend [sikkels] silwer inbring.*

*12* ***My Wingerd, Myne****, is hier voor My, die duisend [sikkels] is vir U, Salomo, en tweehonderd vir die wat Sy vrugte bewaak.*

Weens spasie het ek nie die hele Hooglied hier behandel nie, maar u sal sien hoe val die ander verse ook in plek as u die hele gedeelte in hierdie boekrol bestudeer. Hoe op aarde het die manlike priesterorde weggekom om hierdie boek nie aan hul lidmate te openbaar nie?! Die eerste ding wat hulle doelbewus gedoen het, maar wat in die Boek van Herinnering reggestel is, was om die entiteite te verdoesel wat spreek? Net nie te veel klem plaas op `n vrou wat direk tot die Godheid spreek nie, nee haar plek is nie hier nie, eerder agter die opwasbak of by die kinders! Maar helaas, JaHshua het belowe dat alles in die lig sal kom gedurende die laaste dae en nou eers kan ons oorgaan na die heerlike verborgenhede, naamlik die vroulike boeke in die Skrif en sien watter ongelooflike beloftes aan die vroue gegee word en watter groot opofferings die Hemelse Moeder en Haar Dogters vir ons as mens gemaak het, in stilte, altyddeur swyend en werksaam sonder om te murmureer, en sonder om eer te soek het hulle ons gelei, gevorm en uiteindelik hier gebring, aan die kus van JaHshua se Nuwe Koninkryk, die innerlike wedergeboorte van die gees!

# Hoofstuk 18

## Die Hemelse Moeder geopenbaar in die boekrol, Rut

Dit is eintlik ongelooflik hoe ons Vader hierdie Moedergees vir ons verberg het in die Skrif, maar die Bybelverhale verklap baie verborgenhede, veral die boeke Rut, Judit en Ester. Net so openbaar grepe uit bekende vroue se lewens ook fasette van die Moeder, soos wat ons vroeër oor Sarah gelees het wat die drie mate meel moes inknie. JaHshua se aardse moeder is ook `n groot bron van openbaring. Moet asseblief nie Maria-aanbidding van die Roomse kerk hiermee verwar nie. Die aardse moeder van Jahshua was maar net `n mens, wel `n baie spesiale mens, maar sy is verseker `n sinnebeeld van `n baie groter Hemelse Wese, naamlik die OERMOEDER self.

Daarom kan ons nou beter verstaan waarom Satan die heidense onheilige drie-eenheid van Nimrod, Astarte en Tamus opgerig het, met die Hemelkoningin aanbidding wat regdeur die heidense wêreld en in die Christendom voorkom. Weereens, Satan kan niks oorspronklik voortbring nie, hy moet wat eg, mooi en aanskoulik is, vernietig, en dit is presies wat hy met ons Moedergees gedoen het. Deur die ere van Ma-Rhea, die songodin oor te dra aan Jesus se ma, Maria, word Jesus nou die seun van die songodin. Dus aanbid die Rooms-Katolieke nie vir Miriam, die werklike moeder van JaHshua nie, maar `n valse Babiloniese entiteit, naamlik Astarte, Ishtar of Semiramus.

`n Mens kan ook verstaan dat Martin Luther, Calvyn en Scott en ander hervormers hierdie afgodery uit hul nuwe Protestantse geloof wou kry, maar helaas, ek dink die kind is saam met die badwater uitgegooi, toe alle verwysings na `n vroulike wese in die Godheid verban is. Hulle moes slegs die aanbidding van die songode en songodinne uitgeroei het, maar nou ja, dit was ander tye. Ons leef nou egter in die laaste dae, waar die hoogste vlak van openbaring moontlik is, naamlik die van die Bruid en daarom is hierdie kennis van die wese van Elohim uiters belangrik vir ons. Kom ons beweeg nou na die wonderlike hemelse openbaringsboek, die Boekrol van Rut. Dit sal goed wees om hierdie boekrol nou in die Boek van Herinnering te lees, want ek gaan slegs sekere gedeeltes hier lys.

Naomi en haar man stel Vader en Sy innerlike Vroulike polariteit, die Moedergees voor in hulle ewige goddelike glansrykheid en heerlikheid, terwyl hulle nog in Bethlehem-Juda, die suiwer gebied gebly het. Moenie vergeet dat persoonsname en plekname ook profetiese leidrade bevat nie, en Bethlehem beteken “Huis van Brood”, wat die suiwer Woord se geboorteplek voorstel, naamlik die innerlike androgiene Huis van die Vader Self. EliMéleg beteken “My El, die Koning” en Naomi beteken “My verlustiging”. Werklik openbaar net hierdie name al boekdele van die manlike en vroulike aard van Elohim.

Onthou, ons neem hierdie storie van Rut en plaas dit nou biljoene eons gelede, toe Lucifer geval het. Moab, tradisioneel `n gebied wat deur heidene bewoon was, dus onrein, stel die gebied in die ryk van Lucifer voor, nadat hy homself verhef het en in die duisternis geval het. Hierdie trek van Lucifer vanuit die suiwere na die besoedelde, stel die vrye wil voor wat enige geskape wese ontvang van Vader wanneer hy of sy geskape word. Hierdie trek was Lucifer se wil. Hier sterf Naomi se man. Nou ja, Vader kan nooit sterf nie, maar wanneer Hy sy Aangesig afwend van iets of iemand, dan is dit asof Hy vir daardie iets of persoon sterf, want daardie wese is nou dood, al lewe hy. Hierdie gestorwe man van Naomi in die besoedelde ryksgebied van Moab is nou Lucifer. Naomi kan dus nie langer daar bly nie, maar moet geestelik in Betlehem bly, dus die terugtog na Israel. Onthou dat wanneer ons na die onderlinge verhouding tussen engele en Vader kyk, is dit so ineengestrengel, dat die engel eintlik altyd die verlenging van Vader self is en dat engel en Vader as Elohim te alle tye een wese vorm. Slegs wanneer die engelwese vrywillig vanuit hierdie liefdesorde beweeg, skeur hierdie intieme band tussen Vader en skepsel.

Die twee seuns van Naomi is tog die twee groepe engel-skepsele in Lucifer se ryk, naamlik die eenderde rebelle en die tweederde getroue engele. Hulle beweeg ook oor die grens saam met hulle moeder, die weduwee Naomi, nou werksaam as die Gees van Wysheid in hierdie besoedelde gebied, geskei van Haar Man, wat Sy aangesig afgewend het van hierdie rebellie. Beide hierdie twee groepe neem elkeen `n vrou, wat verwek is in hierdie besoedelde koninkryk van Moab. Orpa, wat gemsbok beteken en Rut wat vriendskap beteken, stel die twee geeste voor wat nou werksaam sal wees in die twee afsonderlike groepe in hierdie besoedelde ryk. Die dood van die twee mans stel ook dieselfde voor as

hierbo, naamlik dat hierdie twee groepe beide gedoem is, die een deur sy eie rebellie, en die ander groep deur daar te wees waar rebellie heers, alhoewel hulle onskuldig was. Dink daaraan dat in die suiwer gebied geen kennis bestaan het van hoogmoed, moord, vermenging ens, sondes wat die rebelle nou gepleeg het. Maar die onskuldiges het nou deur waarneming, **kennis van sonde en ongehoorsaamheid,** oftewel kennis van goed en kwaad, suiwer en besoedel, bekom. Hulle is dus ook dood vir die suiwer gebied en kon nooit weer terugkeer na Bethlehem ,die ewige Broodhuis van Vader nie.

Onthou, uit ons vorige gedeeltes, is hierdie twee vroulike geeste nou identifiseerbaar as Orpa, die gees van besoedeling en Rut, die gees van Waarheid. Waarom?

Die volgende gedeelte word uit Rut aangehaal en u moet asb nou na die geestelike trek kyk, dit wil sê, vanuit die besoedeling, terug na die suiwere, oftewel die geestelike Bethlehem, die ware Broodhuis.

> ***Rut 1:6*** *het sy (Naomi) haar gereed gemaak met haar skoondogters en teruggegaan uit die veld van Moab, want sy het in die veld van Moab gehoor* ***dat JaHWeH op Sy volk ag gegee het deur aan hulle brood te gee.***
>
> *7 So het sy dan haar woonplek verlaat en haar twee skoondogters saam met haar. Maar toe hulle op pad was om na die Aarde van JeHûWdah terug te gaan,*
>
> *8 sê Naómi aan haar twee skoondogters: Gaan heen, draai om, elkeen na die huis van haar moeder; mag JaHWeH aan julle Medelye betoon soos julle aan die dode en aan my bewys het. (***die Gees laat die vrye wil besluit van beide***)*
>
> *14 Toe verhef hulle hul stem en ween weer; en Orpa het haar skoonmoeder gesoen, maar Rut het haar aangehang.*
>
> *15 Daarop sê sy: Kyk,* ***jou skoonsuster het omgedraai na haar volk en na haar gode toe****; draai om agter jou skoonsuster aan!*
>
> *16 Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want* ***waar u gaan, sal ek gaan****; en waar u vertoef, sal ek vertoef;* ***u volk is my volk, en u Elohey is my Elohey.***

Hier stel Rut, die Gees van Waarheid, die jong dogter van Hooglied voor wat swart verbrand is en wat in gevangenskap is, maar wat vasberade is om haar hele gestorwe huis (tweederdes engele) terug te bring na

Bethlehem, deur saam met Naomi, die Moedergees te gaan, om te doen wat Haar Elohim verlang, want sy wil ook as Haar volk gereken wees.

> *17 Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag JaHWeH so aan my doen en so daaraan toedoen - net die dood sal skeiding maak tussen my en u.*
>
> *18 Toe sy sien dat sy vas besluit het om met haar saam te gaan, het sy opgehou om met haar te spreek.*
>
> *22 So het Naómi dan teruggekeer en Rut, die Moabitiese, haar skoondogter wat saam met haar uit die veld van Moab teruggekom het; en hulle het in Betlehem gekom* ***in die begin van die garsoes****.*

Moet nou nie verward raak nie, want die geestelike trek is presies dit, geestelik. Rut het eintlik agtergebly by haar gestorwe huis in die besoedeling, maar sy het nou net haar bereidheid betuig teenoor haar Moeder dat sy Huistoe wil kom, terug na die Vaderhuis van Brood. Die begin van die garsoes is ook insiggewend, want gewoonlik word kinders van die koninkryk met koring vergelyk, terwyl gars `n minderwaardig oes is, vergeleke met koring, wat daardeur aandui dat hierdie oes in Lucifer se gevalle koninkryk totaal geestelik anders sal wees, want Waarheid is nou net gevorm, Sy het nou Haar bereidheid betuig om hierdie oes in te bring. Die volgende gedeeltes van Rut moet nou biddend en geestelik gelees word, gedagtig aan die Gees van Waarheid wat vir miljarde eons in en met hierdie tweederdes behoudende engelwesens in Lucifer se ryk in gevangenskap was. Daar was geen vooruitsig van verlossing nie, want Lucifer en sy eenderde engelgeeste het net al hoe boser geword. Maar, helaas, Vader het `n ander plan gehad en Hy gee innerlik die instruksie aan die Moedergees, Naomi, om Rut as volg te lei, na Boas, die teëbeeld van ons Verlosser, Jahshua.

***Rut gaan are optel en kom in die Aarde van Boas.***

> *2 EN Naómi het 'n bloedverwant gehad van haar man se kant, 'n vermoënde man, uit die familie van EliMeleg, wie se naam* ***Boas*** *was. (***Boas beteken "rats of vlug"****)*
>
> *2 En Rut, die Moabitiese, het vir Naómi gesê:* ***Laat ek tog die Aarde ingaan en are optel*** *agter dié een in wie se oë ek guns sal vind. Toe antwoord sy haar: Gaan, my dogter.*

Are stel altyd mense voor wat gered moet word, want die oesland is die wêreld en die kinders is die are. Om hierdie gedeelte te verstaan, moet u nou dink aan die aarde, wat deur Jahshua voorbestem is as

opleidingsplek, maar waar ook die hele Satana gees ingewerp is. Hierdie aarde is nou die oesland, hierdie aarde is nou die enigste plek in die ganse gevalle heelal van Lucifer, waar kindskap in die Elohim familie aangebied word deur Vader in Sy Seun JaHshua. Hier kom neem jy vlees aan en hier kan enige gevalle engelgees in die ryk van Lucifer nou vrykom van die materiële bande van die val in die diepte om kind van Vader te word. Dit vind ook werklik so plaas. Die ganse heelal weet van Jahshua se soenoffer en van Sy belofte en miljarde staan gereed om aarde toe te kom, om hier gebore te word en om wedergebore te word in die Nuwe Jerusalem.

> *3 Daarop het sy heengegaan, en gekom en are opgetel op die land agter die snyers. En toe kom sy op **'n stuk land af wat behoort aan Boas**, uit die familie van EliMeleg.*
>
> *4 En Boas het juis van Betlehem af gekom en aan die snyers gesê: Mag JaHWeH met julle wees! En hulle het hom geantwoord: Mag JaHWeH u seën!*
>
> *5 Daarop sê Boas aan sy dienaar, die opsigter oor die snyers: Van wie is hierdie jong vrou?*
>
> *6 En die dienaar, die opsigter oor die snyers, antwoord en sê: Dit is die jong Moabitiese vrou wat saam met Naómi uit die veld van Moab teruggekom het;*
>
> *7 en sy het gesê: **Kan ek maar are optel** en insamel by die gerwe agter die snyers? Sy het toe gekom en gebly van vanmôre af tot nou toe; **sy het maar min daar in die huis gesit** (*tot nou toe het dit maar sleg gegaan met haar)
>
> *8 Toe sê Boas vir Rut: Luister tog, my dogter: Jy moenie op 'n ander land gaan are optel nie, en jy mag ook nie hiervandaan weggaan nie, **maar jy moet jou by my diensmeisies aansluit**. [Spreuke van Salomo 9:1-3] (*Rut sluit aan by die ander Vroulike Geeste wat werksaam is in hierdie ryksgebied*)*
>
> *9 Met die oë op die land wat hulle afsny, **moet jy agter hulle aan loop**. Het ek die dienaars nie bevel gegee om jou nie aan te raak nie? En as jy dors het, **gaan dan na die kanne en drink** van wat die dienaars skep.* (hier word Rut in die geestelike opgelei om een dag die waardige Bruid van Waarheid vir Jahshua te wees)
>
> *10 Toe val sy op haar aangesig en buig na die Aarde toe en sê vir hom: Waarom het ek guns in u oë gevind, dat u in my belang stel alhoewel ek 'n uitlander is?*

*11 En Boas antwoord en sê vir haar: Aan my is alles omstandig vertel wat jy aan jou skoonmoeder gedoen het na die dood van jou man, en* ***dat jy jou vader en jou moeder en jou Aarde van geboorte verlaat het*** *en na 'n volk getrek het wat jy gister en eergister nie geken het nie.*

*12 Mag JaHWeH jou daad beloon, en mag jou loon volkome wees van JaHWeH, die Elohey van JisraEl, onder wie se Vleuels jy kom skuil het.*

*13 Toe sê sy: So vind ek dan guns in u oë, my meester! Want u het my getroos en na die hart van u dienares gespreek, alhoewel ek nie soos een van u dienaresse is nie. (*verwys na tweegesprek tussen man en vrou in Hooglied)

*14 En teen etenstyd het Boas vir haar gesê: Kom hierheen en* ***eet van die brood*** *en steek jou stukkie in die asyn. Daarop gaan sy langs die snyers sit, en hy het* ***haar gebraaide koring gegee****, en sy het geëet en versadig geword en oorgehou.*

*15 Toe sy [weer] opstaan om are op te tel, het Boas sy dienaars bevel gegee en gesê: Sy mag ook tussen die gerwe optel, en julle mag haar nie beledig nie.*

*16 En julle moet ook* ***so nou en dan vir haar uit die bondels uittrek en dit laat lê****, dat sy dit kan optel; en julle mag haar nie keer nie.*

*17 En sy het op die land opgetel tot die aand; en toe sy uitslaan wat sy opgetel het, was dit omtrent 'n efa gars.*

Hier kry Rut meer as al die ander diensmeisies en dit kan net hulle wees wat gerebelleer het en wat nou berou toon oor hulle rebellie, wie Jahshua nou uit die land trek en vir haar aanbied om geestelik mee te werk, sodat hulle nou na haar skuur/huis geneem kan word.

*18 En sy het dit weggedra; en toe sy in die stad kom, sien haar skoonmoeder wat sy opgetel het; ook het sy uitgehaal en aan haar gegee wat sy oorgehou het nadat sy versadig was.*

*19 Daarop vra haar skoonmoeder haar: Waar het jy vandag opgetel, en waar het jy gewerk? Mag hy geseënd wees wat in jou belang gestel het! En sy vertel haar skoonmoeder by wie sy gewerk het, en sê: Die naam van die man by wie ek vandag gewerk het, is Boas.*

*20 En Naómi sê vir haar skoondogter:* ***Mag hy geseënd wees deur JaHWeH, wat Sy Medelye aan lewende en dode nie onttrek het nie****. )* sien u, die dodes is die gevallenes in die ryk van Lucifer*) Verder sê Naómi vir haar: Die man is ons nabestaande, hy is een van ons lossers.*

*21 Toe sê Rut, die Moabitiese: Hy het ook nog vir my gesê:* ***By my dienaars moet jy aansluit*** *totdat hulle klaar is met die hele oes wat aan my behoort.*

*22 Daarop het Naómi haar skoondogter Rut geantwoord: Dit is goed, my dogter, dat jy met sy diensmeisies saam uitgaan en aan jou geen kwaad op 'n ander land aangedoen word nie.*

*23 So het sy dan by die diensmeisies van Boas aangesluit om are op te tel totdat hulle met die* ***garsoes en die koringoes*** *klaar was; en sy het by haar skoonmoeder gewoon.*

***Die lossingsreg.***

*3 TOE sê haar skoonmoeder Naómi vir haar: My dogter, sal ek nie vir jou 'n rusplek soek, dat dit goed met jou kan gaan nie? [Wysheid van Sirah 24:7-8]*

*2 Nou dan, is Boas by wie se diensmeisies jy was, nie ons bloedverwant nie? Kyk, hy wan vannag op die vloer gars uit.*

*3 Was jou dan en salf jou en trek jou klere aan, en gaan af na die vloer toe; laat jou deur die man nie herken totdat hy klaar geëet en gedrink het nie.*

*4 Maar as hy gaan slaap, let dan op die plek waar hy gaan slaap; kom dan nader, maak sy voetenent oop en gaan lê; en hy sal jou te kenne gee wat jy moet doen.*

*5 En sy antwoord aan haar: Alles wat u sê, sal ek doen.*

*6 Daarop het sy afgegaan na die vloer en gedoen net soos haar skoonmoeder haar beveel het.*

*7 Nadat Boas geëet en gedrink het, en sy hart vrolik was, en hy gaan slaap het by die ent van die hoop, het sy stilletjies gekom en sy voetenent oopgemaak en gaan lê.*

*8 En die man het teen middernag geskrik en vooroor gebuig en - daar lê 'n vrou aan sy voetenent.*

*9 En hy vra: Wie is jy? Toe antwoord sy:* ***Ek is Rut, u dienares; brei dan u vleuel oor u dienares uit, want u is die losser.***

*10 En hy sê: Geseënd is jy deur JaHWeH; my dogter! Jy* ***het jou laaste liefde beter gemaak as die eerste****, omdat jy nie agter jongmanne, arm of ryk, aan geloop het nie.*

Hierdie is die aanvang van die innerlike hemelse Bruilof tussen JaHshua (Boas) en die Gees van Waarheid (Rut), waar Hy as losser die hele gevalle huis weer gaan inbring in die suiwer Huis.

*11 Wees dan nou nie bang nie, my dogter; alles wat jy sê, sal ek vir jou doen, want die hele stadspoort van my volk* ***weet dat jy 'n deugsame vrou is****. [Spreuke van Salomo 31:10]*

*12 Nou dan, dit is sekerlik waar dat ek die losser is,* ***maar daar is nog 'n losser, nader as ek****.*

*13 Bly vannag oor; en as hy jou môre wil los, goed, hy kan los; maar as hy nie lus het om jou te los nie, dan sal ék jou los, so waar as JaHWeH leef! Bly lê tot môre.*

Wie is dan hierdie ander losser? Dit is niemand anders nie as Lucifer, die vader van haar vorige huis in Moab wat nog `n reg oor haar gehad het, aangesien sy in hierdie ryk deur hom geskep is (Rut was in Moab gebore). Hierdie laaste band moes nog vrywillig gebreek word en dit het met JaHshua se versoeking deur Satan, net na JaHshua se doop, plaasgevind. Hier het Satan weer die wêreld gekies en uiteindelik voortgegaan met die moord van Ons Losser, Jahshua.

*14 En sy het tot die môre aan sy voetenent bly lê. Maar nog voordat een die ander kon herken, het sy opgestaan; want hy het gesê: Dit mag nie bekend word dat die vrou op die vloer gekom het nie.*

*15 Daarna sê hy: Gee die tjalie wat jy om het, en hou dit oop. En sy het dit oopgehou,* ***en hy het ses [mate] gars afgemeet*** *en dit op haar gesit en die stad ingegaan****.)*** **die getal van die mens is 6, 6 tydperke, 6 dae en stel die 6000 jaar voor waarin sy gaan oes)**

*16 Toe sy by haar skoonmoeder kom, het dié gevra: En toe, my dogter? En sy het haar alles vertel wat die man aan haar gedoen het,*

*17 en gesê: Hierdie ses [mate] gars het hy my gegee, want hy het gesê: Jy moet* ***nie met leë hande*** *by jou skoonmoeder kom nie. )***moet nie sonder enige gereddenes in die Vaderhuis aankom as jy klaar gewerk het nie)**

*18 En sy antwoord: Sit stil, my dogter, totdat jy weet hoe die saak uitval; want die man sal nie rus tensy hy vandag nog die saak afgehandel het nie.*

***Boas trou met Rut. Die geboorte van Obed.***

*4 EN Boas het opgegaan na die poort en daar gaan sit. En toe die losser juis daar verbygaan van wie Boas gespreek het, sê hy: Vriend, kom nader, en sit hier! En hy het nader gekom en gaan sit.*

*2 Daarop neem hy tien man uit die oudstes van die stad en sê: Sit hier! En hulle het gaan sit.*

*3 En hy sê vir die losser: Die stuk land (***die gestorwene Lucifer se hele erfdeel***) van ons broer EliMeleg wil Naómi, wat uit die veld van Moab teruggekom het, verkoop.*

*4 Nou het ek gedink, ek sal jou dit meedeel en sê: Koop haar voor die wat hier sit, en voor die oudstes van my volk; as jy wil los, los dan; maar as jy nie wil los nie, gee my te kenne, dat ek dit kan weet, want daar is niemand om te los behalwe jy nie, en ek ná jou. En hy antwoord: Ek sal los.*

*5 Daarop sê Boas: Die dag as jy die land uit die hand van Naómi koop, **dan verwerf jy tegelyk Rut, die Moabitiese, die vrou van die dode, om die naam van die dode in stand te hou oor sy erfdeel**.*

*6 En die losser sê: Ek kan haar nie vir my los nie, **anders bederf ek my erfdeel**; neem jy my lossingsreg oor, want ek kan nie los nie.*

Hier besluit Lucifer, die naaste losser, om nie die Waarheid te verlos nie, want Sy sou sy bedorwe erfdeel besmet, dis nou volgens hom. Die ware rede is dat Lucifer besoedel wou bly, dit was en is vandag nog sy eie vrye wil om so te wees. Sy erfdeel is die ewige dood en hy weet dit en hy kies dit elke keer.

*7 En dit was vroeër in JisraEl die gebruik by Reg van Lossing en by ruiling om enige saak van krag te maak: die een trek sy skoen uit en gee dit aan die ander; dit was dan die bekragtiging in JisraEl.*

*8 Daarom het die losser vir Boas gesê: **Koop haar vir jou**; en hy het sy skoen uitgetrek.*

*9 Toe sê Boas aan die oudstes en al die mense: **Julle is vandag getuies** dat ek alles wat aan EliMeleg en alles wat aan Giljon en Maglon behoort het, uit die hand van Naómi koop.*

*10 En **ook Rut, die Moabitiese, die vrou van Maglon, verwerf ek vir my as vrou** om die naam van die dode oor sy erfdeel in stand te hou, sodat die **naam van die dode onder sy broers en uit die poort van sy woonplek nie uitgeroei word nie**. Julle is vandag getuies.*

Hierdie skoen van die eerste losser, waarmee die lossingsreg bekragtig is, stel die prys voor wat Jahhsua moes kom betaal vir die verlossing van hierdie kinders van die dode, elke dooie van Maglon en van Giljon het nou die kans verkry om lewend te word deur Boas, die Losser, oftewel JaHshua die Verlosser.

*11 Toe sê al die mense wat in die poort was, en die oudstes: Ons is getuies; **mag JaHWeH die vrou wat in jou huis inkom, maak soos***

***Ragel en soos Lea wat saam die huis van JisraEl gebou het; en verwerf mag in Éfrata en maak 'n naam in Betlehem!***

*12 En mag jou huis word soos die huis van Peres wat Tamar vir JeHûWdah gebaar het - uit die nageslag wat JaHWeH jou uit hierdie jong vrou sal gee! 13 So het Boas Rut dan geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het by haar ingegaan, en JaHWeH het vir haar swangerskap gegee,* ***en sy het 'n seun gebaar****. 14 Toe sê die vroue* ***vir Naómi****: Geloofd sy JaHWeH wat aa****n jou vandag 'n losser nie laat ontbreek het nie!*** *En mag sy naam in JisraEl geroem word!*

*15 Hy sal vir jou een wees wat jou siel verkwik en jou grysheid versorg; want jou skoondogter wat jou liefhet, het hom gebaar,* ***sy wat vir jou meer werd is as sewe seuns****.*

*16 En Naómi het die kind geneem en op haar skoot gesit, en sy het sy pleegmoeder geword.*

*17 En die buurvroue het hom 'n naam gegee en gesê: Vir Naómi is 'n seun gebore! En hulle het hom genoem* ***Obed****;)*beteken kneg*) hy was die vader van Isai, die vader van Dawid.*

Hier is weer wonderlike simboliek betrokke en mens kan lank hieroor gesels, maar die kern van die saak is dat die geestelike Rut nou in die huwelik getree het met JaHshua, Sy is nou die Waarheid op aarde, uitgestort 50 dae na Jahshua se opstanding as ons Trooster en sy is nou die vrou in **Openbaring 12** wat innerlik die seuntjievolk gaan baar, (die innerlike wedergeboorte) naamlik die Melgisédek-orde van die eindtyd wat `n Obed/kneg van Jahshua sal wees, waarin die Hemelse Moedergees haar sal verbly, want Sy Self het nou `n losser gekry om al die verlorenes in hierdie eens gevalle ryk van Lucifer terug te bring. Die Melgisèdek-orde is ook niks anders as die Bruid van JaHshua nie, dit is niemand anders as die Volksbruid van Jahshua nie, naamlik die verenigde kinders met die Gees van Waarheid in hulle en van wie JaHshua sê dat Sy, hierdie Bruid meer werd is as sewe seuns, verwysend na die sewe aartsengele. Hoe wonderlik is dit nie dat ons hier op aarde die moontlikheid gegun word om groter as die sewe aartsengele te word nie!

Voordat ek egter die volgende boeke, die boeke van Judit en Ester, behandel, moet ons eers gaan kyk na die begrip, naamlik, "Die Sewe Geeste van JaHWeH". Ons vind `n gedetaileerde uiteensetting in die Nuwe openbaring, naamlik in die Groot Evangelie van Johannes **Boek 7, Hoofstuk 18** waar die aartsengel RafaEl die apostels die volgende lering gee:

## Hoofstuk 19

## Die sewe Oergeeste van Elohim. Die verlossing

18 ***RafaEl*** *sê: [2] Die oergeskapene groot geeste is immers die gedagtes in Elohim en die daaruit voortkomende idees.*

*[3] Die mistieke getal sewe verwys na die volkome oorspronklik goddelike en is aan Elohim gelyk in elke van Sy uitgaande gedagtes en in elke idee wat deur Hom gevorm is en as te ware uit Hom na buite geplaas is.*

*[4] Die* ***eerste*** *in Elohim is die* ***Liefde****. Sy is in alle geskape dinge te vinde, want sonder liefde kan niks bestaan nie.*

*[5] Die* ***tweede*** *is die* ***Wysheid****, die uit die liefde voortkomende lig. Ook Haar kan jy in elke wese aan sy vorm waarneem, want hoe ontvankliker `n wese is vir lig, des te meer ontwikkel, verfynd en mooier sal sy vorm ook wees.*

*[6] Die* ***derde****, wat uit die Liefde en die Wysheid voorkom, is die* ***Werksame Wil*** *van Elohim. Daardeur word die gedagte wesens eers werklikheid, sodat hulle dan werklik bestaan en aanwesig is, anders sou alle gedagtes en idees van Elohim dieselfde wees as jou niksseggende gedagtes en idees, wat nooit realiteit word nie.*

*[7] Die* ***vierde*** *wat weer uit hierdie drie ontstaan, is en heet die* ***Orde****. Sonder hierdie Orde sou `n wese nooit `n blywende en vaste vorm en dus ook nooit `n bepaalde doel gehad het nie. Want as jy `n os voor die ploeg span en sy vorm en gedaante sou verander, byvoorbeeld in `n vis of in `n voël, sou jy dan wel ooit `n doel daarmee kan bereik? Of as jy `n vrug sou wil eet, wat voor jou mond in `n klip sou verander, wat sou jy dan aan die vrug hê? Of as jy êrens oor `n vaste weg sou heengaan en die weg sou onder jou voete in water verander, sou die stewigste weg jou dan help? Kyk, dit alles en ontelbaar veel meer word verhoed deur die goddelike orde as vierde gees van Elohim!*

*[8] Die* ***vyfde*** *gees van Elohim heet die* ***Goddelike Erns****, waarsonder geen enkel ding `n bestaansmoonlikheid sou gehad het nie, omdat hy ooreenkom met die ewige waarheid in Elohim en Die gee aan alle wesens eers die ware duursaamheid, die voortplanting, die gedy en die uiteindelike vervolmaking. Sonder die gees in Elohim sou dit vir alle wesens baie sleg daar uitsien. Hulle sou vir julle as die bousels van `n 'fata morgana' voorkom, wat wel iets blyk te wees solank mens hulle sien. Maar die voorwaarde waardeur hulle veroorsaak word, verander maar al te gou, omdat daar geen erns daarin heers nie en die mooi en*

*wonderbaarlike bousels verdwyn in die niet! Hulle sien weliswaar ook baie goed georden daaruit, maar omdat daar in die oorsaak wat hulle laat ontstaan het, geen erns heers nie, is hulle niks as baie losse bousels, wat onmoontlik bestendigheid kan hê.*

*[9] Kyk, dit is dan al vyf groot oergeeste van Elohim, en nou sal ons nog oorgaan tot die twee laastes; luister dus nog verder na my!*

*[10] Waar die hoogste Liefde, die hoogste Wysheid, die almagtige Wil, die volkome Orde en die onveranderlik, standvastigste Erns aanwesig is, moet tog duidelik ook die grootste en ewig nooit bereikbare **Geduld** aanwesig wees, want sonder die geduld sou alles in `n stroomversnelling raak en ten slotte in `n onontwarbare chaos van die ou wyses eindig.*

*[11] Wanneer `n boumeester `n huis bou, mag hy tog naas die ander eienskappe wat daarvoor nodig is, ook nie die geduld vergeet nie, want as hy dit nie het nie, dan - glo my - sal hy sy huis nooit kan voltooi nie.*

*[12] Ek sê vir jou: as Elohim hierdie gees nie sou gehad het nie, dan sou daar al bykans eindeloos lank geen aardse son meer in die oneindige ruimte geskyn het nie en in die wêreld van die geeste sou dit daar heel vreemd, volkome onwerklik uitgesien het. Die Geduld is die moeder van die ewige, onveranderlike barmhartigheid van Elohim en as hierdie **sesde** gees nie in Elohim aanwesig sou gewees het nie, waar en wat sou alle skepsele dan teenoor die enigste Almagtige Elohim wees?!*

*[13] As ons dan ook op een of ander wyse faal en ons daardeur klaarblyklik prysgee aan die vernietigende vloek van die goddelike Liefde, Wysheid en van die goddelike Wil, waarop Sy Erns volg, vanweë die voorafgaande Orde, dan steun ons op die goddelike Geduld, wat mettertyd tog alles in ewewig bring en moet bring, want anders sou alle skepsele, ook al was hulle hoe volmaak, hulle oorgelewer het aan die ewige oordeel van die verderf.*

*[14] Die goddelike Geduld sou met die eersgenoemde vyf geeste in Elohim wel één of ook wel talloos vele mense op die hemelliggame skep en ook blywend onderhou, maar dan sou `n mens of ook talloos vele mense in die swaar vlees vir `n eindelose tyd voortlewe en van `n uiteindelike vrywording van die siel uit die bande van die materie, sou dan ewig lank geen sprake gewees het nie. Tewens sou diere, plante en mense hulle steeds maar vermeerder en ten slotte deur hulle aantal op die beperkte ruimte van `n hemelliggaam so naby op mekaar gedring woon, dat die een nie meer vir die ander sou opsy kan gaan*

*nie. Met dien verstande dat `n hemelliggaam onder die beheer van die eindelose goddelike geduld ooit nog sover ryp sou kan word, dat dit plante, diere en mense sou kan dra en voed. Ja met die ses geeste waarmee ek jou tot nog toe maar net laat kennis maak het, sou selfs die skep van `n stoflike wêreld oneindig traag gaan en dit sou baie die vraag wees of daar wel ooit `n wêreld in die materie te voorskyn sou kom.*

*[15] Maar die Geduld is, netsoos reeds gesê, die Moeder van die goddelike Barmhartigheid en daarom is die **sewende** gees in Elohim dan ook die **Barmhartigheid**, wat ons ook die Sagmoedigheid wil noem. Sy bring alles in orde. Sy orden alle vroeëre geeste en sorg vir die tydige rypheid, van `n wêreld, sowel as van alle skepsele daarop. Vir alles het sy `n bepaalde tyd gestel en die ryp geworde geeste kan sodoende vlug en maklik hulle volledige verlossing verwag en hulle ewige vryheid en volledige lewenselfstandigheid aanvaar.*

*[16] Hierdie sewende gees in Elohim het dan ook daarvoor gesorg dat Elohim Self in die vlees kon kom om daardeur alle gevange geeste binne die kortste moontlike tyd uit die harde bande van die noodsaaklike oordeel van die materie te verlos, en dié werk van Hom - die verlossing - kan dan ook die hernieude skepping van die hemel en die wêrelde en dus die grootste werk van Elohim genoem word, omdat al sewe geeste van Elohim volledig ewewigtig daarin werk, wat vroeër nie so veel die geval was en ook nie mag nie, vanweë die gees van die Orde in Elohim. Want vroeër het hierdie sewende gees in Elohim, wat nou aan jou bekend is, slegs in soverre met die ander geeste saamgewerk het, sodat alle gedagtes en idees van Elohim realiteite kon word; van nou af aan werk hy egter kragtiger en die volkome verlossing is juis die gevolg daarvan.*

*[17] En sien jy nou, **dit is die sewe Geeste van Elohim** wat jy nie begryp het nie; en al die geskapene uit die sewe Geeste van Elohim kom in alles met hierdie sewe Geeste van Elohim ooreen en dra Hulle in hom. En die ewig voortdurende skepping en die netso onophoudelike skepping is dit wat die oerwyses van hierdie aarde die 'oorloë van JaHWeH' genoem het."*

Elkeen van hierdie eienskappe korrespondeer met een kleur van die reënboog en sodra al sewe kleure begin skyn, en dit word saamgevoeg, het ons suiwer wit lig*. Hierdie sewe geeste is dan ook wat bedoel word met die kandelaar wat brand in **Openbaring 4**, terugverwysend na die kandelaar wat in die Heilige deel van die tabernakel gestaan het en wat

aandui hoedanig die mens se siel moet funksioneer in hierdie sewe verskillende eienskappe, sodat suiwer wit lig deur die hart, wat as prisma dien, gereflekteer word na die geestesdimensie in jouself. Sodra hierdie sewe geeste in volkome harmonie kan funksioneer, is daar niks meer wat die deur na die Allerheiligste in jouself blokkeer nie. Hierdie bereiking van suiwer wit lig is dus die hoof voorwaarde vir innerlike wedergeboorte van die gees, naamlik die finale wedergeboorte, of eenwording met JaHshua**.**
**(*sien Aanhangsel B)**

# Hoofstuk 20

## Die Trooster geopenbaar in die Boek van Judit

Hierdie boek is ook as Deutero-Kanoniek verklaar deur die manlike priesterordes van die Protestantse kerk en hulle het dit dan uit hul oorspronklike Bybel van Nicea gehaal. Die rede is oorduidelik weer dieselfde, naamlik dat hierdie boek uitsluitlik gaan oor die destydse manlike Israel-priesterorde wat te lamsakkig was om vir hul volk in te staan by Vader JaHWeH, en wat tot gevolg gehad het dat hierdie weduwee, Judit, die oorwinning vir die volk bewerk het deur die vyand se krag, in die vorm van hul aanvoerder, se kop af te kap en aan die stadspoorte op te hang. Hierdie dapper onselfsugtige daad het toe nie net daardie stad Betoel verlos nie, maar het die hele Israel bevry van die aanslag van die destydse wêreldheerser, Nebukadnèser. Mevrou, dit sal goed wees as u nou die tyd sal neem en die hele Boek van Judit aandagtig sal deurlees, want mens kan onmoontlik nie al die verse hier herhaal nie, slegs die kerngedagtes. Beredenering van hierdie boek sal op twee vlakke geskied, naamlik die Geestelike vlak, wat die verlossing aan die einde van die volk by Golgotha weerspieël, sowel as op die Hemelse vlak, wat vir ons iets vertel wat in die geestesryk van Lucifer gebeur het, toe daar slegs engelgeeste bestaan het, lank voordat die aarde eers bewoon was deur die Adamitiese geslag.

Op hemelse vlak stel Nebukadnèsar vir Lucifer voor, sy opperbevelvoerder stel Lucifer se bose krag en mag voor wat hy in hierdie man, Holofernes, geplaas het om die res van sy geestesryk met geweld oor te haal om vir hom, Lucifer, as Elohim te aanbid. Hierdie res was die tweederdes engele wat hom **nie as Elohim beskou en aanbid het nie,** maar wat getrou gebly het aan JaHWeH.

Op geestesvlak, sowel as hemelse vlak stel Nebukadneser en Holofernes nog steeds die Satan voor, wat op aarde in beheer was, maar wat op Golgotha vernietig is deur onse Meester, Jahshua, volkome androgien met Sy vroulike Gees van Waarheid, die Trooster in Homself as die innerlike bron van sy Krag op aarde. Die Trooster word voorgestel deur Judit, die weduwee, wat `n geestelike weduwee was voor Jahshua se koms en wat vir miljarde eons in die destydse hemelse geestesryk van Lucifer was sonder Haar Man, soos verhaal in die vorige hoofstuk uit die Boek Hooglied, waar sy sonder JaHWeH moes smag agter tralies en in

rotsklowe. In JaHshua is Sy toe weer verenig in Homself as Sy Ewige Bruid, gegee tydens Sy doop as die Duif van Waarheid wat op Sy hoof neergedaal het. Vanaf hierdie oomblik was Sy nie meer `n weduwee nie, want Haar vroulike krag het EEN geword met Jahshua se manlike krag en Hy was nou die volkome aardse afbeelding van die Hemelse Goddelike drie-eenheid, naamlik die Weg, die Waarheid en die Ewige lewe. (Liefde, Wysheid en Krag)

Judit verklaar die volgende aan Holofernes en ek beskou dit as belangrik om die res van die verhaal op geestelike en hemelse vlak te verstaan. Dit handel oor die gees en krag van Satan wat oor die hele gebied uitgestort was, behalwe oor Israel, die kinders wat getrou aan JaHWeH gebly het, wat ook die tweederdes in die toentertydse engele geestesryk voorstel.

> *11:7 Want soos Nebukadnésar, (***Lucifer/Satan***) die koning van die hele Aarde leef, so leef ook die mag* ***(K*rag as Holofernes***) van hom wat u gestuur het vir die tugtiging van elke lewende wese; omdat nie alleen die mense hom deur u onderdanig is nie, maar ook die wilde diere van die veld en die vee en die voëls van die Hemele,* ***deur u krag leef vir Nebukadnésar en sy hele huis****.*
>
> *11:8 Want ons het verneem van u wysheid en* ***van die werke van u gees****; en aan die hele Aarde het dit bekend geword dat in 'n oorlog alleen u dapper is in die hele koninkryk en kragtig in kennis en bewonderenswaardig in veldtogte.*

Ons begin dan nou met die beskrywing van Nebukadnèser se leërmag en sy opmars na Israel. Ek sal belangrike begrippe verdik en notas in hakies plaas. Lees asb egter Nebukadnèser as Lucifer, Holofernes as die werksame bose gees of krag van Lucifer (**vers 11:7-8**) en die priesters van Israel as die destydse kragtelose en bang priesterorde en Judit as die toekomende Krag in Jahshua, Wie volkome verlossing vir Israel gebring het in en deur Sy vroulike deel, die Gees van Waarheid.

> *1:16 Toe het hy na Ninevé teruggekeer, hyself en* ***die hele bont menigte en sy baie groot skare van krygsmanne. Daar het hy ligsinnig en losbandig geleef****, hyself en die leërmag, vir 'n tyd van honderd-en-twintig dae.*
>
> *2:20 En 'n* ***bont menigte****, so talryk soos sprinkane en soos die sand van die Aarde, het met hulle saamgegaan, wat* ***vanweë hulle menigte ontelbaar was****.*

Dit was die aard van sy leër, `n vermengde roesemoes van wesens/mense wat alle orde van Elohim verwerp het. Dit was die aard van die eenderde rebelle engele wat Lucifer in sy val na die dieptes gevolg het. Dit is dan ook die mense op aarde wat die Satan dien, regdeur tot nou in ons tyd, waar Nebukadnèser maar net `n ander voorstelling is van die Eenwêreld-heerser, die Antichris, wat moet kom. Die bontheid stel dan ook `n vermengde geloof voor, iets van alles, sonaanbidding, hemelkoningin aanbidding, okkultisme, ens binne die huidige Christelike geloof.

> *2:5 Dit sê die groot koning, die meester van die hele Aarde: Kyk, jy moet wegtrek van voor my aangesig, en jy moet met jou saamneem **manne wat op hulle eie krag vertrou** – (***net soos wat hy, Lucifer, op sy eie krag vertrou het***) honderd-en-twintig duisend voetknegte en 'n menigte perde saam met twaalf-duisend ruiters.*
>
> *3:8 Maar hy het hulle hele Aarde verwoes en hulle Asherahs omgekap; want hy het die opdrag gekry **om al die gode van die Aarde uit te roei**, sodat al die nasies **alleen Nebukadnésar sou aanbid**, en sodat al hulle tonge en stamme hom tot god sou uitroep.*
>
> *6:2 Wie is jy, Agior, en wie is die huurlinge van Efraim, dat jy onder ons geprofeteer het soos netnou en dat jy sê om nie teen die geslag van JisraEl oorlog te voer nie omdat hulle Elohey hulle sal beskerm? **En wie is elohim behalwe Nebukadnésar?** Dit is hy wat sy leër stuur en wat hulle sal uitroei van die aangesig van die Aarde, sonder dat hulle Elohey hulle sal bewaar.*

Duidelike beeld van die alleenheerskappy van Satan waarna gestreef word. Selfs die afgodery sal moet plek maak wanneer Satan as die Antichris aan die einde kom om die wêreld te regeer.

> *7: 6 Die volgende dag het Holofernes sy hele ruitery uitgelei tot voor die oë van die **kinders van JisraEl wat in Betoel gewees het**.*

Hulle stel die beleërde Sion voor waardeur die uiteindelike verlossing sal kom deur onse Jahshua/Trooster.

> *7: 7 Ook het hy die toegangsweë na hulle Stad in oënskou geneem, na die **fonteine gaan kyk en hulle in besit geneem**; hy het wagposte van krygsmanne daarby geplaas en daarna weer teruggegaan na sy manskappe.*

Mevrou, u behoort noual te weet dat fonteine geestelike bronne is, en dit is presies wat Satan in hierdie wêreld gedoen het, hy het beslag gelê op al die fonteine (Bybels en ander geestelike geskrifte, asook geestelike opleidingskole) sodat die kinders nie die volle waarheid kon kry nie. Eeue

gelede kon slegs Roomse priesters die Bybel lees. Die Protestante het dit egter later toegelaat, maar nog steeds die ware fontein geslote gehou vir die volk, naamlik die werking van die Troostergees as vroulike Wese, Wie Een is in en met JaHshua, maar na ons aarde gebring as weduwee, totdat sy nou aan die einde weereens as Bruid met ons sal verenig sodat die finale Volksbruid met haar Bruidegom sal verenig.

> *7:8 Toe het al die owerstes van die* ***kinders van Esau*** *en al die* ***leiers van die volk van Moab*** *en die bevelhebbers van die kusgebied na hom toe gekom, en hulle het gesê:*
>
> *7:12 Bly in u kamp en spaar elke man van u troepemag, maar laat u manskappe* ***net die fontein beset hou*** *wat uit die voet van die berg stroom,*
>
> *7:13 want daarvandaan kry* ***al die inwoners van Betoel hulle water****.* ***Die dors sal hulle swak maak, sodat hulle hulle Stad oorgee****. Ons en ons volk sal op die naburige bergtoppe klim en daar laer* ***om wag te hou****, sodat nie een man die Stad kan verlaat nie.*
>
> *7:21* ***Die waterputte het leeg geword****, en daar was nie water om selfs een dag genoeg te drink nie, omdat hulle afgemete hoeveelhede gegee het om te drink.*

Hier sien u dat die verraderlike Edomiet (die Jood)* en Moabiet (baster), geswore vyande van Israel, dadelik met Satan saamspan en direk na die kennisbronne gaan om dit in besit te neem, net soos in die tyd van Jahshua se koms, toe die Edomitiese gespuis onder Annas en Kajafas die tempel in besit geneem het en die volk laat versmag het onder menslike leerstellinge. Ook is dit net so in ons tyd vandag, dat die Edomiete die totale beheer het oor die Bybelverspreiding en vertalings, deur hulle Joodse insypelaars regoor die wêreld (soos die selferkende Jood, Johan Heinzowitch in Suid-Afrika, as moderator van die destydse NG kerk, asook ander Joodse susterkerk-stigters, soos Leon en Frans Cashé**. *(*sien "****Who is Esau Edom****" wat afgelaai kan word op Internet) (** Baälpriesters deur Michael C Eksteen)*

Die Israel volk is bevange toe hulle die oormag soldate sien en wil dadelik oorgee. Ook die priesterorde swig onder die druk van die volk en stel `n ultimatum aan Elohim dat as Hy nie verlossing binne vyf dae bring nie, hulle sou oorgee en slawe van Satan word.

> *7:26 (*Die Israelvolk*) Nou dan, roep hulle en* ***gee die hele Stad as buit oor*** *aan die manskappe van Holofernes en aan sy hele leër;*

*7:27 want dit is beter vir ons om hulle buit te word.* ***Dan sal ons hulle slawe wees en ons bly lewe.*** *En ons sal nie met eie oë die dood aanskou van ons klein kindertjies en hoe ons vroue en kinders die gees gee nie.*

*7:30 Toe het UzziJaH vir hulle gesê: Hou goeie moed, broers!* ***Laat ons nog vyf dae langer uithou*** *waarin JaHWeH, onse Elohey Sy Ontferming na ons kan toekeer, want Hy sal ons nie volkome verlaat nie.*

So het die Suid-Afrikaanse Christelike priesterorde ook die destydse blanke Suid-Afrikaanse regering geadviseer dat hulle apartheid moet afsweer, want anders sal die wêreld se Christelike organisasies, soos die Wêreldraad van Kerke en ander, hulle nie meer aanvaar nie. Dis is alombekend dat PW Botha, destydse president van Suid-Afrika, die vraag pertinent aan die drie moderators van drie Susterskerke gestel het, en hulle eenparig geantwoord het, "apartheid is `n sonde teen die mensdom", dit, terwyl elkeen van hulle in die Hebreeuse en Griekse taal opgelei is en hulle geweet het dat "apartheid" slegs een betekenis het, naamlik "Heiligheid"*. Let wel dat dit eerstens oor geestelike apartheid in die Skrif gaan, waaruit die fisiese dan voortspruit. Om apart te lewe, met jou eie geloof in jou eie wettige land, is mos nie om ander nasies te verdruk nie! Dis is `n lewenswyse wat deur miljarde mense op aarde uitgeoefen word, soos ook die Moslems in Arabiese en Afrika lande, Talmoediese Jode in Palestina en Boeddhiste in Japan *(*Sien uittreksels uit 13 gesaghebbende woordeboeke oor wat heilig beteken in* ***Aanhangsel B****).*

*8:4 En Judit was al* ***drie jaar en vier maande*** *'n weduwee in haar huis gewees*

*8:5 Sy het vir haar op die dak van haar huis 'n tent gemaak, en sy het haar lendes met 'n boetekleed omgord, en sy was altyd* ***aangetrek in die kleed van haar weduweeskap****.*

*8:6 En al die dae van haar weduweeskap het sy gevas, uitgesonder op die Sabbat en met die maandsvernuwing en op die Fees- en Jubeldae van die Huis van JisraEl.*

*8:7 Sy was besonder mooi van gestalte en skoon om te aanskou. Verder het Manasse, haar man, aan haar goud en silwer en slawe en slavinne en vee en grond nagelaat, en sy het dit in die oog gehou.*

*8:8 Daar was ook niemand wat behoefte gehad het aan 'n woord van afkeuring nie, want sy het JaHWeH gevrees.*

40 Maande stel `n reinigings- en vasperiode voor waaruit sy gekom het, vergelyk dit met die ontelbare eons waar die Gees van Waarheid in die destydse Engeleryk van Lucifer onderdruk was, totdat Jahshua gekom en Haar gehaal het en Haar toe vir ons uitgestort het as Trooster. In al daardie tye was Sy Weduwee met Haar kinders.

> *8:12 Nou dan, wie is julle wat Elohim vandag versoek, en **wat julle bo Elohim plaas** in die midde van die seuns van die Adam?*
>
> *8:13 Want julle is nou besig om die Almagtige JaHWeH na te vors, en tog sal julle tot in ewigheid niks weet nie.*
>
> *8:14 Want die diepte van 'n adamiet se hart kan julle nie peil nie, en die gedagtes van sy gees kan julle nie vat nie. Maar hoe kan julle dan wel Elohim begryp, wat hierdie dinge gemaak het, en **hoe kan julle dan Sy Wysheid verstaan en Sy rede begryp**? Nooit, broers! En vertoorn nie JaHWeH, onse Elohey nie!*
>
> *8:15 Want ook wanneer Hy ons nie binne hierdie vyf dae wil help nie, dan besit Hy tog nog die mag om ons in soveel dae soos Hy wil, te beskerm of uit te roei voor die aangesig van ons vyande.*
>
> *8:16 En julle, moenie die Raadsbesluite van JaHWeH, onse Elohey afdwing nie, want JaHWeH laat Hom nie soos 'n adamiet dreig of soos 'n seun van adam 'n dagverdeling voorskryf nie.*
>
> *8:17 Laat ons daarom, **terwyl ons Sy uitredding afwag, Hom roep om ons te help;** en Hy sal ons stem verneem, wanneer dit Hom behaag.*

Niks verder hoef gesê te word oor die oorgawe van die blanke in Suid-Afrika gedurende die 1990`s nie. Die hele blanke landsbestuur, sowel as kerklike bestuur, het soos skoothondjies agteroor gaan lê in hul oorgawe, want hulle het GEEN GELOOF MEER GEHAD NIE! Nêrens het `n regering op grootskaalse wyse die volk opgeroep tot verootmoediging en bekering nie, nee, eerder is van kansels af gepreek dat `n ja-stem `n stem vir God is en `n nee-stem, `n stem vir Satan is in die 1993 referendum, toe die blanke Afrikaner moes besluit of hy onder `n godlose, goddelose, kommunistiese bewind sou staan wat sy Elohim sou gelykstel met al die gode van die bont menigte ("we are one, the new rainbow nation!").

> *8:28 Toe sê UzziJaH vir haar: Alles wat jy sê, het jy in die suiwerheid van jou hart gepraat; en daar is niemand wat jou woorde sal bestry nie.*
>
> *8:29 Want jou wysheid blyk nie van vandag nie; inteendeel, die hele volk ken jou verstandigheid reeds sedert die begin van jou dae, omdat jou hart reg is.*

*8:30 Maar omdat die volk versmag van dors, het hulle ons gedwing om te doen soos ons vir hulle gesê het en om ons onder ‘n eed te plaas, wat ons nie sal breek nie.*

*8:31 Nou dan, bid vir ons, omdat jy ‘n vrou is wat Elohim vrees; en JaHWeH sal reën stuur om ons putte vol te maak; en ons sal nie meer verswak nie.*

*8:32 Toe sê Judit vir hulle: Luister na my; ek gaan ‘n daad doen wat die kinders van ons geslag aangaan in lengte van dae.*

*8:33 Gaan julle vannag by die poort staan, dan sal ek uitgaan saam met my kamerbediende; en in die dae, na verloop waarvan julle gesê het om die Stad aan ons vyande oor te gee, sal JaHWeH neersien op JisraEl deur my hand.*

Hierdie keer sal dit egter nie gaan soos wat dit 20 jaar gelede met ons gegaan het nie, want nou is daar die Dogter van Sion in die Skrif wat aan die eindtyd aanvaarbare offers sal bring vir ons Vader, net soos Judit dit destyds gedoen het, toe sy opgetree het binne die orde van JaHWeH. Sy het die beleërde stad verlaat (vals kerke en hul doktrines) en daadwerklik in geloof na die vyand gestap om hom met lis en moed en durf te verslaan. Sy gaan voort om hierdie hartroerende gebed te rig tot Elohim.

*9:8 JaHWeH is U Naam: U breek hulle sterkte deur U Krag en U verneder hulle krag deur U Woede. **Want hulle het besluit om U Apartheid te skend**, om die Tempel van die rus van U roemryke Naam te besoedel, en om die horing van U altaar met yster af te kap.*

*9:9 Aanskou hulle vermetelheid; bring U Woede op hulle hoofde; **gee in die hand van my wat weduwee is die Krag** wat ek oorweeg het.*

*9:10 Tref die slaaf deur die bedrog van my lippe by die heerser, en die heerser ter wille van sy bediende. **Breek hulle trots deur die hand van ‘n vrou.***

*9:11 Want U Krag bestaan nie in ‘n groot menigte nie; U mag is nie geleë in krygsmanne nie. **U is ‘n El van nederiges, U is ‘n helper van die wat min is, U is ‘n bystand vir swakkes, ‘n Beskermer van verworpelinge, ‘n Redder van wanhopiges***

*9:12 Ja, U is die Elohey van my vader, en die Elohey van die Erfdeel van JisraEl, die Elohey van Hemele en Aarde, Skepper van die waters, Koning van die hele skepping. Luister na my smeking!*

*9:13 Laat my woord en bedrog dié verwond en gesel wat kwaad beoog **teen U Verbond en U Woning van Apartheid en die kruin van Sion en die Huis waar U kinders woon.***

*9:14 En leer U hele volk en elke stam om tog in te sien dat U, JaHWeH, die Elohey van alle Krag en mag is, en dat geen ander die volk van JisraEl beskerm nie, behalwe U.*

Hoe wonderlik is hierdie gebed van Judit nie in ons Boerevolk se huidige toestand nie! Ons is vandag swak, verworpe, min en wanhopig. Ons kort nog net die nederigheid om verlos te word, `n nederigheid wat erken en glo dat hy ons SAL verlos, weereens deur die hand van `n vrou, die Trooster wat een sal word met die Sionsbruid aan die eindtyd in Suid-Afrika.

*10:1 NADAT sy opgehou het om te roep na die Elohey van JisraEl en al daardie woorde gesê het,*

*10:2 het sy opgestaan van die plek waar sy neergeval het, en sy het haar kamerbediende geroep en afgeklim na haar huis, waarin sy slegs op die Sabbatdag en die Feeste vertoef het.*

*10:3 Toe het sy die* ***boetekleed wat sy dra, uitgetrek en die klere van haar weduweeskap afgelê****; sy het haar liggaam met water gewas en met dik mirre gesalf; sy het die hare van haar hoof gekam en daarop ‘n hoofversiersel gesit; en sy het haar feesklere aangetrek waarmee sy haar getooi het in die dae toe haar man Manasse nog geleef het.*

*10:4 Sy het sandale aan haar voete gesit en voetringe, armbande, vingerringe, oorversiersels en al haar sieraad; en sy het haar besonder fraai gemaak om die oë te bedrieg van al die manne wat haar mag gewaar.*

*10:5 En aan haar kamerbediende het sy* ***‘n sak wyn*** *gegee en* ***‘n kruik olyfolie****; sy het ook ‘n reissak volgemaak met* ***gars, gedroogde vrugte*** *en* ***goeie brode****; en sy het haar sak toegebind en vir haar bediende opgelê.*

Hierdie daad is tweeledig en wys ook heen na die Bruid aan die eindtyd wat van haar boetekleed verlos word deur die wederkoms van die Koning, wie se innerlike vroulike Gees, die Trooster die volksbruid reinig (was), haar klee met die bruidsklere (**Openbaring 19:8**) en nou is die bruid gereed, vervul met goddelike liefde (wyn), bekragtig met die volle salwing van Krag uit die hemele (olyfolie). Gars, gedroogde vrugte en goeie brode stel alles hulpmiddele waaroor sy nou beskik om die vyand mee te verslaan. Let op dat sy geen wapen saamneem nie, slegs die geestelike wapens. Hoe sê die Skrif weer in **Sagaria 4:6,** “*nie deur krag of geweld nie, maar deur My Gees*”.

Met slim lis het sy hierdie Holofernes uitoorgelê, wie in sy dronkenskap in `n onkapabele toestand en in `n dronke beswyming op sy bed gelê het, net soos wat die huidige kerke in hul dronk beswyming van die hoer van Babilon se wyn magteloos is. Hulle is geestelik totaal kragteloos. Ons sien dit egter net nie raak nie, ons sien hul uiterlike krag en mag en dan maak ons net soos die ruggraatlose priesterorde, ons kapituleer nog voor ons eers in geloof begin veg het teen hulle.

> *13:3 En Judit het vir haar slavin gesê om buitekant haar slaapvertrek te staan en wag, totdat sy uitkom soos elke dag; want sy het gesê dat sy sou uitgaan vir haar gebed, en ook met Bagoas het sy ooreenkomstig hierdie afspraak gepraat.*
>
> *13:4 En almal het weggegaan, en niemand, van klein tot groot, het in die slaapvertrek agtergebly nie. En Judit het by sy rusbed gaan staan en het in haar hart gesê: JaHWeH, El Almagtig, sien in hierdie uur neer op die werke van my hande tot verhoging van Jerusalem.*
>
> *13:5 **Want nou is die geskikte oomblik om U Erfdeel vas te hou** en my plan uit te voer tot vernietiging van die vyande wat teenoor ons staan.*
>
> *13:6 Toe het sy na die bedstang naby Holofernes se hoof gegaan en **sy swaard** daarvan afgehaak.*
>
> *13:7 En sy het nader aan die bed gegaan en die hare van sy hoof vasgegryp en gesê: Gee my Krag, JaHWeH, Elohey van JisraEl, op hierdie dag!*
>
> *13:8 En met al haar krag het sy twee keer op sy nek geslaan en sy hoof van sy liggaam gekap.*

So sal ons Trooster-Moeder, Judit weer die kop (krag) van Lucifer vernietig op aarde, wanneer Sy, werkend vanuit die Volksbruid van Jahshua, hierdie selfde taak gaan verrig om die wêreld te verlos van alle duiwelse krag. Hulle gaan verslaan word deur hul eie swaard, hulle eie valse woord/skrif gaan teen hulle gebruik word om hulle te vernietig.

Nou kom Judit terug na haar oorwinning oor die krag van Lucifer (Holofernes, arm van Nebukadneser):

> *13:11 En op 'n afstand het Judit vir die poortwagters geroep: Maak oop! **Maak oop die Poort**! JaHWeH, onse Elohey is met ons om JisraEl weer kragtig en sterk te maak teen die vyande, soos Hy vandag gedoen het.*
>
> *13:15 En sy het die hoof uit die sak geneem, en terwyl sy hom aan hulle wys, het sy gesê: Kyk, dit is die hoof van Holofernes, die opperbevelhebber van die leërmag van Assur; en kyk, hier is die*

*muskietnet waarin hy gelê het in sy dronkenskap.* ***JaHWeH het hom geslaan deur die hand van 'n vrou.***

Liewe Mevrou, hier verwys ek u ook weer na **1 Esra 3:12**, wat sê: *"die vrou is die sterkste, maar bowenal sal die Waarheid oorwin".* Ook die woorde *"maak oop die poort",* het betrekking op die Skrif waar Dawid in **Psalm 24:7** sê "*Maak oop die poort, sodat die Erekoning kan inkom*"

*14:18 Gewetenloos het hulle gehandel, die slawe!* ***Een vrou van die Hebreërs het skande gebring*** *oor die huis van koning Nebukadnésar. Want kyk, Holofernes lê op die grond , en hy het nie 'n hoof nie.*

Ook sal Satan se volgelinge weet dat hulle aan die einde deur `n Vrou verslaan sal word, naamlik die Bruid van JaHshua, wie een sal wees met die Trooster-Moeder.

*15:12 En al die vroue van JisraEl het gekom om haar te sien; en hulle het haar geprys, en hulle het uit hulle midde vir haar 'n koor gevorm. En sy het takke in haar hande geneem en gegee aan die vroue wat by haar is.*

*15:13 Toe het hulle Olyfkranse opgesit, sy en die wat saam met haar is. En sy het voor die hele volk vooruitgegaan in 'n reidans as leidster van die vrouens; en al die mans van JisraEl het in hulle wapenrusting en met kranse om, agterna gekom en lofliedere gesing.*

*15:14 In die midde van die hele JisraEl het Judit toe hierdie lofsang aangehef, en die hele volk het hierdie danklied nagesing.*

***Die lofsang van Judit*.**

***Hfs 16*** *1: EN Judit het gesê: Hef aan 'n lied vir my Elohey met tamboer-yne, loof JaHWeH met simbale; begelei Hom met psalmsing en lofprysing, verhoog en prys Sy Naam!*

*2 Want JaHWeH is onse Elohey wat 'n oorlog beslis; Hy het my na Sy laer in die midde van die volk gebring uit die hande van my vervolgers.*

*3 Assur het uit die berge van die noorde gekom; hy het gekom met sy geweldige leër, en hulle menigte het die bergstrome teengehou, en hulle perde het die heuwels bedek.*

*4 Hy het gesê dat hy my grond aan die brand steek, en my jonkmans sal dood met sy swaard, en my suiglinge sal werp op die Aarde, en my kinders sal weggee as buit, en my maagde hulle eer sal ontneem.*

*5 Maar die Almagtige JaHWeH het hulle verjaag* ***deur die hand van 'n vrou.***

*6 Want hulle leier het nie geval deur die hand van 'n jonkman, en nie seuns van helde het hom verslaan, en ook nie groot reuse het hom*

*gedood nie;* ***maar Judit, Merari se dogter, het hom verlam deur die skoonheid van haar gelaat****.*

*7 Haar weduweekleed het sy afgelê tot verhoging van wie swaar leef in JisraEl; haar gesig het sy gesalf met die olie uit mirre.*

*8 Haar hare het sy gebind met 'n hoofsieraad; 'n linnekleed trek sy aan tot misleiding.*

*9 Haar sandaal het sy oë gebuit, haar skoonheid sy gees gevang;* ***maar die swaard het deur sy nek gegaan.***

*10 Die Perse het gehuiwer voor haar durf, en Mediërs is verwar deur haar moed.*

*11 Toe het my verdruktes 'n geskreeu laat weerklink; en my swakkes, vol angs en verwarring, het luid hulle stemme verhef* ***en hulle vyand verwilder.***

*12 Deursteek is hulle soos die seuns van ontugtige vroue, en gekwes soos kinders van swerfsters; hulle het geval deur die slagorde van my Meester.*

*13 'n Nuwe lied sal ek sing voor my Elohey: JaHWeH, U is groot en geëer, wonderbaarlik is U in U Krag en onoorwinlik.*

*14 U hele skepping moet U vereer, want U het gespreek en hulle het ontstaan;* ***U het U Gees gestuur en Sy het 'n Huis gebou****; daar is niemand wat U stem kan weerstaan nie.*

*15 Want berge word uit hulle grondveste geskud soos water, en rotse smelt voor U Aanblik soos was; maar U is goedgunstig vir die wat U vrees.*

*16 Al die reukwerk is te min vir 'n soet reuk tot U, en al die vet is nie voldoende vir U brandoffer nie; maar hy wat JaHWeH vrees, is vir altyd groot.*

*17* ***Wee die nasies wat teenoor my volk kom staan****; die Almagtige JaHWeH straf hulle op die dag van Sy oordeel; Hy gee hulle vlees aan die vuur en die wurms, sodat hulle ewig sal weeklaag in smart.*

Weereens, Mevrou, ek moes net hierdie pragtige lofsang insluit, want hoe wonderlik stel die skrywer dit nie hoe hierdie Hemelse Vrou die oorwinning gaan bewerk nie, terwyl die arme, bang en ongelowige priesters by die huis gebly het, dit is, in hul ou kragtelose doktrines vasgevang gesit het, en toe hulle wakker word, was hul koffie koud (toe het die eindtyd Judit-Bruid die taak klaar afgehandel)!

Meneer die Israeliet en meneer die Christen, dit is tyd dat julle wegkom uit hierdie hoer van Babilon se vals Protestantse greep, want terwyl julle

in die hoer se manlike chauvinistiese doktrines vasgevang sit, sal julle NOOIT die Bruidgees herken nie. En weet u, die hele werkstuk en handleiding vir die Bruid is reeds afgelewer, in 2010 gedikteer deur die Trooster aan die Aarde en in 2012 vertaal vanuit Duits na Afrikaans en beskikbaar by die Dogter van Sion! Maar helaas, hoeveel keer is die monde nie al hieroor uitgespoel nie. Mevrou, kontak ons gerus as u hierdie boek wil hê!

# Hoofstuk 21

## Johanna Brandt getuig van hierdie Trooster-Moeder

U almal ken hierdie skrywer sekerlik al teen hierdie tyd. Adriaan en Annelize Snyman het haar profesieë al in die vroeë negentigerjare vir ons saamgestel en uitgegee. Sy het verstommende gesigte gehad by haar sterwende moeder se bed oor die Nag van Verskrikking in Johannesburg, die moord op weerlose blankes met pangas, sowel as die waarskuwings aan die swart volke van Suid-Afrika wat sy moes stuur, ens. Hierdie feite is talle kere gedokumenteer en bekend aan die meeste van ons.

MAAR!! Wat egter aan bitter min mense bekend is, is dat hierdie Hemelse boodskapper wat aan haar verskyn het, **`n Vroulike Hemelse Wese** was! Sy was opdrag gegee om nie daaroor te praat nie, maar sy het en is toe daarna deur die hele gemeenskap as effens mallerig beskou. U moet weet, haar pa was `n predikant in die manlike priesterorde, haar man was een, hulle hele vriendekring en familie was sekerlik in hierdie manlike goddelike denke ingewy, en hier, hier kom sy en sê dat die Trooster `n Hemelse Vrou is!!

Heiligskennis! Heksery! Satanisme! was sekerlik die woorde waarmee sy van toe af gesmeer was deur die manlike priesterorde en haar vriende-kring. Maar, helaas, hierdie hemelse Vroue-boodskapper het presies dit aan haar gesê, naamlik dat sy verwerp sal word oor hierdie inligting en dat sy dit liefs vir haarself moes hou, iets wat sy self erken sy nie gedoen het nie, tot haar bittere spyt.

Baie jare later het Johanna Brandt wel `n boek in Engels hieroor geskryf, genoem "The Paraclete". Hierdie woord word as volg in die **Afrikaanse Verklarende Woordeboek** weergegee:

> ***parakleet´***[1]***.. ,klete. .1****Voorspraak, pleitbesorger, bemiddelaar.* ***.2*** *Trooster.* ***Parakleet´***[2] ***.****Die Heilige Gees, Voorspraak, Trooster, Geroepene wat hulp verleen.*

VERVOLGENS AANHALINGS UIT "*THE PARACLETE*", VERTAAL IN AFRIKAANS:

## *SKRYWER SE VOORWOORD*

"Die veronderstelling van 'n Wêreld-onderwyser in die vorm van 'n Vrou, wat ek gepoog het om uiteen te sit in die bladsye van hierdie verhandeling, het sy oorsprong in die ervaring wat ek gehad het gedurende Desember 1916 in Pretoria, Transvaal, langs die sterfbed van my moeder en na haar begrafnis. Hierdie gebeurtenis word kortliks beskryf in my boekie, "Die Millennium," maar ek het slegs gepubliseer wat baie duidelik vir my eie begrip was. Baie van daardie bonatuurlike was versluier in onduidelikheid, en tog het ek geweet dat daar 'n uiters belangrike Kosmiese Waarheid in daardie simboliek versteek was, wat die betekenis van die ander openbarings in daardie tyd uitgedoof het. Daar was dus geen ander weg oop vir my, behalwe om nie daardie verstommende verborgenhede te publiseer wat ek nie in staat was om te verstaan, en onwillig was om te aanvaar nie. Die Verdere Goddelike bevel om dit te verberg, kon nie geïgnoreer word nie, (sien bladsy 108 van"Die Millennium", oor baie wat aan my geopenbaar was. Die Goddelike "kyk dat jy dit aan niemand vertel nie", was uitgespreek en wanneer die tyd kom om dit bekend te maak, sal hulle getuienis swaarder weeg as al die ander.")

Ongelukkig was ek ongehoorsaam aan hierdie opdrag, met die gevolg dat diegene naaste aan my gedink het dat my brein omgedop is, en die storie het gou die rondte gedoen dat die res van die verpleging van my oorlede Moeder en die aanskouing van haar pynlike dood, my kranksinnig gelaat het. Met dokters en spesialiste aan diens,met dagverpleegsters en nagverpleegsters en angstige familie voortdurend rondom my, is dit geen wonder dat ek met tye my eie gesonde verstand betwyfel het nie. En tog was dit nie geweldig nie, maar die grootse, kalm sielsverrukking en die supernatuurlike stilte van die gees het 'n verkeerde indruk oorgedra, soos almal wat my geken het, in daardie dae kan getuig. Dit het alles twintig jaar gelede gebeur. Met die gees van Goddelike Openbaring/Verligting en die bewuste inspirasie onttrekking, was daar niks vir my om te doen, behalwe om te streef na die ontleding van die groot openbaring, deur suiwer menslike redenasie. Daarna het die tydperk van "verlatenheid"

gevolg, geprofeteer aan die einde van die sewentiende hoofstuk van "Die Millennium".

Vir weke het ek rondgedwaal tussen lewe en dood, totdat 'n gevoel van plig teenoor my man en sewe kindertjies veroorsaak het dat ek myself regruk. Ek was gedompel in 'n lewe van ongewone aktiwiteit, waar ek troos gevind het in harde werk gedurende die dag en die besteding van die lang, mistieke ure van die nag in 'n intensiteit van denke en gebed, wat op die ou einde bestem was om die lig te bring. Daar was vurige gebede wat ek na die Hemele opgestuur het, dag en nag vanaf 1916 tot vandag toe, want dit het die welsyn en geluk van my medemense beïnvloed, en dit was die pleidooi om gered te word van enige moontlike misverstand of misleiding. Dit was erg genoeg om self te ly onder die marteling van onsekerheid, maar ek het sterk gevoel dat ek dit nie wou toevoeg tot die las van 'n lydende wêreld nie. Baiekeer het ek in my wanhoop die waarheid geëis. Met watter gevolge? Op watter manier het die genadige Vader op my wettige pleidooi vir lig gereageer? Deur die versterking van die Visioen, deur logiese bewys van die dringende behoefte om 'n nuwe interpretasie van Kosmiese Waarheid te bring. Deur die toevoeging van veroordeling tot veroordeling, kennis tot kennis, totdat die bepaalde opdrag gegee was om die boodskap sonder versuim te publiseer.

In my pleidooi vir 'n verdraagsame en geduldige ondersoek na die boodskap van die Wêreld-Moeder wil ek jou vra, my leser: Wat sou jy gedoen het as iets soortgelyk in jou lewe plaasgevind het? Kan jy die verantwoordelikheid van die weerhouding van inligting hanteer, wat nuttig kon wees in die uur van die wêreld se grootste nood? Sou jy 'n ideaal opoffer uit vrees van bespotting of onvriendelike kritiek? Eerlikwaar, ek sou geen vrede op aarde kon hê nie, en ek sou nie gewaag het om die ewigheid in te gaan met so 'n omvangryke weglating op my gewete nie. Dat ek verplig was om so lank te wag, was reeds 'n onvoorstelbare groot beproewing van geloof.

Die gesig van die Vroulike Beminlikheid wat aan my in die gees, langs my sterwende Moeder, geopenbaar is, het my wese oorstroom met verrukking, waarin daar geen plek vir vrees was nie, en ek het die boodskappe oorgedra oor die nabye Wederkoms van onse Here en dit was in perfekte ooreenstemming met die ortodokse Christelike leerstellings van die kerk waaraan ek behoort het, maar ek het daarin

gefaal om die verband tussen die voorkoms van 'n Vrou en die verwagte Wederkoms te verstaan. Dit is hierdie verborgenheid wat na jare van navorsing vir my duidelik gemaak is en wat ek in die volgende bladsye onder die aandag van die publiek wou probeer bring.

Die Boodskap van die Trooster doen op geen manier afbreuk aan die leringe van Jesus, die Christus nie. Dit maak nie inbreuk op die lang gevestigde stelsel van georganiseerde, ortodokse geloof nie. Inteendeel, **die Wêreld-Moeder manifesteer nou fisies in hierdie kritieke tyd om die leringe van Christus uiteen te sit, en dit aan te bied in 'n vorm wat aanvaarbaar sal wees vir al God se kinders, om die volke van die aarde saam te trek, te verenig, te bind, die verspreide troppe van die menslike familie in te samel, om te funksioneer as die Trooster van die wêreld,** gedurende die tydperk in die Skrif beskryf as "*die laaste verdrukking*," en om die fisiese liggame van die menslike ras voor te berei om die Gees van Christus te ontvang.

Dit alles is in strenge ooreenstemming met die Bybelse profesieë. Geen melding word gemaak van die sigbare teenwoordigheid van onse Here op die aarde gedurende die groot verdrukking nie, maar spesiale klem word gelê op die feit dat Hy kort daarna sal kom. In **Matthèüs 24:29-**30 word die volgorde van gebeure beskryf wat verwag kan word, en is dit so duidelik dat daar geen twyfel daaroor is nie:

> *"En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal bo geskud word en dan sal die teken van die Seun van die Mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf, en hulle sal die Seun van die Mens sien kom op die wolke van die hemel met groot Krag en Heerlikheid."*

In plaas daarvan om te spekuleer oor die tyd en wyse van Sy koms, moet ons voorberei word om die "verdrukking" tegemoet te gaan en om onsself waardig te maak om Hom te ontvang wanneer Hy kom. Deur na die tekens van die tye te kyk en na die bestudering van die leerstellings van die duisende geïnspireerde siele, dink ek dat ons veilig kan aflei dat 'n verandering van een of ander soort, op hande is. Maak nie saak wat ons oortuigings is nie, die atmosfeer is swanger met betekenis, en as ons die profesieë van die Skrif aanvaar tot dien effekte dat Jesus, die Christus nie hier sal wees in `n manifestasie van ons fisiese sintuie om ons te help

deur die krisis nie, (wat dit ookal mag wees) dan kom die vraag op ons of ons heeltemal verlate en uitgelewer gaan wees in so 'n tyd van gevaar en verwarring? Ons het geen aardse leier in wie ons ons volle vertroue kan plaas nie; Inteendeel, die leiers in elke faset van die lewe het die punt van wanhoop in hul hulpeloosheid bereik. Maar hoekom al hierdie wanhoop? Het Jesus nie belowe om hulp vir ons te stuur nie? Het Hy nie duidelik gesê nie: "*Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee*?" (**Johannes 14 en 16**.) Dit werp oorvloedige lig op die onderwerp - dit is die Trooster, die Heilige Gees, wat ons sal lei deur hierdie bodemlose dieptes.

Die enigste verskil tussen die leringe van hierdie boekie en dié van die Skrif is in die feit geleë dat die skrywer die Heilige Gees sien in die gewaad van 'n vrou, 'n Moeder. Net tyd sal vir ons wys of dit korrek is al dan nie. Niemand wat onder 'n dwaling is, is geestelik toegerus om die vorm van 'n magtige Wese, wat in staat is om onder mense te manifesteer as 'n Leier, in staat om uitdrukking te gee aan die magte van die Gees in profesie, genesing, telepatie, in die werking van die tekens en wonders en wonderwerke wat ons gewoond is om te assosieer met die lewe van Jesus, en Jesus alleen, ten spyte van die feit dat Hy gesê het "*Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, en groter werke as hierdie sal julle doen*".' n Moderne Messias wat in staat is om die situasie ter elfder ure te red, sou natuurlik manifesteer met so 'n onweerstaanbare krag, dat al ons redenasies skoonveld sal wees. En dit is wat ek verwag, 'n demonstrasie van die Krag en Heerlikheid van God in die geurige skoonheid van 'n aardse, Vroulike vorm, 'n Vertroostende, Vroulike Teenwoordigheid, Wie se missie baie meer effektief uitgevoer sal word, want Sy bied die mees onverwagse verlossing. Ek het myself 'n duisend keer gevra waarom die identiteit van die Moeder deur die eeue heen verborge was, en dit is die enigste verduideliking vir my dat 'n mees ongewone, mees kragtige slag van Goddelike Genialiteit nodig sou wees om die weg te baan vir die oorblyfsel wat voorbestem is om die beproewing te oorleef. Anders "*sou geen vlees*" gered word nie. Die openbaring van die Kosmiese Moeder as Trooster en die bewapening van die nasies op 'n ongekende skaal, kom op dieselfde tyd na vore in die geskiedenis van die wêreld. Dit is geen toeval nie.

Jesus het nie altyd in gelykenisse gepraat nie. "Wees lief vir jou vyande, doen goed aan die wie julle haat", was 'n letterlike bevel wat geen

interpretasie benodig nie. Maar esoteriese waarhede, of soos hulle genoem word, die Geheimenisse, is beklee en bedek met simboliek vir die begrip van diegene wat ver genoeg gevorderd is om dit te ondersoek. Miskien is die Moederskap van God een van daardie verborgenhede, en indien wel, moet ons elke poging aanwend om dit te verstaan. Die voorskans van ortodoksie, waaragter die Christelike Kerk verskans is, is wat nodig is om valse leerstellings uit te hou, maar dit sou fataal wees vir geestelike vooruitgang, as dit nuwe interpretasies van die ewige Waarheid sou uitsluit. Ek glo dat die openbaring van ons Moeder-God net die begin is van die Kosmiese Verrassings wat vir ons wag in die Tydperk van die Vrou.

Ten slotte moet ek die belangrikheid beklemtoon van die noukeurigheid van die tweede hoofstuk in die verskil tussen seks en geslag. Die kreatiewe aspekte manifesteer as Geslag op elke vlak van bestaan, en dit is net in die fisiese liggaam op die vlak van die organiese lewe, vir die skepping van fisiese liggame, dat die woord seks dienstig is. Om te praat van God as Manlik of Vroulik is byna godslasterlik, en tog het die grootste verwarring in die openbare gedagte bestaan, weens 'n wanopvatting van hierdie wet van die natuur. Die korrekte term is manlike en vroulike. Net 'n paar mense het my manuskrip gelees en ek is teleurgesteld om te vind dat hierdie allerbelangrike onderrig misgekyk word. Die manlike en vroulike geslag, of positiewe en negatiewe beginsels, vereis die woord seks in die "skepping van 'n Heelal”. Die woord seks is nie op enige manier in die proses van toepassing nie. Omdat die onderwerp intens heilig is, pleit ek vir 'n ruimhartige ondersoek. Laat geen nuwe onenigheid tussen ons ontstaan nie. As daar een persoon in `n huis is, as daar 'n enkele lid van 'n familie is wat hierdie nuwe leer aanvaar, sou my raad wees om wrywing en argumente te vermy. Die verandering in die lewe van iemand wat onder die direkte leiding van die Moeder kom, een wie bewustelik en vrywilliglik homself of haarself onder Haar invloed plaas, is al bewys wat vereis word van die ewige Wysheid en van Haar leerstellings. Sy dring aan op Eendrag en Volmaaktheid in elke aspek van die lewe.

Ons vind dan dat in die Drie-eenheid soos in die materiële Heelal en in elke aardse tuiste, daar geen manlike geslagtelikheid sonder die vroulike geslagtelikheid, geen positiewe sonder die negatiewe is nie. Ons kan nie

'n Vader in die Hemel hê sonder 'n Moeder nie. God die Vader is die Skepper, **God die Moeder is die Heilige Gees, die Trooster van die wêreld,** en God die Seun is die eniggebore Kind van die Vader en Moeder God, ons ouer broer en verteenwoordiger in ons Hemelse Tuiste, **toegerus met die eienskappe en kenmerke van beide die Vader en Moeder**. Alhoewel nuut vir ons, is daar niks verkeerd met hierdie opvatting van die Verhouding tussen die Drie Persone van die Drie-eenheid nie, inteendeel, kan daar nooit iets regkom in die heelal totdat hierdie opvatting algemeen aanvaar word nie."

JOHANNA BRANDT

November, 1936

# Hoofstuk 22

## Adam en Eva, Kain en Abel

In hierdie skeppingsverhaal van Adam en Eva is daar ook verborge innerlike waarheid verskuil, wat ook aan u uitgelig gaan word, liewe suster, sodat elkeen kan sien dat selfs vanaf die heel eerste begin van ons vleeslike bestaan, hierdie bedeling alles afbeeld wat voorheen in die engeleryk van Lucifer gebeur het. Ook dit kan nie sonder die begrip van die vroulike verstaan word nie.

Adam en Eva word geskape as volkome androgiene wese, man en manin in een. Adam is die manlike positiewe en manin die vroulike negatiewe. Saam sou hulle in staat gewees het om die hele skepping vanuit hulleself weer terug te bring na die volmaakte toestand, waar elke nakomeling die ewige Vaderhuis sou beërwe het. Helaas weet ons dat dit nie so plaasgevind het nie en ons sien hoe Elohim die volgende stap neem in die skepping in **Génesis 2:21-22**:

> *21 Toe het JaHWeH Elohim 'n diepe slaap op die adamiet laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy sykante geneem en die plek met vlees toegemaak. [Openbaring van Henog 11:49, Boekrol van die Opregte 1:4, JeHôWganan 19:34]*
>
> *22 En JaHWeH Elohim bou die sykant wat Hy van die adamiet geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die adamiet.*

Vanuit Adam word die manin, die negatiewe pool, die skeppende pool uitgehaal. Waarom? Die Nuwe openbaring sê vir ons dat daar `n innerlike konflik of disharmonie ontstaan het in hierdie androgiene skeppingswese en dat die skeiding `n noodgedwonge gevolg daarvan was. Hoe dit ookal sy, hierdie twee geskeide entiteite het nou die taak ontvang om die aarde te vul met wesens na hul beeld geskape, manlik en vroulik geskei.

Kort daarna word hierdie eerste paartjie voor `n toets gestel in die vorm van Nagash (beteken slang) wat deur die vroulike poog om die paartjie uit Elohim se skeppingsorde te verlei. Hy slaag daarin en hierdie paartjie verloor hul liggewaad en word nakend deur Elohim gevind, wat beteken ligloos, glansloos, ontneem van hul heerlikheid. Hierdie daad het hul totale skeppingskrag geaffekteer, sodanig so dat Eva se baarmoeder besoedel was op beide die fisiese en geestelike vlak. Ook is die denke van beide besoedel deur hierdie sondige daad in die paradys, sodanig so dat hulle, wat ten tye hiervan blootgestel was aan beide bome, die een van

die ewige lewe (Moedergees van Vader) en die boom van kennis van suiwer en besoedel (Satanagees van Lucifer), verwyder moes word uit die tuin van Eden (koninkryk). Hulle moes dus onverwyld verwyder word uit hierdie tuin van Eden, dus vanuit hul innerlike toestand van direkte skakeling met die Moeder en al Haar Engele (ander bome). Weereens kan u die analoog sien met die destydse val van Lucifer. Hy word uitgewerp na sy rebellie, sodat die hele ongevalle skepping, met wie hy kontak gehad het deur die Moedergees, vir hom verbode geword het. Hy was afgesny van alles buite sy ryksgebied.

Nou verwek Adam en Eva vir Kain en later vir Abel. Wie stel hulle nou voor in hierdie analoë beeld van ons?

Hier sien u die sinnebeeld van die val van Lucifer die dieptes in. Soos wat Lucifer geval het, so het hy ook uitmekaar geval. Soos die androgiene verplaas word na aparte entiteite, so het hy ook geskei geraak en hierdie nuwe vrou (Satanagees) het dadelik die boosheid aangegryp, gedryf deur die manlike se hoogmoed, het sy sy eieliefde vergestalt en voortgegaan met bose en nie-bose skeppings, dus die boom van goed en kwaad, wat eintlik suiwer en besoedel is. Kain was absolute bose saad, Abel egter godvresend en getrou. **Die boek van Henog 85** beskryf dit so in Henog se droom oor die skepping:

> *3 Voordat ek jou moeder, Edna, geneem het, het ek 'n visioen op my bed gehad - en kyk, 'n bul het uit die Aarde voortgekom en daardie bul was wit (***Adam***); daarna het 'n vers (***Eva***) voortgekom, en saam met laasgenoemde het twee bulle voortgekom, die een swart (***Kain***) en die ander rooi (***Abel***).*
>
> *4 Maar die swart bul het die rooi een deurboor en hom oor die Aarde gejaag en daarna kon ek die rooi bul nie meer sien nie.*
>
> *5 Maar die swart bul het gegroei en die vers het saam met hom gegaan, en ek het gesien dat daar baie bulle uit hom gekom het en hulle het soos hy gelyk en hom gevolg.*

Let wel dat die kleur swart die geestelike voorstel, dus duisternis, en nie soseer velkleur nie. Rooi stel besoedeld voor, maar nie heeltemal boos nie. Onthou, die besoedeling in die baarmoeder kan gaandeweg verminder, en nou in ons bedeling, kan Jahshua dadelik `n aansuiwering deur Sy bloed in enige besoedelde mens doen, jy moet egter net gehoorsaam word en daarvoor vra.

Hierdie twee eerste seuns, stel dus die eenderde rebelle (Kain) en die tweederde getroues (Abel) voor in die destydse ryk van Lucifer. Kain moes Abel doodmaak, net soos wat die rebelle die ander ook gedood het, deur hulle, wat onskuldig was, af te sny van die Hemelse Koninkryk. Hierdie teistering van die rebelle teen die getroues het vir miljarde eons voortgeduur. Om u `n idee te gee, JaHshua sê in die NO dat, sou jy sand-korreltjies neem, en die hele aarde volpak, ook die seë, met elke korreltjie met `n waarde van 1 miljoen jaar, en jy tel al hierdie sand-korreltjies bymekaar, dan het jy nog nie by die tyd gekom waar Lucifer gerebelleer het nie. Dis nog baie verder terug as dit! Sien u dus die noodsaaklikheid van Kain wat weggestuur moes word, oftewel uitgewerp word, en Eva wat nuwe saad moes kry in **Génesis 4:25** en **Henog 85,** sodat die tweederde getroues in daardie ryk ook verlos kon word.

> *25 En Adam het sy vrou weer beken, en sy het 'n seun gebaar en hom Set genoem. Want, [het sy gesê]* ***Elohim het my 'n ander saad geskenk*** *in die plek van Abel, omdat Kain hom doodgeslaan het. [Boekrol van Henog 85:8]*
>
> ***Henog 85:8 Hierna het sy nog 'n wit bul voortgebring****, en daarna het sy baie swart bulle en koeie gehad. [Génesis 4:25]*
>
> *9 Ek het in my slaap gesien hoe daardie wit bul ook gegroei het en 'n groot wit bul geword het, en uit hom het daar baie wit bulle voortgekom, en hulle het soos hy gelyk.*
>
> *10 Hulle het begin om baie wit bulle te baar wat net soos hulle gelyk het, die een na die ander, sommer baie.*

Hier was nou `n nuwe suiwer saadlyn, `n nuwe suiwer fisiese en geestelike Set lyn, wel geneig tot sonde, maar wat sou voortbestaan totdat Hy sou kom, JaHshua, wat vir ons die volkome verlossing sou bring deur Sy Vlees en Sy Bloed te offer vir die gehele heelal se sonde, die van die eenderde rebelle, die van die getroues wat nou van sonde bewus geword het deur hul sinnebeeld-broer Kain se dade in hul ryksgebied, sowel as die sonde van die hele sondige nageslag vanaf Adam. Selfs hier kan u nou sien dat die verlossing op volkome manlike en volkome vroulike gebied moes geskied en dat Jahshua volkome manlik en volkome vroulik in Homself moes wees om dit te bewerkstellig.

Hy was mos volmaak, kan u onthou hoe die vroulike Duif op Hom neergedaal het, die Duif in die rotsklowe, agter die tralies! Hierdie Gees van Waarheid, wat in Hom was vanaf die begin van Sy prediking, vanaf Sy

doop, was die bewerker van Sy opstanding, en Sy bewerk ook vandag nog ons opstanding vanuit ons vleeslike toestand en Sy sal ons sodanig beklee dat ons gereed sal wees om met Hom te verenig, oftewel Sy koms in ons te ervaar, wat ons nou ken as die geestelike wedergeboorte. Dink u dit was nie vir ons gegee nie? U maak `n fout, u neem nog u hele lewe lank deel aan `n sakrament en u het nie eers geweet wat dit beteken nie. **Matthèüs 26:26-28**.

> *26 En terwyl hulle eet, neem JaHWèshua die **Brood**, en nadat Hy gedank het, **breek Hy Hom** en gee Hom aan Sy studente en sê: Neem, eet, **Hy** is My liggaam. [Boekrol van die Opregte 16:11]*
>
> *27 Toe neem Hy die **Beker**, en nadat Hy gedank het, gee Hy **Haar** aan hulle en sê: **Drink almal uit Haar**.*
>
> *28 **Want Sy is My Bloed**, die Bloed van die Nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van oortredinge. [Psalm 30:9]*
>
> *29 Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie Vrug van die Wingerdstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek Haar met julle nuut sal drink in die Koninkryk van My VADER.*

Die nagmaal, soos ons dit nou ken, wat maar eintlik die Pasga is wat weer herstel is tot wat dit was voor die Levitiese orde (**Génesis 14:18-20**), dui op die volkome verlossing van gees en siel, voorgestel deur die brood as die verheerlikte vlees of manlike oergees in ons en die wyn as vroulike siel in ons. Onthou, meneer, u het ook `n vroulike siel, dit is waarom u ook bruid genoem word.

> *18 En **Melgisédek**, die Koning van Salem, wat 'n priester van die Hoogste El was, **het Brood en Wyn gebring** ]Boekrol van die Opregte 23:35]*
>
> *19 en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur die Hoogste El die Skepper van Hemele en Aarde.*
>
> *20 En geseënd is die Hoogste El, wat u vyande in u hand gegee het, toe gee hy Hom die tiende van alles.*

`n Beker of houer is altyd vroulik, verwys na ons tabel, en soos wat Jahshua, as volkome androgiene Wese deur die dood en opstanding moes gaan, so bewerk Hy nou vir ons eenwording in Sy ryk, nou aan die eindtyd, as Sy Bruid.

Waar dink u, mevrou, het Jahshua Gees/Krag gekry om vanaf die tuin van Getsemané te gaan deur Sy verhoor, deur Sy marteling, op Sy pad na die kruis, deur Sy ontsettende lyding aan die kruis toe hulle Hom vasgenael het, Hom deurboor het, Hom gehoon en gespot het? Die Skrif sê dat die

Gees hom begin verlaat het in die tuin van Getsemané, sodanig so dat Hy bloed gesweet het daaroor tydens Sy gebed in die tuin.

Hy het Sy innerlike Krag van Haar gekry, ons dierbare Trooster, wat self deur al daardie lyding moes gaan as Jahshua se innerlike krag, as Sy senuwees wat alles net so gevoel het soos Hy. Sy het Hom en Haarself opgewek in daardie graf, sy het alles gedoen, want Sy IS HY, Sy is EEN IN HOM, Sy is JaHshua se innerlike verheerlikte Vroulike deel! En dan, daarna word Sy ontken vir 2000 jaar as dat Sy nie eers bestaan nie! Wat `n VROU!! Sien **Jesaja 53:7** weer vir bevestiging.

> ***Jes 53:7*** *Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n Lam wat na die slagplek gelei word* ***en soos 'n Ooi wat stom is voor die aangesig van Haar skeerders*** *- ja, Hy het Sy Mond nie oopgemaak nie.*

Ek sal `n nou bevestiging plaas in hierdie volgende hoofstuk, van `n onbekende Duitse boodskapper in die vorige eeu, sodat u kan sien hoe die verheerliking van JaHshua in die grot plaasgevind het.


# Hoofstuk 23

## Die Visioen en Boodskap oor die Opstanding

“Ek het eendag vir ons Messias gevra: Wat het gebeur toe U van die kruis afgeneem is? Toe sê Hy vir my dat Hy my sal wys.

Toe sien ek hoe Hy in die grafkamer lê. Ek sien hoe daar lig uit Sy liggaam gaan, vanaf Sy kop na 'n punt in die middel bokant Hom. Ook van Sy regterhand en van Sy regtertoon het die lig na 'n punt in die middel, bokant Hom gestraal.

Hy sê toe vir my: "Kyk, EK IS nie 'n stofmens soos julle nie. Ek het My tydelike stofligaam afgebreek, dit is wat die afdruk op die kleed nagelaat het. Daarmee bou Ek My Gewyde Gees Lig-Ligaam op."



JaHshua Messias, U wat vir my die wonderwerk van U opstanding geopenbaar het, waarvoor ek U altyd dankbaar sal bly, is daar nog 'n boodskap?

"Jy het my gesien hoe Ek van die kruis afgehaal is en na die grafkamer gebring is, waar Ek omvou was met doeke en 'n kopdoek. Ek het jou gewys hoe Ek direk na die kruisiging My liggaam verander het in 'n

ligdriehoek. Soos Ek vir jou gesê het: `Alles wat Ek doen, doen Ek in drieë.' "

"Dit moes so gebeur het. Ek, die Seun van Elohim, was die offer. Die offer wat die enorme skuld van die mens simbolies vir Elohim, die Skepper van alle dinge, kon skoonwas."

"In die tyd van die Nuwe Testament (Verbond) is 'n dier nie meer goed genoeg nie. Die bloed van die dier wat die siel van die dier bevat het, het gelouter tot Elohim teruggekeer. Die siel het die boodskap van die offer gedra. Soos 'n manuskrip, 'n versoekskrif om barmhartigheid."

"Ook in dié tyd het die offer die getal drie gedra:

- 'n Bul en twee ramme, drie,
- 'n ongesuurde brood en ongesuurde koeke, drie,
- en ongesuurde platkoeke, drie."
- "Vergelyk die brood met die aandmaal en die bloed van die diere met My wyn:
- Die brood, My liggaam, stof.
- Die wyn, My bloed, Gees."

"Vergelyk die klere van Aäron met die simboliese betekenis van my kleed sonder naat, my bokleed bestaande uit vier dele, my lendedoek en kopdoek."

"Aäron is ook gesalf. Vergelyk **Exodus 29:2-3**:

> *'En neem die klere en beklee Aäron met die rok en die mantel van die skouerkleed en die skouerkleed self en die borstas, en bind hom die band van die skouerkleed om. En sit die tulband op sy hoof, en bevestig die gewyde kroon aan die tulband.' "*

"So het Aäron en sy seuns dan priesters geword. Die priesteramp - 'n ewige insetting."

"Dan word die bul en die ramme vir die simbool van die ewige priester geoffer."

"Nou moet jy baie mooi op die volgende let. **Exodus 29:20**:

> *'Jy moet dan die ram slag en van sy bloed neem en dit stryk aan die regter-oorlap van Aäron en aan die regter-oorlap van sy seuns, ook aan die duim van hulle regterhand en aan die groottoon van hulle regtervoet. En die orige bloed moet jy rondom die altaar uitgooi.' "*

"Nie verniet het Ek vir jou oë My liggaam in die graf gewys waar vanuit

My regteroor lig na 'n punt bo gestraal het en vanuit my regtervoet lig na dieselfde punt nie. En dit kon jy nie mooi sien nie, maar vanuit my regterhand het daar 'n straal na die middel van die driehoek beweeg, sodat My vlees, net soos in die geval van die diere-offer, nie oorgebly het op die Sabbat nie, maar Gees geword het."

"'n Geestelike bousteen.

- Die simbool soos aan die kruis.
- Die simbool van volmaakte balans.
- Die simbool van volmaakte harmonie.
- My offer gebring vir die mens.
- My offer vir planeet aarde."

"Die Woord het eers vlees geword.

- Die Woord het die Ewige Lewe gebring.
- Die Lewe het Lig geword.
- Die Lig vir die mense.
- Die Lig getuig van die simbool van volmaakte harmonie.
- Die Lig het ook ná die kruisiging geskyn."

In die graf het dit die volmaakte beeld van die Messias nagelaat op die doek, die Kleed van Turyn. Die afdruk van ons grootste hoëpriester. Sy Lig-liggaam in stof afgedruk as 'n ewige getuienis.* Die tyd en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Maar die mense glo nog nie; besef nog nie die bomenslike offer wat Hy gebring het nie; nie soos 'n dier wat ter slagting gebring is nie, maar vrywillig sodat ons sal glo. Glo HY IS die Seun van Elohim wat Gees IS.

- Bo alle materie verhef.
- Bo alle stof.
- Bo alle menslike vernietiging.
- 'n Ewige Hoëpriester, as Melgisédek.“

(tot sover die aanhaling)

**Skrywer**: Ek was maar my hele lewe baie skepties oor hierdie kleed wat as heilige ikoon deur die Katolieke geberg word, maar het bietjie gaan

rondkyk. Ek is oortuig dat daar meer as een namaaksel is en die oorspronklike is dalk nog iewers verborge. Ek lys kommentaar aan van Philip Ball plus `n draad na wikipedia. As daar namaaksels is, is dit redelik seker dat daar ook `n oorspronklike moet wees. Ek heg egter geen besondere waarde daaraan nie, maar kan glo dat met die vrystelling van sulke hoë intensiteit lig, enigiets kon gebeur het. Dat die mens agterna spektakels van sulke goed maak, bewys egter nie dat daar nie `n oorspronklike was nie. U kan self besluit.

- *(According to former Nature editor Philip Ball, "it's fair to say that, despite the seemingly definitive tests in 1988, the status of the Shroud of Turin is murkier than ever. Not least, the nature of the image and how it was fixed on the cloth remain deeply puzzling".[5] The shroud continues to remain one of the most studied and controversial objects in human history.[6][7][8] (http://en.wikipedia.org/wiki/Shroud_of_Turin))*

# Hoofstuk 24
## Die verhaal van Susanna

Hierdie verhaal vind u in die 13de hoofstuk van die boek **Daniël**. Ja, maar u sê, Daniël in u Bybel het slegs 12 hoofstukke. Ja dit is so, maar hierdie hoofstuk 13, (en daar is nog `n hoofstuk 14 ook) is ook as Deutero-kanoniek verklaar, deur, raai wie? Dieselfde manlike priesterorde wat al die ander boeke uit u Bybels gehaal het wat enige verwysing na kragtige werke of getuienisse van vrouens bevat.

`n Ruk gelede het ek die DVD`s van Eben Swart gekyk oor die geheimenisse waarmee hierdie priesterorde al vir duisende jare mee besig is. Hy praat van die kokosneut beginsel wat in kort behels dat wanneer jy in `n woud stap en `n kokosneut val uit `n palmboom op jou kop, dan kan dit toevallig wees. Maar as jy vir twee of drie of vier agtereenvolgende dae daar deurstap en `n kokosneut val elke keer op jou kop, moet jy kyk of daar nie `n aap in die boom is wat `n kokosneut elke keer op jou kop afgooi nie. Mevrou, ek dink dat u teen hierdie tyd redelik sat gegooi is met kokosneute en is dit oorduidelik dat die priesterorde vir baie eeue met doelbewuste verdoeseling en op die minste met misleiding besig was. Helaas staan dit in die boek van **Daniël in hoofstuk 12** dat die geheimenisse aan die einde van die tyd geopenbaar sal word.

> ***Dan 12:9*** *En Hy het gesê: Gaan heen, DaniEl, want* ***die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe****.*
>
> *10 Baie sal hulself veredel, hulself verblank en hulself uitsuiwer, maar die besoedelde sal meer besoedel word; en geeneen van die besoedeldes sal verstaan nie,* ***maar die verstandiges sal verstaan****. ] Boekrol van Henog 38:4; Openbaring 22:11]*

Kom ons kyk of u al verstandig geword het en lees asseblief hierdie hoofstuk eers in u Boek van Herinnering.

***Die verhaal van Susanna.***

> ***Daniël 13:1*** *DAAR het eenmaal in Babel 'n man met die naam JeHôWjakim (***beteken JaHWeH sal bevestig***) gewoon.*
>
> *2 Hy het in die huwelik getree met 'n vrou wie se naam Susanna (***beteken lelie***) was, die dogter van HilkiJaH (***beteken JaHWeH is my deel***)' ,n besonder mooi vrou wat JaHWeH gevrees het. [Hooglied 2:2; 2 Ezra 5:24]*
>
> *3 Haar ouers was vroom mense en het hulle dogter in die Wet van Moshè onderrig.*

*4 JeHôWjakim was baie ryk en het 'n pragtige tuin naas sy huis gehad; en die Hebreërs was gewoond om hom te besoek omdat hy die aansienlikste van hulle almal was.*

U kan sekelik noual die sinnebeeld raaksien, naamlik dat hierdie Susanna, (die lelie van die velde), weereens ons verborge vrou, die Gees van Waarheid, die Trooster voorstel, getroud oftewel bevestig in JaHWeH, dogtergees wat deel is van JaHWeH, beeldskoon vanweë haar innerlike eienskap van Waarheid en onderrig in die hemelse wet van liefde. JaHshua, versinnebeeld deur JeHôWjakim se tuin is die werksplek van die Gees, naamlik in jou en my innerlike, in ons siele. Ons is Sy tuin.

*5 In daardie jaar is twee van die oudstes van die volk tot regters aangestel, mense van die soort van wie JaHWeH gesê het: **Ongeregtigheid het uit Babel voortgekom**, van oudstes wat regters was, wat veronderstel was om die volk te regeer.*

*6 Hierdie manne het gereeld in die huis van JeHôWjakim verkeer, en almal wat 'n regsaak gehad het, het hulle daar besoek.*

Sien u hierdie bose oudstes, sien u die priesterorde, sien u die twee?! Hierdie twee stel niemand anders voor as die priesterorde van die Rooms -Katolieke en die priesterorde van die Protestante nie! Hulle hou hulle hoofsaaklik besig met regsake en nie met die verbreiding van die liefdesleer van JaHshua nie. Nee, hulle is God se gesag op die aarde, hulle sê dit self. Die Katolieke priesterorde is net meer blatant, want die pous dra `n hoofdeksel met die woorde "Potius Vicarius Filli Dey" wat beteken "die pous is in die plek van God op aarde".

Ons ander priesterorde is net so ongenaakbaar en verdoem elke kerk wat nie deel in hul Protestantse dogma nie, soos hulle Nederlandse Geloofsbelydenis, hulle Heidelbergse kategismus (eerder Huigelbergse Kataklismes), hulle Dortse leerreëls en nou hulle Belhar belydenis. Waag jy dit net om hulle teë te gaan in `n kerk, en jy word gedaag voor die kerkraad en uitgesmyt as ketter teen die kerk, en dan sluit hulle nog die poorte van die hemel vir jou toe, bid jou aan. Daarmee ken hulle vir hulself ook goddelike gesag op die aarde toe, want sover ek weet, is dit net Jahshua Self wat daardie poorte beheer en het Hy daardie gesag nooit gedelegeer nie. Die beginsel van oordeel moet tog in die liefde verstaan word. Elohim is nie Farao wat op `n troon sit en ons elke dag oordeel nie. Elohim het `n orde en dit is redelik duidelik in die Skrifte uiteengesit. As u of ek teen daardie orde oortree en ons kry pakslae, wie

het ons nou geoordeel buiten onsself! As jy onrein voedsel eet en jy kry `n dodelike siekte, is dit Elohim wat jou oordeel, of as jy by `n ander man se vrou slaap en hy slaan jou byna dood, is dit Elohim? Nee, dis altyd onsself wat ons eie regter is. Kyk wat sê Jahshua oor oordeel in **Johannes 12:47-48**:

> *47 En as iemand na My Woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want **Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie**, maar om die wêreld te red.*
>
> *48 Wie My verwerp en My Woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: **die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.***

Kom ons gaan verder met ons sinnebeeld.

> *7 Wanneer die mense dan in die namiddag vertrek het, het Susanna gewoonlik **in die tuin van haar man gaan wandel**.*
>
> *8 En die twee oudstes wat haar daagliks sien ingaan en rondwandel het, is deur 'n hartstogtelike begeerte na haar oorweldig.*
>
> *9 So het hulle hul gedagtes besoedel en hulle oë afgewend om nie na die Hemele op te kyk en aan regverdige regsbeslissinge te dink nie.*
>
> *10 En alhoewel albei smoorverlief op haar was, het hulle nie hul smart aan mekaar durf openbaar nie,*
>
> *11 want hulle was skaam om hulle hartstog bekend te maak, want **hulle het begeer om met haar gemeenskap te hê**.*
>
> *12 En daagliks het hulle met ywer elke geleentheid waargeneem om haar te sien.*

Hierdie twee bronstige priesters, u weet nou wie hulle voorstel, is in die tuin van Jahshua, in ons siele slegs met een doel voor oë, en dit is om ons geestelike Moeder, die Gees van Waarheid, te verkrag. Ja, mevrou dis wat hulle in u en my tuin wil kom doen, hulle wil die Waarheid verkrag, soos wat hulle nog tot vandag toe mee besig was in hul kweekskole en met hulle gedurige Nuwe Vertalings. Kom ons lees verder.

> *13 En die een het vir die ander gesê: Laat ons huis toe gaan, want dit is tyd vir die middagete.*
>
> *14 En toe hulle uitgaan, **het hulle van mekaar geskei,** maar in die stilligheid het hulle **weer teruggekeer en by mekaar uitgekom**. En toe hulle mekaar na 'n verklaring uitvra, het hulle hul hartstog erken. Toe het hulle ooreengekom op 'n tyd wanneer hulle haar alleen sou kon aantref.*

Hier is `n baie, baie diep verborgenheid en as mens oplettend is, kan mens dit optel. Die Protestante skei vir `n ruk van die Katoliek, die sogenaamde Hervorming eeue gelede, eers deur Luther en andere, toe deur `n Jood, genaamd Calvyn, of liewer Cohen, en hulle raak net ontslae van sekere lastige Roomse beginsels, maar die Sonaanbidding bly, die vals Name bly, die vals Drie-enigheid bly, ens, ens. Hulle het toe in hierdie eeu weer bymekaargekom in hul oorkoepelende organisasie, die Wêreldraad van Kerke, beheer en bestuur deur die Roomse Jesuiëte orde en nog steeds jag hulle diegene wat in die Waarheid wil bly, steeds hardloop hulle rond soos bronstige varkbere, op soek na Haar, die rein, fyne Moedergees om haar geestelik te verkrag deur hul boeke, hul prediking en hul media.

> *15 Nou het dit gebeur dat terwyl hulle na 'n geskikte geleentheid uitgesien het, sy volgens haar daaglikse gebruik met slegs twee diensmeisies in die tuin gegaan het* ***met die bedoeling om haar te bad*** *omdat dit so warm was. [Spreuke 9:3]*

Deur te bad, is Sy besig met u en my reiniging in elkeen se tuin, in elkeen se siel.

> *16 En daar was niemand nie, behalwe die twee oudstes wat hulleself verskuil het en* ***besig was om haar te bespied****.*
>
> *17 En sy het vir haar diensmeisies gesê: Bring vir my Olyfolie en seep en maak die hekke van die tuin toe sodat ek kan bad.*
>
> *18 En hulle het gedoen soos sy gesê het en die hekke van die tuin gesluit, en by die sydeure uitgegaan om die gevraagde goed te gaan haal; en hulle het die oudstes nie gesien nie, want* ***hulle het hul skuilgehou.***
>
> *19 En toe die diensmeisies uit is; het die twee oudstes opgespring en na [Susanna] toe gehardloop en gesê:*
>
> *20 Kyk, die hekke van die tuin is gesluit, en niemand kan ons sien nie;* ***ons begeer jou****, daarom willig in en voldoen aan ons begeerte.*

Hierdie begeerte van hierdie twee ou slange was nie vir die waarheid nie, nee, hulle wil die Waarheid verkrag! Kyk hoe listig tree hulle nou verder op.

> *21 As jy dit nie doen nie, sal ons teen jou getuig dat daar 'n jong man saam met jou was en dat dit die rede is waarom jy jou diensmeisies weggestuur het.*

*22 Toe het Susanna gesug en gesê: Ek is van alle kante vasgekeer, want as ek dit doen, sal dit my dood beteken, en as ek weier, kan ek uit julle hande nie ontvlug nie.*

*23 Dit is vir my egter verkiesliker om in julle hande te val* ***en dit nie te doen nie, as om voor die Aangesig van JaHWeH te oortree****.*

Wat \`n getuienis van die inbors van ons Moeder! Sy sal nie \`n duim toegee vir hierdie twee slange se leuengees en geestelike verkragting nie. Mevrou, hoeveel is u bereid om in u tuin prys te gee? Of sal u doen wat sy nou doen, ten koste van haar lewe?

*24 Toe het Susanna hardop geskreeu, maar die oudstes het teen haar in geroep.*

*25 Die een het toe gehardloop en die tuinhekke oopgemaak.*

*26 Toe die huisbediendes die geskreeu in die tuin hoor, het hulle by die sydeur ingestorm om vas te stel wat met haar gebeur het.*

*27 Maar toe die oudstes hulle verhaal vertel het, was die bediendes baie skaam omdat so iets nog nooit in verband met Susanna gesê is nie.*

*28 En dit het gebeur toe die mense die volgende dag by haar eggenoot JeHôWjakim byeengekom het dat* ***die twee oudstes*** *ook daar opgedaag het met die* ***besoedelde bedoeling om Susanna om die lewe te laat bring.***

*29 En hulle het ten aanhore van die mense gesê: Laat Susanna, die dogter van HilkiJaH, die vrou van JeHôWjakim, hier verskyn.*

*30 En hulle het gestuur. En sy het gekom saam met haar ouers en haar kinders en haar hele familie.*

*31* ***Nou was Susanna 'n besonder beskeie vrou en mooi van aansien****.*

*32 En hierdie wettelose manne het beveel dat haar sluier afgeneem moes word -* ***want sy was gesluierd*** *- sodat hulle hul in haar skoonheid kon verlustig. [2 Ezra 7:26]*

Sien u hierdie innerlike stryd op aarde? Die mooi, beskeie Waarheid is versluier vir die meeste mense op aarde, want die priesterordes het dit so bewerk. Kyk na die afgelope eeue se oorloë en u sal sien dat daardie oorlogsgees allermins hierdie beskeie, mooi en versluierde Gees kon gewees het, maar die gees van hierdie twee bose priesterordes.

*33 Maar hulle wat by haar was en almal wat haar gesien het, het geween.*

*34 En die twee oudstes het te midde van die mense opgestaan en hul hande op haar hoof gelê.*

*35 Maar sy het terwyl sy huil, na die Hemele opgekyk, want haar hart het op JaHWeH vertrou.*

*36 Toe het die oudstes gesê: Terwyl ons alleen in die tuin rondgewandel het, het hierdie vrou saam met twee diensmeisies ingekom, die hekke van die tuin gesluit en die diensmeisies weggestuur.*

*37 Toe het 'n jong man wat daar verskuil was, na haar toe gekom en met haar gemeenskap gehad.*

*38 En ons was juis in die hoek van die tuin, en toe ons hierdie skandelike daad sien, het ons na hulle toe gehardloop,*

*39 en alhoewel ons hulle saam gesien het, was ons nie in staat om hom vas te hou nie omdat hy sterker as ons was, en hy het die hekke oopgemaak en uitgehardloop.*

*40 Maar ons het hierdie vrou gegryp en haar gevra wie die jong man was, dog sy wou ons nie vertel nie. Dit is ons getuienis.*

Elkeen wat die afgelope jare na Waarheid gesoek het en die buite-kerkse pad begin stap het, kan getuig van die vervolging deur hierdie twee priesterordes. `n Mens dink dat dit in ons land slegs die Protestantse orde sal wees, maar helaas, die Dogter van Sion-gemeente was in die laat negentiger jare die teiken van die Roomse kerk, wat die druk van die Boek van Herinnering wou stopsit. Hulle het verraaiers uit die volk en honderde duisende rande probeer gebruik, maar dank Vader, die beskeie Moeder het ons gewaarsku dat die Satan in ons tuine wandel.

*41 **En die vergadering het hulle geglo omdat hulle oudstes van die volk en regters was**, en hulle het haar tot die dood veroordeel.*

Net soos vandag kan jy op jou kop staan, maar hierdie ou volkie bly hardnekkig by sy kerk, maak nie saak dat dieselfde kerk, met dieselfde Bybels, met dieselfde dominees, 40 jaar gelede apartheid van dieselfde kansels verkondig het, dit wil sê, as jy nie apartheid in jou wese beoefen het nie, dis nou geestelike en fisiese apartheid oftewel heiligheid, dan gaan jy hel toe, en nou verkondig hulle dat as jy in apartheid glo, as jy jou godsdiens in volksverband wil uitleef, nie met ander rasse en gelowe wil vermeng nie, jy op pad hel toe is.

Wie en wanneer moet ons hulle glo? Ek weet van geen onlangse belydenis van al die "verlore" apartheidsiele wat hulle vir honderde jare hel toe gestuur het nie!

*42 Maar Susanna het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: 0 Ewige Elohim, U wat die verborge dinge ken en van alles weet voordat dit plaasgevind het;*

*43 U weet dat die dinge wat hulle teen my getuig het, vals is, en nou moet ek sterwe terwyl ek niks gedoen het van die dinge waarvan hulle my op kwaadwillige wyse beskuldig het nie.*

*44* ***En JaHWeH het haar geroep gehoor****.*

*45 Want toe sy weggelei is om gedood te word,* ***het Elohim die Gees van die Apartheid in 'n jong man met die naam DaniEl opgewek****,*

Helaas, JaHWeH sal ook Haar uitroep verhoor, en dit is reeds besig om te gebeur in Suid-Afrika, waar die jong man, afbeelding van die Boerevolk, nou kragtig in die Waarheid begin kom. So word die Gees van Waarheid in ons ou volkie opgewek tot `n kragtige Gees, wat hierdie versluierde Waarheid weer tot Haar regmatige posisie sal verhef as Moedergees in ons.

*46 en hy het hardop uitgeroep: Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie vrou!*

*47 Toe het al die mense hulle na hom toe gekeer en gesê: Wat beteken die woord wat jy daar gespreek het?*

*48 En terwyl hy in die middel van hulle gestaan het, het hy gesê : O kinders van JisraEl, hoe is julle so dwaas* ***dat julle 'n dogter van JisraEl sonder behoorlike ondersoek en van 'n bevestiging van die Waarheid, veroordeel het?*** *]JeHôWganan 16]*

*49 Gaan terug na die plek van die gereg, want hierdie manne het valse getuienis teen haar gelewer.*

*50 Daarop het al die mense haastig teruggekeer. En die oudstes het vir hom gesê: Kom, neem jou plek tussen ons in en onderrig ons, want Elohim het aan jou die eer van 'n oudste gegee.*

*51 En DaniEl het vir hulle gesê: Laat hulle ver van mekaar af staan en ek sal hulle ondervra.*

*52 Toe hulle dan van mekaar geskei is, het hy een van hul nader geroep en vir hom gesê:* ***O jy wat oud geword het in ongeregtigheid, hoe het die oortreding wat jy vantevore bedryf het, jou ingehaal***

*53* ***deurdat jy onwettige regsbeslissinge gevel het, die onskuldiges veroordeel en die skuldiges vry laat uitgaan het****, ten spyte van die Woord van JaHWeH dat jy die onskuldige en die regverdige nie mag ombring nie.*

*54 En nou, as jy hierdie vrou gesien het, vertel ons onder watter boom het jy hulle bymekaar gesien? En hy het geantwoord: Onder 'n mastikboom.*

*55 Toe sê DaniEl: Jy het ten koste van jou lewe 'n leuen vertel, want 'n Boodskapper van JaHWeH het reeds die oordeel van Elohim ontvang, en Hy sal jou middeldeur kap.*

*56 Daarop het hy hom opsy laat staan en beveel dat hulle die ander een moes inbring. En aan hom het hy gesê: 0 jou saadlyn van Kanaän en nie van JeHûWdah nie, skoonheid het jou mislei en begeerte het jou hart bederf.*

*57* ***Dit is die wyse waarop jy die dogters van JisraEl wat hulle uit vrees aan jou oorgegee het, behandel het****, maar* ***hierdie dogter van JeHûWdah het haar nie aan jou besoedeling onderwerp nie****.*

*58 Daarom vertel my onder watter boom het jy hulle betrap terwyl hulle mekaar omhels het? En hy het gesê: Onder 'n akkerboom.*

*59 Toe het DaniEl vir hom gesê: Ook jy het 'n leuen ten koste van jou lewe vertel, want 'n Boodskapper van JaHWeH wag reeds met Sy swaard om jou middeldeur te kap en om julle albei te verdelg.*

*60 En die hele vergadering het hardop uitgeroep en JaHWeH geloof, omdat Hy hulle verlos wat op Hom hoop.*

*61 En hulle het hul gewerp op die twee oudstes wat deur DaniEl uit hulle eie mond as valse getuies ontmasker is,*

*62 en met hulle gehandel soos hulle op kwaadwillige wyse van plan was om met hulle naaste te doen;* ***en hulle het hul ooreenkomstig die Wet van Moshè om die lewe gebring****. En op daardie dag is die vergieting van onskuldige bloed voorkom.*

*63 En HilkiJaH en sy vrou het JaHWeH geloof vir hulle dogter Susanna, saam met haar eggenoot JeHôWjakim en haar hele familie, omdat sy niks verkeerds gedoen het nie. [Openbaring 14]*

***64 En van daardie dag af en verder het DaniEl groot aansien in die oë van die volk geniet.***

Hierin kan ons sien wat voor die deur is in hierdie laaste tye op aarde. Die Boerevolk* sal weer intree, die Gees van Waarheid sal weer herstel word vir die hele wêreld en die twee slangpriesters se mag sal hulle ontneem word en die wêreld se Christendom sal self korte mette maak met hierdie valse geeste in hulle eie tuine. *(*lees asseblief die "Boodskappe van Elohim aan Lukaas van Hout" vir meer besonderhede)*

# Hoofstuk 25

## Die boek Ester

Hierdie boek is weereens nie volledig in u Bybel nie en die kritieke gedeeltes is ook, raai weer, as Deutero-Kanoniek verklaar! Ek sal egter uit die Boek van Herinnering aanhaal, waarin die Boek van Ester gerestoureer is, met die betrokke uitgelate verse weer teruggesit op hul plekke. In hierdie boek word die werking van die Trooster weereens vir ons weggesteek en sien ons die in vervulling gaan van die gedeeltes in **1Esra 3** waar Serrubábel beweer dat die vrou die sterkste is, maar bowenal sal die Waarheid oorwin. Dit is weereens verkieslik dat u hierdie boek in geheel gaan lees, maar as u nie `n Boek van Herinnering het nie, gaan na www.nuweopenbaring.co.za en klik op Boek van Herinnering en lees dan die volledige boekrol.

Weens die lengte van die hele Boek van Ester sal ek volstaan met die kerngedagtes en dit bevestig met verse, want ek glo dat u noual self in staat is om hierdie verborgenhede te identifiseer. Hierdie verhaal speel af toe Juda in ballingskap was onder die mag van die konings van die Mede en die Perse. Koning Ahasvéros (**beteken ek sal stilbly en arm wees**) het oor die hele bekende aarde regeer. Alhoewel `n heidense koning, stel hy vir ons die krag van JaHshua in die ballingskap toestand na die Val van die Geeste in die destydse ryk van Lucifer voor. Ook is dit Hy wat in hierdie aardse bedeling heers, alhoewel deur `n heidense koning.

Hierdie koning wil `n groot feesmaal gehou het, en wat almal regdeur die wêreld moes bywoon. Dit stel die wedergeboorte voor. Maar soos ons weet, is die heersende werksame gees op aarde tans die gees van besoedeling, wat gladnie in hierdie maaltyd belangstel nie. Ook was sy die werksame gees nadat Lucifer geval het, naamlik Satana self. Sy word voorgestel deur koningin Vasti (**beteken pragtig**), wat weier om te verskyn vir die maaltyd. Volgens die wet van die Meders en die Perse, moes sy toe vervang word. Dus word daar onder die maagde gesoek na `n geskikte koningin om die posisie te vul. Vasti, voorstelling van die gevalle vroulike gees, Satana, weier om uit te kom om die koning te dien. Nou moet sy vervang word in hierdie gevalle ryk van Lucifer. Dit is die toentertydse sinnebeeld, maar daar is nog `n sinnebeeld en dit is vir vandag se tyd, hier aan die einde van tye.

> *2 Toe sê die jongmanne van die koning wat hom dien: Laat hulle vir die koning* ***maagde soek wat mooi van aansien is;*** (geestelik gesien, maagde wat suiwer in hul liefde is vir JaHWeH)
>
> *3 en laat die koning beamptes aanstel in al die provinsies van sy koninkryk, dat hulle al die maagde wat mooi van aansien is, bymekaar laat kom in die vesting Susan, in die vrouehuis, onder toesig van Hege, die hofdienaar van die koning, die bewaker van die vroue; en laat hulle skoonheidsmiddele aan hulle gee. (*geestelike opleiding ontvang*)*
>
> *4 En die jongmeisie wat die koning geval,* ***moet in die plek van Vasti koningin word****. Hierdie woord dan was goed in die oë van die koning, en hy het so gedoen.*

Ester (**beteken ster**), die Gees van waarheid, word deur haar oom, Mórdegai (**beteken klein man of dwerg**) nader gebring na die vrouehuis, sodat sy die nodige voorbereiding kan ondergaan om aangebied te word vir die koning as bruid. Ester 2:2-4

> *5 Daar was 'n man van JeHûWdah in die vesting Susan met die naam van Mórdegai, die seun van Jaïr, die seun van Símeï, die seun van Kis****, 'n Benjaminiet****,*
>
> *6 wat uit Jerusalem* ***weggevoer was onder die ballinge wat in ballingskap moes gaan*** *saam met JegonJaH, die koning van JeHûWdah, wat Nebukadnésar, die koning van Babel, weggevoer het.*
>
> *7 En hy was die opvoeder van Hadássa (****beteken mirteboom****) , sy is Ester, die dogter van sy oom, want sy het geen vader of moeder gehad nie; en die jongmeisie* ***was skoon van gestalte en mooi van aansien,*** *en by die dood van haar vader en haar moeder het Mórdegai haar as sy dogter aangeneem.*

Wie stel Mórdegai dan voor? In die destydse gevalle ryk van Lucifer stel hy verseker die tweederdes getroue engele voor. Ook bring hy as voog of peetouer hierdie jonge maagd, hierdie nuwe Gees van Waarheid (Ester) wat nou ontstaan het as gevolg van die val in die duisternis in. Onthou weer, waarheid het eers noodsaaklik geword toe die leuen verskyn het. Voor dit was dit net heerlikheid sonder sonde, dus geen noodsaak vir waarheid nie.

In ons sinnebeeld vir hierdie tyd is die herkoms van Mórdegai belangrik, want die eindtyd redding sal deur die stam van Benjamin geskied, dus sal die Gees van Waarheid die sterkste manifesteer in die geestelike stam van Benjamin, naamlik die Boerevolk*. Vandaar sal die hele Israel die lig ontvang, net soos wat ons verhaal in hierdie boek van Ester sal vertel.

*(*lees ook "Die oorblyfsel sal draai", "Die boodskappe van Elohim aan Lukaas van Hout" en "Die Melgisédek orde")*

> *9 En die meisie het hom geval en guns by hom gevind; daarom het hy gou gemaak om haar die nodige skoonheidsmiddele en die regte ete te gee en ha**ar die sewe uitgesoekte meisies uit die paleis van die koning te verskaf**; en hy het haar met haar meisies verplaas na **die beste gedeelte** van die vrouehuis.*
>
> *10 **Ester het haar volk en haar afkoms nie te kenne gegee nie**, omdat Mórdegai haar beveel het om dit nie te vertel nie.*

Insiggewend is die sewe diensmeisies waarvan gepraat word, en dat Ester dadelik die beste ontvang. Dat haar afkoms geheim gehou word, sê vir ons dat hierdie dinge diep in verborgenheid sal wees. Hier is daar weer `n verborge stukkie waarheid, wat vergelyk kan word met **Spreuke 9:1-3,** waar die moeder ook bedien word deur diensmeisies en sewe pilare, wat die sewe aartsengele voorstel, wat ook sewe geeste (diensmeisies) is.

> ***Spreuke 9:1** DIE Wysheid het Haar Huis gebou, Haar **sewe Pilare** uitgekap, [Openbaring van Henog 11:40]*
>
> *2 Haar slagvee geslag, Haar wyn gemeng, ook Haar tafel gedek.*
>
> *3 Sy het **Haar Diensmeisies** uitgestuur, Sy nooi uit op die hange van die verhewe plekke van die Stad: [Spreuke 31:15; Hooglied 6:8; DaniEl 13:15]*

Ons gaan verder. Ester word toe voor die koning gebring en as koningin gekroon.

> *16 Ester is toe by koning Ahasvéros **in sy koninklike paleis opgeneem** in die tiende maand, dit is die maand Tebet, in die sewende jaar van sy regering.*
>
> *17 En die koning het Ester liefgekry meer as al die vroue, en sy het guns en welwillendheid voor hom gevind meer as al die maagde; en **hy het die koninklike kroon op haar hoof gesit en haar koningin gemaak in die plek van Vasti.***

Nou gaan ons oor na `n droom wat Mórdegai gehad het en wat verklaar word aan die einde van die boek, sodat u kan sien wie Ester eintlik voorstel. Ook sal u in die volgende hoofstuk lees van Haman, `n bose man in die ryk van hierdie koning wat `n verskriklike verterende haat teenoor Mórdegai en sy volk gehad het. Haman stel die eenderde gevalle engele voor in die destydse gevalle ryk voor, wat gedurig heul met die uitgesette koningin Vasti (Satanagees) om Mórdegai en sy volk te verwoes. Maar Ester (Gees van Waarheid) is in die verborgenheid nou die koningin en

staan tot die einde toe by haar tweederde behoudende geeste. U kan self die sinnebeeld vir hierdie tye insien.

> ***Ester 2:20d*** *En dit was sy droom: Daar het 'n geroep en 'n geraas ontstaan, en donderslae en aardbewinge, en 'n groot verwarring op die Aarde.*
>
> *20d1 En kyk, **twee groot Drake** het teenoor mekaar gestaan, en hulle was gereed om te veg.*
>
> *20e En toe hulle skreeu, het al die nasies hulle voorberei **vir die stryd teen die volk van die regverdiges**.*
>
> *20f Dit was 'n dag van duisternis en gevaar, van verdrukking en benoudheid; en 'n geweldige Vrees het oor die Aarde gekom.*
>
> *20g Die **volk van die regverdiges was ontsteld**, want hulle het groot besoedeling vir hulleself verwag en hulle het hulle voorberei om te sterwe.*
>
> *20h Hulle het na Elohim geroep. En terwyl hulle roep, **het 'n klein Fontein vermeerder tot 'n baie groot rivier en voortgevloei soos 'n magtige stroom.** ]Sirah 24:30-31]*
>
> *20i **Lig en die son het gekom**; en die wat verdruk is, het hulle verhef en die hoogmoediges verslind.*
>
> *20j Toe Mórdegai hierdie dinge gesien het, het hy opgestaan van sy bed, en hy het gepeins wat Elohim voornemens was om te doen. En hy het die droomgesig vasgehou in sy gees, omdat hy begeer het om die sin daarvan te verstaan.*

Hierdie droom word in **Hoofstuk 9** verklaar deur Mórdegai self.

> ***Ester 9:22a*** *En Mórdegai het gesê: Hierdie dinge het deur Elohim gebeur.*
>
> *22b Want ek herinner my 'n droomgesig waarin al hierdie dinge voorspel is, en nie een ding daarvan het onvervul gebly nie.*
>
> *22c **Die klein Fontein** wat tot 'n rivier vermeerder en dan in 'n lig en die son verander en soos 'n magtige stroom wat voortgevloei het, - **sy is Ester**, wat die koning as sy vrou geneem het en **oor wie hy besluit het dat sy koningin sou wees.***
>
> *22d **Die twee Drake is ek en Haman**.*
>
> *22e Die nasies wat saamgekom het, is die wat pogings aangewend het om die naam van die manne van JeHûWdah uit te roei.*
>
> *22f Maar my volk is JisraEl, wat na JaHWeH geroep het; en **JaHWeH het Sy volk verlos**: Hy het ons gered uit alle boosheid, en Hy het groot tekens en wonders gewerk onder die nasies.*

*22g Ook **het Hy twee lotsbestemminge verordineer**: een vir die volk van Elohim en 'n ander vir die orige nasies.*

*22h En altwee lotsbestemminge het op die dag wat vanaf daardie tyd reeds vir al die nasies bepaal is, voor die Aangesig van Elohim gekom.*

*22i En JaHWeH het aan Sy volk gedink, **en Hy het Hom ontferm oor Sy Erfdeel**.*

In die destydse gevalle ryk het dinge toe so plaasgevind en die eenderde rebelle (Haman) het nie tweederde getroues (Mórdegai) vernietig nie, want die Gees van Waarheid (Ester), wat uiteindelik deur JaHshua opgeneem is as Sy vroulike negatiewe polariteit, het in hierdie gevalle wêreld van ons, haar volk bygestaan en sodoende gered. Die rebelle is toe almal in die openbaar opgehang (in die doderyk beland), aan dieselfde galg wat hulle die getroue volk wou ophang. Hier is dit JaHshua en Sy Ester wat in die doderyk neergedaal het om die getroue Mórdegai deel na sy paradys te bring. Dit is die prentjie in die geheel, maar daar is ook `n sinnebeeld wat nou binnekort op hierdie aarde sal afspeel, waar Ester, die Gees van Waarheid binne die Dogter van Sion (geestelike maagd) weereens die hele Israelvolk sal red in ons laaste stryd teen die Antichris (Haman).

Ek dink nie dit is nodig om verder in hierdie boek al die kleiner detail uit te lig nie, maar ek wil dit regtig vir u werklik aanbeveel om hierdie boek in detail te lees, en u sal talle openbaringe vind, wat hierdie profetiese beeld sal bevestig, beide vir die destydse situasie in die gevalle ryk van Lucifer, sowel as nou in hierdie eindtye waarin ons leef. Hiermee is die boek van Ester dan afgehandel en ons gaan na die volgende bewys van die bestaan van `n vroulike goddelike entiteit, wat ons altyd geken het as die Heilige Gees.

# Hoofstuk 26

## Die Moeder geopenbaar in die tweede boek van Esra

Ek is nou werklik moeg om dit elke keer te sê, maar weereens het die manlike priesterorde besluit om slegs een boek van die skrywer Esra in die Bybel te sit , maar het die ander twee verwyder, alhoewel al drie boeke inmekaar geweef is en mekaar oor-en-weer bevestig. Kom ons lees die volgende gedeelte uit Hoofstuk 2, maar u kan gerus nou die eerste drie hoofstukke aandagtig deurlees. Ek lig slegs die gedeeltes oor ons Moeder in **2 Esra 2** uit.

***Die Wysheid roep die Vader as Getuie.***

> ***2Esra 2:1*** *SO spreek JaHWeH: Ek het hierdie volk uit gevangeskap gebring en aan hulle My Wette gegee deur My diensknegte die profete; na wie hulle nie wou luister nie, maar My Raad verag het. [2 Ezra 1:7]*
>
> *2 Die **Moeder** wat hulle gebaar het, het aan hulle gesê: Gaan weg, julle kinders; **want Ek is 'n Weduwee** en verlate. [Profesie van Barug 4:12]*
>
> *3 Ek het julle met Vreugde grootgemaak; maar met droefheid en hartseer het Ek julle verloor: want julle het voor die Aangesig van JaHWeH julle Elohey oortree en gedoen wat besoedel is voor HOM. [JeshaJaH 54:6]*
>
> *4 Maar wat sal Ek nou met julle doen? **Ek is 'n Weduwee** en verlate; gaan heen, o **My kinders**, en vra Barmhartigheid van JaHWeH.*
>
> *5 **Wat My betref, o VADER, Ek roep na U as 'n getuie, as die Moeder van hierdie kinders** wat nie U Verbond wil hou nie.*
>
> *6 Dat U hulle in skande sal bring **om00dat hulle hul Moeder verag het**, sodat daar geen saadlyn vir hulle sal wees nie. [Spreuke van Salomo 1:8; Wysheid van Sirah 15:2]*

Hierdie tafereel speel af in die vorige bedeling waar daardie Levitiese orde se Moeder, naamlik die Gees van Wysheid, die volk moes lei, maar die volk het Haar verwerp. Hierdie toestand van weduwee, is `n toestand waar die "gestorwe eggenoot", Vader JaHWeH Self nie met die volk kan werk indien die volk nie na die Moeder, die Gees, se wette en ordes wil luister nie. Daarom word Sy deur Vader verstoot, omdat die kinders nie wil luister nie.

In die tyd na JaHshua se opstanding, is `n **ander** Moeder in hierdie bedeling vir ons uitgestort, naamlik die Gees van Waarheid, die Trooster-

Moeder, maar helaas het die volk haar vanaf die begin verag en het die leuengees van Satana gekies *("ander Trooster" sien* ***Johannes 14:16***). Weereens is dit `n toestand van geestelike weduweeskap. Ons gaan verder.

> ***2:15 Moeder, omhels U kinders****, en maak hulle groot met Blydskap,* ***<u>soos 'n Duif</u>****, vestig hulle voete stewig soos 'n pilaar;* ***want Ek het U verkies****, spreek JaHWeH. [Hooglied 5:2]*
>
> *16 En die dooies sal Ek weer opwek uit hulle plekke en hulle uit hulle grafte bring; want Ek het My Naam aan JisraEl bekend gemaak.*
>
> *17 Moenie bevrees wees nie,* ***Moeder van die kinders, want Ek het U uitverkies****, spreek JaHWeH.*

Nou eers kan ons die sin in hierdie verse verstaan, veral as ons dit vergelyk met al die voorafgaande voorbeelde wat ons tot nou in hierdie boek deurgewerk het. Sy is die Duif in die rotsklowe, Sy is die Duif wat op die hoof van ons Meester neergedaal het, Sy is die Duif wat nou weer aan die eindtyd op ons sal neerdaal, as die kragtige uitstorting van die Heilige Gees, die laat reëns van **Joël 2**.

> *19 En net soveel* ***Fonteine wat vloei met melk en heuning****, en* ***sewe magtige berge*** *waarop daar rose en lelies groei, waarmee Ek U kinders met Blydskap sal vervul.*
>
> *20* ***Spreek regverdig vir die Weduwee****, doen Reg aan die wese, gee aan die armes, beskerm die wat verlate is, klee die wat naak is.*
>
> *25 Voed U kinders op, o goeie* ***Oppasster****; versterk hulle voete.*

Die simboliek verklaar duidelik dat `n fontein vroulik is, dus `n suiwer gees wat vir ons melk/Wysheid en heuning/liefde bring, die rose en lelies is ons as volk, gesuiwer deur hierdie fontein, terwyl die sewe magtige berge die sewe Aartsengelgeeste voorstel wat ons sal bedien. Sien meer hieroor in die vorige hoofstuk oor die engelgeeste. **Vers 20** gee vir ons duidelik aan waaraan ons moet voldoen vir redding, naamlik die diens aan die behoeftiges, maar sien ook dat ons regverdig moet spreek vir die Moedergees, dus moet hierdie inligting versprei word, as ons Weduwee/ Moeder behae in ons gaan hê!

> *30 Wees vrolik, jy, o* ***Moeder met U kinders****; want* ***Ek sal julle verlos,*** *sê JaHWeH.*
>
> *31 Onthou U kinders wat slaap, want Ek sal hulle uit die geheime plekke van die Aarde bring en Barmhartigheid aan hulle betoon: want Ek is barmhartig, sê JaHWeH die Almagtige. [Hebreërs 2:10]*

> *32* ***Omhels U kinders totdat Ek kom*** *en betoon Barmhartigheid aan hulle: want My Fonteine loop oor, en My Barmhartigheid sal nie ontbreek nie.*

Wat meer kan ons sê as die wonderlike beloftes wat reeds hier geskrywe staan! Sien u dat die Moeder ook verlos moet word. Dit bevestig weereens alles wat ons voorheen ontdek het! Ons is nou in die sorg van ons Moeder en Sy sal ons beskerm soos wat `n **hen** haar kuikens beskerm.

Die volgende verse handel oor die bevestiging van die Hemelse Koninkryk hier op aarde en ek wil dit graag by hierdie gedeelte insluit, want as ons hierdie boek van 2Esra in ons Bybels gehad het, was daar nooit `n gestryery oor die Messias wat sou kom nie en dat Hy geopenbaar sal word aan die kinders wat getrou aan die Moedergees gebly het. Esra spreek:

> *34 En daarom sê ek aan julle, o julle nasies, wat hoor en verstaan,* ***soek na julle Herder****, Hy sal aan julle ewige rus gee; want* ***Hy is naby wat aan die einde van die wêreld sal kom****.*
>
> *35 Wees gereed vir* ***die beloning van die Koninkryk****, (*die Wedergeboorte*) want die ewige Lig sal vir altyd op julle skyn. [JeHôWganan 1:9]*
>
> *36 Vlug uit die skaduwee van hierdie wêreld, ontvang die Vreugde van jou Glansrykheid: ek betuig openlik my Verlosser.*
>
> *37 Ontvang die gawe wat aan julle gegee word en verheug julle, gee dank aan Hom wat julle na die hemelse Koninkryk geroep het.*
>
> *38 Staan op, en kyk die* ***getal van hulle wat verseël is vir die feesmaal van JaHWeH****; [Openbaring 7:4-8 en 14:1]*
>
> *39 Die wat oorgegaan het uit die skaduwee van die wêreld,* ***wat sierlike klere van JaHWeH*** *ontvang het.*
>
> *40* ***Neem U getal, o Sion, en maak die getal op uit U wat in wit geklee is****, die wat die Wet van JaHWeH onderhou het. [Openbaring 3:18; 7:4]*
>
> *41* ***Die getal van U kinders na wie U verlang het, is vol****: smeek dat die Koninkryk van JaHWeH sal kom, sodat U volk, wat van die begin af geroep is, apartgestel mag word. [Boekrol van Henog 47:4]*

Sien u die voorspelling van presies dit wat in **Openbaring 7, 14, 19 en 20** gebeur, waar die 144 000 verseëldes as eerstelinge gekies word vir JaHshua? Hulle word geklee deur JaHWeH-Ruag, deur die Gees, die voorafgaande Moeder om gereed te wees vir die bruilof. Of het u al

gehoor van `n pa of `n bruidegom wat Sy bruid aantrek!? Net so is dit ook in die hemele, want alles op aarde is `n afbeelding van wat bo in die hemele is! Lees verder wat Esra sien van die eindtyd rakende die tweede koms van JaHshua aan die einde van tyd.

***Ezra sien die Seun van Elohim***

> *42 EK, Ezra, het op die **Berg van Sion 'n groot volk gesien**, wat ek nie kon tel nie, en hulle het almal Elohim geloof met liedere. [Openbaring 14:3]*
>
> *43 En in hulle midde was daar **'n Jong Man van hoë gestalte**, groter as al die ander, en **op elkeen se hoof het Hy krone geplaas**, en Hy was meer verglans; sodat ek my grootliks verwonder het. [Wysheid 6:21; Boekrol van Henog 45:4; Openbaring 22:4 - 5]*
>
> *44 Daarom het ek aan die Boodskapper gevra en gesê: meester, wat is hierdie?*
>
> *45 Hy het my geantwoord en gesê: Hierdie is hulle wat **die sterflike klere uitgetrek het en die onsterflike aangetrek het** (*die Weder-geboorte*) en die Naam van JaHWeH bely het: nou word hulle gekroon en ontvang palmtakke. [Openbaring 6:11]*
>
> *46 En ek het aan die Boodskapper gesê: **Wie is die Jong Man** wat hulle kroon en palmtakke in die hand gee?*
>
> *47 Toe antwoord hy my en sê: **Hy is die Seun van die Elohim, vir wie hulle op die Aarde bely het**. Toe het ek hulle grootliks begin prys, diegene wat so dapper gestaan het vir JaHWeH se Naam. [Openbaring 6:9]*

Kan daar na hierdie verse enige twyfel wees oor die koms van JaHshua, sowel as Sy verwagte tweede koms? Kan daar nog twyfel wees dat ons Hom moet bely, en Hom alleen om oor te kan oorgaan na die onsterflike toestand, of anders gestel, om verlos te word van hierdie materiële tronke waarin ons is? Maar nee, die priesterorde besluit in hulle wysheid, wat maar net wêreldse dwaasheid is, dat hierdie boek uitgeban moet word uit hulle Bybel, dit terwyl Vader deur `n engel die volgende vir Esra sê:

> *48 Toe sê die Boodskapper aan my: **Gaan en** verkondig aan My volk hoedanige en watter groot wonderwerke jy van JaHWeH jou Elohey **gesien het**.*

**Gaan en verkondig aan My volk wat jy gesien het**! Dis die boodskap, nie net vir Esra nie, maar dit was ook vir julle, julle priesterorde, julle lyn van adders, julle wat ons vervreem het van ons Moeder en van ons Broer!

Wie het julle gedien toe julle daardie besluit gemaak het en ons vertel dat die Bybel die onveranderlike volledige Woord van Elohim is? Mag die Hemelse Vader geregtigheid op aarde bring deur hierdie openbaringe, sodat hierdie leuenaars ontmasker kan word! Maar die volgende belofte in **Hoofstuk 7** sê net dit, naamlik dat hulle die leë dinge sal erf, dit is niks, maar u en ek kan deel word van die wonderlike belofte, naamlik om deel te word van Sy Bruid aan die eindtyd!

> *25 En daarom, Ezra, is* ***die leë dinge vir die wat leeg is****, en die vol dinge vir die wat vol is.*
>
> *26 Kyk, die tyd sal kom dat die tekens waarvan Ek jou vertel het sal gebeur;* ***die Bruid sal verskyn****, en* ***Sy sal openlik vertoon word, Sy wat nou vir die wêreld verborge is****. [Psalm 98:2; Odes van Salomo 23:18; 30:6; 41:8; Hooglied van Salomo 3:11; Job 28:20; Boekrol van Henog 46:3; JôWEl 2:16; JeshaJaH 40:5; 52:10; 66:14; DaniEl 13:32; 1 Petrus 1:5; Judit 10:7; Openbaring 11:19]*
>
> *27 En elkeen wat van hierdie besoedeling gered word,* ***sal My wonders sien****.*

Ons sal Haar in verwondering sien en ons sal deel word van Haar, sodat ons ook soos Sy, wat 2000 jaar gelede Sy Hemelse Bruid geword het, nou Sy verheerlikte aardse Bruid word. En die armsalige manlike priesterorde? Hulle kry `n leë houer, `n beker niks, want hulle het leuens verkondig, hulle het die Moeder ontken, misken en afgebreek tot in die grond.

> *123 alle gruweldade vernietig en ongeloof uitgedelg, waarin Geregtigheid tot volle wasdom sal kom en* ***die Waarheid sal verskyn soos die son****. ]JeshaJaH 60:17]*
>
> *124 Daarom kan daar op die oordeelsdag* ***geen Barmhartigheid wees vir hulle wat hulle saak verloor het nie****, en geen terugkeer vir hulle wat oorwin het nie.*

## Hoofstuk 27

## Die weduwee van Sarfat

Hierdie verhaal in **1 Konings 17** sal nou vir u `n heel ander betekenis kry en ek sal slegs die hoofkarakters vir u beskryf, dan sal u die wonderlike dieper beelde kan verstaan. Elia is die Krag van JaHWeH wat voortvloei vanuit Sy oersentrum na die gevalle ryk van Lucifer. Die weduwee is ons Gees van Waarheid in Haar gevalle toestand waar sy en haar seun (tweederde getroues) byna geen geestelike voedsel, meel en olie, meer het nie. Die hout stel die liefde voor wat moet brand om die geestelike gawes, die woord en die salwing, te laat wasdom bereik. Die dag wat JaHWeH reën sal gee, is die laat reëns van die eindtye en die seun sal op hierdie dag opstaan. Die drie keer wat Elia oor hom buig en bid stel die drie tydperke voor waarin die seun geleef het, naamlik die vooraardse bestaan as engelgees, die aardse bestaan en die finale geestesbestaan na die wedergeboorte. Ook is dit drie wat opgewek moet word, naamlik die vlees, die siel en die gees en dit is slegs nadat laasgenoemde tot lewe gewek is, wat die Seun sal lewe vir ewig saam met sy Moeder.

***Die profeet EliJaHûW by die Krit en in Sarfat.***

> ***1Konings 17:1*** *EN EliJaHûW, die vreemdeling, uit Tisbiet in Gílead, het vir Agab gesê: So waar as JaHWeH, die Elohey van JisraEl, leef, voor Wie se Aangesig ek staan, daar sal* ***geen dou of reën in hierdie jare wees nie,*** *behalwe op my woord! [Openbaring 11:6]*
>
> *8 Toe kom die Woord van JaHWeH tot hom en sê:*
>
> *9 Maak jou klaar, gaan na Sarfat wat by Sidon is, en bly daar; kyk, daar het Ek aan 'n weduwee bevel gegee om jou te onderhou.*
>
> *10 Daarop het hy hom gereed gemaak en na Sarfat gegaan; en toe hy by die ingang van die stad kom, was 'n weduwee juis besig om daar houtjies bymekaar te maak. En hy roep haar en sê: Gaan haal tog vir my 'n bietjie water in die kan, dat ek kan drink.*
>
> *11 Terwyl sy loop om dit te gaan haal, roep hy na haar en sê: Bring tog vir my 'n stukkie brood saam.*
>
> *12 Maar sy antwoord: So waar as JaHWeH, u Elohey leef, ek het nie 'n broodkoek nie,* ***net maar 'n handpalm gevul met meel in die pot en 'n bietjie olie in die kruik;*** *en hier maak ek nou 'n paar houtjies bymekaar; dan gaan ek en maak dit vir my en my seun klaar,* ***dat ons dit kan eet en sterwe****.*

*13 En EliJaHûW sê vir haar: Wees nie bevrees nie, gaan heen, doen volgens jou woord; maar maak eers daarvan vir my 'n broodkoekie en bring dit uit vir my; daarna kan jy vir jóu en jou seun iets klaarmaak.*

*14 Want so sê JaHWeH, die Elohey van JisraEl:* ***Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat JaHWeH reën op die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] sal gee.***

*15 En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van EliJaHûW; en sy het geëet - sy en hy en haar gesin dae lank:*

*16 die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die Woord van JaHWeH wat Hy deur die diens van EliJaHûW gespreek het.*

*17 Ná hierdie dinge het die* ***seun van die vrou, die eienares van die huis, siek geword****; en sy siekte was baie ernstig, totdat daar geen asem meer in hom oorgebly het nie.*

*18 Toe sê sy vir EliJaHûW: Wat het ek met u te doen, man van die Elohim! U het na my gekom om my ongeregtigheid in gedagtenis te bring en my seun dood te maak!*

*19 Maar hy antwoord haar:* ***Gee jou seun vir my****. En hy het hom van haar skoot af geneem en hom opgedra na die bokamer waar hy self gewoon het, en hom op sy bed neergelê;*

*20 en hy het JaHWeH aangeroep en gesê: JaHWeH my Elohey, het U selfs oor die weduwee by wie ek as vreemdeling vertoef, 'n straf gebring deur haar seun te laat sterwe? [MattithJaHûW 17:12]*

*21 Daarop het hy hom* ***drie maal uitgestrek oor die kind*** *en JaHWeH aangeroep en gesê: JaHWeH my Elohey, laat die siel van hierdie kind tog in hom terugkeer. [MattithJaHûW 17:11]*

*22 En JaHWeH het EliJaHûW verhoor; en die siel van die kind het in hom teruggekeer, sodat hy weer lewendig geword het.*

*23 Daarop neem EliJaHûW die kind en bring hom af uit die bokamer in die huis en gee hom aan sy moeder; en EliJaHûW sê: Kyk, jou seun lewe!*

*24 En die vrou sê vir EliJaHûW: Nou weet ek dit dat u 'n man van Elohim is en dat die Woord van JaHWeH in u mond Waarheid is.*

Hierdie was maar weer net een van talle voorbeelde in die Skrif, maar daar is nog baie, soos die verhaal van Elisa en die weduwee, die verhaal van Miriam, die moeder van JaHshua, die verhaal van Miriam van

Magdala, die verhaal van die Samaritanse vrou in die NO, asook die verhale van JaraH in die NO.

Geagte Mevrou, die volgende hoofstuk is baie belangrik vir u en u dogters in die volk en is aan `n vriendin en dierbare suster van my gedikteer in 2009. Dit help nie ons het die diep insig in die Skrifte nie, maar ons wandel buite Sy orde wat Hy vir vroue ingestel het. Ek plaas die betrokke hoofstukke nou hierin.

# Hoofstuk 28
# Vrou en dogter van Elohim, wie is jy?
## DEEL 1 - VROU VAN ELOHIM, WIE IS JY?

### 1 WIE IS JY?

*24 April 2009*

Wie is jy? Wie is EK? Waar is jou begin en waar die van My? Amein.

Uit My Liefde het jy voortgekom, geskape deur My hand. As vrou het Ek jou geformeer en geplaas in hierdie land. In jou lewe is daar geen toeval, want Ek is in beheer. Amein.

Het jy al gedink oor die doel van jou lewe. Die waarom en hoekom van jou bestaan as geskape wese? Jy sal seker dadelik antwoord dat jy geskape is as vrou vir jou man of dat jy die een of ander beroep suksesvol moet beoefen, maar sou dit nou die eintlike rede wees? Elke skepper het tog aanspraak op dit wat hy geskape het, dit wil sê eienaarskap en die voorreg om dit wat geskep is tot sy voordeel te benut. As Ek dan jou Skepper en Formeerder is, hoeveel aanspraak het Ek op jou lewe, vrou van Elohim? Is dit net `n paar weggooi-oomblikke of het Ek jou volle aandag soos wat Ek as Skepper kan verwag?

Geskape uit My hand, behoort jy aan My, skone vrou, daarom dat Ek My met jou bemoei. Onafhanklik met vryheid van keuse het Ek jou gemaak as die kroon van My skepping. `n Vryheid om te kan kies wat jy wil en jou lewe daarvolgens in te rig. Weet egter dat jou keuse ook jou lot bepaal, want juis dit is waarom jy die kroon is van My skepping. Jy kan kies om My te dien of om voort te gaan op jou ou weë en dan nooit werklik deel word van My hemelse Koninkryk nie. Kies jy My, dan is daar veel te win en baie om voor te werk. Kies jy My teenstander, dan het ons niks meer om oor te praat nie. Daarom, soos Joshua van ouds, kies vandag wie jy wil dien. Kies jy My, doen dit met oorgawe en kom na My, want Ek wag om jou in My arms te vergader. Amein.

### 2 WIE IS EK?

*26 April 2009*

Noudat ons aangeraak het wie jy is, wil Ek jou meer vertel oor wie Ek is.

Ja, dis reg, Ek is die Almagtige Skepper van hemel en aarde. Die Elohim van Israel en jou Formeerder, maar ook is Ek die Oerbron van alles wat is. Alles wat is, het uit My voortgekom en is deur My in die lewe geroep. Niks het ontstaan sonder My nie en daarom is Ek ook die Onderhouer van alles.

Ek, as die Ewig Heilige, is ook Lig, Liefde en Lewe. Hierdie drie is deel van My Wese en kan, soos die Vader, Seun en Gees nie onafhanklik bestaan nie.

As ewige Lig is daar by My geen duisternis nie en is Ek ook dié Een wat jou, geliefde vrou, se pad verlig, indien jy My daarom sou vra. Net soos jou aardse Vader wil Ek ook hê dat julle My moet kom vra vir hulp. Watter vader weier hulp aan sy kinders? As jou aardse vader nie vir jou `n klip in die plek van `n vis sal gee nie, hoeveel te meer sal Ek, jou Hemelse Vader dit nie doen nie? Omdat Ek almagtig is en ook weet wat vir jou goed is, kan Ek egter nie altyd alles sonder meer toestaan nie, veral nie dinge wat skadelik sal wees vir jou siel se ontwikkeling nie. Ek laat ook soms toe dat slegte dinge met julle gebeur, want dit is My manier waarop Ek wil hê dat julle My moet soek. Wie soek sal vind, onthou! Maak My jou Lig en alle duisternis sal wyk, want geen duisternis kan standhou in My teenwoordigheid nie.

Ek is Liefde en het jou uit Liefde geskape. Ook het Ek aan jou `n naam gegee en by hierdie naam geroep, want jy is Myne, liefste jy. Vanuit My oneindige Liefde, het Ek as Verlosser na die wêreld gekom en mens geword om jou en elke ander te verlos en na My te trek. Ek het jou lief met `n ewige Liefde wat nooit verminder of sterf, want vanuit My het jy uitgegaan en Ek wil dat jy na My terugkeer. Die Liefde vergaan nimmermeer en is `n standhoudende fontein van lewende water waaruit jy kan put sonder geld en sonder prys, net maar jou hart as My heerlike spys. Het jy My gevind, vermeerder jou liefde vir My, deur My voortdurend op te soek. Deel die liefde ook uit deur naasteliefde te beoefen, want dit is deur te gee dat jy ontvang.

Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Wie in My bly, het die Ewige Lewe, want niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Bring al jou bekommernis en laste na My en Ek sal dit vir jou dra. Neem dan My juk op jou, want My juk is sag en My las is lig. Amein.

Vrou, geskape na My beeld van Goddelike Lig, Liefde en Lewe, dit is deel

van jou doel op aarde om My beeld na ander uit te dra. Deur My elke dag te soek en in gebed met My te verkeer, sal jy hierdie beeld in jou vermeer. Sal My Lig in jou helder brand en na almal om jou skyn. Dan sal die liefde in jou bloei, terwyl jy dit uitdra na ander nog geboei, terwyl jy ook aan hul kan vertel, die weg tot Lewe. Amein.

Ek is Vader, Seun en Gees, en hierdie drie is EEN.

As Vader het Ek jou geformeer en as Seun het Ek jou verlos.

As Gees is Ek die liefdesvonk wat in jou is. Amein.

### 3 Hoe, waar en wanneer om My te soek

Geliefde in My, dit is in deemoed en nederigheid wat julle My moet soek. Ek is Liefde en in liefde sal jy My vind wanneer jy jou voor My verootmoedig. Op Golgota het Ek reeds die prys vir jou betaal, daarom kan jy met vrymoedigheid na My kom, want Ek wag op jou. Jou sondelas het Ek gedra en vir jou die weg gebaan na volkome verlossing in My. Kom en kom gou, want by My is daar rus en vrede vir jou. Neem jou kruis op en volg My, want My las is lig en My juk is sag. By My is daar geen lyding nie en is jy van kommer vry, gee net al jou laste vir My. Glo, vertrou en neem My verlossing aan, maak dit jou eie en jy sal vrede ervaar, ongekend van aard.

Waar om My te soek? Vir die wat My liefhet, is Ek orals, maar vir die wat My haat is Ek nêrens te vinde. Reeds voor My kruisiging het Ek gesê dat Ek nie woon in tempels wat met hande gemaak is nie. Ook is Ek nie `n Elohim van ver nie, maar van naby. Soek My in jou hart, jou allerheiligste skat, waar My Gees woon. Met `n onwrikbare geloof en vaste vertroue dat Ek binne-in jou is, sal jy My vind. Laat geen twyfel toe, want dit is `n teken van ongeloof. In jou hart is waar Ek met jou praat, met `n sagte stem en in liefde. Rig jou vrae daar en vind jou antwoorde. Ja, Ek praat ook met jou deur ander mense en deur My Woord, maar die sagte fluistering in jou hart kom uit `n ander oord!

Soek My as jy opstaan, as jy besig is met jou daaglikse take en as jy gaan lê in die aand. Soek My die hele dag, want Ek is met jou. Aan jou doen Ek My Woord gestand en hou jou in My reddende regterhand. Amein.

Vir jou het Ek gesterf en gered van verderf.

Daarom, kom na My, sodat Ek jou kan bevry

Jou sondelas het Ek gedra sonder dat jy daarom vra
In Liefde teer kyk Ek op jou neer en seën jou weer en weer.
Amein.

## 4 Mannin

'Mannin, been van my gebeente en vlees van my vlees.' So het Adam vir Eva genoem toe hy haar die eerste keer sien. So het jy, kosbare vrou, ook van My uitgegaan om in hierdie wêreld My verteenwoordiger te wees en `n hulp vir jou man. Aan jou het Ek die spesiale taak opgelê om kinders te baar en in My Naam op te voed. Weens jou sagtheid word jy die 'swakkere' genoem, tog straal jy van innerlike krag vanuit My, vir solank jy in My bly, en is mede-erfgenaam van My Barmhartigheid en Ryk. Wees daarom `n ywerige navolger van My Wet in die uitvoering van jou pligte as vrou en ondersteuner van jou man.

In `n deugsame vrou, soos in Spreuke 31, het Ek `n welbehae. `n Vrou wat in stilte en nederigheid vir My ywer in haar daaglikse take van onderhouding, bystand en onderrig. Soek My voortdurend in gebed, terwyl jy in liefde jou dagtake verrig, dan sal jy met wysheid handel en vir vele ander tot `n hulp en steun wees. Geduld en barmhartigheid word deel van jou, wanneer jy na ander minder bevoorregtes uitreik. Laat jou lewe van My getuig in jou daaglikse omgang met mense deur naasteliefde te beoefen en uit te leef. Hierdeur word nie net jou geloof versterk nie, maar word My beeld in jou uitgestraal om ander daarmee te omvou.

Bid sonder ophou, want die gebed van die regverdige dra veel krag. Bid vir jou man, kinders, volk en almal wat in nood verkeer, maar ook voortdurend vir jouself. Kom haal by My die krag vir elke dag se take en ook hierin sal Ek jou lei. Ek het mos aan jou die Trooster gegee om jou te leer en te lei in alle waarhede. Dra My beeld van Liefde, Vriendelikheid, Geduld en Barmhartigheid uit na almal om jou en jy sal as geseënd onder die vroue beskou word. Laat My lig deur jou skyn. Amein.

## 5 Vrou binne die Wet van Elohim

*27 April 2009*

Deur My kneg Moses is daar aan die volk van Israel tien Gebooie gegee as riglyn vir hul daaglikse lewe. Hierby is `n hele aantal insettinge en

verordeninge toegevoeg. Aan Moses het Ek gesê dat dit `n afbeelding is van wat in die hemel is, en het ook die hemelse aan hom getoon. Dit is jou taak, geliefde vrou, om in jou innerlike na hierdie hemelse of geestelike betekenis van elke gebod te soek. Met die mate waarmee jy soek, sal jy vind en so jou skat in My Koninkryk vermeerder.

Ja, Ek weet jy vra dadelik: Wat van die offers? Nee, Ek was die hoogste offer. My vlees en Bloed het alle offers van bokke en stiere tot `n einde gebring. Die offer wat Ek nou verlang is `n berouvolle hart wat in liefde en deemoed My aangebied word. Hierin het Ek `n welbehae. Laat jou gebede die lieflike reukwerk wees wat jy daagliks in Gees en Waarheid vir My bring, terwyl die lofsange van jou hart My verbly as die skoonste tone vir My.

Amein.

Kom ons staan `n wyle stil by die eerste gebod: "JaHWeH jou Elohim (en Vader) is `n Enige Elohim en jy mag geen afgode voor Sy aangesig hê nie." In wese beteken dit dat daar net Een Persoonlikheid is wat aanbid moet word. Vader, Seun en Gees is EEN. Dit wil ook sê dat niks en niemand aan My gelyk gestel mag word nie. Sou jy enige aardse bedrywigheid of persoon bo My stel, is jy besig met afgodery. Amein.

Reg deur die Bybel het jy al gelees van name wat verander het en die betekenis daarvan. Hieruit is dit duidelik dat `n naam belangrik is en ook kenmerke bevat van die persoon se karakter. Dieselfde geld vir My Naam en aangesien Ek as Menseseun na die aarde gekom het 'in die Naam van My Vader', het Ek bekend gestaan as JaHWèshua, verkort as JaHshua en beteken: JaHWeH Verlos. As Seun van Hebreeuse ouers uit die stam van Juda, sou hulle tog geen Griekse naam aan My gegee het nie, maar in gehoorsaamheid aan Elohim (JaHWeH) se opdrag, Sy Naam aan Sy Seun gegee het. Liefste vrou, Ek sien jou kommer en vraag dat jy grootgeword het met die naam Jesus en ook so tot My bid. Nee, almal wat My in opregtheid en liefde só ken, is nie verdoem of verlore nie, want deur vertalings en insprake van My teenstander het My Naam verlore geraak. Maar noudat jy weet, watter Naam verkies jy? In die gebruik van My Naam lê groot krag, daarom mag daar nie ligtelik mee omgegaan word nie. Kom soek My in die binnekamer van jou hart en Ek lei jou op die weg van geestelike waarhede en geestelike dieptes, aan jou nog onbekend. In elk van hierdie gebooie is daar veel te ontdek.

By die tien Gebooie van Moses is ook die twee liefdesgebooie van: Liefde tot Elohim en liefde tot jou naaste. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete. Uit Liefde is dit gegee en in liefde moet dit beoefen word. Hê My lief met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte; wat beteken dat jy My eerste moet stel in jou lewe. Rig jou hart en wese na My, terwyl jy jou dagtake outomaties uitoefen. Hê jou naaste lief, soos jouself in daad en in waarheid, dáárin is Ek te vinde. In opregtheid en nederigheid moet julle mekaar dien, want die een wat sê dat hy My liefhet en sy naaste haat, oortree die gebod van 'jy mag geen valse getuienis lewer nie' en is `n leuenaar. Leef die liefdesgebooie en My beeld in jou sal gestalte vind. Jou lig sal skyn in `n wêreld vol bedrog en onmin.

Amein.

## 6 Jou doel op aarde?

Regdeur die Bybel het Ek in My Alwyse Barmhartigheid verskeie vroue geroep en gelei in belangrike take wat hulle vir My moes verrig. Net so is daar ook vir jou `n baie spesiale opdrag wat jy net by My kan kry. Kom ons gebruik `n paar vroue as voorbeeld:

Sarah wat in groot eerbied en nederigheid haar man 'my heer' genoem het, is uitverkies om op hoë ouderdom vir Isak te baar. Met hom is `n ewige verbond bevestig en is hy `n stamvader van My uitverkore volk deur wie My Woord en Wet uitgedra word.

Verstote Lea met die dowwe oë het haar groot hartseer en verlange gedra en geweet dat sy die nie-geliefde was. Tog het Ek haar in genade en barmhartigheid aangesien en geseën met ses seuns, stamvaders van Israel, en `n dogter. Dit was eers na die dood van haar suster Ragel dat haar man hom na haar gekeer het. Met lydsaamheid het sy haar las gedra en die seën daarvoor ontvang.

Hanna het, toe haar moederskoot gesluit bly, haarself verdeemoedig en in gebed en smeking na My gekom. Ek het haar opregtheid aangesien en aan haar Samuel gegee – een van die grootste profete en priesters vir My volk. Ook het Hanna haar gelofte aan My gestand gedoen en hom aan My teruggegee, iets wat vir `n moeder nie maklik is nie, maar haar gelofte het sy betaal, ten koste van haarself.

Debora was `n vrou van innerlike krag en sterkte wat sy van My ontvang

het, omdat sy My geken en liefgehad het. Ek het haar geseën om as profetes en rigter my volk te lei. Wees ook jy `n Debora en soek My in al jou weë en jy sal vele na My lei.

Rut het alles wat vir haar bekend was verlaat, haar skoonmoeder bygestaan en boweal My aangeneem as haar enigste Elohim en Verlosser. In eenvoud het sy haarself nie geag nie en saam met die armes are opgetel. Haar loon was meer as waarvoor sy gevra het en was deel van My geslagsregister op aarde!

In `n vreemde koningshuis, met heidense gebruike en gewoontes, het Ester haar geloof en vertroue in haar Elohim behou en nooit haar waardes opgegee nie. Toe haar volk die dood in die oë staar, het sy gevas en gebid en was sy bereid om haar eie lewe te gee om voor die koning te verskyn en haar pleidooi aan hom te rig. Daar is geen groter liefde as wanneer iemand sy lewe vir sy naaste gee nie!

Maria wie se geloof haar gered het toe sy uit groot liefde My gesalf en met haar hare My voete afgedroog het. So is daar ook vele vroue in julle volksgeskiedenis van wie geleer kan word. Saam met die positiewe is daar egter altyd die negatiewe teenpool. Delila, die verleidster, ook die twisgierige vrou, die owerspelige vrou, die vrou wat met lis vir eie gewin haar man beïnvloed om die verkeerde besluite te neem en nog vele ander.

Maar jy, uitverkore vrou, bestudeer hierdie vroue se karaktereienskappe. Neem die positiewe en maak dit jou eie. Kyk na die negatiewe en die gevolge daarvan, wan dit uit jou lewe sodat die vrugte van die Gees deel kan word van jou wese. Met My hulp sal jy liefde, vrede, blydskap, vriendelikheid, lydsaamheid, geduld en selfbeheersing ervaar. Vervul so jou doel om met My te verenig, sodat Ek in en deur jou kan werk. Hoe meer jy My opsoek, hoe duideliker word My beeld in jou en hoe helderder sal jou lig skyn. Klee jou met My wapenrusting en trek die skoene van bereidwilligheid aan en Ek sal jou lei op die weg wat jy moet gaan.

Amein.

## 7 Wees nederig, want Ek is nederig

*28 April 2009*

Lucifer was, as die eerste geskape wese, `n engel van die Lig. Ook hy was

na My beeld en gelykenis geskape en daar was geen wese soos hy nie. Weens sy skoonheid en mag het hy hoogmoedig geword en wou homself met My, die ewige Skepper, gelykstel. In My Koninkryk het `n rebellie ontstaan en is `n derde van die engele saam met hom op die aarde gewerp en so het hy my teenstander en teenpool geword. As gevolg van sy val uit die hoogte en sy hoogmoed is hy op die aarde gekluister. Omdat My Wese Liefde is en slegs liefde met My verenig kan word, kan selfs Lucifer na my terugkeer indien hy hom sou bekeer en die pad van nederigheid volg. Alle geskape wesens het egter `n eie wil met `n vryheid van keuse. Omdat Lucifer gekies het om teen My te sondig, moet hy weer uit eie keuse na My terugkeer.

Ek, JaHshua, het na die aarde gekom om aan die mensdom die weg terug na die Vader te toon. Ek het mens geword en moes dus ook alle menslike swakhede oorkom. In eenvoud het Ek grootgeword, alle versoekinge moes Ek weerstaan en het Ek My dissipels se voete gewas, ook as teken van My nederigheid. Ek het onder die armes gewoon en gewerk, want baie rykes was te hoogmoedig om na My te luister.

Hoogmoed is `n gruwel in My oë, daarom sal geen persoon wat hoogmoedig is, My Koninkryk sien nie. Ook was My leer dat julle mekaar moet voorgaan in naasteliefde en eerbetoon, want wie eerste is, sal laaste wees en wie laaste is, sal eerste wees. Hoogmoed bestaan nie net daarin wanneer iemand dink hy is beter as `n ander nie of dat sy besittings meer, beter of mooier is as dié van sy naaste nie. `n Ander gevaarlike vorm van hoogmoed waarvan mense nie altyd bewus is nie is, geestelike hoogmoed. Dit is wanneer `n persoon dink dat hy minder sonde as `n ander doen en dit is hoekom Ek gesê het; 'laat dié een wat sonder sonde is, die eerste klip gooi'

Het jy, liewe vrou, hoogmoed in jou? Kom vra My en Ek sal dit aan jou openbaar. Streef daarna om nederig te wees, want Ek is nederig. Volg My voorbeeld na en bewandel My weg, dan sal jy oorwin.

Amein.

## 8 Laat die kindertjies na My toe kom

*28 April 2009*

Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie. Amein.

Geseënd is elkeen wat `n kindjie in My Naam ontvang, want hy ontvang

nie net My nie, maar ook My Vader wat My gestuur het. Amein.

Kinders, `n las of `n vreugde? Vir baie mense is kinders die spil waarom hulle lewe draai en vir ander weer is kinders `n las. Elke kind wat in hierdie wêreld die lig sien, se lewe is deur My beplan, daarom is elke kind wat vir `n ouerpaar gebore word, `n geskenk uit My hand. Baie min ouers besef egter die verantwoordelikheid van kinderopvoeding. Dit behels nie net die liggaamlike versorging nie, maar veral die ontwikkeling van die siel en die gees.

In vandag se gejaagde lewe word baie geld en moeite gespandeer aan die verstandelike ontwikkeling van kinders. Ouers is in kompetisie met mekaar oor hoe vinnig kinders ontwikkel en hoe slim hulle kinders dan nou is, alles net vir eie eer. Reeds as baba is `n kind ingestel op sy eie behoeftes en is die vleeslike al wat vir hom belangrik is. Dit is wel bekend dat die grondslag van `n kind se lewe gelê word binne die eerste sewe jaar van sy lewe en hier speel veral jy, liewe moeder, `n deurslaggewende rol. Menige ouers skuif die versorging van klein kinders op ander af, terwyl hul verkies om Mammon te dien en vergeet van My beloftes. Het Ek nie gesê julle is meer werd as die lelies van die veld en die voëls van die hemel en dat Ek weet wat julle nodig het, nog voordat julle vra nie?

My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie en daarom het My orde ook `n hemelse grondslag. Wysheid van die wêreld is dwaasheid by Elohim! Daarom liefste mamma, leer jou kind eers innerlike lewensbeginsels soos in My Woord vervat, voordat daar klem gelê word op verstandelike ontwikkeling. `n Kind wat in liefde geleer het om gehoorsaam te wees, sy emosies te beheer, vriendelik en onderdanig te wees, is ook nederig, het vrede in homself en leer enige skoolaktiwiteite maklik en vinnig. Wanneer die verstand eerste ontwikkel word, bring dit hoogmoed en `n hoë eiedunk mee, wat teenstrydig is met My leer en wat nie maklik weer af te lê is nie.

Mamma, leer jou kind reeds as hy begin verstaan van My. Laat hy met My grootword en leer hom om My in alles te sien, dat alles met `n doel geskape is, ook hy. Maak My deel van sy daaglikse ervarings en hy sal geen moeite ondervind om My stem in hom te hoor en te erken nie. Hou hom besig met dinge wat goed is vir die ontwikkeling van sy siel. Deur heeldag voor die TV of rekenaar te sit, kry hulle geen liggaamlike oefening nie, maar sien en beleef dinge wat hulle negatief beïnvloed. Selfs

kinderprogramme is vol oorlog, moord en doodslag. Dit vernietig die liefde en leer hulle die pad van selfregverdiging, ongesonde eieliefde en hoogmoed. Dit is alles eienskappe van Lucifer, waardeur hy poog om almal wat aan My behoort, tot `n val te bring, want, 'wie met die swaard lewe, sal deur die swaard omkom'.

Nog iets wat die hoogmoed en eie ek aanblaas, is `n oormaat speelgoed. Dit wek die begeerte om te wil hê, altyd beter en meer. Baie gou raak kinders in kompetisie met mekaar en ontstaan die begeerte na `n ander se goed. Speelgoed word ook deur die bose gebruik om kinders aan te val. Drogbeelde en buiteruimtelike wesens soos `spiderman' en `batman' is genoeg om enige kind slapelose nagte te besorg. Bowendien is sulke dinge nie deel van My skepping nie, want alles wat Ek geskape het, was goed, baie goed. Amein.

Kinders, leer deur die ouers se voorbeeld. Laat die liefde ongeveins wees, want die huwelik tussen man en vrou is die weerspieëling van My huwelik met My volk. `n Kind wat deur die liefde geleer word, sal weet om die liefde te leef en so die sleutel tot My vind.

Amein.

## 9 Lelies van die veld

*29 April 2009*

Kyk na die lelies van die veld, hulle arbei nie en hulle spin nie, tog is hulle met heerlikheid beklee. Amein.

Reeds op aarde het Ek gesê dat Ek nie woon in tempels wat met hande gemaak is nie. Ook het Ek na My liggaam verwys as die tempel wat Ek sou afbreek en in drie dae weer opbou. Die mens is geskape na My beeld; liggaam, siel en gees. Jou liggaam is dus die voorhof van jou tempel, jou siel, die heilige, en jou gees, jou allerheiligste, en dis hier waar jy My vind – in jou hart.

Hoe, liefste vrou, klee jy jou tempel? Rein, deur jou skaamte en vroulikheid te bedek, of ontbloot vir elke oog om hom te kan vergryp? Baie klere is vandag daarop ingestel om die liggaam te beklemtoon, maar dit hoef nie in jou smaak te val nie. Skaamtelose ontbloting van die liggaam kom uit die diepste put van die hel, want daardeur word toegegee aan die begeerlikheid van die vlees. Wie na die vlees wandel, sal aan sy siel skade ly, want die vlees begeer teen die gees. Amein.

Jou liggaam, geliefde, is die houer vir jou siel en gees. Hê jou liggaam lief met die regte liefde, want sonder die regte maat van eieliefde kan jy ook nie vir My of jou naaste liefhê nie. Voed, klee en versorg jou liggaam sonder die oormaat van eieliefde wat ook eersug aanwakker. Deur te veel mooi klere, grimering, mode- en skoonheidskompetisies, word dogtertjies reeds op `n jong ouderdom hieraan blootgestel. Hul leer om te let op die materiële en ly dikwels gebrek aan geestelike kwaliteite. Hoogmoed, eie ek en eersug vier hoogty en is, hoe ouer `n persoon word, baie moeilik af te lê. Dit wat `n kind leer as hy klein is, bepaal grootliks die res van sy lewe. Wil jy jou dogtertjie blootstel en `n oop teiken maak vir Satan om sy kloue in haar te slaan? Wees vir haar die voorbeeld deur jou liggaam te respekteer as My tempel waarin Ek woon en maak van haar `n goddelike voorbeeld vir ander.

Amein.

## 10 Vrou, wees aan jou eie man onderdanig, soos aan My

*30 April 2009*

Vrou, wees aan jou eie man onderdanig, soos aan My. Amein.

Die huwelik tussen man en vrou is `n heilige verordening deur My ingestel. Dit is `n verbond tussen man en vrou waartoe beide hulle verbind tot die 'gee en neem' met My Woord as grondslag daarvan. Wanneer iets heilig is, word dit apart gestel en as verhewe beskou bo die res. So is dit ook met die huwelik tussen man en vrou wat deur My bevestig is. Daarom moet die huwelik geëer en gerespekteer word.

Soos in Paulus se geskrifte, is die man, as eersgeskapene, die hoof van die huis en Ek die hoof van die man. Dit is My orde en daarom moet elke vrou aan haar man die nodige eerbied betoon. Aan die mens het Ek die opdrag gegee om die aarde te bewoon, dit te bewerk en te bewaar – dit maak jou, geliefde vrou, mede-heerser van My skepping. Heers saam met jou man as sy maat en hulp soos Ek julle gemaak het. Amein.

In My Ryk is die siel van man en vrou egter gelyk, daarom moet elkeen sy eie heil bewerk. Deur die huwelik word man en vrou een, `n eenheid wat net <u>in</u> My bewerk kan word. Daarom, soek eers na My en My Koninkryk en alle ander dinge word jou toegevoeg. Maak My jou eerste Liefde, die Rots waarop jy bou en jy sal vind dat ook jou huwelik aan hierdie Rots

geanker is.

Laat die liefde ongeveins wees, want dit bedek alles, glo alles, hoop alles en verdra alles. Laat jou liefde lankmoedig en vriendelik wees, want dan sal jy nie opgeblase wees of kwaad met kwaad wil vergeld nie. Liefde is die grondslag van My Woord en ook jou huwelik. Bemin die liefde, leef die liefde en word die liefde. Daarin lê die sleutel tot elke man, ook na My.

Opregte liefde handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie en is ontdaan van enige vorm van onkuisheid waarin slegs die eie genot in selfsug en uit eieliefde nagejaag word. Laat die gemeenskap uit liefde en in reinheid geskied, daardeur sal julle `n goddelike vrug voortbring. Amein.

`n Liefdevolle huwelik in My Naam is die fondasie vir gelukkige kinders, want dit is hier waar hulle leer om My te eer. Laat jou liefdesbeker oorloop en jou lig skyn op jou man en kinders, maar ook na almal om jou heen. Daardeur sal jy as vrou en moeder vervuld wees en vir almal wees tot seën.

Amein.

## 11 JOU MAKER IS JOU MAN

Jou Maker is jou Man. Amein.

Die dag toe jy jou geliefde ontmoet en wéét, 'hy's die man vir my', het jy met verlange uitgesien na die huwelik en met groot verwagting en hoop alles in gereedheid gebring. `n Huwelik deur My geseën, is die teëbeeld van My huwelik met My volk en jy, geliefde in My, is deel daarvan. Net só moet jy alles in gereedheid kry, want jou Bruidegom kom! Amein.

Vul jou lamp, skone maagd, met liefdesolie vir My. Deel hierdie liefde uit as liefdesdade vir jou naaste en voel hoe jou beker oorloop en jou lig helder skyn. Ek is jou Liefde, Wysheid en Krag. Kom na My en Ek vul jou elke dag. Kom koop van My sonder geld en sonder prys, bring net jou hart as My heerlike spys. By My is daar Wysheid en Krag onbeperk, gee My net jou tyd en liefde in dié se plek.

Amein.

## 12 My Liefde vir jou

My Liefde vir jou is ewig getrou,
daarop sal jy altyd kan bou.
My Liefde vir jou is skoon en rein,
geheel ongeveins, My roosmaryn.
My Liefde vir jou is jou anker,
al sou almal om jou wankel.
My Liefde vir jou sal jou omvou
soos `n sagte bries in die môredou.
My Liefde vir jou sal nimmer taan,
al sal jy soms struikel op jou baan.
My Liefde vir jou sal jou dra,
as jy maar net daarom vra.
My Liefde vir jou is die mooiste rooi,
want ook jy het jou in liefde getooi.
My Liefde vir jou, My vrou,
is jou warmte in die winterkou.
My Liefde vir jou, My roosmarynblom,
is dit waarmee jy ander gaan verstom.
My Liefde vir jou is polsend in My hart,
want jy sal vir ewig wees My skat.
Amein.

## <u>DEEL 2 - DOGTER VAN ELOHIM, WIE IS JY?</u>

Geskape deur My hand,
dogter in hierdie land.
Rein en ongeskond'
in die vroeë môrestond.
Teen die middag te ontluik
as My strale jou omsluit.
Tot wasdom sal jy groei,
in volheid vir My bloei,
*as Ek na jou toe kom*
*en jy net vir My blom.*
*Amein.*

### 1 WIE IS JY?

*11/05/09*

Maagdelik rein, dogtertjie klein, het Ek jou gelê in jou moeder se skoot. 'n Geskenk uit My hand om deur haar gelei te word na My. Amein.

Kunstig het Ek jou liggaam aan mekaar geweef as houer van jou siel en gees. Jou liggaam is materie wat verouder en na afsterwe vergaan. In die siel is jou menswees gesetel – gevoel, emosies, idees en gedagtes. Maar in jou gees My kind, het Ek 'n vonk van My Liefde geplaas, sodat jy My kan soek en vind.

Ook is jy na My goddelike beeld van Liefde, Wysheid en Krag geskape. Jy is vanuit en deur My Liefde geskape. In My Alwysheid het Ek bepaal dat jy nou in hierdie tyd lewe en deur My Krag het Ek aan jou lewe gegee.

Niks omtrent jou lewe is toevallig nie, want jy is deel van My groot Raadsplan - ook die goed en die sleg. Die mens is die kroon van My skepping. Daarom is jy, anders as die diere wat bloot op instink reageer, geskape met 'n eie wil om te kan kies wat jy wil doen. Menigmaal moet jy dan ook die slegte gevolge van 'n verkeerde keuse dra. Dit is hoe jy leer om die regte keuses te maak, deur My in alles te ken. So moet jy ook kies om My te wil dien of nie. Kies jy My, is daar baie om te wen. Kies jy om die pad sonder My te stap, plaas jy jouself buite My beskerming en sorg.

Amein.

## 2 Wie is EK?

EK IS die Alfa en die Omega, die Begin en Einde van alles wat is. Alles het vanuit My ontstaan, want EK IS die Oerbron van Liefde waaruit alles voortgekom het en niks het ontstaan sonder My Wil nie. Aan Moses het Ek gesê EK IS stuur hom, want EK IS Alles en in alles. Amein.

EK IS Vader, Seun en Gees, maar hierdie drie is EEN in Wese. Dit is soos jy wat jou vader se dogter is, jou broer se suster en jou maat se vriendin, maar tog bly jy een persoon.

EK IS JaHWeH, Vader, ewige Liefde en Skepper van alles. Ook onderhou Ek alles wat Ek geskape het. Deur die eeue het die mensdom al meer van My afvallig geword en in die wêreld gekluister geraak. Deur eie keuse het hul al meer in die sonde verval. Daarom het Ek Myself as die Seun aan die mensdom openbaar om vir hulle die voorbeeld te stel en die weg te wys wat hulle moet gaan. Jy ken My dalk net by die naam Jesus, maar die Hebreeus van My Naam is JaHshua, wat beteken dat die Vader, JaHWeH**,** ook Verlosser is. Amein.

Voor My kruisiging het Ek aan My volgelinge gesê dat Ek weggaan maar dat Ek My Gees as Trooster vir hulle sou nalaat om hulle te leer en te lei in alle waarheid. Dit is deur hierdie Gees wat Ek nou met jou spreek. Ook is dit die liefde wat jy in jou hart ervaar om My te wil soek en dien. Amein.

## 3 Bewaak jou hart…

*14/05/2009*

Vandag, My dogter, wil Ek vir jou sê: 'Bewaak jou hart bo alle dinge, want vanuit jou hart is die oorsprong van die lewe.'

In jou hart is waar jy emosies ervaar, daarom praat julle van hartseer. Jou hart voel lig en vry wanneer jy blydskap ervaar en klop opgewonde en angstig wanneer jy bang is. Dit is in jou hart waar Ek die liefdesvonk van My Gees geplaas het, sodat jy My kan soek, daarom moet jy My in jou hart soek. Kyk Ek staan by die deur van jou hart en Ek klop. Al wat jy moet doen is oopmaak en My binne-nooi, sodat Ek kan deel in jou liefde vir My.

Vanuit jou hart kom al jou gedagtes te voorskyn wat dan deur die verstand aangeneem of verwerp word. Is jou hart gevul met die goeie, sal

jy goeie en positiewe gedagtes bedink. Is jou hart gevul met die negatiewe en verkeerde, dan sal jy die verkeerde bedink. Amein.

Vul jou hart met gedagtes oor My en My Woord. Soek My in jou hart, want dit is ook waar Ek met jou praat. Ek praat sag en vol liefde maar as jy aanhou soek, sal jy My vind. Ja, Ek praat ook met jou deur ander mense en die Bybel, maar in jou hart praat Ek, **JaHshua,** persoonlik met jou. Jy sal My herken as jou gewete, `n gevoel of `stemmetjie' wat jou waarsku. Gee ag, glo en vertrou dat Ek ook met jou praat en jy sal My stem duidelik in jou binneste verneem en so sal My lig in jou skyn. Amein.

## 4 Dogter van My Volk

Die volk van Israel het Ek uitgekies tussen al die nasies as My uitverkore volk. Nie omdat hulle 'n sterk en magtige volk was nie, maar omdat hulle die geringste was onder al die volke en My Woord en Wette onderhou het. Jy is nakomeling van Adam en Eva en deel van My uitverkorenes deur wie Ek My Wet en Woord aan die wêreld bekend wil maak. Daarom geliefde jy, bestudeer My Wet en Woord want so vind jy My al duideliker in jou wanneer jy dit jou eie maak.

Deur Moses het Ek My Liefde aan My volk openbaar en vir hulle gebooie, insettinge en verordeninge gegee as riglyn waarvolgens hulle moet lewe. Hierdie is ook vir jou, daarom moet jy jou Bybel lees en dit onderhou. Nee My dogter, daar is geen offers meer nodig nie, want My Bloed op Golgota was die volmaakte offer vir die mensdom se sonde. Al offer wat Ek van jou vra is net maar 'n hart vol liefde vir My. Amein.

Die Israeliete is deur Moses uit Egipteland uitgelei. Na 400 jaar se omswerwinge in die woestyn het Joshua hulle die beloofde land, Kanaän, ingelei – 'n land wat oorloop van melk en heuning. Hulle moes die land in besit neem en skoonmaak van alle onreinheid en so die ander nasies uitwis. Jou hart is die Kanaän wat jy inbesit moet neem sodat Ek die Saad van My Woord daar kan saai. Eers moet jy ook jou hart reinig deur jou sonde te bely sodat Ek jou met My Bloed skoon kan was. Haal die onkruid soos verkeerde gedagtes, nydigheid, twis, skinder, ongeduld en onvriendelikheid uit en vul die plek met liefdevolle gedagtes oor My en My Woord. Dan sal My Saad in jou groei. Jy sal die vrugte van die Gees dra en My lig sal in en deur jou skyn. Amein.

## 5 Eer jou Vader en Moeder

Eer jou vader en jou moeder dat jou dae verleng mag word in die land wat Ek jou sal gee. Amein.

Voor die grondlegging van die aarde het Ek reeds jou naam geken, jou liefgehad met ‘n ewige Liefde en verordineer dat jy nou op aarde moet lewe. Ook het Ek bepaal wie jou ouers moet wees. Die ouerhuis is die eerste vorm van gesag wat Ek oor die kind aangestel het, want gesag is deel van My orde. Die mens is My verteenwoordiger op aarde, net so jou ouers. Daarom moet jy hulle eer en respekteer, nie net wanneer jy so voel nie, maar te alle tye. Amein.

As My verteenwoordigers, is godvresende ouers die toonbeeld van My persoon. Jou vader ontvang sy wysheid en insig van My en jou moeder ontvang die liefde waarmee sy jou versorg ook van My. Hulle beeld dus My Wysheid en Liefde uit. As ‘n kind nie sy ouers kan eer nie, hoe kan sy My, die hemelse Vader eer?

Hierdie gebod bevat nie net die opdrag tot gehoorsaamheid om jou ouers te eer nie, dit het ook die belofte van ‘n lang lewe. Alle mense op aarde is sterflik maar die siel en gees besit die vermoë tot onsterflikheid. Het jy My lief en hou jy My gebooie, het jy die ewige lewe in My. Dien en eer My deur jou ouers te eer, maar so ook ander volwassenes, want hulle is almal vaders en moeders in My volk. Amein.

## 6 Liefde

*16/05/2009*

Buiten die tien gebooie wat in die boeke van Moses opgeteken staan, het Ek ook die twee gebooie van die Liefde gegee. Die eerste is dat jy My moet liefhê met jou hele hart, siel en al jou kragte. Om My lief te hê met jou hele hart beteken dat jy My die heerser van jou lewe moet maak. Maak die deure van jou hart vir My oop en maak My die Koning wat op die troon van jou hart sit. As Ek dan jou koning is, sal jy tog alles doen wat Ek wil hê. Dan is My Woord en wil jou alles en sal jy niks doen sonder om My te raadpleeg nie. Ek het aan jou lewe geskenk, maar as jy My in jou hart innooi, word jy deur My Gees tot ware Lewe gewek. Amein.

Ek het aan jou die lewenskrag gegee om My te kan dien, daarom mag jy niks bo My stel nie. So eer jy ook My Naam en het My lief bo alles.

Amein.

Die tweede liefdesgebod wat hiermee gelyk staan, is om jou naaste lief te hê soos jouself. Hierdie wet is baie spesifiek bedoel vir die naaste, dit wil sê volksgenote. Kom ons kyk na die visse van die see wat almal in dieselfde waters rondswem, maar tog bly elke soort apart. So ook die voëls van die hemel wat almal in dieselfde lugruim rondvlieg en van dieselfde aarde hul voedsel kry, maar tog bly elke voëlsoort uniek sonder om te verbaster. Dit is net die mens wat Ek as kroon van My skepping gemaak het, wat deur eie keuse besluit hulle is nie goed genoeg nie en daarom met ander nasies wil ondertrou. Ek het almal geskape en Ek het hulle baie goed geskape met die doel dat elkeen moet bly soos wat hy is. Amein.

Jou naasteliefde, My kind, is vir jou volksgenote. Dit wil nie sê dat jy alle ander nasies moet haat nie, ver daarvan – jy haat tog nie die res van My skepping nie! Laat jou vriendelikheid aan almal bekend word, maar kies jou vriende met groot sorg. Amein.

## 7 Nederigheid

Die eerste wese deur My geskape was Lucifer, die engel van lig. Geskape na My goddelike beeld het hy oor krag en mag beskik om ook te skep. Weens sy skoonheid en heerskappy as eerste engelwese, het hy hoogmoedig geword, wou homself verhef en met My gelykstel. Hy het My nie meer erken as die Bron van sy bestaan en die Krag waardeur hy geskep het nie. Al die eer het hy vir homself toegeëien en daardeur ‘n menigte ander engele mislei. My Eer gee Ek aan niemand en het hom uit My Ryk, op die aarde neergewerp saam met die menigte wat hom gevolg het. Lucifer se hoogmoed het hom baie duur te staan gekom.

Hieruit, My dogter, kan jy sien dat hoogmoed nie voor My of in My Ryk enige bestaansreg het nie. Dit is ‘n gruwel in My oë en hoort nie by een van My kinders nie. Satan sal egter altyd probeer om die wat aan My behoort te mislei met hoogmoedige gedagtes van, dit wat ek het is beter as die van ‘n ander, of dat jy beter en slimmer is as die persoon langs jou. My hele lewenswandel op aarde was in eenvoud. Ek het in ‘n eenvoudige huis grootgeword waar daar net die noodsaaklike was. Later, toe Ek begin met My lering, het Ek vissermanne gekies as My dissipels, mense op wie daar ook vandag baie neergesien word as eenvoudig en ‘dom’, tog geniet

almal die vrug van 'n visser se arbeid! Ook het Ons nie baie kosvoorraad met Ons saamgeneem nie, maar geniet wat Ons aangebied was om te eet, al was dit net uitgevryfde koringare.

Vandag sê Ek vir jou wat hier lees, wees nederig want Ek is nederig. Wees nederig en vriendelik teenoor jou vriende en betoon ouer mense die nodige respek. Die een moet die ander voorgaan in eerbetoon, want wie homself verhoog sal verneder word, en wie homself verneder, sal deur My verhoog word. Gaan lees die gedeelte van die Fariseër en Tollenaar wat in die tempel gestaan en bid het en leer daaruit. Ek sê vir jou dat die persoon wat uit liefde en met 'n nederige hart na My kom en om vergewing vra, vergifnis sal ontvang. Gaan in die binnekamer van jou hart en vra My, dan sal Ek aan jou uitwys dit wat jy moet bely en uitwan in jou lewe. Amein.

## 8 Wie eerste is sal laaste wees

*17/05/2009*

My dogter, nou wil Ek met jou praat oor iets wat vir baie mense 'n groot probleem is, dikwels sonder dat hulle dit eers self besef. Dit is eersug. Wat is eersug anders as die voortdurende begeerte om deur ander mense gesien en geëer te word? Dink jy dit was die beeld wat Ek uitgestraal het toe Ek op aarde was? Ek sê vir jou, nee glad nie. Ek was nederig, het in 'n huis grootgeword waar net die nodigste was. Ook tydens My omswerwinge saam met My dissipels het ons niks met ons saamgeneem nie, want vir My het dit nie daarom gegaan om deur die mense gesien te word nie, maar om die boodskap van Verlossing en Liefde te verkondig.

Is dit vir jou baie belangrik om deur die mense raakgesien te word, veral tussen jou vriende en vriendinne? Doen jy soms dinge sodat mense jou moet raaksien? By dogters kom dit veral na vore by die voortdurende begeerte na mooi klere en die navolg van die nuutste modes. Baie ouers laat hul dogters toe om reeds op 'n baie jong ouderdom grimering te gebruik en wek so die eie eer en ydelheid by dogters. Die vraag is nou: 'Waarom word grimering gebruik?' Is dit omdat jy nie tevrede is soos wat Ek jou geskape het nie en dit terwyl Ek jou goed, nee <u>baie goed</u> geskape het? By My het die uiterlike nie waarde nie, want dit is in die hart waar Ek woon. Al sou `n dogter hoe mooi aangetrek en met alle skoonheidsmiddels opgetooi wees, en haar hart behoort nie aan My nie, dan beteken dit vir My niks. Jou liggaam is die tempel waarin Ek woon en moet versorg word, maar waak teen eersug en

ydelheid. Dit is twee eienskappe waarmee Satan baie vroue tot `n val bring en so sy kloue in hulle slaan.

Kleredrag, My geliefde dogter, is ook ‘n baie netelige kwessie. Adam en Eva het geen klere nodig gehad in die tuin van Eden nie. Eers nadat hulle gesondig het, moes hulle hul liggame bedek. Vandag se kleredrag en modes is daarop uit om die liggaam te beklemtoon en te vertoon, eerder as om dit te bedek. So ontaard die dogters van My volk in ydele verleidsters wat menige jong man tot ‘n val bring. Weereens is dit iets waaroor elke individu self moet besluit en dwing Ek niemand nie. Jy moet self My Woord en wil aanneem en navolg of in die hand van die bose speel, want jy kan nie twee gode dien nie. Daarom, My liefste kind, moet jy waak teen die verkeerde. Kom na MY en Ek sal die regte dinge in jou hart lê. Amein.

## 9 TYD IS LIEFDE

Waarmee, My liefste dogter, verwyl jy jou tyd en hoeveel spandeer jy aan My? Daar is vandag soveel dinge waarmee jongmense hulleself vermaak en besig hou dat hulle vergeet van hul Verlosser wat verlangend wag om met hul te kan praat. Baie keer is dit net ‘n kits-gebed nou en dan, of wanneer die nood druk, soms ‘n bietjie langer. Ure word spandeer voor die TV of rekenaar op programme en aktiwiteite wat nie opbouend is vir jou siel en My ook nie tot eer strek nie. In dié programme word wêreldse plesier uitgebeeld wat daarop ingestel is om vleeslike genot, eersug, hoogmoed, ydelheid, dronkenskap en brassery voorop te stel en waarin egbreuk aan die orde van die dag is. Hierdie dinge is alles maniere waarop die bose sy kloue in My kinders slaan en hulle mislei.

Gewelddadige rekenaarspeletjies word gespeel en die oorwinning word behaal deur ‘n ander persoon te dood. Wat word van die gebod van die naasteliefde en ‘jy mag nie doodslaan nie’? Nee, My kind, sulke spele is nie van My nie, maar wel van My teenstander. Hy word nie verniet ‘n dief en mense-moordenaar genoem nie, want hy leer nie net die verkeerde nie, hy vermoor ook jou siel en gees deurdat dit in jou innerlike ingebrand word. Dit wat jy voortdurend sien en bedink is wat jy word. Daarom sê Paulus: ‘moenie wêreldse dinge bedink nie, want vriendskap met die wêreld is vyandskap met My’. Ook is Ek nie tevrede met net ‘n paar weggooi-oomblikke van jou tyd nie. Ek is ‘n jaloerse Elohim en wil jou net vir Myself hê. Hoe meer tyd jy aan My spandeer, hoe meer sal jou liefde vir My groei en hoe helderder sal My Lig in jou skyn. Onthou, tyd is liefde. Amein.

## 10 Vriende

*18/05/2009*

Vir jou wat hier lees wil Ek weer sê, kies jou vriende en vriendinne met groot sorg. Baie mense het al tot 'n val gekom as gevolg van verkeerde vriende wat hulle mislei en verlei het en was agterna baie spyt, omdat hulle deelgeneem het aan die verkeerde. Die enigste manier om dit te voorkom is om My deel te maak van jou daaglikse lewe en My te ken in alles wat jy doen.

Neem 'n paar oomblikke en maak 'n lys van dié dinge wat julle vriendinne altyd saam doen. Oorweeg elke saak met eerlikheid en daar sal al klaar vir jou 'n lig opgaan. Is dit waaroor julle gesels opbouend, of skinder julle van ander? Oordeel julle ander se doen en late sonder om te let op wat julself doen? Praat julle heeldag ydele praatjies oor modes, klere en seuns? Wat doen julle vir vermaak en watter plekke besoek julle? Is rook, drank of dalk dwelms deel van julle aktiwiteite? Watter tydskrifte en boeke lees jy? Daar is soveel om op te noem dat Ons 'n hele boek vol kan skryf. Neem net een dag in oënskou en oordink elke oomblik – was Ek deel daarvan of sou jy verkies dat Ek tuisbly?

My dogter, hoe is jou verhouding met die seuns en jong manne van My volk? Maak My die basis van jou vriendskap en volg My Woord en wil. Wees altyd wel gekleed en ingetoë sonder die uitlokkende houding van 'n Delila wat daarop uit is om te verlei. Kies jou vriende onder dié wat My ken en Ek sal jou lei na die regte lewensmaat. Bewaar jou maagdelikheid, bly rein en laat die huweliksdaad bly vir die huwelik, want dit is hoe Ek dit wil – 'n daad om kinders te verwek. As reine maagd dra jy die beeld van My volk as bruid met wie Ek in die huwelik wil tree, onbesoedeld en vry van enige afgodery. Amein.

Nou is jy nog 'n dogter in My volk, maar met jou huwelik, met die man wat Ek aan jou sal gee, word jy vrou en moeder van My volk. Deur jou word 'n nageslag gebou en gaan dit jou plig en verantwoordelikheid wees om jou kinders van My te leer. Dit sal jy net kan doen as jy My waarlik ken en weet wat My Woord en Wil is. Maak My deel van jou daaglikse lewe, getuig van My en leef die liefde teenoor almal uit. Neem jou Bybel, soek en lees alles wat betrekking het op die vrou en dogter, oordink dit biddend en die res sal maklik volg. Amein.

## 11 JY IS MYNE!

Ek het jou by die naam geroep en jy IS Myne! Lank reeds voor jou menswording het Ek jou lewenstyd bepaal, maar het jy al gedink waar jy vandaan kom en waarheen jy oppad is? Elke mens wat aan My behoort, het 'n spesiale doel op aarde, ook jy.

So was daar Sara wat alle hoop op moederskap opgegee het en tog was dit deur haar wat Ek My volk gevestig het en was haar nakomelinge meer as die sand van die see.

Debora weer was van haar kinderdae 'n gelowige en godvresende vrou. Sonder dat sy dit vooraf geweet het, het sy profetes en rigter vir die volk geword en moes hulle in 'n moeilike tyd lei.

Rut was bereid om haar mense en alles wat vir haar bekend was te verlaat om te doen wat sy in haar hart oortuig was om te doen. Sy het by Naómi gebly en selfs haar skoonmoeder se geloof en Elohim aangeneem. Ook was sy onbewus van die feit dat sy 'n moeder in My geslagsregister sou word.

Ester het as weeskind by haar oom grootgeword, maar toe sy na die Babiloniese koningshuis geneem word, het sy gebly in wat sy as dogter geleer het. Sy het nooit haar geloof en beginsels prysgegee nie, selfs toe sy gekies is as koningin. Van haar groter doel en werk om as middelaar vir haar volk in te tree, het sy eers ná haar huwelik bewus geword, maar ook hierin het Ek haar gelei en was sy bereid om haar lewe te gee vir haar volk.

Maria, moeder van My aardse liggaam, het as reine maagd in die tempel grootgeword en eers geweet wat haar ware doel was, nadat die engel aan haar verskyn het. Tydens alle valse aantygings, het sy en Josef vas bly staan in dit wat die Gees aan hulle openbaar het.

So was daar Maria Magdaléna, 'n duiwel-besete sondares, uit wie Ek sewe duiwels moes uitdryf. Na haar reiniging het sy My bo alles liefgehad en was sy die eerste by My graf nadat Ek opgestaan het.

Vele voorbeelde van vroue wat deur My gekies is vir 'n spesiale opdrag, is ook in julle volksgeskiedenis te vind. Lees van hierdie vroue en leer van hulle. Beoefen die vrugte van die Gees en maak My deel van jou daaglikse lewe. Wees bereid om My voor die mense te bely al sou jy die enigste wees en moenie die meerderheid navolg in wat verkeerd is nie. Volg jy My en Ek sal jou uitred uit alle gevare. Amein.

## 12 Kom na My toe...

Kom na My toe met al jou kommer, sorge of pyn. Bring al jou sonde en Ek was jou skoon en rein. Ek is die Almagtige en niks is vir My te groot of klein. Neem dan My juk op jou, want My juk is sag en My las is lig. Vra na My en Ek sal jou pad verlig. Amein.

Ek is jou Vader en Verlosser, die Een wat jou liefhet bo almal. Vir jou het Ek aan die kruis gesterf en gered van verderf. Vind in My jou weg, want Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe en niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Amein.

Laat My Gees lewend in jou word deur jou liefde vir My en die uitlewing daarvan deur jou naaste ook in liefde te dien. So sal jy insig verkry en wysheid vermeerder, want dit is deur te gee dat jy ontvang. Die gawes van die Gees sal in jou werksaam word as jy met volle oorgawe en geloof glo dat redding en verlossing ook vir jou is. Klee jouself met My wapenrusting en wees bereid om van My te getuig. Die een wat My voor die mense bely, hom sal Ek voor My Vader in die hemel bely. Amein.

Wek in jou die Sara-, Debora-, Ester-, Maria- eienskappe en vra My dat Ek jou help en daarin lei. So word jy een met My as jy altyd in My bly. Maak My jou Anker en jou Rots waarop jy jou lewe bou en Ek sal jou in My arms toevou en vir My behou. Amein.

‘Kom na My toe almal wat moeg en oorlaai is en Ek sal jou vrede gee.’ So, My liefste dogter, nooi Ek jou nou. Moenie wag of huiwer, want Ek wag op jou. Amein.

# Hoofstuk 29

## Sippora, aardse voorbeeld van die Moeder

Veel is al oor Moses se vrou, Sippora, gesê. Die een groep wil haar graag as `n bastervrou uitbeeld, wat sou beteken dat Moses die Wet van JaHWeH oortree het toe hy met haar getrou het. Die ander groep sien haar as `n vreemdeling (uit Sem se nageslag) in Midian, wat dan ook korrek is en ons sal dit mettertyd bewys. `n Kort oorsig oor Moses se lewe nadat hy uit Egipte gevlug het, is nodig om die hele verhaal van die geestelike Sippora te verstaan. Ons kry dan ook ons meeste inligting hoofsaaklik uit *Die Boek van die Opregte*, in Engels, *The Book of Jahsher*. Weereens `n boek waarna die Bybel twee keer verwys, in Joshua en 1Konings maar die boek is deur die destydse priesterorde in Nicea in 323 NC oor die hoof gesien. Daarom is die boek nie in u Bybel nie, maar wel in die Boek van Herinnering. Nog `n kokosneut val op u kop, mevrou?!

Moses vlug nadat hy die man doodgeslaan het en beland in Etiopië, of genaamd Kush, wat swart beteken. Hier het die nageslag van Gam deur sy oudste seun, Kush gewoon en dit is korrek om aan te neem dat hulle Kushiete of swartes was. Met Moses se vaardighede word hy deur hulle as koning gekies nadat die een koning, koning Kikanius, sterf. Moses was baie gewild onder hulle en dit is te verstane dat hy, met sy wysheid en krag, sy intellek en strategiese denke, vinnig opgang gemaak het as leier en vegter. **Opregte 73:22-24**

> *22 En Moshè was agtien jaar oud toe hy uit Egipte gevlug het van die aangesig van Farao, en hy het gevlug en het ontsnap na die laer van Kikiakus, wat op daardie tyd besig was om Kuwsh te beleër.*
>
> *23 Moshè was nege jaar lank in die laer van Kikianus, die koning van Kuwsh, die hele tyd wat hulle Kuwsh beleër het, en Moshè het saam uitgegaan en saam met hulle ingekom.*
>
> *24 Die koning en vorste en al die vegtende manne het Moshè liefgehad, want hy was groot en waardig, **sy grootheid was soos 'n adellike leeu,** (***Moses as teëbeeld van die LEEU VAN JUDA – JAHSHUA**) en hy was raadgewer van die koning.*

Maar hier kry Moses toe vir Adonia, `n swart vrou, uit die saad van Kikanius. Uiteraard het die volk van Kush verwag dat hy by haar sou ingaan en seuns verwek, sodat Kikanius se geslag kon voortbestaan deur sy dogter, maar die Boek van die Opregte vertel `n heel ander verhaal.

*__Opregte 73:31__ Hulle het die koninklike kroon op sy hoof geplaas, en hulle het aan hom as vrou gegee, Adonia, die Kuwshitiese koningin, die vrou van Kikianus.*

*32 Moshè het JaHWeH, die Elohey van sy vaders gevrees, __sodat hy nie by haar ingegaan het nie__, ook het __hy sy oë nooit op haar gerig nie__.*

*33 Want Moshè het onthou hoedat Abraham sy dienskneg, EliEzer, laat sweer het deur te sê: Jy sal nie 'n vrou van die dogters van Kanaän vir my seun Isak neem nie.*

*34 Ook wat Isak gedoen het toe Jakob gevlug het vir sy broer, toe hy hom beveel en gesê het: __Jy sal nie 'n vrou neem van die dogters van Kanaän nie, ook nie 'n verbond met enige van die kinders van Gam sluit nie.__*

*35 Want JaHWeH, onse Elohey het Gam, die seun van Noag, __en sy kinders en al sy saad, as slawe aan die kinders van Sem__ en die kinders van Jafet, en aan hulle saad na hulle as slawe gegee, __vir ewig__. ]Die Boekrol van Henog 89:9]*

*36 Daarom het Moshè nie sy hart of sy oë gedraai na die vrou van Kikianus nie, al die dae wat hy oor Kuwsh geheers het.*

*37 __Moshè het JaHWeH, sy Elohey sy lewe lank gevrees__. En Moshè het voor die Aangesig van JaHWeH __gewandel in Waarheid__, met sy hele hart en siel. __Hy het nie afgewyk van die regte Weg al die dae van sy lewe nie.__ Hy het ook nie van die Weg óf na regs óf na links afgewyk waarin Abraham, Isak en Jakob gewandel het nie. [Psalm 18:30]*

Hierdie onberispelike weg waarin Moses gewandel het, is belangrik, veral in die lig van sy broer en suster se latere beskuldigings teenoor hom dat hy `n swart vrou gehad het. As gevolg van die inhoud van **vers 37** hierbo, het JaHWeH vir Aäron berispe en Miriam met bose swere geslaan, want dit was `n leuen.

Nou die volgende oor ons geestelike model in die groot ryk van Lucifer, na sy val in die dieptes in. Daar is `n groter verborgenheid aan die ware genelyn van Gam*, naamlik dat hy `n direkte afstammeling van Kain was, aangenome deur Noag en op die ark geplaas, volgens die ewige verbond wat Vader met Kain in **Génesis 4:15** gemaak het. *(* Sien DVD lesings oor Gam, seun van Noag of Kain?)*

Hierdie Kush-koninkryk stel die gevalle ryk van Lucifer voor met Adonia as die heersende gees, Satana. Moses stel dan eerstens die tweederdes getroue engele voor, waarna hy gaandeweg as verlosser van Sy volk Israel, ook die Messias se rol vertolk in ons geestelike sinnebeeld. Die

swart koningin, Adonia, was egter glad nie gelukkig met hierdie stand van sake in hul huwelik nie.

> ***76:3*** *In die veertigste jaar van die regering van Moshè oor Kuwsh, het Moshè op die koninklike troon gesit en Adonia, die koningin, was voor hom, en al die edelmanne het om hom gesit.*
>
> *4 En Adonia, die koningin, het aan die koning en owerstes gesê: Wat het julle die seuns van Kuwsh vir so 'n lang tyd aangedoen?*
>
> *5* ***Julle weet seker dat die veertig jaar wat hierdie man oor Kuwsh geheers het, het hy my nooit genader of die gode van die seuns van Kuwsh gedien nie.*** *]Númeri 12:1; Boekrol van die Opregte 72:37; 76:5]*
>
> *6 Daarom dan, luister julle kinders van Kuwsh, en laat hierdie man nie meer oor julle heers nie* ***omdat hy nie van ons vlees is nie.***

Vleeslik gesien is sy volkome korrek, want Moses was `n blanke, maar geestelik gesien is die vlees eintlik die gees. Satana, die gees van Lucifer, het `n probleem met hierdie behoudendes en hulle moet wyk, want hulle wil nie met haar gemeenskap (geestelik) hê nie, hulle klou vas aan die Skeppergees van Vader JaHWeH, naamlik die Oermoedergees (voorgestel deur Moses se behoudende karakter in **vers 73:37)**.

Nou gaan Moses weg, na veertig jaar in Kush, nadat hy homself onberispelik in hierdie beproewingstydperk gedra het voor JaHWeH en beland hy nou in Midian by `n put van ReuEl, ook genoem Jetro in die boek Exodus.

> *12 Toe het Moshè vertrek uit die Aarde van Kuwsh en huiswaarts gekeer en het opgehou om oor Kuwsh te regeer. En Moshè was ses-en-sestig jaar oud toe hy die Aarde van Kuwsh verlaat het, want die saak was van JaHWeH,* ***want die tyd wat Hy in die dae van die voortyd bepaal het om JisraEl uit te lei van onder die verdrukking van die seuns van Gam, het aangebreek****.*
>
> *13 Toe het Moshè na Midian gegaan, omdat hy bang was om na Egipte terug te keer as gevolg van Farao, en hy het gaan sit* ***by 'n put in Midian****.*
>
> *14 Die* ***sewe dogters van ReuEl, die Midianiet, het uitgegaan om hulle vader se kudde te laat wei****.*
>
> *15 En hulle het by die put gekom en het water getrek om hulle vader se kleinvee te laat drink.*
>
> *16 Toe het die veewagters van Midian gekom en hulle weggedryf en Moshè het opgestaan en het hulle gehelp en die kudde laat drink.*

*17 Hulle het tuisgekom by hulle vader, ReuEl, en hulle het hom vertel wat Moshè vir hulle gedoen het.*

*18 En hulle het gesê: **'n Egiptiese man het ons uit die hand van die veewagters verlos, hy het water vir ons opgetrek en die vee laat drink.***

Mevrou, hier is weereens pragtige dieper simboliek, wat u noual sekerlik goed sal verstaan, naamlik dat hierdie put `n geestelike bron voorstel, naamlik die Oermoeder self. Die dogters is geeste wat uit haar uitgegaan het en die syfer sewe dui verseker op die sewe geeste van die sewe aartsengele. Die kleinvee is die volk wat deur hulle gevoed word en die bose veewagters die verraderlike manlike priesterorde waaroor ons al baie gesê het. Sien u die woorde in **vers 18**? Sien u JaHshua daarin?

*19 ReuEl het aan sy dogters gesê: En waar is hy? Waarom het julle die man verlaat?*

*20 ReuEl het vir hom gestuur en hom laat haal en hom huistoe gebring **en hy het brood saam met hom geëet.***

*21 Moshè het vir ReuEl vertel dat hy uit Egipte gevlug het en dat hy veertig jaar lank in Kuwsh regeer het en dat hulle daarna die regeringskap van hom weggeneem het en dat hulle hom in vrede weggestuur het met eer en met geskenke.*

*22 Toe ReuEl die woorde van Moshè hoor, het ReuEl vir homself gesê: **Ek sal hierdie man in die gevangenis sit, waardeur ek die kinders van Kuwsh tevrede sal stel, want hy het van hulle gevlug**.*

*23 Hulle het hom geneem en het hom in die gevangenis gesit. **En Moshè was tien jaar lank in die gevangenis.** En terwyl Moshè in gevangenis was, **het Sippóra, die dogter van ReuEl, hom jammer gekry en hom die hele tyd onderhou met brood en water.***

ReuEl is die nasaat van `n groep edelmanne wat in Egipte gewoon het, wie se voorvader bekend was aan Josef, toe hulle na Egipte afgetrek het. Hy moes verseker uit die lyne van Sem gewees het, heel moontlik uit Abraham se vrou Ketura se nageslag. Hierdie ReuEl, ook `n tipe fariseër en regte draadsitter, wil weereens die bose tevrede stel, en sluit vir Moses op vir 10 jaar. Dit stel die geestelike tydperk wat die behoudendes in die gevalle ryk van Lucifer sou moes wag vir `n Verlosser wat sou kom op hulle uit te red. Onthou u die sandkorreltjies van die vorige hoofstuk? Ook het die Levitiese priesterorde dieselfde gedoen met die Wet van Moses en dit verdoesel (in gevangenis geplaas) deur menseleringe daarmee te vermeng.

Ook stel dit in ons aardse bedeling die tyd voor wat die volk moes wag vanaf Adam tot by JaHshua, `n tydperk van ongeveer 4000 jaar. Maar Sippora, een van hierdie sewe geeste, voed vir Moses (as teëbeeld van die volk) met brood (Woord) en water (Wysheid en kennis). Sien ook **Openbaring 2:9-11** vir bevestiging in ons tyd waar die volk verdrukking en nood sal hê vir 10 dae oftewel tien tydperke.

> ***2:*** *9Ek ken jou werke en verdrukking en armoede - maar jy is ryk - en die laster van die wat sê dat hulle manne van JeHûWdah is en dit nie is nie, maar 'n vergadering van die Satan.*
>
> *10 Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die Satan gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word;* ***en julle sal tien dae lank verdrukking hê****. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die Kroon van die lewe gee. [Boekrol van die Opregte 12:1; Odes van Salomo 1]*
>
> *11 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees (***die Moeder***) aan die gemeentes sê.*

So sien ons hierdie ReuEl in ons bedeling as `n tipe Jood, want hy sê hy is `n Judeër, maar eintlik is hy in die vergadering van Satan self. Maar ook hy, ReuEl, kom later tot beter insigte, toe hy die groot verlossingsdade van JaHWeH aanskou wat Hy deur Moses sou bewerk.

Terug by ons hoofrolspeler in hierdie hoofstuk, naamlik Sippora. Na tien jaar versoek sy haar vader om hom los te laat. Die het toe al van Moses vergeet, maar wonder bo wonder is Moses ongedeerd, danksy die toewyding en werk van Sippora.

> *35 Die saak het goed gelyk in die oë van ReuEl, en hy het gehandel volgens die woord van sy dogter en het gestuur na die gevangenis om te bepaal wat van Moshè geword het.*
>
> *36 En hy het gesien, en kyk, die man, Moshè,* ***was lewendig in die gevangenis en het op sy voete gestaan en hy het tot die Elohey van sy voorvaders lofprysinge gebring en gebid****.*
>
> *37 ReuEl het beveel dat Moshè uit die gevangenis gebring moes word en hulle het hom geskeer en hy het* ***sy gevangenisklere uitgetrek en met hom brood geëet.***

Hierdie tydstip stel JaHshua se prediking voor wat nou begin. Die volk en alle gevalle geeste het nou vir die eerste keer iemand wat losgelaat word, of vrykom uit die materie om verder voort te gaan met die verlossing van die heelal, beginnende met die volk van hierdie planeet, aarde. Die hele tyd was hy gevoed deur Sippora, wie die Gees van Wysheid in die vorige

bedeling voorstel. Nou gebeur iets interessant in die tuin van ReuEl waarin Moses wandel. Vergelyk dit met Moses se eie innerlike tuin of gees.

> *38 Daarna het Moshè in die tuin van ReuEl, wat agter die huis was, gegaan en hy het daar gebid tot JaHWeH, sy Elohey, wat magtige wonders vir hom gedoen het.*
>
> *39 En dit was terwyl hy gebid het dat hy regoor hom gekyk het, en kyk,* ***'n Staf van saffier was in die grond gesteek, sy was geplant in die middel van die tuin.***
>
> *40 Hy het na die Staf gegaan en gesien, en kyk,* ***die Naam van JaHWeH, die Elohey van die leërskare was op haar gegraveer en geskrewe op die Staf****. ]Exodus 4:20]*

Hier sal u sien dat Staf `n vroulike woord is, vergelyk met die tabel in ons boek en daar is `n direkte ooreenkoms met hierdie staf en Sippora. Saffier is die kleur van Waarheid en van Vrede.

> *41 Hy het dit gelees en sy hand uitgesteek* ***en haar uitgetrek soos 'n boom uit 'n bos, en die Staf was in sy hand.***
>
> *42 En dit was* ***die Staf waarmee al die werke van ons Elohey uitgevoer is*** *nadat Hy die Hemele en Aarde geskape het, al die werke van Sy Hand, seë, riviere, en al hulle visse.*
>
> *43 En toe Elohim Adam uit die Tuin van Eden verdryf het,* ***het Adam die Staf in sy hand geneem*** *en gegaan en die grond gaan omploeg waaruit sy geneem is.*
>
> *44 En die Staf is oorgedra* ***tot by Noag*** *en daarna* ***<u>aan Sem gegee en aan sy nageslag</u>*** **(staf kon nooit uit Sem se nageslag wyk nie)** *totdat sy in die hande van Abraham, die Hebreër, gekom het.*
>
> *45 En toe Abraham alles wat hy gehad het aan sy seun,* ***Isak, gegee het, het hy hom ook die Staf gegee****.*
>
> *46 Toe Jakob na Paddan-Aram gevlug het, het hy haar in sy hand geneem en toe hy teruggekeer het na sy vader,* ***het hy haar nie laat bly nie****.*
>
> *47 Ook toe hy afgegaan het na Egipte het hy haar in sy hand geneem en het haar aan JôWsef gegee, een erfdeel bo sy broers, want Jakob het haar met geweld van sy broer, Esau, geneem. [Génesis 48:22]*
>
> *48 En na die dood van JôWsef het die edelmanne van Egipte in die huis van JôWsef gekom* ***en die Staf het in die hand van ReuEl, die Midianiet, gekom.*** *En toe hy Egipte verlaat het, het hy haar in sy hand*

*geneem en in sy tuin geplant*. **(dit is `n bewys dat ReuEl uit die nageslag van Sem was, anders kon hy nie die Staf besit het nie)**

*49 En al die magtige manne van die Kiniete het probeer om haar uit te trek toe hulle gepoog het om Sippóra, sy dogter te kry, maar hulle was onsuksesvol.*

*50 Daardie Staf het geplant gebly in ReuEl se tuin totdat hy wat op haar 'n reg gehad het, gekom en haar geëien het.*

Wie anders het al hierdie werke gedoen, behalwe die Moeder, soos wat ons reeds in die Boek van Spreuke gelees het? Hierdie staf is maar net `n afbeelding van hierdie hemelse innerlike vroulike krag of uitvoerende Mag van Elohim, vergestalt as `n saffierstaf. Maar eintlik gaan dit baie dieper, want kyk wat kry Moses, iets wat baie sterk manne vir baie lank begeer het.

***51 Toe ReuEl die Staf in Moshè se hande sien, was hy verwonderd daaroor, en hy het hom sy dogter, Sippóra, as 'n vrou gegee.***

***78:*** *7In daardie dae het Moshè, die seun van Amram, in Midian vir Sippóra, die dogter van ReuEl, die Midianiet, as 'n vrou geneem.*

*8* ***En Sippora het gewandel in die weë van die dogters van Jakob****. Sy het nie tekort geskiet aan die Geregtigheid van Sarah, Rebekka, Ragel en Lea nie.*

Sien u die pragtige simboliek? Sippora se wandel was onberispelik in die eons en eons lange tydperk in die gevalle ryk van Lucifer, waar sy in ReuEl se gebied of tuin gewoon en gewerk het as goddelike gees van Waarheid, saam met die ander ses dogters. Sy word vanuit die sewe maagde gekies as die een wat met Moses/JaHshua sou verenig. Sippora verteenwoordig die innerlike vroulike krag of Moedergees op aarde (die Saffierstaf) wat in die huwelik moet tree met Moses (JaHshua).

Eers in JaHshua, wat Moeder Wysheid innerlik ontvang het met geboorte, of anders gestel, die Wysheid was in Sy innerlike tuin geplant en toe, met die aanvang van sy prediking, kry Hy die saffierstaf, vergestalt as `n Duif wat op Sy hoof neergedaal het. Dit stel dus die innerlike huwelik voor met die Gees van Waarheid, want die Wysheid kon nie in die materiële wêreld binnedring nie, Sy is en was te apartgestel, daarom moes Sy vir Sippora, die nuwe Waarheidsgees vervul met die hemelse dinge en aan haar alle gesag op aarde in die gevalle materie gee. Ons sal vir u as bevestiging hiervoor aanhalings maak uit Salomo se **Boek van Hooglied**. Kyk hoe

beskryf hierdie Moses/JaHshua Sy Saffierbruid en kyk net hoe hierdie Saffierbruid, Sippora Haar beminde, JaHshua besing!

> ***1:2*** *[die Man] Soos 'n lelie tussen die dorings, so is My vriendin* ***onder die Dogters****.* *2]Ezra 5:24; DaniEl 13:2]*

Sy, die Saffierbruid is een van sewe dogters, maar daar is nog talle ander geeste, koninginne en byvroue in hierdie gevalle ryk. Daar word egter slegs aan die Een eer betoon, naamlik Sippora.

> ***3:11*** *[die Vrou] Kom uit,* ***Dogters van Sion****, en aanskou met Vreugde die Koning Salomo, die Kroon* ***waarmee Sy Moeder Hom bekroon het op Sy troudag*** *en op die dag dat Sy hart vrolik is.* *[Boekrol van Henog 48:1; 2 Ezra 7:26; Spreuke 12:4]*
>
> ***6:8*** *[Die Man] Daar is sestig koninginne en tagtig byvroue en maagde sonder getal.* *]Spreuke van Salomo 9:3]*
>
> ***9 Een, dié is My Duif, My rasegte, die enigste vir Haar Moeder; Sy is die Uitverkorene vir die Een wat Haar gebaar het.*** *[Psalm 45:14; Profesie van Barug 4]*
>
> *[OOR HAAR BEWONDERAARS:]*
>
> ***Die Dogters het Haar gesien en Haar geseënd geprys****, die koninginne en die byvroue, en Haar geroem:*

Terug by ons Boek van die Opregte en Sippora gaan voort om twee seuns te baar, die een onbesnede en die ander een besnede. Let wel, dat ons nou slegs geestelik daarna kyk en sien dat die Israelvolk ook so verdeel is, naamlik onbesnede van hart en besnede van hart. Sien ook die analogie van ReuEl, die voorstelling van die priesterorde, wat verantwoordelik was vir die nie-besnyding van Gesom.

> *9 En Sippóra het swanger geword en het 'n seun gebaar en hy het hom Gersom (***vreemdeling***) genoem,* ***want hy het gesê: Ek was 'n vreemdeling in 'n vreemde land****, maar hy het nie sy voorhuid besny nie, op die bevel van ReuEl, sy skoonvader.*
>
> *10 Sy het weer swanger geword en het 'n seun gebaar, maar sy het sy voorhuid besny en hom EliEzer (***hulp van El***) genoem, want Moshè het gesê: Omdat die Elohey van my vaders my Hulp was en my verlos het van die swaard van Farao.*

Die volgende gedeelte oor hierdie huwelik vind ons in die Boek **Exodus 4** nadat Moses die brandende bos ervaring gehad het. Insiggewend dat Moses eers vir Sippora as vrou moes neem, voordat hy van aangesig tot aangesig kon kom met EK IS JaHWeH.

***Exodus 4:18*** *TOE gaan Moshè weg en kom by sy skoonvader Jetro)* ReuEl*) terug, en hy sê vir hom: Laat my tog trek en na my broers teruggaan wat in Egipte is, om te sien of hulle nog lewe. En Jetro sê vir Moshè: Gaan in vrede.*

*19 Ook het JaHWeH vir Moshè in Mídian gesê: Gaan heen, keer terug na Egipte; want al die manne wat jou siel gesoek het, is dood.*

*20 Moshè neem toe sy vrou en sy seuns en laat hulle op 'n esel ry, terug na die Aarde van Egipte.* ***Moshè het ook die Staf van die Elohim in sy hand geneem.*** *]Boekrol van die Opregte 77:38-51]*

*21 En JaHWeH sê vir Moshè: Nou dat jy wegtrek om na Egipte terug te gaan, kyk dat jy al die wonders voor die aangesig van Farao doen wat Ek in jou mag gestel het. Maar Ék sal sy hart verhard, sodat hy die volk nie sal laat trek nie.*

*22 Dan moet jy vir Farao sê: So spreek JaHWeH:* ***My eersgebore seun is JisraEl****. 2]Ezra 6:58]*

*23 Daarom beveel Ek jou: Laat My seun trek, dat hy My kan dien. Maar jy het geweier om hom te laat trek. Kyk,* ***Ek sal jou [Moshè se] eersgebore seun laat sterwe****. ]Opregte 79:8-12]*

*24 En op die pad in die herberg het JaHWeH hom teëgekom en wou hom doodmaak.*

*25* ***Toe neem Sippóra 'n skerp klip*** *en sny die voorhuid van haar seun af en dit het op sy voete geval en sy sê: Waarlik, jy is vir my 'n bloedbruidegom! [Exodus 3:17]*

*26 En Hy het hom laat staan. Toe het sy gesê:* ***Bloedbruidegom! - met die oog op die besnydenis****. [Génesis 17]*

Moses, met die Moederstaf in sy hand en die Dogtersbruid aan sy ander hand, keer nou terug na Egipte om sy volk te verlos volgens die opdrag van JaHWeH by die brandende bos. Net so het JaHshua nou in ons bedeling ,waar die Gees van Waarheid vir ons uitgestort is, ook die Staf en die Waarheid aan Sy sy.

Maar Moses word gekonfronteer deur JaHWeH self in die vorm van `n engel en die wou hom, Moses, doodmaak. Maar Sippora, die vrou, gryp in en besny die eersteling geestelik met `n skerp klip (voorstelling van die Wet op klip by Sinai) sodat Vader die nageslag van die harts-onbesnede volk nie sou uitwis nie. Sy noem Moses/JaHshua haar bloedbruidegom met die oog op die toekomstige bloedoffer wat JaHshua, nie net vir ons nie, maar ook vir haar, Sippora/Duif/Waarheidsgees sou bring deur Homself vir ons te offer. JaHshua se innerlike vroulike krag, Sy Sippora,

het die verlossingswerk volbring, Sy het die krag voorsien om die heelalsondes af te sny, verbeeld deur die klipbesnydenis. Weereens so diep verborge, maar tog so logies en sigbaar as mens die sleutels van manlik en vroulik het.

Ek wil hierdie gedeelte afsluit met die volgende insiggewende gedeelte wat ek uit **Exodus 3** aanhaal waar Moses by die brandende bos staan en met JaHWeH praat. Hier openbaar JaHWeH Sy Naam aan Moses as volg in die Boek van Herinnering, **Exodus 3:13-15**:

> ***3:13*** *Hierop het Moshè tot die Elohim gespreek: Maar as ek by die kinders van JisraEl kom en aan hulle sê: Die Elohey van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra:* ***Hoe is Sy Naam****? - wat moet ek hulle antwoord?*
>
> *14 En Elohim sê vir Moshè:* ***EK IS WAT <u>HY IS</u>****. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van JisraEl antwoord:* ***EK IS*** *het my na julle gestuur. [JeHôWganan 8:18; Openbaring 1:8]*
>
> *15 Toe sê Elohim verder vir Moshè: Dit moet jy aan die kinders van JisraEl meedeel: JaHWeH, die Elohey van julle vaders, die Elohey van Abraham, die Elohey van Isak en Elohey van Jakob, het my na julle gestuur.* ***Dit is My Naam vir ewig, en dit is My Gedenkteken van geslag tot geslag****. [Boekrol van die Opregte 79:43]*

Tydens die Vertaling van die Boek van Herinnering het ons hierdie **vers 14** oor en oor in die Hebreeuse teks en in die konkordanse bekyk en ook wel later mense op die Internet gekry wat met ons saamgestem het. Dit is EK IS WAT **<u>HY</u>** IS en nie EK IS WAT EK IS nie. U sien die klanke is belangrik en volgens die Masorete onderskrifte, is die klanke naastenby as volg:

Ajah Asher Aj**<u>e</u>**h, - wat deur meeste taalkundiges as JaHWeH erken word,

maar as hulle reg is met EK IS WAT EK IS, dan moet dit wees, Ajah, Asher, Aj**<u>a</u>**h, wat dan as JaHWaH uitgespreek moet word.

Dit is egter nie so in die Hebreeuse teks nie, maar omdat die priesterorde nie hierdie kennis rakende die vroulike entiteit van Elohim in hierdie boek besit het nie, kon hulle dit nie verstaan nie en maar weereens gedoen wat hulle altyd doen, - verdoesel die waarheid, want hulle verstaan dit nie.

Dit is `n verreikende stukkie inligting, naamlik dat JaHWeH-Ruag, die Moeder-Gees bevestig dat **SY IS WAT HY IS** en dat dit SY is wat met Moses gepraat het! Ook regdeur die Wet spreek Sy en ontvang Moses en Aäron alle inligting vanaf die Moeder om die volk se huishouding in orde

te kry. Dit klink mos heeltemal reg so, veral as ons weer teruggaan na die hoofstuk oor JaHWeH-Moeder in die Wolk en JaHWeH-Vader wat in die vuur op Sinai neerdaal bo-op die wolk! Hiermee is dit dan ook afgehandel, maar weet verseker dat Vader nog dieper en dieper dinge hieroor sal openbaar, soos wat ons geestesoog meer en meer geopen word.

# Hoofstuk30

## Verskeie verborge verse nou geopenbaar

Verskeie lukrake verse sal nou hier gegee en kortliks verklaar word, sodat u sal sien dat hierdie tema van die Moeder in verborgenheid, wat tot nou toe in hierdie boek behandel is, `n deurlopende tema regdeur die Skrif is, vanaf Génesis tot Openbaring. Soos wat u nou die manlike en vroulike woorde onder die knie begin te kry, sal u na `n volgende dieper insigvlak in die Woord beweeg. `n Vinnige voorbeeld:

> ***Psalm.23.4*** *Al gaan ek ook in die dal van Doodskaduwee, ek sal geen besoedeling vrees nie; want U is met my: U Septer en* ***U Staf*** *die vertroos my.*

Is dit nie nou duidelik nie? JaHshua (manlike) is die Septer en die Trooster (Vroulike) is die Staf, soos in ons verhaal van Sippora. Ons moet beide hê, eerstens word ons siele gevul met die Staf, die Gees, en namate ons wedergeboorte verdiep, ons volkome sal verenig met die Stok en dan die vleis van die Woord van JaHshua/Trooster sal ontvang en nie net die melk nie! Dink ook aan Moses se Staf, die teëbeeld van die Moeder. Die Moeder het die see gekloof vir die volk, die Moeder het die rots se water laat uitloop, dit alles terwyl die Moeder in die dag as wolkkolom en in die nag as vuur sigbaar was (ook so volgens **Sirag 24**). Vir ons in hierdie bedeling, sal ons geen tasbare Staf ontvang nie, ons sal Haar op ons harte ontvang, sodra ons ons harte open vir die werking van die Gees van Waarheid in onsself. Kan u die absolute noodsaaklikheid insien van hierdie kennis? Kom ons lys `n klompie verse, sommer net geneem uit die Boek van Herinnering.

### JESAJA 26

***Die regverdiging van JaHWeH.***

*26:1 IN dié dag sal hierdie lied gesing word in die Aarde van JeHûWdah:* ***'n Sterk Stad*** *het Ons; Verlossing sal aangewys word tot mure en skanse.*

*2* ***Maak oop die Poorte****, dat die regverdige nasie kan ingaan* ***wat die Waarheid bewaar****!*

*3* ***U*** *sal 'n standvastige gesindheid in volle Vrede bewaar, want hulle vertrou op* ***U****.*

*4 Vertrou op JaHWeH vir ewig, want* ***JaHH, JaHWeH is 'n Ewige Rots****.*

`n Stad is altyd vroulik (sien Tabel) en hier is dit die Nuwe Jerusalem, die Nuwe leer waarin ons moet kom, waarvoor ons ons innerlike hartspoorte moet oopmaak, sodat Waarheid (die Trooster) kan ingaan. In **vers 3** getuig die Trooster van JaHshua, Hy is die U en dan sluit Sy af met JaHH (vroulik vir Trooster) JaHWeH (manlike) is die volmaakte androgiene Rots!

> *5 Want Hy werp die bewoners van die hoogte neer, haar verhoogde vesting; Hy het haar neergegooi, sy [is] neergegooi op die Aarde, haar laat kom tot op die stof.*
>
> *6 **Haar Voet vertrap haar**, die voete van die ellendige, die voetstappe van die armes.*

Die voet van die Gees van Waarheid vertrap die verhoogde vesting van Satana se priesterorde, van Babilon, wat beteken lering van vermenging deur verwarring.

> *16 JaHWeH, in benoudheid het hulle U gesoek; hulle het stille gebede uitgegiet toe U Tug hulle getref het.*
>
> *17 **Soos 'n Bevrugte Vrou** wat naby die tyd kom dat Sy moet baar, inmekaar krimp, skreeu in haar wee, **so was Ons** vanweë U Aangesig, o JaHWeH! [JeshaJaH 66; Openbaring 12:4-5]*
>
> *18 **Ons was swanger, het weë gehad** - dit was asof Ons gees gebaar het; Ons het die Aarde geen Verlossing aangebring nie, en daar is geen wêreldbewoners gebore nie.*

Sien u die getuienis van ons Moeder wat saam met ons baar? Sy lei die innerlike wedergeboorte saam met elkeen van ons beide as vroedvrou en as die barende self.

> *19 **U dode** sal herlewe, **My lyke sal opstaan**. Waak op en jubel, julle wat in die stof woon! Want **U** Dou is 'n Dou van die Lig, en die Aarde sal aan skimme die lewenslig skenk.*
>
> *20 **Kom, My volk**, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die Grimmigheid verbygaan.*
>
> *21 Want kyk, JaHWeH sal uit **Sy** plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die Aarde te straf; en die Aarde sal die bloed openbaar maak wat deur haar gedrink is, en die wat op haar gedood is, nie langer toedek nie. [Openbaring 8; Openbaring 16]*

U (JaHshua se) dode, My (Trooster se) lyke sal opstaan, U Dou is Lig (altyd vroeg in die môre en verwys weer na die Trooster). Weer getuig Sy in vers 21 van Hom wat uit Sy plek uitgaan ....

## JESAJA 42:

***Die Kneg van JaHWeH.***

***42:1** DAAR is **My Kneg** wat Ek ondersteun, **My Uitverkorene** in wie My siel 'n welbehae het. **Ek het My Gees op Hom** gelê; Hy sal die Reg laat uitgaan na die nasies. [JeshaJaH 4:4]*

*2 Hy sal nie murmureer of uitroep of Sy stem op die straat laat hoor nie.*

*3 Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; **Hy sal deur Waarheid die Reg laat uitgaan**.] JeHôWganan 14:26]*

*4 Hy sal nie dof brand of geknak word, totdat Hy die Reg op Aarde gegrond het nie; en die eilande wag op Sy Wet.*

*5 So sê die El, JaHWeH wat die Hemele geskape en hulle uitgesprei het, die Aarde uitgespan het saam met wat van haar voortkom, wat die **asem aan die volk van Haar gee en die Gees aan hulle [wat] in Haar wandel:***

*6 Ek - JaHWeH, het **Jou** geroep in Geregtigheid, en Ek vat **Jou** Hand en behoed **Jou** en gee **Jou** as 'n **Verbond vir die volk**, as **'n Lig vir die nasies**, ]MattithJaHûW 12:13]*

*7 om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die Duisternis sit. [Hooglied 2:9]*

Hier getuig Sy van Hom, JaHshua, Haar Uitverkorene Man op wie die Gees geplaas is, eerstens die Gees van Wysheid en toe later die Gees van Waarheid, sodat die Reg deur Waarheid sal uitgaan. In **vers 6** spreek JaHWeH Vader self en getuig van hierdie Gees (met `n hoofletter geskryf) en dit verwys direk na Haar wat as Verbond aan ons gegee is as die innerlike Lig, naamlik die vroulike Gees.

Vervolgens getuig die Gees weer as volg en let op die Hy en Hom (Vader) en Ek (Moeder):

*13 JaHWeH sal uittrek soos 'n dappere; **Hy** sal die ywer opwek soos 'n Krygsman; **Hy** sal die strydkreet aanhef, ja uitskreeu, teen Sy vyande **Hom** as dappere openbaar.*

*14 **Ek** het baie lank geswyg, **My** stil gehou, My bedwing. **Ek** sal uitskreeu **soos Een wat baar**, Ek sal hard asemhaal en hyg tegelykertyd.*

*15 **Ek** sal berge en heuwels woes maak en al hulle plante laat verdor; en **Ek** sal riviere tot eilande maak en waterplasse laat opdroog.*

*16 En **Ek** sal blindes lei op 'n weg wat hulle nie ken nie, hulle laat loop op paaie wat vir hulle onbekend is; **Ek** sal die Duisternis Lig maak voor hulle uit en die hobbelagtige plekke gelyktes. Dit is die dinge wat **Ek** doen en nie nalaat nie.*

Net `n Moeder kan baar en skreeu en hyg, ook lei die Moeder die blindes soos wat ons nou in hierdie boek gesien het, naamlik op `n weg wat ons nie voorheen geken het nie, `n heeltemal nuwe vreemde weg.

### JESAJA 44:8

*8 Wees nie verskrik nie, en moenie bewe nie! Het Ek jou dit nie lank tevore laat hoor en te kenne gegee nie? En júlle is My getuies! **Is daar 'n Elowahh buiten My? Ja, daar is geen Rotssteen** nie; Ek ken geeneen nie. [DaniEl 2:34]*

Elowahh is die Vroulike Godheid/Elohim, want Elowahh gaan uit met dubbel "h" net soos in HalleluJaHH, wat die vroulike aandui. Hierdie is nog `n bewys dat die Rotssteen wat verwerp is waarvan **1 Petrus 2** spreek, die Moeder is wie verwerp word deur die hele wêreld, want die hele Christendom bely vir Jesus, maar verwerp die Trooster, die Gees van Waarheid, die Rotssteen waarop ons ons innerlike huise moet bou, sodat ons self geestelike stene in hierdie huis van JaHshua kan wees, met die vroulike Eloahh as Hoeksteen.

### JESAJA 49

***Sion word verlos.***

***49:14** MAAR Sion sê: JaHWeH het My verlaat, en My Meester het My vergeet!*

*15 **Kan 'n Vrou Haar Suigling vergeet, dat Sy Haar nie ontferm oor die seun van Haar skoot nie**? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal **Ék Jou** nie vergeet nie!*

*16 Kyk, **Ek** het **Jou** in die handpalms gegraveer; **Jou hegting** is voortdurend voor **My**.*

*17 Jou seuns kom gou, [maar] Jou verwoesters en Jou vernielers sal van Jou af wegtrek.*

*18 Slaan Jou oë rondom op en kyk: hulle almal kom bymekaar, **hulle kom na Jou toe**! So waar as Ek leef, spreek JaHWeH, **sekerlik sal Jy hulle almal aansit soos 'n versiersel, hulle ombind soos 'n Bruid.***

Hierdie vers is op die Sion volksverband, sowel as die Hemelse vlak waar. So sal die Moeder ons as Haar versiersel ombind, sodat die versiersel die Bruid (Sion) sal vorm. Dan sal hierdie eengeworde Bruid die ander kinders na Haar toe bring.

> ***49:*** *21Dan sal Jy in Jou hart sê: Wie het vir My hierdie [kinders] gebaar, aangesien Ek kinderloos en onvrugbaar was, verban en verstote? En wie het hulle grootgemaak? Kyk, Ek het toe alleen oorgebly; hierdie [kinders] - waar was húlle? 2]Ezra 10]*
>
> ***50:1*** *SO sê JaHWeH:* ***Waar is tog die skeibrief van julle Moeder waarmee Ek Haar weggestuur het****? Of wie is daar van My skuldeisers aan wie Ek julle verkoop het? Kyk, weens jul skuld van ongeregtigheid is julle verkoop, en* ***weens jul oortredinge is julle Moeder weggestuur****.*
> *2]Konings 4:1]*

Hoe duidelik openbaar Vader dit nie hier nie, Sy die Moeder moes van Haar Manlike polariteit verwyder word, as gevolg van die oortredinge van Haar ongehoorsame kinders.

## JESAJA 62:

***Die Bruilof***

> *62:1 TER wille van Sion sal Ek nie swyg nie en ter wille van* ***Jerusalem*** *nie stil wees nie, totdat* ***Haar Geregtigheid*** *uitbreek soos 'n glans en* ***Haar Verlossing*** *soos 'n fakkel wat brand.*
>
> *2 En die nasies sal Jou Geregtigheid sien en al die konings Jou Glansrykheid; en* ***Jy sal met <u>'n nuwe naam</u> genoem word*** *wat die Mond van JaHWeH sal noem.*
>
> *3 En Jy sal* ***'n Sierlike Kroon*** *wees in die Hand van JaHWeH en* ***'n Koninklike Tulband*** *in die Handpalms van Jou Elohey.*
>
> *4 Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie, en Jou Aarde sal nie meer genoem word Verwoesting nie. Maar Jy sal genoem word: Geftsí -Bah (****My behae is in Haar****), en Jou Aarde:* ***Beula(Getroude****); want JaHWeH het 'n behae in Jou, en sal Jou Aarde se Besitter wees. [2 Konings 21:1]*
>
> *5 Want soos 'n Jonkman 'n Maagd trou,* ***so sal Jou kinders Jou trou****; en soos die Bruidegom bly is oor die Bruid, sal Jou Elohey oor Jou bly wees.*

Teen hierdie tyd weet ons wie die Kroon is, naamlik die Waarheid of Trooster, en hierdie lofprysing is aan die Trooster gerig, wie ook Jerusalem is, wie JaHshua se Getroude sal wees en so sal ons die volkome

huwelik bywoon, of soos dit hier staan, ons sal Manlik (JaHshua) en Vroulik (Trooster) in onsself laat een word oftewel trou met mekaar. Hier kom nog `n ander wonderlike belofte, naamlik dat die Troostermoeder met `n Nuwe Naam genoem sal word (vers 2) soos ook belowe in Openbaring 3 vir die uitverkorenes in die gemeente Filadelfia, wie die Kroon (Trooster) ontvang, wie pilare in Sy tempel sal wees: **Openbaring 3:12-13**

> *12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die Tempel van My Elohey maak, [1 ShemuEl 2:8] en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My Elohey skrywe en die naam van die Stad van My Elohey, van die nuwe Jerusalem, wat uit die Hemele van My Elohey neerdaal, **en <u>My nuwe Naam</u>**. ]JeshaJaH 61:3]*
>
> *13 Wie 'n oor het, laat hom hoor **wat die Gees aan die gemeentes sê**.*

Twee bewyse dus dat die Gees **<u>`n nuwe Naam gegee sal word</u>** en dat slegs sekere uitverkorenes hierdie Naam sal ken, naamlik die wat oorwin. Wat moet hulle oorwin, anders as die leuens van die Christendom, naamlik die vals leer van die manlike priesterdom? Mevrou, weereens nooi ek u uit om hierdie Naam te kry, want Vader het reeds hierdie inligting aan ons in Suid-Afrika openbaar. Hierdie boek met Haar NUWE NAAM is tans beskikbaar by die Dogter van Sion.

### JESAJA 66

> ***66:1** SO sê JaHWeH: Die Hemele is My Troon en die Aarde die Voetbank van My Voete. **Waar is dan die Huis wat julle vir My sal bou?** En waar die plek wat My rusplek sal wees? [Génesis 1:1; 1 Kronieke 28:2; Psalm 99:5]*
>
> *6 Hoor - 'n rumoer uit die Stad! Hoor - uit die Tempel! Hoor - dit is JaHWeH wat Sy vyande hulle dade vergeld!*
>
> *7 Voordat Sy Weë gekry het, **het Sy gebaar**; voordat smart oor Haar gekom het, **is Sy van 'n seuntjie verlos**. 2]ShemuEl 1:28; 2 Konings 4:17; JeshaJaH 65:9; Openbaring 12]*
>
> *8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Sal die Aarde op een enkele dag geboorte skenk? Of word 'n nasie met een slag gebaar? **Want Sion het Weë gekry, meteens Haar kinders gebaar**.*
>
> *9 Sou Ek naby die geboorte bring en Haar nie laat baar nie? sê JaHWeH. Of sou Ek wat laat baar, self toesluit? sê jou Elohey.*

*10* ***Wees bly saam met Jerusalem en juig in Haar, almal wat Haar liefhet****! Wees vrolik saam met Haar, baie vrolik, almal wat treurig oor Haar was!*

***11 sodat julle kan suig en versadig word aan die Bors van Haar vertroostinge; sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die volheid van Haar Glansrykheid.***

*12 Want so sê JaHWeH: Kyk,* ***die Vrede lei Ek na Haar toe soos 'n rivier*** *en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom; en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.*

*13* ***Soos iemand wat deur sy Moeder getroos word, so sal Ek julle troos****; en julle sal in Jerusalem getroos word.*

*14* ***En julle sal Haar sien****, en julle hart sal vrolik wees, en julle gebeente sal groei soos die jong gras;* ***dan sal die Hand van JaHWeH bekend word aan Sy knegte****, en Hy sal op Sy vyande grimmig wees. [2 Ezra 7:26]*

Waar is die geestelike Huis anders as in ons harte, innerlike eenwording met JaHshua deur die Trooster/Jerusalem in onsself, sodat ons aan Haar bors kan suig en ons verlustig in Haar Waarheid, sodat ons die 1000jarige Vrederyk kan beërwe, waar Sy ons as Moeder sal troos en ons HAAR MET ONS EIE OË SAL SIEN, Sy die werkende Hand van JaHshua!! Nou eers kom die volgende verse in **Odes van Salomo 33** tot sy reg en is dit verstaanbaar.

## ODES 33

***[Die Gees van Waarheid spreek:]***

*5 MAAR* ***'n Volmaakte Maagd*** *het gestaan, en aangekondig en uitgeroep en gesê,*

*6 Draai om, julle seuns van adam, en julle, hulle dogters, kom,*

*7 En verlaat die weë van verdorwenheid en* ***kom na My****;*

*8* ***En Ek sal julle binnedring*** *en julle uit vernietiging haal en julle wys maak* ***in die Weë van Waarheid****.*

*9 Moenie verdorwe raak nie, en moenie tot niet gaan nie.*

*10* ***Luister na My*** *en word verlos. Want Ek verkondig aan julle die Barmhartigheid van Elohim.*

*11* ***Deur My sal julle verlos word*** *en geseënd word: Ek is jul Regter.*

*12 En* ***diegene wat hulle met My beklee****, sal nie verwerp word nie, maar sal Onverdorwenheid in die nuwe wêreld verkry.*

*13 0 My uitverkorenes,* ***wandel in My****!* ***En Ek sal My Weë bekend maak aan hulle wat My soek****, en maak dat hulle* ***<u>in My Naam sal vertrou</u>****. ]Wysheid van Sirah 15:1-10]*

*Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!*

Wat anders kan `n volmaakte Koning van die Heelal as Bruidsgees kry, anders as `n Volmaakte Bruid? Hier besing Sy Haar krag, nadat Sy innerlik EEN geword het met JaHshua, na Sy opstanding uit die dode, waar Sy nou ons Regter is in ons innerlike wese, naamlik **<u>die Stem van die Gewete</u>**, ons eie innerlike Regter wanneer ons onsself met Haar beklee. Haar weë sal egter net bekend gemaak word aan hulle **<u>wat Haar Naam sal ken en daarop vertrou</u>**. Weereens Mevrou, soek daardie Naam!! Waarom? Want die hele wêreld sal die vervalsing, die vals Bruilof aansien as die ware een, soos in die volgende **Ode 38** verhaal.

## ODE 38:

***[Die wêreld sal die nabootsing volg]***

*38 EK gaan op* ***in die Lig van Waarheid*** *soos in 'n strydwa,* ***en Waarheid lei my en bring my****,*

*2 en* ***Sy neem my*** *oor die afgronde en skeure, en* ***Sy red my*** *van kranse en valleie;*

*3* ***Sy word vir my 'n hawe van Verlossing****, en plaas my neer op die arms van die Ewige Lewe:*

*4 En* ***Sy gaan saam met my*** *en gee my rus, en laat my nie oortree nie,* ***<u>want Sy is Waarheid</u>****.*

*5 Ek is in geen gevaar nie,* ***want ek wandel met Haar****, en ek oortree in niks nie,* ***want ek gehoorsaam Haar;***

*6* ***Want dwaling wyk van Haar, en ontmoet Haar nie****.*

*7 Maar Waarheid gaan op 'n reguit Weg en* ***alles wat ek nie weet nie, wys Sy my****,*

Kan daar engige twyfel wees dat dit die Stem van die innerlike Gewete is van diegene wie Haar, die Trooster gevind het?

*8 Selfs al die bedwelminge van oortreding, en al die kastydings van die dood, wat gereken word as soetheid.*

*9 Die* ***Verderwer van verdorwenheid*** *het ek gesien,* ***terwyl 'n bruid wat verdorwe is, besig was om haarself te tooi; selfs 'n bruidegom wat verlei en bedorwe is;***

Lucifer het OOK `n bruidegom en `n bruid, beide verdorwe en bedorwe, naamlik die Manlike Drie-eenheidsgod as bruidegom en sy kerk as die vals bruid in die vals verkondigde bruilof van Christendom! Regte nabootsers, deurtrek en dronk gedrink van die hoerwyn van Babilon, en selfs nadat lidmate die kerk verlaat het, is hulle nog rasende en bedorwe, omdat hulle DIE WAARHEID NIE SOEK NIE!

*10 **En ek het Waarheid gevra**: Wie is hierdie? En Sy het vir my gesê, **hy is die Bedrieër en sy is die Dwaling**;*

*11 **Hulle boots die Geliefde Een en Sy Bruid na, en veroorsaak dat die wêreld dwaal, en verderwe haar**; ]Openbaring Hfs. 13, 17 & 18]*

*12 En hulle nooi baie uit na 'n feesmaal en **gee aan hulle die wyn van hul dronkenskap om te drink**,*

*13 Hulle maak dat hulle hul wysheid en insig braak en hulle bewys hulself as dwaas;*

*14 Dan verlaat Sy hulle; maar hulle gaan rond, rasende en bedorwende, want hulle is sonder Insig, **omdat hulle Haar ook nie soek nie. [JeshaJaH 14:14]***

*15 Ek het verstandig opgetree, sodoende het **ek nie in die hande van die Bedrieër geval nie**. En ek het myself voorspoed toegewens, **omdat Waarheid my vergesel het**.*

Ek sluit hierdie hoofstuk af met hierdie heerlike lofsang van die Trooster in **Odes 12**:

## ODES 12

***[Die Gees van Waarheid spreek]***

*__12:1__ HY het my gevul met die woorde van Waarheid, **sodat ek van Hom mag spreek**;*

*2 Waarheid het uit my mond gevloei soos 'n stroom water, en my lippe het Haar vrugte bekend gemaak.*

*3 Sy het my laat oorloop met Haar Kennis, want die Mond van JaHWeH is die ware Woord, en die Poort van Sy Lig.*

*4 **Die Hoogste El het Haar aan Sy wêrelde gegee**, die vertolkers van Sy Prag, en die vertellers van Sy Glansrykheid, en die belyers van Sy denke, en die verkondigers van Sy gedagte, en die Apartheid van Sy werke.*

*5 Want van die vlugheid van Haar woord kan nie vertel word nie, en soos Haar vertelling, so ook is Haar snelheid en Haar spoed, en Haar rigting is onbeperk:*

*6 Sy val nooit, maar staan vas, en Sy ken nie Haar afkoms, nog Haar weg nie.*

*7 Want soos Haar werk is, so is Haar verwagting; want Sy is die Lig en sonsopkoms van gedagtes.*

*8 En deur Haar het die wêrelde met mekaar gepraat, **en hulle wat stom was, het spraak bekom**;*

*9 **En deur Haar het vriendskap en samehorigheid ontstaan**, en hulle het die een met die ander gespreek, dit wat hulle te sê gehad het;*

*10 En hulle is aangespoor deur die Woord; **en hulle het Hom wat hulle gemaak het, geken**, want hulle het saamgestem;*

*11 Want die Mond van die Hoogste El het met hulle gespreek, en deur Haar het Sy openbaring vrye teuels gehad.*

*12 **Want die Woning van die Woord is die Seun van Adam. En die Waarheid is Sy Liefde**.*

*13 Geseënd is hulle wat alles deur Haar verstaan het, en JaHWeH in Sy Waarheid geken het.*

*Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!*

# Hoofstuk 31

## Slot

My dierbare suster in ons volmaakte Messias, ons manlike Jahshua en Sy vroulike Gees, ons goddelike Moeder, ek hoop dat u netso vervul is met liefde vir ons Hemelse Bruidegom en Hemelse Bruid, noudat u hierdie lang verborge waarheid ken, as wat ek was toe ek dit vir die eerste keer begin raaksien het. Dit het al begin gebeur in 1998, toe daar met die Skryf van die Boek van Herinnering begin is, soos per opdrag in **Maleàgi 3:16**:

> *16 Toe het die wat JaHWeH vrees, met mekaar gespreek; en JaHWeH het dit opgemerk en gehoor,* ***en daar is 'n Boek van Herinnering voor Sy Aangesig geskrywe*** *vir die wat JaHWeH vrees en Sy Naam Eer. [Odes van Salomo 23; Boekrol van Henog 99:3; JeshaJaH 29:18, 23; 66:4; JeségiEl 4:13; 36:23; 38:7]*

Hoe verder ons gegaan het, het hierdie vroulikheid haarself begin openbaar. Ek het selfs in 2001 `n boekie daaroor uitgebring, "*Johanna*", wat beteken "JaH het guns betoon" of "begunstigde van JaH", wat hierdie vroulike aspek begin aantoon het. Die boek het egter nie goed afgegaan by baie mense nie, want die greep van die priesterorde se Drie-enige manlike God was nog te sterk. Ek weet egter van twee mense wie hierdie vroulike wese in volle glorie aanskou het. Die een is Johanna Brandt wat lank reeds oorlede is, en waaroor in hierdie boekie geskryf is aangaande haar ervaring met die Hemelse Moeder.

Die ander persoon is oom Willie du Plessis van Brits, wat in ons gemeente was tydens die skryf van die Boek van Herinnering. Ek wil dan ook graag hiermee hierdie boekie spesiaal aan hom opdra, hy wat vir 16 jaar al gehoon en gespot word oor daardie wonderlike openbarings van ons Moeder aan hom, wat ons regdeur die skryffase van lig voorsien het. Oom Willie het Haar gesien, een oggend om 4h00 in sy kombuis waar hy afgesonder het met die Woord. Daar het Sy as die allerpragtigste vrou in `n wit rokgewaad in die Gees aan hom verskyn en instruksies gegee. Ek kan nog twee daarvan duidelik onthou, naamlik die opdrag om, voordat die Boek van Herinnering gedruk en versprei kon word, ons om die plaas van Dogter van Sion moes stap op die manier van **Johshua 6** om Jerigo, sodat die mure van valsheid, gebou deur die verraderlike priesterorde, kon val. Ook het Sy gesê dat niemand ooit hierdie boek sal kan stuit as ons dit eers gedoen het nie. Ons was getrou aan hierdie opdrag, alhoewel dit aanvanklik vreemd was vir ons. Nou na 16 jaar, het hulle nog niks kon

regkry om hierdie Boek van Herinnering te stuit nie en bereik dit maandeliks nog talle van ons volksgenote wie se oë besig is om oop te gaan. In die gees is die priesterorde reeds verslaan, ons moet dit nou net in die fisiese begin doen deur aanhoudend met die swaard van Waarheid te slaan.

My vrou Erna het daardie tyd `n droom gehad van `n ark/bootjie wat sy gebou het en waarin ons almal van Dogter van Sion gevaar het, en voor in ons bootjie moes `n silwer plaatjie kom, wat sou dien as weerligafleier. Oom Doep het weer gebid en ons Moeder het hom weer `n instruksie gegee dat ons een boek met suiwer (24karaat) silwer moes oortrek en hierdie boek altyd op belangrike dae by ons moet hê om daaruit te lees, as teken van die volgende in **Psalm 12**:

***Vir die musiekleier; met basstem. 'n Psalm van Dawid.***

> ***12:1*** *RED, o JaHWeH, want daar is geen toegewyde meer nie; want die getroues het verdwyn uit die seuns van adam.*
>
> *2 Hulle praat leuens, die een met die ander; met vleiende lippe spreek hulle dubbelhartig.*
>
> *3 Mag JaHWeH al die vleiende lippe uitroei, die tong wat grootpraat,*
>
> *4 hulle wat sê: Met ons tong is ons sterk; ons lippe is met ons! Wie is meester oor ons?*
>
> *5 Oor die verdrukking van die ellendiges, oor die gesug van die behoeftiges s**al Ek nou opstaan, sê JaHWeH; Ek sal hom die Lossing gee wat daarna smag**.*
>
> *6 Die Woorde van JaHWeH is suiwer woorde, **Silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die Aarde, gesuiwer sewe maal.** 2]Konings 5:10; Spreuke 10:20; JôWEl 3:5; Hoséa 9:6]*
>
> *7 U, o JaHWeH, sal hulle bewaar; U sal Ons bewaar van hierdie geslag vir ewig.*
>
> *8 Die besoedeldes draf rond as die nikswerd die oorhand kry by die seuns van adam.*

Dit is seker nie moeilik om te sien wie hierdie nikswerd besoedeldes is wat met vleiende lippe dubbelhartig spreek, vanuit hulle valse Bybels en valse dogmatiek nie, maar helaas het JaHWeH opgestaan, Hy het aan Sy volk Lossing (die Moedergees) gegee vir die wat na Haar smag, en so moes hierdie silwer woorde, gesuiwer sewe maal, altyd met ons wees. Soos Susanna Catharina Smit eens gesê het, dan eerder kaalvoet oor die Drakensberge, as nog een dag onder Engelse bewind, sê ons nou almal

saam, “nie een dag meer onder die leuengees van die verraderlike priesterorde nie, maar dan eerder nakend, gestroop van alles, oor hierdie Berg van die Draak (Satan) wat hulle vir ons gebou het om ons af te sny van ons Kanaän, ons Boererepublieke, ons vryheid, ons Republiek van Duisend jaar saam met JaHshua en Sy Bruid!

Liewe Mevrou, ek hoop hiermee sal daar nog baie getuies kom van mense, veral vrouens, wat Haar van aangesig tot aangesig sal sien, noudat Sy geopenbaar is, Sy wat vir so lank verborge gehou is. Stuur aan ons hierdie getuienis, skreeu dit van die dakke af, want Sy is nou hier in volle krag en die eenwording van die mens, die wedergeboorte van die gees is op hande, en net Sy kan dit bewerkstellig, net Sy kan ons beklee met glansende linne, die bruidskleed vir ons aantrek en Sy gaan dit hier in Suid-Afrika begin, hier in die Dogter van Sion sal Sy, die Ware Sion, ons inwag soos geskrywe staan **Matthëùs 12:42:**

> *42 **Die Koningin van die Suide** sal in die oordeel opstaan saam met hierdie saadlyn en hom veroordeel; want **Sy het gekom van die eindes van die Aarde af** om die Wysheid van Salomo te hoor, en - **meer as Salomo is hier**! ]Psalm 72:15]*

Wie anders is meer as Salomo, as net JaHshua, wat na die Koningin van die Suide, na ons Moeder en Haar kinders sal kom, Sy wie die verlossing sal bring vir die Dogter van Sion, wat nou verlos is van die leuengees van Satana, wie maagdelik skoongewas is deur die Moeder, wie waardig op die Berg Sion sal staan om saam met hul Bruidegom `n nuwe lied te sing, `n nuwe lied wat niemand, behalwe hulle ken nie.

Amein

# Aanhangsel A

## Heilig beteken apart - 13 woordeboeke sê so

Uittreksels uit verskillende gesaghebbende Woordeboeke oor die begrip "apartheid en sy verbuigings" wat as "heilig, heiligheid, heiligdom, heiliges, ensovoorts", vertaal is. Deur hierdie 13 aangehaalde woordeboeke en konkordanse se aanhalings te bestudeer, sal u geen ande begrip van "heilig" en al sy verbuigings kry as dat dit slegs en alleenlik "apart en apartheid" beteken nie.

### 1 APARTNESS

The principal words are Heb.qados in the OT and Gk. Hagios in the NT, both words of uncertain derivation. If the main root qdsû is derived from the simple root qd, meaning t**o cut or separate**, it denotes **apartness**, and so the separation of a person or thing from the common or profane to a divine use (*The New Bible Dictionary*, 1962).

### 2 HOLINESS

God is holy, separate from His creation by His very nature. To be holy **literally means to be cut off or separate**, and denotes **apartness**, the separation of a person or thing from the common or profane to a divine use. (Earl D. Radmacher, general editor; Ronald B. Allen, Old Testament editor, *Nelson Study Bible [computer file], electronic ed., Logos Library System*, 1997).

### 3 HOLINESS, HOLY

The Heb. Words qadosh, holy";qodesh, "holiness"; and the Gr. *hagios* and *hagiosyne* mean basically **separation** from what is common or unclean, and consecration to God (Lev 20:24–26, RSV; Acts 6:13; 21:28). From the underlying idea of **apartness** or separation from the profane (Lev 10:10; Ezk 22:26) stem three derived aspects of holiness found in Scripture. Ceremonial objects are also classed as holy or sacred, **set apart** entirely for God's use (Pfeiffer, Charles F., *Wycliffe Bible Encyclopedia*, 1975).

### 4 THE SIN (2:11)

The unfaithfulness Malachi 2:10 had in mind is called **a detestable thing** (lit., "an abomination"), something abhorrent to God. Furthermore this abominable unfaithfulness involved a **profaning** of holiness. The word for "holiness" is qoµd_esû (**apartness**, **separateness)**

Holiness may refer here to the quality of distinctiveness or **separateness** that God desired **in Israel.** The abominable unfaithfulness that profaned Israel's holiness was **intermarriage with pagans**. Such marriages had been expressly forbidden because they would lead the people into idolatry (Ex. 34:11-16; Deut. 7:3-4; Josh. 23:12-13). Intermarrying was a big problem after the return from the Exile (cf. Ezra 9:1-2, 10-12; Neh. 13:23-27). The **Israelites were supposed to marry within their own nation**. Failures to do so were **acts of unfaithfulness** among themselves as well as to God. They involved both a disregard for the nation's corporate nature and disobedience to God (Walvoord, John F., and Zuck, Roy B., *The Bible Knowledge Commentary*, 1983, 1985).

### 5 CONCLUSION OF THE COVENANT

The covenant relationship is expressed in the formula: "I am your God-you are my people" (Jer 31:33; Hos 2:23); cf. the formulary of marriage and divorce (Hos 1:9).**19**. *a people sacred to the Lord:* The holiness, that is, **apartness**, derives from the new bond created by the covenant.

God is the all-holy. Holiness is the essential quality of God; its vast range of meaning indicates his otherness, utter transcendence, complete **apartness** from anything sinful or merely finite (D N Freedman, JBL 79 [1960] 156; R Abba, JBL 80 [1961] 320-28)

### 6 APARTNESS / APARTHEID

[Afrikaans, from Dutch, from apart- apart + heid -hood](1947)

**1 : racial segregation**; *specifically* **:** a policy of segregation and political and economic discrimination against non-European groups in the Republic of South Africa (*Merriam Webster's Collegiate Dictionary*, 1993).

7 Apartness, Sacredness

*apartness*, *sacredness*, *holiness*, of God: **a.** of divine activity, syn. majesty, vd,QoB' **adj. sacred, holy.** of God, as separate, **apart**, and so *sacred*, *holy*: **a.** exalted on theophanic throne; heavenly throne; in victory. **b.** separate from human infirmity, impurity, and sin. **c.**

**be set apart, consecrated — Qal 1. *be set apart*,** *consecrated*, hallowed, of shew-bread; Aaron and his sons by blood; other persons.

**Pi. 1. *set apart*** *as sacred*, *consecrate*, *dedicate*: **a.** places: Sinai, altar, etc., tabern., etc.; tent of meeting; place of sacrifice; gate.??

**Hithp. 1.** keep oneself **apart** from unclean things. **2.** of God, cause himself to be hallowed (Richard Whitaker, Editor, *The Abridged Brown-Driver-Briggs Hebrew-English Lexicon of the Old Testament*, 1997).

8 qodesh{ ko'-desh}

from 6942; TWOT - 1990a; n m GK - 7731 { vd,qo1)**apartness,** holiness, sacredness, **separateness** 1a)apartness, sacredness, holiness

1a1)of God 1a2)of places 1a3)of things 1b)set-apartness, **separateness (***Enhanced Strong's Lexicon*, 1995).

9 Separateness

*Qodesh,qadesh,qadosh,* Heb.) The basic idea in this family of words is "**separateness**." When applied to God, "holy" denotes His uniqueness and **separateness** from everything earthly and wrong; when applied to man,—those who are redeemed by the blood are to live separated and holy lives (cf. 1 Pet. 1:15–19) (W.A. Criswell, *Believer's study Bible [computer file], electronic ed. , Logos Library System*, 1997, c1991 by the Criswell Center for Biblical Studies.)

10 Regulations for fellowship with God

include the "Holiness Code" (Lev. 17–26). Holiness or **separateness** was to be a way of life, involving commitment to the Lord in every aspect. Instructions concerning separation are included (Lev. 17:1–22:33). God's people were to commit themselves uniquely to Him and to **separate themselves** from the pagan practices of their neighbors (Dorothy Kelley Patterson, general editor; Rhonda Harrington Kelley, managing editor,

*Woman's study Bible [computer file], electronic ed., Logos Library System*, 1997, c1995).

11 UNDER THE CONSTRAINT OF GOD,

Balaam spoke an important truth about Israel: the **separateness** of Israel from other nations in a physical and spiritual sense was absolutely essential (Deut. 7:6). Throughout history God has proven that those who belong to Him are powerful (Dorothy Kelley Patterson, general editor; Rhonda Harrington Kelley, managing editor, *Woman's study Bible [computer file], electronic ed., Logos Library System*, 1997, c1995).

12 THE PROHIBITION OF MIXED MARRIAGES:

Became a central concern (Tob. 4:12-13; *T. Levi* 9:10; 14:6). Other areas in which **separateness** was particularly apparent include food (Dan. 1:8-15; Tob. 1:10-12), circumcision (1 Macc. 1:11-15), and avoidance of the idolatry characteristic of Gentile society (1 Macc. 3:48). 1 Maccabees 1 presents in bold relief the contrast between life according to Israelite and Gentile law and custom (Achtemier, Paul J., Th.D., *Harper's Bible Dictionary*, 1985).

13 THE HOLINESS OF YAHWEH:

Is a most important doctrine in the teaching of Isaiah. Yahweh's holiness is an expression of his **separateness** from the corruption of his people. He is the Holy One of Israel The redirected mind will focus on God's priority, holiness. At its heart holiness means **separateness**: (Elwell, Walter A. ed., *Evangelical Commentary on the Bible*, 1989).

# AANHANGSEL B

## Die pad van die Geeste deur die skepping

### Inleiding: (lees saam met aangehegte diagram)

Elkeen van ons, as gelowige kinders van Elohim, sal weet dat daar ontelbare engelgeeste in die hemele is. Hulle lewe in ewige gelukkige saligheid in die teenwoordigheid van ons Hemelse Vader. Talle van hulle is ook betrokke by ons hier op aarde, deurdat hulle ons vanuit die geestesfeer lei en rig.

Vanuit die Bybel leer ons ook dat daar `n groot groep engele is wat teen die Godheid gerebelleer het, onder hulle hoofengel, Lucifer. Hulle is toe deur Elohim uit die hemele uitgewerp. Min is verder vanuit die Bybel te kry oor hierdie onderwerp, behalwe dat **Jesaja 14:15** sê dat hulle in die doderyk, wat binne die aarde is, gewerp is. Dit wat egter in die doderyk in die middel van die aarde vasgehou word, is egter net die oorblywende deel van die skeppende entiteit van Lucifer, naamlik sy bose gees, wat ook somtyds Satana (vroulik) genoem word. Vir u wat alreeds van hierdie Volksleiding-reeks bookies* gelees het, sal weet dat die hele materiële skepping eintlik niks anders is as die gevalle gees van Lucifer wat verhard is nie, as gevolg van sy verharding en gevolglike rebellie teen Elohim self. Alles wat materie is, is dus deel van die oergees Lucifer en huisves gevalle sieledeeltjies wat gebonde is en wat deur geleidelike opwaartse beweging bevry moet word. (***Beskikbaar by Dogter van Sion*)

Die doel van hierdie boekie is om aan die leser te toon wat in die geestelike sfere plaasgevind het, ontelbare miljarde eons van jare gelede, toe die Godheid besluit het om engelgeeste buite Homself te skep. Ook word die rebellie van Lucifer met `n derde engele onder hom aangetoon. Die maklikste manier om hierdie inligting weer te gee, is om `n vloeidiagram te gebruik ter illustrasie. Deur plekke op die diagram te nommer en sodoende die roetes aan te dui wat bespreek word, sal die leser `n makliker verduideliking kry as ellelange geskrewe gedeeltes.

Die ingeslote vloeidiagram is saamgestel uit inligting vanuit die Boek van Herinnering, die Nuwe Openbaring van ongeveer 170 jaar gelede en onlangse profesieë aan die Boerevolk. Hierdie vloeidiagram verduidelik die samestelling van die Godheid, soos vanaf die oneindige verlede tot in die oneindige toekoms vir alle geskape Geeste. Die oergeskape Geeste

het twee duidelike roetes gevolg, - eerstens is dit die Geeste in die Goddelike orde wat by Vader gebly het en tweedens die Gees van Lucifer wat gerebelleer het. Elk van hierdie twee geestesordes het nog oneindige sub-skeppingsordes onder hulleself, en daarom is daar ook nog ontelbare geesteswesens in elke geskape Gees se ryksgebied.

Om net effens te verstaan van hoe lank die tydperke is wat ons hier mee te doen het, die volgende: Gestel u neem `n sandkorreltjie en ken `n waarde van 1 miljoen jaar daaraan toe. Gestel u pak verder die hele oppervlak van die aarde toe met sulke sandkorreltjies, styf teen mekaar gepak. Tel dan al hierdie miljoene jare bymekaar. Dan het u nog nie by die tyd uitgekom toe Lucifer gerebelleer het nie! (*Inligting vanuit die Nuwe Openbaring*) Hoe lank terug lê die skepping van die oergeskape geeste nie nog nie! Dit is dus duidelik dat ons as vleeslike mense, nooit werklik tyd in die geestelike dimensie sal kan begryp nie. Kom ons begin nou met die verduideliking van die pad wat geskape geeste deur die skepping geloop het en voortaan nog sal loop. Verwys asseblief van nou af na die ingeslote vloeidiagram.

Die een roete, **Roete [3-7]**, van links na regs, in reënboogkleur aangedui, is die roete wat die nie-gevalle Geeste kan volg as hulle kinders van die Hemelse Vader wil word. Let wel dat hierdie Geeste oneindig salig geskape was, maar dat hulle altyd die status van **knegte** sou hê in die hemelryk. Deur die menswording, dood en opstanding van ons Verlosser, JaHshua, het hulle nou die geleentheid verkry om ook menslike liggame te kom aanneem op aarde, dit wil sê, om op aarde gebore te word. Indien hulle lewensproef op aarde geslaagd was, word hulle in die Hemelse Vaderhuis opgeneem as **kinders** van Elohim, wat `n saliger toestand is as die van kneg.

Die ander roete, **Roete [2-4-6-7] en [2-5-7]** van links na regs, in groen aangedui, is die roete wat Lucifer gevolg het nadat hy homself verhef het teen Elohim, en deur sy hoogmoed tot `n val gekom het. Let op dat hy ook `n groot groep, een derde nie-rebelle, vrywillig saamgesleep het die materie in, maar dat die tweederde getroues noodwendig ook in hierdie verharde koninkryk gevange geneem was deur die materie.

## DIE BEGIN:

In die oneindige verlede is en was Elohim altyd daar, as ontoeganklike Godheid **[1],** gebaai in ewige goddelike Lig. Niks buiten die Godheid Self kon bestaan in hierdie fel deurdringende Lig nie. Toe het Elohim `n behoefte gekry om wesens buite Homself te skep, geestelike wesens wat geskape sou word na Sy beeld en gelykenis. Kyk na die vloeidiagram links bo.

Die eerste drie Wesens wat Hy buite Homself geplaas en geskep het, het Hy genoem, LIEFDE, LIG en LEWE **[2].** Vanuit hierdie drie het die hele verdere Geestelike skepping ontstaan. Neem asseblief kennis dat die materiële skepping waarin ons nou in leef en wat ons ken, toe nog lank nie bestaan het of sou bestaan nie. Alles was Gees en tydloos. Hier volg `n uittreksel uit `n onlangse profesie aan die Boerevolk:

> ***Uit Gesprekke met die engele, Hoofstuk 6 en 7, deur JaHshua aan Marietha***
>
> ***Jahshua:*** *Dit is Drie Groot Vorste wat die Wese van MY voorstel.* ***Lig, Lewe en Liefde.*** *Die eerste daarvan is Liefde, wat gelyk is aan die Bestaan of Ontstaan en die tweede is Lewe wat uit die Warmte van Liefde ontspring. Die derde hiervan is Lig, Hy staan vir MY Wysheid, wat die Lig is van die geskapenes. Verstaan dat hulle net die Uitbeelding van MY Wese is, want EK is nie 'n drieledige Godheid nie. Die Wese van MY kan kom in Wysheid of net in Liefde of in Krag, maar EK IS Éen en oneindig. Die Drie is MY Heilige en Aparte Vorste wat die Liefde, Wysheid en Krag uitbeeld.*
>
> ***Jahshua:*** *EK gaan jou eers vertel van die Drie; Aan die begin was daar Drie en die Sewe het uit hul voortgekom, maar die Éen, gelyk aan die Lig van God, wat EK IS, het geval. Sy naam noem julle* ***Lucifer of Ligdraer****. Maar EK het dadelik `n Vors geroep om die plek te vul van die gevallene, jy vra nou hoekom EK dadelik `n ander Vors in sy plek gestel het? Dit is om ewig uit te beeld dat MY eienskappe sal bestaan. En die Vors wat EK geroep het om in Lucifer se plek te staan, is ook die gelykenis van die Lig. Die één wat dit waardig is, kry die plek by MY, of het jy gedink dat die plek leeg moet bly? As EK die plek sou oop los, dan is daar net twee om MY Wese uit te beeld, dit wil sê, Liefde en Lewe, maar niks kan ontstaan sonder Lig nie, en dus herstel EK die simboliek.*

## DIE VAL VAN LUCIFER:

Een van hierdie drie, die LIG **[2],** was die oergeskape Engel van die Lig, naamlik Lucifer. Hy het homself hoër begin ag as Elohim Self, en het homself laat aanbid deur sommige van die geskape engelgeeste onder Hom. Deur hierdie gruwelike hoogmoedsdaad van hom, het hy uit die Goddelike skeppingsorde van die Liefde beweeg en is hy uitgewerp uit die Koninkryk. Een derde van die engele **[4]** het hom gevolg in sy rebellie, maar twee-derdes **[5]** het getrou gebly aan Elohim. Hulle moes egter ook uit die Koninkryk van die Geeste uitgewerp word, as gevolg van die feit dat hulle in hierdie ryksgebied van Lucifer geskape was en hy eintlik hulle skeppingsvader was, alhoewel hy, Lucifer, hulle slegs geskep het met die Lewe of Krag wat hy vanaf Elohim ontvang het. Hierdie val word as volg beskryf in **Jesaja 14:12-15:**

> **12** *Hoe het jy uit die Hemele geval, o Heylel (Lucifer), seun van (die dageraad)! [Hoe] lê jy teen die Aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!* **13** *En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die Hemele, my troon verhef bo die Sterre van El en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.* **14** *Ek wil styg bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Hoogste El!* **15** *Ja, in die Doderyk/Sheol sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die put!*

Hier moet duidelik gelet word op die feit dat hierdie val oor onmeetlike tye gestrek het en dat dit nie `n eenmalige gebeurtenis was wat plaasgevind het nie. Soos wat Lucifer homself verhef het, het hy ingeboet met Lig wat nodig was om voort te gaan met sy eie skepping. Deurdat hy Lig verloor het, het sy skeppings ook al hoe meer duister begin word, totdat Elohim Self besluit het om sy skeppingsmagte in te trek, hom uit te werp uit die Koninkryk van die Geeste en in die materie te laat gevange neem. Die kern van Lucifer se wese, sy skeppingsgees wat al verskriklik duister en boos geword het, is in die kern van die aarde gewerp en word tans deur ander engelgeeste vasgehou. Sou hulle een millimeter skietgee, sal die hele materiële skepping verwoes word, so boos is hierdie gees! Dit is hierdie bose gees, Satana, wat voortdurend haar boosheid laat opbruis in ons aardse skepping, vandaar die wreedheid, liefdeloosheid en alles wat negatief is op aarde.

Die verhaal van Kaïn en Abel wat ons ken, vertel eintlik wat hier in die Gees met die gevalle engele gebeur het. Adam en Eva, aanvanklik in die Tuin van Eden, wat die Koninkryk van die Geeste voorstel, rebelleer soos

Lucifer (Adam) en sy gees Satana (Eva) teen Elohim en word uit die Tuin van Eden verjaag. Adam en Eva se twee kinders stel die twee groepe geeste in Lucifer se ryk voor wat hy geskep het en wel as volg: Kaïn, die moordenaar, stel eintlik die een-derde geeste voor wat gerebelleer het, terwyl Abel, die vermoorde, die onskuldige twee-derdes voorstel wat vermoor is, oftewel wat afgesny is van die ewige lewe. Beide was vooraf uit die ryk (tuin van Eden) uitgewerp saam met hul ouers, wat die val na benede voorstel van Lucifer (Adam) en sy skeppingsgees, Satana (Eva).

Hierdie twee groepe van die ryk van Lucifer, naamlik `n donkergroen afwaartse pyl wat die een-derde **[4]** rebelle voorstel en die dikker ligte-groen pyl wat die twee-derdes **[5]** voorstel wat nie gerebelleer het nie, maar wat noodgedwonge die pad van die materie moes loop. Beide groepe begin afwaarts val, die dieptes in, namate Lucifer homself meer en meer begin verhef teen Elohim. Satana, die skeppingsgees wat Lucifer vir homself geskep het (Openbaring van Henog 11:53), word egter deur Elohim toegelaat om verder te skep, met die hoop dat Lucifer berou sou toon en hom bekeer. Hoe verder sy egter gaan, hoe minder Lig ontvang sy en hoe meer duister, swart en besoedel word haar geskapenes. Let op dat hulle ook nog almal geeste was wat sy geskep het, want nóg het daar geen materiële skepping bestaan nie. **Openbaring van Henog 11:53-54:**

> **53** *Die Duiwel is die gees van besoedeling van benede, as `n vlugteling het hy Satana (of Sotona) van die Hemele gemaak omdat sy naam Sataniël was, so het hy verskillend van die boodskappers geword,* **54** *maar sy geaardheid het nie sy intellek [kennis] verander wat sy begrip van Geregtigheid en oortreding betref nie.*

Hierdie geskape geesteswesens het toe verder gegaan en nog meer besoedeling in die geestelike sfeer aangerig en Elohim wou hierdie hele ryk vernietig, want in Sy Geregtigheid kon Hy nie hierdie rebellie toelaat nie. Hierdie gevalle skepping word skematies voorgestel deur `n afwaartse donkergroen pyl wat gaandeweg swarter word soos wat die skepping verder en verder besoedel geword het deur Satana. Die val van hierdie geesteskepping eindig by die bopunt van **[6]** waarna die materiële skepping sou begin, wat `n nuwe herstelfase is wat deur die Liefde van Elohim geskep is.

### REDDING VIR DIE GEVALLENES:

In die middel van ons vloeikaart sien ons dan hierdie grys vierkant, wat die aarde voorstel wat geskep is om alle gevalle geeste te reinig. Die skepping van die aarde strek ook oor talle miljoene jare, wat in vyf groot voorafgaande skeppingsperiodes ingedeel is, voor die skepping van Adam in Genésis (uit die Nuwe Openbaring). Die hoofdoel van hierdie vyf periodes was om die gevalle gebonde sieledeeltjies van Lucifer opwaarts te laat beweeg deur die drie materiële ryke, naamlik die minerale ryk, die planteryk en die diereryk. Eers nadat die gevalle rebelled-sieledeeltjies hierdie lang pad geloop het, kon hulle weer saamgevoeg word in `n eenheid en in `n menseliggaam geplaas word. Dit was dan waarvoor die sesde periode geskape was, naamlik om hierdie saamgevoegde gesuiwer-de sieledele, wat nou `n siel geword het, in `n vleeslike liggaam te plaas en te begiftig met die "asem van die lewe" (goddelike Gees) en aan hom die keuse te gee om Elohim of Lucifer te dien. So verkry hierdie gevallenes dan ook die moontlikheid om weer in die Koninkryk van Elohim te kom, hierdie keer, nie as dienende geeste nie, maar as gehoorsame kinders in die Vaderhuis, soos voorgestel deur punt **[8].** Hierdie onderwerp sal verder as volg belig word:

Alles het gebeur deur die Liefde, wat buite Elohim geplaas is **[2]**, en Sy het hierdie wesens, naamlik die onskuldige twee-derdes, sowel as die rebelle, oneindig jammer gekry en Sy het ingetree by die Vader dat Hy hulle nie moes verdelg nie, maar moes laat voortbestaan met die moontlikheid om uit die besoedeling van hulle ryk te kom.

Deur Elohim se oorgroot barmhartigheid het die materiële skepping toe ontstaan, wat in der waarheid slegs `n verharding van die gevalle geestelike skepping van Lucifer is. Omdat Lucifer sy hart verhard het, is sy hele skepping in ontelbare klein deeltjies opgebreek en verhard. Hierdie kleinste deeltjies word sieledeeltjies genoem en ons ganse heelal bestaan daaruit. Hierdie sieledeeltjies het twee fasette, naamlik `n geestelike faset wat ons nie kan sien nie, soos byvoorbeeld die eienskap van magnetisme of elektrisiteit en die materiële deel wat ons kan sien, soos atome en elektrone. Ons aarde bestaan uit drie ryksgebiede van materiële sieledeeltjies, naamlik die gesteentes, die plantewêreld en die dierewêreld. Elke korreltjie van hierdie drie materie-ryke verteenwoordig die eens gevalle geestelike in Lucifer se oorspronklike geestelike ryk

waarin hy homself verhef het. In hierdie drie gebiede is daar dus oneindige lewende gees vasgevang en gekluister in materie vir oneindige lang tye.

Verwys na die skematiese diagram, bopunt van **[7]** en sien dat hierdie volgende fase die begin van die materiële skepping is waar die sewe oergeeste behulpsaam raak met die gevallenes en dit word voorgestel deur die reënboog wat as `n punt begin en langsamerhand breër word **[6].** Deur `n unieke proses van opwaartse en vryer beweging deur hierdie drie ryke verbeter en veredel hierdie sieledeeltjies hulleself en raak hulle geskik om na miljarde en miljarde eons (`n eon is `n een met 60 nulle!) van tye weer in `n selfbewuste menslike gestalte opgeneem te word, wat ons dan die Adamitiese skepping sal noem, wat ongeveer sesduisend jaar gelede ontstaan het. Sien punt **[7].**

So `n saamgestelde siel word dan deur die bemiddeling van ander dienende engele in die geestesryk geneem en in die baarmoeder van `n aardse vrou geplaas tydens verwekking. Hierdie klein siel ontwikkel dan in die baarmoeder as `n volwaardige mens met `n eie denke en vrye wil. Ook word die "asem van die lewe" in die mens ingeblaas en die mens kan homself ontwikkel tot `n gehoorsame kind van Elohim, of hy kan weer rebelleer en `n kind van Lucifer word. Die grootste gawe wat elkeen nou het, is die vrye wil. Nou bestaan die mens dus uit drie dele, naamlik die liggaam of vlees, die siel of saamgestelde sieledeeltjies en die oergees van Elohim, dus `n ware beeld en gelykenis van die Godheid. Hierdie roete sal gevolg moet word deur elke rebellegees van hierdie ryk.

### BARMHARTIGHEID VIR DIE NIE-GEVALLENES:

Elke ander gees van die twee-derdes wat nie gerebelleer het nie, se lot is anders en wel as volg: Hierdie geesteswesens lewe nou as vleeslike of geestelike wesens op die talle ontelbare planete, sonne en sterre in ons heelal. Elke ster, planeet of son wat in die sterrehemel sigbaar is, is `n bewoonbare aarde met wesens daarop (Nuwe Openbaring). Hulle het `n mate van saligheid waar hulle tans lewe, maar kan slegs beperk groei in saligheid. Hulle ken Elohim slegs as die Groot Gees en nie as `n liefdevolle Vader nie, alhoewel hulle almal bewus is dat die vlak van volwaardige kindskap wel bereik kan word, maar dan moet hy vrywillig aarde toe kom vir `n lewensproeftydperk. Die aarde as planeet van verlossing, is deur

Elohim Self uitgekies, waar Hy die groot verlossingsplan vir Sy geeste sal uitvoer. Die gees van Satan, naamlik Satana, is ook in die middel van die aarde gewerp, waar die doderyk met haar duiwels en demone ook is, sodat die mens ook sal moet leer staan teen die felle aanslag van die bose, want slegs hier op aarde kan elke gees die hoogste saligheid verkry, naamlik kindskap in die Hemelse Vaderhuis.

Vir elk van hierdie nie-rebelle geeste is daar egter geleentheid om self te kies of hy wel aarde toe wil kom, om die proeftyd van die vlees te wil deurgaan al dan nie. Hy gaan dus op sy planeet `n ooreenkoms aan met die Godheid en dan word hy vrywillig as siel, met geen geheue van sy vorige lewe, in so `n menslike baarmoeder geplaas om op aarde verder as mens te lewe en te kies vir JaHWeH of vir Satan. Slaag hy hierdie lewenstoets, gaan hy oor in die salige ryke van die Hemelse Vader en word hy `n kind van die Vader. Hierdie pad word voorgestel in ons vloeikaart as die groen pyle van die twee-derdes wat links inbuig na die adamitiese skepping toe **[5-7]**.

Dit bring ons dan by die skepping van Adam en sy nageslag en die verdere geskiedenis van die menslike geslag soos opgeteken in die Heilige Skrifte. Almal weet dat hierdie skeppingsperiode van ons drie duidelike afdelings het, naamlik die eerste periode vanaf Adam tot by die opstanding van JaHshua, ons Verlosser. Die tweede periode strek tot aan die begin van die Duisendjarige Vrederyk en die derde periode is die Duisendjarige Vrederyk. Hierdie drie duidelike verlossingsperiodes word in ons vloeikaart aangedui. Alle gestorwe geeste van mense moes in die eerste periode in die doderyk gevange gehou word, totdat ons Messias opgestaan het uit die dode in die tweede periode en die gereddenes saamgeneem het na die Koninkryk van die Vader in die hemele. Na die opstanding van JaHshua kon elke geredde gestorwene nou direk na die Vaderhuis gaan.

Nou in die tyd waarin ons lewe, aan die einde van die tweede periode (sesduisend jaar vanaf Adam) word dit moontlik om deel te word van `n nuwe orde wat in die derde periode, die Duisendjarige Vrederyk, heerskappy sal voer oor die totale materiële skepping in die heelal. Hierdie orde word genoem die Melgisédek-orde en word in werking gestel wanneer die Meester in die huwelik tree met Sy volk. Sonder om nou in te veel detail in te gaan hieroor, moet u slegs kennis neem dat u nou ook `n verhoogde saligheid kan kry, alreeds hier op aarde, deur uself volkome

oor te gee aan ons Verlosser en Saligmaker, JaHshua.

Nou vervolgens na die vloeikaart, links bo, en wel na die Geestesorde van Sewe onderkant die orde van die Liefde, Lig en Lewe **[3].**

### DIE SEWE OERGEESTE VAN ELOHIM:

Hierdie sewe geeste word voorgestel deur die sewe kleure van wit Lig, asook deur die sewe kleure van die reënboog. Diagram punt **[3].** Die kleure is **Rooi, Oranje, Geel, Groen, Blou, Indigo** en **Violet**. Hierdie kleure verteenwoordig ook sewe eienskappe van die Godheid naamlik:

Die sewe eienskappe is*: (**Diktaat aan Nalize Roets - 2008*)

1. Rooi vir **Liefde**,
2. Oranje vir **Vrolikheid** van hart,
3. Geel vir **Lydsaamheid** en **Deursettingsvermoë**,
4. Groen vir **Geloof**,
5. Blou vir **Vrede**,
6. Indigo vir **Vriendelikheid** en
7. Violet vir **Geduld**.

Die sewe Geeste is as volg*: (**NO GJE Boek 2*)

1. **Liefde,**
2. **Wysheid**,
3. werksame **Wil,**
4. **Orde** van Elohim,
5. **Erns,**
6. **Geduld** en
7. **Barmhartigheid**.

Elkeen van hierdie sewe engelgeeste het `n naam en ons vind dit in die Boek van Herinnering in **Henog 20**:

> **1** *HIERDIE is die name van die Boodskappers/Engele van die Kragte wat waghou.*
>
> **2** ***UriEl**, een van die Boodskappers van Apartheid, naamlik die Boodskapper van donderslae en van aardbewings, [wat aangestel is oor die wêreld en oor Tartarus]. [Openbaring 10; 2 Ezra 10:28]*

**3** ***RafaEl****, een van die Boodskappers van Apartheid wat aangestel is oor die gees van die adamiet.*

**4** ***RaguEl****, een van die Boodskappers van Apartheid wat wraak neem op die wêreld en die ligte.*

**5** ***MikaEl****, een van die Boodskappers van Apartheid, naamlik, hy wat aangestel is oor die beste deel van die nasie en wat oor die chaos en die nasies heers.* *[DaniEl 12:1]*

**6** ***SarakâEl****, een van die Boodskappers van Apartheid wat aangestel is oor die geeste van die adamiete wat ander geeste laat oortree.*

**7** ***GabriEl****, een van die Boodskappers van Apartheid, wat aangestel is oor die Paradys en die Nagashim/slange en die Gérubs.* *[Lukas 1:19]*

**8** ***RemiEl****, een van die Boodskappers van Apartheid wat JaHWeH aangestel het oor hulle wat in opstand kom.*

Elkeen van hierdie Boodskappers of Engelgeeste is oneindige groot wesens, elkeen met Sy eie ryksgebied waarin miljarde geskapenes woon. Elkeen bevat wel al sewe eienskappe van die sewe geeste, maar sal oorwegend sy eie kleur of eienskap uitdra. Hulle is egter almal salige dienende knegte en is altyd diensbaar en werksaam in die hele skepping, en ook in die gevalle skepping help hulle om die dinge weer te herstel. Die enigste manier waarop hulle die Godheid ken, is ook as Groot Gees en nie as liefdevolle Vader nie. Hulle ervaar wel Sy Liefde, want hulle is nog almal werksaam in die Liefde, maar die verhouding is nog altyd die van kneg teenoor sy Meester.

Nou het Elohim ook vir hulle die wonderlike geleentheid gegee, naamlik om ook vlees te kom aanneem op aarde en dan kan hulle ook sodoende salige kinders van die Hemelse Vader word. Hierdie pad word in ons diagram voorgestel as `n reënboogpad **[3-7]** met afwaartse pyle na die gevalle skepping toe, wat aandui dat so `n gees vrywillig sal moet val, dus vrywillig gaan sondig deur vlees aan te neem en die stryd teen Lucifer aan te sê om te oorwin om dan sodoende sy kindskap te verkry. So verruil hy dan sy salige **knegskap** wat hy as engelgees gehad het vir `n nuwe en beter salige **kindskap** as engelgees. So `n salige kind kan ook aanbied om meermale aarde toe te kom as sy liefde vir sy gevalle broers baie groot is. So het Elia ook gekom as Johannes die Doper en sal hy weer kom aan die einde. (**Matthéüs 11:14** en **Maleagi 4:6**) Lees ook **Jeremia 1:5** en merk op dat ook hy een van hierdie suiwer engelgeeste was wat ingestem het om aarde toe te kom.

> **5** *Voordat Ek jou (*Jeremia*) in die moederskoot gevorm het,* ***het Ek jou geken*** (as salige engelgees); *en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak* (dit was jou ooreenkoms met MY). [Onderstreepte invoegings deur skrywer gemaak ter verduideliking]

So word **Daniël 12:13** ook duideliker vir ons, want ook hy is `n geroepe engelgees gewees wat weer aan die einde van tye werk sal verrig op aarde as vleeslike mens.

> *En jy, gaan heen na die einde; en jy sal rus en weer opstaan* ***tot jou bestemming*** (dit was jou ooreenkoms met MY). *aan die einde van die dae.*

So sien u dus dat al drie die groepe engelgeeste, die gevalle rebelle wat Lucifer gevolg het, die gevalle nie-rebelle wat in Lucifer se ryksgebied was en die salige geeste vanuit die Sewe-geestesryk gelyke kans het op die verkryging van kindskap in die Vaderhuis. Elkeen moet egter die volle sewe geeste se eienskappe in homself ontplooi om sodoende die wedloop na die Vaderhuis te voltooi. Tot by die opstanding van ons Verlosser, JaHshua, moes alle gestorwe geeste in die doderyk vertoef het (uitgesluit `n paar, byvoorbeeld Henog en Elia), maar met JaHshua se oorwinning oor die dood of vlees (Satan) is die deur tot die Vaderhuis geopen. Sien die roete wat eindig by **[8].**

Verder is hierdie sewe Geeste gedurig as sewe reënboogkleure en vuurfakkels teenwoordig by ons Vader soos in **Openbaring 4:2, 3 en 5** beskrywe.

> 2 *En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon.* 3 *En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom* ***die troon was 'n reënboog*** *wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag.* 5 *En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van Elohim is, het voor die troon gebrand;*

Ook sal u sien dat daar `n kandelaar was in die Heilige deel van die Tabernakel, wat `n afbeelding van hierdie sewe geeste was. Die Heilige stel elke mens se siel voor, waarin hierdie sewe geeste gedurig moet brand, indien jy `n vrugvolle lewe vir JaHshua wil lei.

## DIE BRUID NEEM DIE PLEK IN VAN LUCIFER:

`n Bykomende wonderlike vlak van saligheid wat vir ons bygevoeg is, is die verkryging van Bruidskap, oftewel die Melgisédek-orde van Vrede (blou) **[9]** waarvan JaHshua die Hoëpriester en Koning is. Diegene wat op aarde hulle kindskap verkry het, kan ook reeds op aarde, nou aan die eindtyd, hulle Bruidskap verkry, deur in die vlees wedergebore te word soos in **Openbaring 7** en **14** beskryf. Dan word jy een met jou Man, JaHshua, oftewel JaHshua (word gebore) staan op in jou vlees. Jou siel en jou gees word dus een binne jou, die hemelse huwelik.

Hierdeur kom jy nou nog een stappie nader aan die Vader. Waar jy eers Sy kind was, verenig jy nou met Hom as Sy vrou in die Gees. Alles wat Syne is, word nou ook joune. Die Bruid neem nou die plek in van die LIG **[2]** langs die LIEFDE in die orde wat tot niet gegaan het as gevolg van die val van Lucifer en sal voortaan naas en in JaHshua heers oor die hele Skepping, selfs oor die ryke van die 7 Geeste!

Die bruid sal nou, uit die aard van die posisie van die LIG wat Sy aangeneem het, die rol van die WYSHEID vervul. Elke engelgees wat die pad deur die skepping aan die einde (dit is nou!) suksesvol sal loop, sal in staat gestel word om in die vlees wedergebore te word. Dit is die bruidskap wat verkry word. Die wedergebore man of vrou word dan volkome verenig met JaHshua, die LIEFDE en wel in die geestelike, sowel as in die vleeslike dimensie.

So `n wedergeborene leef dan gelyktydig in beide dimensies, sonder dat die ander aardse mense daarvan bewus sal wees. Hulle sal so `n wedergeborene slegs sien as iemand wat baie talentvol is in geestelike dinge.

Die hooftaak van die Bruid aan die eindtyd sal wees om die gees van die vals Christus, die vals Melgisédek, die vals Immanuël teë te staan soos in die boeke **Daniël** en **Openbaring** beskrywe. Die twee getuies van **Openbaring 11:3** is die profeet/priester Henog wat die Wysheid voorstel en Elia wat die Krag voorstel, ook genoem Johannes, die Voorloper. Saam met die Liefde, wie JaHshua in die Bruid is, moet hierdie twee getuies dus teenwoordig wees in elke lid van die eindtyd Bruid. Die KRAG stel Haar dus in staat om in LIEFDE en WYSHEID op te tree om sodoende haar taak op aarde te vervul, naamlik om die vals Christus en sy gees teë te staan.

## DIE VERLORE SEUN KOM HUISTOE

Uit hierdie stuk kan dus gesien word dat daar `n volmaak uitgewerkte modelplan deur ons Hemelse Vader opgetrek is, waarvolgens `n negatiewe daad, soos die hoogmoed en gevolglike val van Lucifer, omskep word in die wonderlikste moontlikheid, naamlik om deel te word van die Vaderhuis self, om ook Ben-Elohim (Godeseun) te word en ook om saam of in JaHshua te heers oor die ganse skepping as Sy Bruid!

Hierdie hele val van die geeste word vervat in `n gelykenis wat JaHshua vir ons vertel het gedurende Sy tyd op aarde. Dit is die gelykenis van die verlore seun. Hierdie verlore seun is Lucifer, met elke gevalle gees, wat die pad deur die gevalle skepping en materie (varke oppas en peule eet) moes deurloop. Deur vlees aan te neem en hulle lewensproef suksesvol af te lê, kom hulle weer by ons Vader se huis uit. Die Vader slag dan die vetgemeste kalf vir die verlore seun, sodat hy weer in die geestesryk of Vaderhuis kan inkom.

Die ander seun wat nie sy erfdeel verkwis het nie, maar wat ongelukkig was omdat hy nooit so `n fees vir hom en sy vriende gekry het nie, is die engelgees wat nooit gerebelleer het nie, hy was altyd by sy Vader en alles behoort aan hom. Hy word ook genooi om aan te sit aan die kalfsete, of anders gestel, hy kry ook nou `n kans om vrywillig vlees aan te neem, JaHshua as sy saligmaker aan te neem en in die Vaderhuis in te kom as kind of bruid.

Ons grootste dank en liefde vir `n Vader wat soveel liefde gehad het dat Hy as eniggebore Seun, JaHshua, vir ons gekom het om geoffer te word, sodat ons nou die ewige Vaderhuis saam met Hom kan beërwe. Dankie Abba JaHshua.